# Jesus Christus en ons Lewe in Hom

*Johan Malan, Mosselbaai (2012)*




Alle Skrifaanhalings is uit die 1933/53 vertaling van die Afrikaanse Bybel.

Navorsingsverslae oor die godheid en seunskap van die Here Jesus is goedgunstiglik aan skrywer verskaf deur Bernard Reeves van Londen, terwyl vrugbare gesprekke ook met hom gevoer is tydens sy besoeke aan Suid-Afrika in die laat 1990's.

'n Joodse uitgewer in Jerusalem, Victor Smadja, het aan skrywer 'n kopie geskenk van 'n boek deur Risto Santala (1992), waarin daar 'n deeglike uiteensetting van Messiaanse profesieë in die oorspronklike Hebreeuse teks van die Ou Testament is. In daardie stadium was die Hebreeuse uitgawe van hierdie boek reeds in sy vyfde druk. Hierdie inligting was veral waardevol uit die oogpunt van die vervulling van Ou Testamentiese profesieë oor die koms van die Messias.

Nonna Gordon word bedank vir redigering van die konsepmanuskrip.

# Inhoudsopgawe

Aanbeveling

Voorwoord

1. God wat Mens Geword Het

2. Die Here Jesus se Seunskap en Godheid

3. Soendood van die Lam van God

4. Die Middelpunt van ons Bestaan

5. Liefde as ’n Lewensbeginsel

6. Opdragte en Beloftes

7. Ons Lewe in Christus

8. Die Koning wat weer Kom

9. Bruilof van die Lam

10. Voortreflikheid van die Messias

**Afkortings**

NT. - Nuwe Testament
OT. - Ou Testament
Heb. - Hebreeus
Gr. - Grieks
Eng. - Engels
NKJV. - New King James Version
MKJV. – Modern King James Version
NAB. - Nuwe Afrikaanse Bybel

# Aanbeveling deur Anton Bosch

Toe Jesus die eerste keer aarde toe gekom het, het die godsdiensleiers Hom nie erken nie en Hom gevolglik as ’n bedrieër gekruisig. Dit was nie omdat hulle Hom nie verwag en nie die Messias wou ontvang het nie, maar omdat hulle Hom nie kon erken nie, ten spyte daarvan dat Hy duidelik aan hulle gesê het wie Hy was.

Hierdie situasie was die gevolg van ’n onvolledige begrip oor wie Hy was. Hulle het gemeen dat die Messias ’n politieke verlosser sou wees wat die heerlikheid van Israel se koninkryk sou herstel. Hulle het egter nie kennis geneem van die baie Skrifuitsprake wat verklaar dat Hy ’n lydende Messias sou wees wat aan die kruis sou sterf vir die sondes van die wêreld nie. Hulle het wel sekere waarhede verstaan, maar nie die *hele* waarheid nie, en dit het ewige gevolge ingehou vir hulle en hulle volk.

Dieselfde situasie heers vandag nog. Sekere waarhede oor Jesus Christus word deur vele mense bely. Baie predikers en kerke hou Hom voor as die een wat seën, genees en voorsien. Ander praat van sy groot liefde, genade en barmhartigheid, terwyl ander weer in vrees lewe vir sy oordele. Maar ’n gedeeltelike begrip van wie Jesus is, is net so gevaarlik as geen begrip nie omdat dit na die verering van ’n valse Jesus lei (2 Kor. 11:4). Dit wil nie sê dat mense se opregtheid betwyfel word nie. Die Samaritaanse vrou was heeltemal opreg, en sy was ’n aanbidder wat in die volle waarheid wou staan. Jesus se opmerking aan haar was egter: “Julle aanbid sonder om te weet wat julle aanbid” (Joh. 4:22).

Klaarblyklik sal baie mense vandag ook nie die ware Christus erken nie, selfs al staan Hy voor hulle, want hulle weet nie wat (of Wie) hulle aanbid nie.

Dit is hierdie behoefte wat aangespreek word in prof. Malan se jongste boek, *Jesus Christus en ons lewe in Hom.* Die boek gee ’n gebalanseerde en volledige oorsig van wie Jesus werklik is en wat Hy deur sy werk op aarde bereik het. Die skrywer lig al die belangrike fasette van die lewe en werke van Jesus Christus toe. Niemand wat hierdie boek gelees het, sal die ware Jesus verwar met enige van die valse Jesusse wat uitvindsels van mense is nie.

Net soos wat die skrywer hom dit ten doel stel om ’n deeglike verduideliking te gee van wie Jesus is, bied hy ook ’n omvattende uiteensetting aan van wat Jesus gedoen het. Ook op hierdie terrein is daar baie verskillende evangelies wat verkondig word, en baie mense beklemtoon een of ander aspek daarvan ten koste van die volle geheel. Malan poog, en slaag ook daarin, om die hele evangelie oor hoe Jesus red, bewaar, heilig en bemagtig, uiteen te sit. Ook in hierdie opsig slaag hy in die moeilike taak om aangeleenthede op ’n nie-tegniese manier toe te lig sonder om waarheid en leerstellige korrektheid ter wille van eenvoud in te boet.

Alhoewel die boek nie ’n akademiese verhandeling is nie, in die sin dat dit volkome verstaanbaar en toeganklik is vir enigeen wat Afrikaans kan lees, bied dit nogtans ’n deeglike Bybelstudie oor die Persoon en werke van Jesus Christus. Dit is omvattend, Bybels, betroubaar en behoudend, en sal die denke van mense op alle vlakke uitdaag. Maar dit is ook geestelik opheffend en niemand sal die boek lees sonder om aangespoor te word tot ’n groter liefde, toegeneentheid en verering vir ons wonderlike Here en Verlosser, Jesus Christus, nie.

Die boek is gerig op enigeen wat regtig wil weet wie Jesus is. Die ongelowige soeker sal hierin ’n duidelike uiteensetting vind van wie Jesus werklik is en wat geloof in Hom alles behels. Die vleeslike Christen sal opgeroep word tot ’n dieper wandel met die Here, terwyl die toegewyde volgeling tot hoër vlakke van gehoorsaamheid aangemoedig sal word. Selfs die geloofsvolwasse leier sal inligting kry wat hy dalk al vergeet het of waaraan hy nooit tevore blootgestel was nie.

Ek weet van geen ander boek wat doen wat hierdie boek doen, en dit ook so goed doen nie. Ek is persoonlik geseën, bemoedig en uitgedaag terwyl ek dit gelees het.

*Anton Bosch*
www.antonbosch.org

**NS.** Dr. Bosch, vroeër van Pietermaritzburg, RSA, is leraar van die *Sun Valley Community Church* in Los Angeles, Kalifornië, en ook verbonde aan die Theological College of Southern Africa. Hy het ’n meestersgraad in teologie aan ’n Suid-Afrikaanse Universiteit verwerf en ’n Ph.D in Amerika.

# Voorwoord

Hierdie boek het sy oorsprong by ’n aantal artikels van die skrywer wat oor verskeie jare heen verskyn het. Die beweegrede vir die huidige publikasie is om ’n sistematiese, evangeliese leerstelling oor die Persoon en werke van die Here Jesus aan te bied. Dit word eerstens gedoen om eer te bring aan die Naam bo alle name; tweedens om gelowiges te help om aan die hand van beter kennis weerstand te bied teen die stygende vloedgolf van teologiese dwalinge oor wie Jesus Christus werklik is; en derdens om lesers te help om die ware Christus van die Skrifte te ontmoet, as hulle Verlosser aan te neem, en ’n persoonlike verhouding met Hom op te bou.

Ons moet daarna streef om saam met Paulus te kan sê: “Wat vir my wins was, dit het ek om Christus wil skade geag. Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ... [sodat] ek in Hom gevind kan word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, ... sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word” (Fil. 3:7-10).

Watter belangrike ontdekking het Paulus nie gemaak nie! Die uitnemendheid van die kennis van Christus is so groot dat niks daarmee vergelyk kan word nie – geen aardse skatte nie, geen vorm van eiegeregtigheid nie, en geen morele regverdiging wat op ’n wettiese lewe gebaseer is nie. Hy het die geheim ontdek dat ons Christus se vryspraak moet aanvaar, en saam met Hom vir die wêreld en die sonde moet sterf, sodat ons ook deelgenote van sy opstandingslewe kan wees. Hoe meer ons die ou lewe afsterf, hoe meer sal ons met Christus se lewe kan identifiseer en groei in die nuwe lewe in Hom.

Daar is geen ander geheim vir ’n suksesvolle Christelike lewe nie. Ons moet daagliks in die kruis van Christus roem, onsself dood reken vir die sonde en die wêreld (Rom. 6:11), en ons ook doelbewus met Christus se heilige, oorwinnende lewe beklee. Die Heilige Gees sal ons in die volle waarheid lei indien ons ’n oorgawe van hierdie aard maak (Joh. 16:13-14). Hy sal Jesus Christus verheerlik en Hom ’n groter werklikheid in ons lewens maak.

As daar een belangrike gevolgtrekking is waartoe ek na ’n jarelange studie van die Bybel gekom het, dan is dit dat alle Bybelse leerstellings voortvloeiend uit die kennis van Jesus Christus is. Hoe meer duidelikheid ons oor sy Persoon en werke het, hoe duideliker verstaan ons ook alle ander geloofsake. In sy lig sien ons die lig. Wanneer Hy egter nie meer die sentrale fokus van ons geestelike lewe en bediening is nie, verloor ons ’n groot mate van ons onderskeidingsvermoë, is dan geneig om van bysake hoofsake te maak, en kom ook nie regtig uit by sinvolle en blywende oplossings vir individue en volke se geestelike probleme nie.

Onderwerpstudies het ’n populêre benadering in verskeie Christelike bedienings geword, veral ook via die internet. Baie van hierdie skrywers hou hulleself feitlik uitsluitlik besig met die bestudering en ontbloting van geestelike dwalings, maar hulle behaal min sukses om dwalendes tot ander insigte te bring. Waarom? Omdat apologete te veel aandag aan die leuen gee en te min aandag aan die waarheid.

Ons het beslis ’n probleem as ons meer oor die Antichris as oor Christus skryf, meer oor sonde as oor geregtigheid, meer oor ’n humanistiese nuwe wêreldorde as oor Christus se koninkryk, meer oor die kerkvaders en hulle leer as oor die Hoof van die kerk en sy leer, meer oor godsdienstige rituele en ekstatiese ervarings as oor wedergeboorte en ’n lewenswandel met Christus, meer oor ’n wettiese lewe as oor ’n lewe van heiligheid en vryheid in die Here Jesus, en ook meer oor Israel en hulle herstel in die land as oor die gevolge van hulle gebroke verhouding met die Messias. Sommige van die bedienings onder Israel het besluit om, ter wille van goeie verhoudings met ortodokse Jode, nie eers te noem dat Jesus die Messias en Koning van Israel (én die hele wêreld) is nie. Hierdie benadering is ’n doodloopstraat, want dit lei nie na die enigste Bybelse oplossing vir Israel nie, naamlik om in die ware sin van die woord ’n Messiaanse volk te word.

Jesus Christus is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Indien ons Hom met groter ywer

verkondig, sal alle dwalings duidelik in die lig van sy waarheid geopenbaar word: “Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak. ... As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees” (Joh. 8:32, 36). As die waarheid oor Jesus Christus en sy leer in sy volle omvang bekend gemaak word, sal alles wat daarvan afwyk baie duidelik as versinsels onthul word. Die basiese waarhede oor Hom, as die vleesgeworde Woord, het ’n vrymakende krag en sal elke dwaling weerlê.

In ons nadenke oor Jesus Christus moet ons noodwendig ook by die geestelike lewe van sy volgelinge uitkom, want hulle is die werk van sy hande wat as die lede van sy liggaam beskryf word. Paulus sê vir die gemeente: “... [J]ulle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik” (1 Kor. 12:27; vgl. Rom. 12:5). Dit is ons taak en roeping om hierdie liggaam onder die leiding van Jesus Christus, sy Gees en sy Woord, goed te laat funksioneer tot eer van ons Here en die opbouing van sy liggaam. Dit sal slegs gebeur indien Hy ten alle tye ons eerste en hoogste liefde is.

Die liefde van die Here Jesus dring ons om Hom met ons hele hart lief te hê, en ook ons naaste soos onsself. Gee ons werklik genoeg vir ander Christene om? Reeds in Ou Testamentiese tye het die Here gesê: “... [V]ertrou my seuns en die werk van my hande aan My toe!” (Jes. 45:11). Ons moet mekaar in die Here bedien en geestelik opbou: “Namate elkeen ’n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien soos goeie bedienaars van die veelvuldige genade van God” (1 Pet. 4:10).

Mag die lees van hierdie boek vir jou ’n reis van geestelike vervulling in Christus Jesus wees. As ons Hom in onverganklikheid liefhet, ter wille van die belange van sy ewige koninkryk, sal daar ongekende waarde tot ons lewe en Christelike getuienis toegevoeg word.

*Johan Malan*

# 1. God Wat Mens Geword Het

Te midde van al die valse godsdienste wat uit die koninkryk van die duisternis voortkom, die *ander* Jesusse wat die vyand se subtiele pogings tot nabootsing van die Here Jesus is, die dooie tradisies en lewelose vormgodsdiens waardeur die waarheid van God se Woord verberg en verduister word, en te midde van ’n wêreldwye aanslag van verleidende geeste op die kerk van die Here, staan Jesus Christus en sy verlossingsboodskap onmiskenbaar uit as ’n helderskynende lig in ’n donker wêreld. Hy is die enigste oplossing vir ’n mensdom wat in die mag van die Bose is:

- Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe vir almal wat hulleself op die dwaalweë van Satan bevind, en weens die verduistering van hulle gemoed op die pad van die dood voortbeweeg.
- Hy is die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem. Dit is glad nie nodig om jou laste van sonde en ongeregtigheid te dra en tevergeefse pogings aan te wend om self daarvan ontslae te raak nie.
- Hy is die ewige en onwankelbare Rots van die Eeue waarop ook nasies in hierdie onseker en vervallende wêreld hulle regering, maatskaplike orde, onderwysstelsel en morele beginsels kan bou.

Dit is belangrik dat ons die Here Jesus persoonlik sal ken – nie net as ons Verlosser nie, maar ook as ons Heiligmaking, ons Herder, ons Bruidegom en in al die ander wonderlike hoedanighede waarin Hy Homself aan ons openbaar. Ná die blye dag waarop ons Hom ontmoet en in ons harte en lewens ingenooi het, moet ons voortdurend toeneem in die genade en kennis van Hom, ons Here en Saligmaker, Jesus Christus (2 Pet. 3:18).

Dit was die groot doel van Paulus se lewe, en hiervoor het hy alles prysgegee om Christus as wins te verkry (Fil. 3:8). Dit moet die groot dryfkrag in ’n Christen se lewe wees: “… totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot ’n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering” (Ef. 4:13-14).

Die Here Jesus openbaar Homself op ’n besondere wyse deur al die persoonlike en beskrywende name van Hom wat in die Bybel opgeteken is. Indien ons Hom reeds as Verlosser ontmoet het, sal ons deur ’n studie van die betekenisse van sy wonderlike name vir ’n nuwe ontmoeting met Hom voorberei word. Nie alleen sal dit ons geestelike lewe meer vervullend en dinamies maak nie, maar ons sal nuwe inspirasie verkry om Hom liewer te hê en met ’n volkome hart te dien.

### Vertaling van Bybelse name

Voordat die name van die Here Jesus bespreek word, moet die vraag oor die wenslikheid en/of korrektheid van die vertaling van die oorspronklike Hebreeuse name wat op die Godheid betrekking het, eers beantwoord word omdat dit ook teologiese implikasies het. ’n Beweging terug na hierdie name gaan meesal ook gepaard met ’n beweging terug na ou Testamentiese gebruike wat reeds vervul is en nie op die Nuwe Testamentiese kerk betrekking het nie.

Hierdie beweging, waarna onder andere ook as die *Sacred Name*-beweging verwys word, is openlik op die Judaïsering van die Christendom ingestel. Hulle neem sterk standpunt in vir die eksklusiewe gebruik van Hebreeuse name vir God en die Here Jesus. Hulle argumente is egter grootliks op onkunde en valse aannames gebaseer. Sommige onder hulle gaan selfs so ver om te beweer dat die Griekse name vir God en Jesus Christus, wat in bykans alle Bybelvertalings gebruik word, op afgode dui. Daar word bv. gesê dat *Jesus* afgelei is van *Je-Zeus*, wat beteken: *Seun van Zeus* (’n bekende afgod in die Griekse mitologie). Om duidelikheid oor hierdie omstrede saak te kry, sal ons kortliks die gebruik van verskillende tale in Bybelse tye moet ondersoek.

Tydens die Assiriese en latere Babiloniese ballingskap van Israel, en ook daarna, het die meeste Jode verleer om Hebreeus te praat. Hulle het Aramees en Grieks aangeleer en as omgangstale gebruik. Aramees was ’n omgangstaal wat in die hele Midde-Ooste deur baie volke gepraat is. Dit was ’n mengsel van Siries en Hebreeus. “Aram” is die Bybelse naam vir Sirië. In die tyd van Jesus was Aramees ook die omgangstaal in Israel. Jesus en sy dissipels het ’n Galilese dialek van Aramees gepraat. Die kennis van Hebreeus was beperk tot geleerde Jode, bv. die rabbi’s en skrifgeleerdes.

In Aramees is daar na Jesus Christus verwys as *Eashoa Msheekha,* in Hebreeus as *Jashua* (of *Jeshua*) *Ha Mashiach,* en in Grieks as *Iesous Christos* (*Iesous* met die ongeaspireerde “i” word as *Jesous* uitgespreek). Al die boeke van die Nuwe Testament is oorspronklik deur die inspirasie van die Heilige Gees in Grieks ingegee (vgl. 2 Tim. 3:16; 2 Pet. 1:21), en hierin word na God as *Theos*, Here as *Kurios*, en Jesus Christus as *Iesous Christos* verwys. Dit is lasterlik om te beweer dat dit name van afgode uit ’n nie-Joodse kultuur is. Die Griekse name vir God (*Theos* en *Kurios*) was toe al vir meer as twee eeue lank gevestig en ook in Israel algemeen in gebruik. Dit was nooit omstrede nie.

Die naamwoorde *God* of *gode* kan egter as generiese terme ook na afgode verwys, afhangende van die konteks waarin dit gebruik word. So bv. word die duiwel as die god (*theos*) van hierdie wêreld beskryf (2 Kor. 4:4). Dieselfde reël geld ook in Hebreeus, waar *Elohim* na sowel God as afgode kan verwys. In Exodus 20:2-3 staan daar: “Ek is die Here (*Jahweh*) jou God (*Elohim*) ... . Jy mag geen ander gode (*elohim*) voor my aangesig hê nie.” Beide die Griekse en Hebreeuse naamwoorde én eiename is oorspronklik deur die Heilige Gees gebruik toe Hy die Bybelskrywers geïnspireer het, en dit is foutief om te beweer dat die Griekse name swak vertalings van die Hebreeuse name is.

In die tyd van Jesus was Aramees die algemene omgangstaal in Israel. Die stelling in Handelinge 21:40 dat Paulus die volk in Hebreeus toegespreek het, behoort meer korrek vertaal te word as “in ’n Hebreeuse dialek” – in hierdie geval Aramees. Die *Amplified Bible* asook die *Modern King James Version* sê: “... he spoke to them in the Hebrew dialect.” Die *NIV* vertaal dit só: “... he said to them in Aramaic”. Stanley Toussaint (1983:417) sê: “When Paul was granted permission to speak to the mob, he addressed them in Aramaic, the common language of Palestinian Jews, used throughout the Middle East at that time.” Baie van hulle was ook Grieks magtig.

Die Septuagint is ’n Griekse vertaling van die Ou Testament, wat in die 3$^{de}$ eeu voor Christus vir gebruik deur Griekssprekende Jode in Alexandrië, Egipte, opgestel is. Dit is baie algemeen gebruik deur Hellenistiese Jode wat oral in die Griekse ryk verspreid geraak en gaandeweg verleer het om Hebreeus te praat. Hierdie geskrif het ook aan nie-Jode insae in Israel se geskiedenis, kultuur en godsdienstige ontwikkeling gegee. *Septuaginta* is die Latyns vir 70 en verwys na 70 Joodse geleerdes wat die vertaling gedoen het; daarom word dit ook as LXX afgekort. Sommige bronne beweer dat daar 72 vertalers was – ses uit elk van die 12 stamme van Israel.

In aansluiting hierby is alle boeke van die Nuwe Testament aanvanklik in Grieks geskryf. Dit is waarom ons op verskeie plekke die woorde vind: “… as dit vertaal word …” (kyk Matt. 1:23; Mark. 5:41; 15:22; 15:34; Joh. 1:39; 1:42; Hand. 4:36; 9:36). Dit dui op sekere Aramese en Hebreeuse woorde wat in Grieks vertaal is. Die skrywers het meesal uit die Septuagint aangehaal en met enkele uitsonderings uit die Hebreeus en Aramees. Daar is ruim bewyse in die evangelies dat aanhalings uit die Septuagint gedoen is, en nie uit die Hebreeuse teks van die OT nie.

Hebreeuse teks toon geen vokale aan nie en is eers baie later gevokaliseer. Dit is onder andere waarom die sg. “Bybelkodes” nie kan werk nie. Aramese woorde word ook in die NT gevind, soos *Fariseër* en *Abba*. Skrywers het uit die Griekse Septuagint aangehaal, want dit was die voertaal tydens die skryf van die NT.

Daar is algemene konsensus onder kenners van die oorspronklike tale dat skrywers van die NT hoofsaaklik uit die Septuagint aangehaal het. Die Ou Testamentiese gedeeltes waaruit

Romeine 3:13-18 en Hebreërs 1:6 aanhaal, verskyn nie eers in die Hebreeuse tekste nie, maar het alleenlik in die Septuagint behoue gebly. Toussaint (1983:782) sê onder andere die volgende oor Hebreërs 1:6: “The reference is to the Second Advent when the kingly prerogatives of the Son will be recognized with open angelic worship (cf. Ps. 97:7 where the LXX rendering ‘angels’ correctly renders the text).”

In die lig van hierdie feite is dit onmoontlik dat die Godsnaam net in Hebreeus gebruik behoort te word. Niemand weet in elk geval presies hoe die Godsnaam in Hebreeus uitgespreek word nie. Die Tetragram (vierletterwoord, JHWH), kan in gevokaliseerde vorm op baie verskillende maniere uitgespreek word, o.a. Jahweh, Jehowah, Jahwuh en Jahuweh. Daar is ook nie eenstemmigheid oor hoe Jesus se Naam in Hebreeus uitgespreek word nie – Jeshua, Jahshua of Jahushua.

Dit is dus nie nodig om nou ’n revolusie oor die name van God te ontketen nie. Ons moet wel seker maak oor hóé ons hierdie name gebruik en eerbiedig, en dit teen enige semantiese veranderings of vervalsings beskerm. Alles hang af van die inhoud wat aan ’n generiese term gekoppel word soos blyk uit die konteks waarin dit gebruik word. God kwalifiseer Homself dikwels in die Bybel as die Almagtige God, die Skepper van die hemel en aarde, die God van Abraham, Isak en Jakob, die Ewige Ek Is, ens. Jesus word ook gekwalifiseer as Here, Christus, Lam van God, ens. Wanneer ’n naam of begrip swak gekwalifiseer word, kan dit van sy oorspronklike betekenis verloor; dan kan selfs *Jesus* ’n *ander Jesus* word, en *Christus* ’n *valse Christus*. Om hierdie rede is dit so belangrik om van al die name en attribute van God en die Here Jesus kennis te neem, want dan kan ons teen verskralings en vervalsings daarvan waak.

Persone of Christelike groepe wat ten spyte van hierdie feite voortgaan om net Hebreeuse weergawes van eiename en plekname te gebruik, en selfs die Bybel so oor te vertaal (bv. *Woord en Getuienis* deur Elim Bedieninge, 2004), is met ’n onnodige aksie van hebraïsering besig. Daar is verskeie slaggate op hierdie pad, waaronder ’n wettiese verlossingsleer en lewenswyse volgens die Tora, die onderhouding van Joodse feesdae (insluitend die Ou Testamentiese Sabbat), en selfs die ontkenning van die Drie-eenheidsleer.

## God die Seun

Voordat die name en ampte van die Here Jesus bespreek word, sou dit raadsaam wees om eers ’n baie duidelike, Nuwe Testamentiese stelling te maak oor sy godheid en ewige selfbestaan. Die uiteensetting in Hebreërs 1 is baie nuttig vir hierdie doel. Die Sendbrief aan die Hebreërs is heelwaarskynlik deur Paulus geskryf aan Joodse gelowiges, wat onder sterk druk van ander Jode was om hulle Christelike belydenis te laat vaar en na die geloof van hulle voorvaders terug te keer. Onder die ortodokse Jode was geloof in Jesus Christus as God die Seun en ook Koning van Israel, een van die aansprake wat hoogs omstrede en vir hulle totaal verwerplik was. Dit is vandag nog so. Met die oog op die toenemende weerstand wat die groeiende aantal Messiaanse Jode daardie tyd ervaar het, is hierdie goddelik-geïnspireerde sendbrief geskryf om hulle geloof te versterk.

Zane Hodges (1983:777) sê: “Die Sendbrief aan die Hebreërs is ’n ryk gedeelte van die Nuwe Testamentiese kanon. Op ’n unieke wyse verhoog dit die persoon en werke van die Here Jesus Christus. In die proses maak dit ’n geweldige belangrike bydrae tot die leerstellings van sy menswording, sy plaasvervangende dood en sy priesterskap. ... Die kerk sou onberekenbaar armer gewees het sonder die lering van hierdie geïnspireerde boek.” In die eerste hoofstuk word daar groot waarhede genoem wat in die res van die brief meer volledig behandel word:

“Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand

van die Majesteit in die hoogte, terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle. Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer? en weer: Ek sal vir Hom ’n Vader wees, en Hy sal vir My ’n Seun wees? En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet Hom aanbid. En van die engele sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme; maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is ’n regverdige septer; U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle; en: U, o Here, het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van u hande. Hulle sal vergaan, maar U bly; en hulle sal almal soos 'n kleed verslyt, en soos ’n mantel sal U hulle toerol, en hulle sal verander word, maar U is dieselfde, en u jare het geen einde nie” (Heb. 1:1-12).

Die volgende is sleutelstellings in hierdie hoofstuk:

**Die Drie-enige God se finale openbaring aan die mensdom deur die Seun (v. 1-2).** Hodges (1983:780) sê: “In ’n verhewe openingsparagraaf stel die skrywer sy lesers onmiddellik bekend aan die onoortreflike grootheid van die Here Jesus Christus. Hy verklaar dat die Seun die uitnemende kanaal van goddelike openbaring is.” Wat die profete in die Ou Testament gesê het, was ’n geleidelike ontplooiing van God se openbarings, om die mensdom voor te berei vir die Goddelikbepaalde oomblik wanneer Hy deur sy Seun, die Messias, mens sou word. Die Seun is die aangewese erfgenaam van alle dinge, en sal vir altyd as Koning regeer. Hy het die wêreld gemaak, en bestaan dus van alle ewigheid af.

**Die Seun is die afskynsel van die Drie-enige God se wese (v. 3-4).** Hy is ver bokant die engele verhewe omdat Hy nie, soos hulle, net ’n dienskneg van God is nie, maar die uitdruklike beeld van God. Deur sy goddelike krag onderhou Hy die hele skepping. Nadat Hy die reiniging van ons sondes bewerk het, het Hy na die hemel opgevaar en aan die regterhand gaan sit van die Majesteit in die hoogte.

**’n Vader-Seun-verhouding het van sy menswording af bestaan (v. 5-6).** Op ’n sekere oomblik in tyd het een lid van die Drie-enige God deur inkarnasie God die Seun geword. Om hierdie rede verwys ons na “die Seunskap van Jesus sedert sy menswording” (vgl. Joh. 1:1, 14), en nie na sy “ewige Seunskap” nie. Hy is nie ’n geskape wese wat aan die begin deur die Vader gegenereer is nie, maar van ewig af die selfbestaande God en Skepper van die hemel en aarde. Van ’n bepaalde oomblik af in tyd het Hy egter die Seun geword, en van daardie tyd af verwys die Bybel na ’n Vader-Seun-verhouding in die Drie-eenheid.

**Die Seun is God én Koning (v. 8-9).** Onweerlegbare getuienis word gegee dat die Seun ook God is: God sê van die Seun: “U troon, o God, is tot in alle ewigheid, ... daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle.” Zane Hodges (1983:782) sê: “Die aanhaling in verse 8-9 kom uit Psalm 45:7-8, waarin die finale oorwinning van God se Messias-Koning beskryf word. In hierdie Messiaanse Psalm word die naam God (Heb. *Elohim*) ten opsigte van beide die Vader en die Seun gebruik.

**Die Seun is die selfbestaande Here wat vir ewig lewe (v. 10-12).** In hierdie verse sê God van sy Seun: “U, o Here, het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van u hande. Hulle sal vergaan, maar U bly; en hulle sal almal soos ’n kleed verslyt, en soos ’n mantel sal U hulle toerol, en hulle sal verander word, maar U is dieselfde, en u jare het geen einde nie.” Hierdie aanhaling kom uit Psalm 102:26-28, en Jesus word hier beskryf as Here (Heb. *Jahweh*). Selfs wanneer die huidige skepping verslete raak soos ’n ou kleed en dan in ’n nuwe een verander moet word, sal die Seun onveranderd bly voortbestaan. Aan die einde van die Sendbrief word die onveranderlikheid van die Seun herhaal: “Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid” (Heb. 13:8).

## Name van die Here Jesus Christus

Die name van die Here Jesus kan in die volgende vier kategorieë ingedeel word:

- Sy eienaam as vleesgeworde Verlosser.
- Die name wat op sy godheid dui.
- Sy ampsnaam asook die tien ampte wat Hy beklee.
- Sy beskrywende name.

## Sy Eienaam

Die naam *Jesus* (*Die Here* [*Jahweh*] *is Verlossing;* Heb. *Jeshua*) is deur God self aan sy Seun gegee. ’n Engel het in ’n droom aan Josef verskyn en gesê: “Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees; en sy sal ’n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos” (Matt. 1:20-21).

Om volgens God se standaarde die Verlosser van die volk Israel én van die hele wêreld te wees, moet Jesus die volmaakte God-mens wees. Hy moes in ’n menslike geslag (die koninklike linie van Dawid in die stam van Juda) gebore word om *Seun van die mens* te kan wees. Nogtans moes ’n man Hom nie verwek nie, sodat Hy nie enige deel aan die menslike ras se erfsonde sou hê nie. Hy moes dus deur die beskikking van God uit ’n maagd gebore word sodat Hy ook *Seun van God* kan wees: “... die naam van die maagd was Maria. ... En die Engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom sal ook die Heilige wat gebore word, *Seun van God* genoem word” (Luk. 1:27, 35).

## Sy Naam as God

In die Ou Testament het die HERE God (Jahweh Elohim, die Drie-enige God) Homself verklaar as die selfbestaande “EK IS” (Ex. 3:14). In Johannes 8:58 het Jesus Christus verklaar: “Voordat Abraham was, is Ek” (Eng: “... before Abraham was, I AM” – NKJV). Hy is die selfbestaande God, gelyk aan die ewig-selfbestaande God die Vader en God die Heilige Gees, en moet ook as Here en God aangespreek word. Die apostel Johannes bevestig hierdie stelling: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God” (Joh. 1:1). Uit liefde vir ’n sondige mensdom het Hy sy heerlikheid en krag as God se Skepper ter syde geskuif, en Homself verneder om ’n mens te word sodat Hy versoening vir ons sondes kon doen deur aan die kruis op Gólgota te sterf.

Hoewel Christus op aarde al die beperkings van menswees aanvaar het, was daar tog aanduidings van sy goddelike heerlikheid. Paulus sê: “Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is ... . En Hy is voor alle dinge” (Kol. 1:15-17). Die Drie-enige God het tot ons gespreek deur die Seun, “Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte” (Heb. 1:3). Sy godheid het ook geblyk toe Hy as mens gesê het: “Ek en die Vader is een” (Joh. 10:30).

In Johannes 5 word die gelykheid tussen Jesus en die Vader op ’n sewevoudige wyse bevestig. Hulle is: gelyk in werke (v. 19), gelyk in kennis (v. 20), gelyk in opwekkingskrag (v. 21), gelyk in oordele (v. 22), gelyk in eerbiedwaardigheid (v. 23), gelyk in herskeppingskrag (v. 24), en gelyk in selfbestaanheid (v. 26).

Hoewel Jesus, die Woord, mens geword het, is Hy inderdaad Here (*Kurios* – Hand. 10:36) en God (*Theos* – Rom. 9:5). Dit is belangrik om Hom in hierdie hoedanigheid aan te spreek wanneer ons bid of oor Hom praat. Voor sy opstanding, hemelvaart, en die uitstorting van die Heilige Gees, is Jesus as *meester* (*didaskalos, kathegetes, rabbi* of *epistates*) aangespreek, terwyl net enkele van sy dissipels besef het dat Hy die *Messias* (*Christus*) is (Matt. 16:13-17). Met sy verheerliking het ook die volle openbaring van sy godheid gekom, en word Hy nie meer net as *leermeester* of *meester* nie, maar as *Here* en *God* aangespreek.

Petrus verwys na Jesus as “Here” en “Christus” (1 Pet. 1:3) en ook as “God” en “Saligmaker” (2 Pet. 1:1). Johannes sê: “Ons is in die Waaragtige ... Jesus Christus. Hy is die waaragtige God en die ewige lewe” (1 Joh. 5:20). Paulus praat dikwels van die “Here Jesus” (Ef. 1:15), en beskryf Hom met groot ontsag as “die grote God en ons Verlosser, Jesus Christus” (Tit. 2:13).

Ons behoort nie net van *Jesus* te praat sonder om sy eienaam te koppel aan sy godheid (Here Jesus) of aan sy ampsnaam (Jesus Christus) of selfs aan albei nie (Here Jesus Christus). As gevolg van die groot aanslag op die maagdelike geboorte en godheid van die Here Jesus, moet ons Hom uitdruklik as God of Here aanbid en verkondig.

Dit is ook eensydig om voortdurend net van *Christus* te praat omdat dit Jesus se ampsnaam is wat *Gesalfde* beteken. Dit is nie verkeerd nie, maar mense praat soms van “Christus” en ’n “Christelike lewenswyse” op ’n ietwat formele en selfs abstrakte wyse. Wanneer ’n mens die Here Jesus regtig persoonlik ken, behoort jy nie huiwerig te wees om sy eienaam te gebruik nie.

Jy moet onthou dat daar net een naam onder die hemel gegee is waardeur mense gered kan word, en dit is die naam *Jesus* (Hand. 4:12). Roep Hom deur hierdie Naam aan en gee ook erkenning aan sy gesag as Christus, Here en God. Nuwe Testamentiese gelowiges wat onder die leiding van die Heilige Gees Bybelstudie doen, het die voordeel van ’n voller openbaring van die Here Jesus. Die Heilige Gees gee aan ons meer insig in die onnaspeurlikheid van sy almag, grootheid, reddende genade, en die volle omvang van sy liefde. Ons hoef dus nie in onkunde oor sy godheid en al sy ander voortreflike hoedanighede te leef nie.

### Sy Ampsnaam

Die Here Jesus is ook die *Gesalfde* [Heb. *Mashiach* (*Messias*); Grieks *Christos* (*Christus*)] wat vir sy sending na die aarde afgesonder en toegerus is. In ’n messiaanse profesie stel Jesaja dit só: “Die Gees van die Here HERE [*Adonai Jahweh*] is op My, omdat die HERE [*Jahweh*] My gesalf het om die blye boodskap te bring ...” (Jes. 61:1).

*Christus* is ’n oorkoepelende ampsnaam van die Here Jesus omdat Hy vir tien ampte of take afgesonder is wat net deur Homself vervul kan word.

## Ampte van Jesus Christus

Die tien ampte waarvoor Christus gesalf is, asook die besondere titels wat daaraan verbonde is, is die volgende:

### 1. Lam van God

Die heel belangrikste rede waarom die Here Jesus gesalf en afgesonder is om na die aarde te kom, was om ’n gevalle mensdom uit die mag van die sonde los te koop. Om dit te kon doen, moes Hy die gestalte van ’n mens aanneem sodat hy Homself as ’n offer vir ons sondes kon aanbied deur sy bloed te stort en fisies aan die kruis te sterf. Hy moes God se Offerlam word:

“... die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem. Daarom sê Hy, as Hy in die wêreld inkom: Slagoffer en spysoffer wou U nie hê nie, maar U het vir My ’n liggaam berei. ... Toe het Ek gesê: Kyk, Ek kom – in die boekrol is dit van My geskrywe – om u wil te doen, o God. ... Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal” (Heb. 10:4-5, 7, 10).

Die godgegewe wet dat daar “sonder bloedvergieting geen vergifnis plaasvind nie” (Heb. 9:22; Lev. 17:11), is vir 1 500 jaar voor die koms van die Messias by die volk Israel ingeskerp. Duisende offerdiere moes volgens die Ou Testamentiese wette geslag word sodat die Levitiese priesters versoening vir die volk se sonde kon doen.

Dit alles was egter maar net heenwysings na die eenmalige slag van die Lam van God in die volheid van die tyd. Dit was met hierdie belangrike saak in gedagte dat Johannes die Doper vir Jesus só aan die volk voorgestel het as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh. 1:29; Heb. 7:27).

Jesaja het die volk lank tevore reeds op die groot offer van die Lam van God voorberei: “Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. ... Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos ’n lam wat na die slagplek gelei word ...” (Jes. 53:5, 7).

Gee jy die nodige erkenning aan die versoeningswerk van die Lam wat Hy deur die aflegging van sy lewe en die stort van sy bloed vir ons bewerk het? Aanvaar jy dit volkome in die geloof en het dit jou lewe grondig verander? Dink aan wat dié offer vir elkeen van ons *behoort* te beteken:

By die instelling van die Nagmaal het Jesus gesê dat dit ’n herinneringsmaal is vir sy liggaam wat vir ons gebreek en die bloed van die Nuwe Testament wat vir ons gestort is (Luk. 22:19-20). Ervaar jy in die Nagmaal die Here Jesus in die konteks van die offer wat Hy gebring en sy bloed wat Hy vir die versoening van jou sonde gestort het? Geen voorstelling van Christus is volledig sonder die aspek van die bloed nie. “Hom het God voorgestel in sy bloed as ’n versoening deur die geloof, ... sodat Hy regverdig (kan) maak wie uit die geloof in Jesus is” (Rom. 3:25-26).

**Ons redding en wedergeboorte is op die bloed gebaseer:**

- Ons is geregverdig deur sy bloed en op grond daarvan gered van die toorn (Rom. 5:9).
- “In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade” (Ef. 1:7).
- Ons is losgekoop “deur die kosbare bloed van Christus, soos van ’n lam sonder gebrek en vlekkeloos” (1 Pet. 1:18-19).
- Jesus Christus het ons liefgehad en ons van ons sondes gewas in sy bloed (Op. 1:5).

**Ons voortgesette reiniging is ook op die bloed gebaseer:**

- “As ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar;” en die bloed van die Here Jesus Christus reinig ons voortdurend van alle sonde en ongeregtighede (1 Joh. 1:7).
- Die bloed van Christus reinig ons gewete “van dooie werke om die lewende God te dien” (Heb. 9:14).
- Toe Jesus Homself as slagoffer vir die sondes gebring het, “het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word” (Heb. 10:12, 14). Deur sy eenmalige offer hou Hy aan om ons te vervolmaak mits ons in Hom bly (Joh. 15:2, 4).
- ’n Bietjie suurdeeg (sonde) maak die hele deeg suur. “Suiwer dan die ou suurdeeg uit, ... want ook ons Paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus” (1 Kor. 5:6-7). Reiniging deur die bloed van die Lam is altyd tot ons beskikking wanneer ons van sonde bewus word en dit bely.

**Die bloed is ook ’n magtige wapen teen die aanslae van die vyand:**

- Die martelare van die verdrukking sal die Antichris “oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis” (Op. 12:11). Ook vir ons is daar krag in die bloed in die hewige stryd teen die sielevyand. Die krag van die bloed verwys na geloof in die soendood van Christus.

Die hoedanigheid van Christus as die Lam van God wat sy lewe vir sondaars afgelê het, is die grondslag vir al sy ampte. Omdat Hy die losprys betaal het, kan Hy as Hoëpriester, Middelaar en Herder optree, Hoof van sy vrygekoopte gemeente wees, en as Koning oor sy erfdeel regeer. Hy kan Regter oor sy diensknegte wees, en uiteindelik ook oor almal wat nie sy versoeningswerk wou aanvaar nie.

Dit is juis die Lam, wat in die Boek Openbaring 26 keer deur hierdie naam bekend gestel word, wat in die verdrukking die wêreld weens hulle rebellie teen Hom sal oordeel. Die

konings sal saam met hulle onderdane na die berge vlug, in spelonke wegkruip en in hulle benoudheid na die rotse en die berge uitroep: “Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?” (Op. 6:16-17).

Aan die ander kant sal daar diegene wees wat aan die Lam gehoorsaam was en in dankbaarheid teenoor Hom sal uitroep: “U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers” (Op. 5:9-10). Is die evangelie wat jy bely werklik die bloedevangelie van die Lam, of bou jy dalk wat jou saligheid betref op valse fondamente? Maak baie seker dat jy nie jou hoop in een van die volgende drie valse evangelies stel nie, want dan sal die Regter jou weeg en te lig bevind:

**Sakramentsevangelie.** Dit het betrekking op mense wat op die doop vertrou vir redding en op die Nagmaal vir voortgesette reiniging, sonder dat hulle ’n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus gehad en ’n oorgawe aan Hom gemaak het. Hulle wandel nie met die Here nie, omdat hulle nog net by die kerk uitgekom het, maar nog nie by die Here Jesus nie.

**Morele evangelie.** Dit is die beskouing dat ’n mens op grond van jou goeie lewe gered word. Kerkbesoek verseker voortgesette moralisering om jou te help om op die regte pad te bly. Jy word geleer dat jy jou nie te buite moet gaan nie, en as jy ’n ‘matige sondaar’ is, hoef jy nie te twyfel aan jou redding nie. Die Bybel leer egter dat daar buite Christus nie een mens is wat regverdig is nie, selfs al dink hy of sy ook so (Ef. 2:12-13; 1 Joh. 5:12).

**Werke-evangelie.** Die geloof in werkeheiligheid word nie alleen in die Rooms-Katolieke Kerk gehuldig nie, maar ook in vervalle Protestantse Kerke. Lidmate meen dat hulle hul saligheid kan koop deur groot bydraes aan die kerk te gee en vir die Here te werk. Saligheid kan egter nie deur werke verdien word nie (Ef. 2:8-9). Persone wat rééds deur die geloof gered is, werk uit dankbaarheid vir die Here. Hulle weet dat hulle ’n lewende God dien en dat geloof ook lewendig moet wees en na ’n lewe van toewyding aan die Here móét lei (Ef. 2:10). ’n Geloof sonder werke is ’n dooie geloof (Jak. 2:14-17), maar so ook is werke sonder geloof nutteloos. Jesus Christus is die fondament van bekering, en deur ons werke van toewyding bou ons onder die leiding van die Heilige Gees daarop voort (1 Kor. 3:11-13; Matt. 3:8).

Dit is tot die eer van die Lam van God as ons aan Hom erkenning gee vir die vergifnis van sondes, en ook ná ons redding die voortgesette reiniging deur sy bloed ervaar.

## 2. Profeet

’n Profeet is ’n *bekendmaker* of *aankondiger* van die wil en plan van God met die mens, m.a.w. ’n *prediker*. Dít was Jesus Christus by uitnemendheid. Van sy bekendste preke is die bergpredikasie, die gelykenisse en die profetiese rede. Baie van die waarhede oor God se heilsplan is tydens genesings verkondig, by ete-afsprake, in onderrig aan sy dissipels, en ook in antwoord op vrae wat mense aan Hom gestel het. Jesus het groot waarhede oor God se raadsplan bekend gemaak, wat nog nooit tevore deur profete gedoen is nie. Hy het gesê: “Ek sal my mond open deur gelykenisse; Ek sal uitspreek dinge wat verborge was van die grondlegging van die wêreld af” (Matt. 13:35).

’n Ou Testamentiese reël vir profete was dat hulle nét woorde uit God se mond aan die volk moes verkondig. Hulle kon niks weggelaat of bygevoeg het nie; daarom is Bybelse profesieë 100% akkuraat en is valse profete gestenig: “Die profeet wat so vermetel is om ’n woord in my Naam te spreek wat Ek hom nie beveel het om te spreek nie, of wat in die naam van ander gode spreek, dié profeet moet sterwe” (Deut. 18:20).

Jesus Christus het in sy hoedanigheid as profeet nét woorde uitgespreek wat van die Vader kom: “Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My ’n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek. En Ek weet dat sy gebod die ewige lewe is. Wat Ek dan spreek – net soos die Vader vir My gesê het, so spreek Ek” (Joh. 12:49-50; vgl. Joh. 17:8).

## 3. Hoëpriester

In die Ou Testament moes die hoëpriester benewens al sy ander funksies een maal per jaar op die Groot Versoendag die Allerheiligste betree om ’n bloedoffer vir die sondes van die volk te bring. Dit was verbode vir ander mense om agter die voorhangsel tot by die verbondsark in te gaan.

Jesus Christus is die Hoëpriester van die Nuwe Testament (Heb. 8:1-2). Om hierdie amp te kon beklee, moes Hy eers mens word en ook versoek word soos mense, sodat Hy met ons medelye kon hê: “Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy ’n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees ... om die sondes van die volk te versoen. Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word. ... Want ons het nie ’n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word” (Heb. 2:17-18; 4:15-16).

Jesus het nie ’n Levitiese priesterskap beklee nie, omdat die Leviete sterflik was en mekaar opgevolg het, en ook sondig was en eers vir hulle eie sondes versoening moes doen, en dán vir dié van die volk. Jesus het ’n ewige en volmaakte priesterskap:

“Die Here het gesweer en dit sal Hom nie berou nie: U is priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek – in sover het Jesus van ’n beter verbond borg geword. En hulle het wel priesters geword in ’n groot aantal, omdat hulle deur die dood verhinder is om aan te bly; maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit ’n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree. Want so ’n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het; wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het” (Heb. 7:21-27).

Ken jy hierdie getroue Hoëpriester wat medelye met jou swakhede het en altyd leef om by God vir jou in te tree? Besef jy jou verantwoordelikheid om in sy voetspore te volg, heilig en afgesonderd te leef en vir ander by die genadetroon in te tree? Tree jy deur die bloed van Jesus toe op die nuwe en lewende weg wat Hy deur die geskeurde voorhangsel tot by die genadetroon ingewy het? (Heb. 10:19-20). Is jy ’n gereelde besoeker aan die genadetroon?

Ons is tot ’n koninklike priesterdom geroep om die deugde te verkondig van Hom wat ons uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig (1 Pet. 2:9). ’n Priester moet namens God met die volk praat (preek) en ook namens die volk met God praat (bid). ’n Priester moet heilig leef omdat God heilig is, en nougeset teen sonde waak. Indien hy tóg sondig, weet hy waar om genade te vind: “My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het ’n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus die Regverdige. En Hy is ’n versoening vir ons sondes” (1 Joh. 2:1-2).

## 4. Middelaar

Jesus Christus tree op as Middelaar tussen die mensdom en God die Vader. Hy is vir hierdie amp gesalf omdat net Hy, op grond van sy kruisdood, verlore mense met God kan versoen. Vergeleke met die Ou Testamentiese hoëpriesters wat as tussengangers tussen die volk en God opgetree het, het Christus “’n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van ’n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is” (Heb. 8:6).

Die offers onder die ou verbond was onvolledig omdat hulle net skaduagtige heenwysings na die finale offer van die Lam van God was (Heb. 10:1-10). Ons het die beter en wettige belofte verkry dat ons geheilig word deur die offer van Christus, wat die Middelaar van die nuwe verbond is. Net sy offer voldoen aan die eise van God se geregtigheid en regverdigheid (Ef. 1:7; 1 Pet. 1:18-19).

## 5. Kneg

Jesus is die Kneg van die Here wat na die aarde gekom het om ’n groot verlossingswerk te doen. Messiaanse profesieë in die Ou Testament kondig dit só aan: “En nou sê die HERE wat My van die moederskoot af geformeer het om sy Kneg te wees ... : Dit is te gering dat U my Kneg sou wees om op te rig die stamme van Jakob en terug te bring die gespaardes in Israel: Ek het U gemaak tot ’n lig van die nasies, om my heil te wees tot aan die einde van die aarde” (Jes. 49:5-6). “Wie is daar onder julle wat die HERE vrees, wat na die stem van sy Kneg luister?” (Jes. 50:10).

Die eienskappe van ’n kneg is nederigheid en diensbaarheid. Die Here Jesus het sy dissipels ernstig teen hoogmoed en selfverheffing gewaarsku:

“Julle weet dat die wat gereken word as owerstes van die nasies, oor hulle heers, en dat hulle groot manne oor hulle gesag uitoefen; maar so moet dit onder julle nie wees nie, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet almal se dienskneg wees. Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as ’n losprys vir baie” (Mark. 10:42-45).

## 6. Herder

Christus het as die Herder van sy kudde ’n absolute verbintenis tot hulle welsyn omdat Hy hulle duur gekoop het met sy kosbare bloed. “Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape” (Joh. 10:11). Hy het die vaste versekering gegee: “Ek is die deur van die skape. ... [As] iemand deur My ingaan, sal hy gered word ...” (Joh. 10:7, 9). Dit is te begrype dat, as Hy sy lewe vir die skape afgelê het, Hy ook voortdurend na hulle belange sal omsien; daarom het Hy bygevoeg: “Ek het gekom dat hulle lewe en oorvloed kan hê” (Joh. 10:10). Hy sê ook elders: “Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie” (Heb. 13:5).

Die Herder neem leiding deurdat Hy voor sy skape uit loop, die weg aanwys, en hulle Hom getrou navolg (Joh. 10:4). Dit is in hulle eie belang om die Herder te volg en naby Hom te bly, anders dwaal hulle van sy weë af en word dan deur die duiwel uitmekaar gejaag en in wanorde en verwarring gebring (Joh. 10:12).

Daar is net een pad uit ’n toestand van afgedwaaldheid, en dit is terug na die Here Jesus: “Want julle was soos dwalende skape, maar nou het julle teruggekeer na die Herder en opsiener van julle siele” (1 Pet. 2:25). Die Herder bly ten alle tye getrou en Hy sal altyd sy verpligtinge teenoor sy kudde nakom:

“Die HERE is my Herder; niks sal my ontbreek nie. Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen. ... Al gaan ek ook in ’n dal van doodskaduwee, sal ek geen onheil vrees nie; want U is met my” (Ps. 23:1-4).

Ons moet begryp dat ons in ’n wêreld woon wat in die mag van die Bose lê (1 Joh. 5:19). Versoekings, beproewings, aanvegtinge van die Satan, en selfs ook doodsgevare, word dikwels op die lewensweg ervaar. Die Here weet watter soort teëspoed vir die toetsing en loutering van ons geloof nodig is, en Hy laat dit toe. Ons moet net in sulke tye ’n nuwe en volle oorgawe aan “die groot Herder van die skape” maak (Heb. 13:20).

Daar moenie enige bitterheid in ons harte kom as dinge nie altyd volgens ons eie beplanning verloop nie, omdat die Herder se weë hoër as ons weë is. Ons moet weet dat Hy alles, ook die onaangename ervarings, vir ons ten goede sal laat meewerk as ons ons lewens opnuut aan Hom toewy en toevertrou.

Die Here het ook bekwame persone in sy kudde geroep en toegerus om herderlike funksies onder die toesig van die Opperherder te verrig: “En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars” (Ef. 4:11). Die leraar van ’n gemeente, in medewerking met kerkraadslede en ander ampsdraers, is ook die herder. Hy gee dus nie net onderrig in die Woord van die Here nie, maar hy het ’n pastorale plig om aan lidmate leiding te gee, berading te doen, vir die siekes te bid, die onordelikes te vermaan, die gemeente te beskerm, en teen die gevare te waarsku waardeur hulle en hulle kinders bedreig

word:

“Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde. En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang” (1 Pet. 5:2-4).

## 7. Hoof van die kerk

Jesus Christus se amp as Hoof van die gemeente is ’n verborgenheid wat eers ná die stigting van die kerk geopenbaar is. Dié eenheidsband word in die Bybel met ’n huweliksverhouding vergelyk: “Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; ... Hierdie verborgenheid is groot maar ek sê dit met die oog op Christus en die gemeente” (Ef. 5:23, 32). Vir ’n deeglike uiteensetting van Bybelse standaarde vir die funksionering van die kerk, sowel as al die implikasies van Christus se Hoofskap, kyk Bosch (2007) – onder Verwysings.

Uit Efésiërs 5:25-27 is dit duidelik dat Christus eers die gemeente *gereinig* en daarna *geheilig* het, sodat sy rein en sonder vlek of rimpel voor Hom gestel kan word. Hy is ons Hoof en Bruidegom, en ons moet met ’n rein kleed voor Hom verskyn.

Die begrip *heilig* beteken ook *afgesonder vir die diens van die Here*. In hierdie opsig word die gemeente as die *lede van die liggaam van Christus* voorgestel. Hulle vervul almal aanvullende funksies in die verwesenliking van die oorhoofse doelwit van die kerk van Christus op aarde: “Want soos ons in een liggaam baie lede het en die lede nie almal dieselfde werking het nie, so is ons almal saam een liggaam in Christus en elkeen afsonderlik lede van mekaar. En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is” (Rom. 12:4-6). [Vir ’n uiteensetting van die funksies van die lede, kyk Rom. 12:7-8 en 1 Kor. 12:12-31.]

Beoefen jou taak en roeping slegs in die krag en onder leiding van die Heilige Gees, omdat ons as lede van die liggaam van Jesus Christus almal deur een Gees deurdronge is (1 Kor. 12:13). Jy moet ook begryp dat die outoriteit van jou geestelike roeping in Christus gesetel is, en dat jy op oorwinningsgrond staan wanneer jy dit beoefen:

“Hy [God, die Vader van die heerlikheid] het gewerk in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele, bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul” (Ef. 1:17-23).

## 8. Bruidegom

’n Baie persoonlike, intieme en verhewe verhouding met Christus word deur sy hoedanigheid as Bruidegom moontlik gemaak. Ons is nie bestem om net diensknegte en dissipels in sy koninkryk te wees nie, maar het ’n hoë roeping om ook lede van sy bruidsgemeente te wees. Dit bring egter meer verpligtinge vir ons mee.

Paulus wys daarop dat alle Christene hulleself moet beywer om as rein maagde aan Christus voorgestel te word wanneer Hy weer kom (2 Kor. 11:2). Hulle moenie vervreemd raak van die opregtheid teenoor Christus nie, maar met toewyding voorbereidings tref vir hulle ontmoeting en vereniging met Hom. Hierdie geestelike voorbereidings sal verseker dat hulle op ’n waardige wyse hulle rol as die bruid en latere vrou van die Lam sal kan vervul (Op. 19:7-8).

## 9. Koning

Omdat die Here Jesus alle mag in die hemel en op aarde het, beklee Hy ook die amp van Koning. Die nasies van die wêreld rebelleer egter in hierdie bedeling teen sy gesag. Dié toedrag van sake is te wyte aan die feit dat alle mense op aarde ’n vrye wil het ten opsigte van wie hulle wil dien. Die praktyk het bewys dat die meeste van hulle die duisternis liewer het as die lig omdat hulle werke boos is (Joh. 3:19). Die god van hierdie wêreld [die duiwel] het hulle

sinne verblind (2 Kor. 4:4), daarom is die groot meerderheid van die aarde se bevolking in die mag van die Bose en leef in geestelike duisternis (1 Joh. 5:19).

Ons leef in ’n bose wêreld waarin Christene dikwels gehaat, onderdruk en verwerp word ter wille van hulle geloof (Joh. 15:18-19; 16:33; Luk. 6:22-23, 26). In ’n baie werklike sin is ons vreemdelinge en bywoners in ’n wêreld wat grootliks die ware God verwerp (Heb. 11:13; 1 Pet. 2:11). In hierdie situasie is dit soveel te meer belangrik om waaksaam, toegewyd en standvastig in die diens van die Here te bly (1 Kor. 15:58). As verlostes is ons nie onder die beheer van Satan nie, maar hy is ons vyand wat aanhoudend die ware gelowiges aanval en probeer mislei. Dit is die rede waarom ons die volle wapenrusting van God moet aantrek, sodat ons staande kan bly teen die liste van die duiwel (Ef. 6:11).

Ons is lede van ’n verborge koninkryk wat nie van hierdie wêreld is nie (Joh. 18:36; Fil. 3:20). Die Here Jesus is Koning van ons lewens en ons ervaar sy vrede in ons harte. Ons lewe *in* die wêreld word egter deur stryd gekenmerk (Matt. 10:34). In ons verhoudinge met wêreldlinge is daar konflik omdat ons norme en beginsels radikaal van hulle s’n verskil.

Hierdie toestand gaan spoedig drasties verander wanneer Jesus Christus se verborge koninkryk fisies en sigbaar op aarde geopenbaar sal word by sy wederkoms aan die einde van die groot verdrukking: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Op. 11:15).

Uit die oogpunt van Jesus se koningskap gaan daar drie belangrike gebeurtenisse tydens sy wederkoms plaasvind:

**Verdelging van die vyande van God tydens die slag van Armagéddon**
“Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was ’n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos ’n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone ... . En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here. ... En ek het die dier [die Antichris] en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy húlle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit; en al die voëls is versadig van hulle vlees” (Op. 19:11-21).

**Die herstel van die troon van Dawid in Jerusalem**
“Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel, sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen” (Hand. 15:16-17).

**Vestiging van die duisendjarige Vrederyk op aarde**
“En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom. En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen baie volke en regspreek vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie *meer* sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (Miga 4:1-3).

“En hy [’n engel] het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en die Satan is – en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie. ... Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood

geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank" (Op. 20:2-3, 6).

Om in die vrederyk as konings saam met Christus te regeer, moet ons Hom nóú as die Lam van God aanvaar en in sy verborge koninkryk op aarde dien.

## 10. Regter

Hierdie amp van die Here Jesus is in die eerste plek ter sake vir die Christene, omdat ons almal voor die *regterstoel van Christus* moet verskyn om loon vir ons arbeid in die Here te kry (2 Kor. 5:10; kyk ook Rom. 14:10).

Die eerste opstanding is *slegs* vir die gelowiges; dan kom die hemelse Bruidegom om sy bruidsgemeente [die ware kerk van Christus] te kom haal om met Hom verenig te word (1 Thess. 4:16-17). Ons eerste afspraak ná hierdie ontmoeting is voor die *regterstoel* (Grieks *bema*). Die *bema* was in Bybelse tye die rostrum waarop die beoordelaars gesit het wat lourierkranse aan die oorwinnaars toegeken het by sportbyeenkomste soos die antieke Olimpiese Spele.

Wanneer gelowiges voor die regterstoel verskyn, gaan die Here Jesus hulle lewens beoordeel en krone toeken. Almal wat dan voor Hom sal staan, is uit genade gered sonder eie verdienste, en staan daar as gelowiges wat aan Hom behoort. Hy gaan hulle dus nie oor geloof en redding uitvra nie, maar oor hoedanig hulle hul vermoëns gebruik en die werk gedoen het wat Hy aan hulle gegee het.

Sommige mense huldig die siening dat, omdat ons uit genade gered is, ons nie onder die verpligting is om vir die Here te werk nie. Die feit is dat ons duur gekoop is deur die bloed van die Lam, dat ons aan Hóm behoort en die opdrag het om God te verheerlik deur onder die leiding van die Heilige Gees 'n diensbare lewe te lei (1 Kor. 6:19-20).

Die Here sal hoegenaamd nie daarmee tevrede wees as ons ná ons redding 'n doellose en onaktiewe bestaan in sy koninkryk voer, terwyl ons in afwagting van die tyd wanneer ons hemel toe gaan, onsself besig hou met 'n aardse lewe van eiebelang nie. Gelowiges wat hulleself na hulle redding hoofsaaklik met tydelike en verganklike dinge besig hou, sal bedroë daarvan afkom voor die regterstoel. Werke van dié aard sal verbrand word:

"Elkeen sal sy eie loon volgens sy eie arbeid ontvang. ... Niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus [dit is redding uit genade op grond van die werk van Christus, sonder eie werke]. En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels – elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur [van Christus se regterstoeloordeel] sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen" (1 Kor. 3:8, 11-15).

Kom ons neem die volgende opdragte van die Here aan sy kerk op aarde ernstig op, en streef sodoende na 'n lewe van gehoorsaamheid en godsvrug:

- "Soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle ook" (Joh. 20:21).
- "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees" (Hand. 1:8).
- "Word met die Gees vervul" (Ef. 5:18).
- "Verkondig die Woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf [en] vermaan" (2 Tim. 4:2).
- "Julle is die sout van die aarde" en "die lig van die wêreld." ... "Laat julle lig [dan] skyn" (Matt. 5:13-16).
- "Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie" (Matt. 26:41).
- "Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die

duiwel" (Ef. 6:10-11).

Hierdie en talle ander Bybelse opdragte is in die bevelsvorm geskryf en is dus nie opsionele ekstras vir Christene nie. Behalwe dat ons in elk geval die Here moet verheerlik in alles wat ons doen, is dit ook in ons eie belang om aktief in die diens van die Here te wees. Dit maak ons lewens vrugbaar en gelukkig, dit maak vir ons 'n skat in die hemel bymekaar sodat ons nie met leë hande voor die Here hoef te verskyn nie, en vir die eerste keer besef ons dat ons werklik iets sinvols vir ons medemens kan beteken sonder om iets terug te verwag.

Dit plaas ons ook op oorwinningsgrond omdat die krag en genade van die Here aan almal beloof word wat Hom met 'n onverdeelde hart wil dien. Verder laat dit alle bekommernis oor ons aardse behoeftes verdwyn. Die Here het beloof as ons die koninkryk van God en sy geregtigheid soek, sal Hy al die ander dinge vir ons byvoeg.

Die Here het nie slawe of huurlinge in sy diens nie, maar diensknegte wat bevoorreg is om Hom te kan dien. As die gesindheid van jou hart nog nie reg is nie, moet jy die vlees kruisig en 'n volle oorgawe maak sodat die Heilige Gees absolute beheer oor jou lewe kan kry. Die Here kan ons harte reinig en van ons skoon kanale maak waardeur Hy kan werk. Geen vleeslike werke is vir Hom aanvaarbaar nie – slegs die vrug van die Heilige Gees in 'n oorgegewe lewe. Dan sal ons ook met vrymoedigheid voor die regterstoel van Christus kan verskyn.

Die krone wat by die regterstoel aan oorwinnaars toegeken sal word, is:

- *Die kroon van roem* vir mense wat deur hulle getuienis en prediking siele gewen het (1 Thess. 2:19).
- *Die onverwelklike kroon* vir 'n heilige en diensbare lewenswandel (1 Kor. 9:24-27).
- *Die kroon van die lewe* vir Christenmartelare en ander swaar beproefdes (Op. 2:10; Jak. 1:12).
- *Die kroon van heerlikheid* vir getroue herders en opsieners oor die Here se kudde (1 Pet. 5:2-4).
- *Die kroon van geregtigheid* vir 'n wederkomsgerigte lewe wat op die hemel ingestel is (2 Tim. 4:8).

Christus se amp as Regter het ook verskeie ander implikasies. Ná sy wederkoms sal Hy die nasies oordeel:

"En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit; en voor Hom sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei" (Matt. 25:31-32). Diegene uit alle nasies wat die groot verdrukking oorleef het, sal voor hierdie troon verskyn.

Aan die einde van die vrederyk wanneer die tweede opstanding plaasvind, sal al die knieë van die verlorenes van alle eeue ook voor Jesus moet buig en sal hulle moet erken dat hy die Lam van God is wat deur hulle verwerp is (Hand. 17:31; Op. 20:11-15). Dan sal die goddeloses die ewige straf tegemoet gaan en die regverdiges die ewige hemelse koninkryk beërf.

'n Ontmoeting met die Here Jesus kan deur geen mens op aarde ontwyk word nie. Óf jy ontmoet en aanvaar Hom nou as jou Verlosser, óf jy sal eendag voor Hom moet verskyn as jou Regter wat jou na die plek van ewige verdoemenis sal stuur. Die keuse is joune!

## Beskrywende name

Daar is verder ook 'n groot aantal beskrywende name van die Here Jesus in die Bybel. Hierdeur word die klem op bepaalde aspekte van sy Persoon en werke geplaas, sodat ons Hom nóg beter kan ken, verstaan en liefhê. Die volgende is nie 'n volledige lys beskrywende name nie, maar slegs 'n aantal van die bekendstes:

## Lig van die wêreld

Een van die mees sprekende simbole van die koninkryk van die hemele is dié van lig. God self bewoon ’n ontoeganklike lig wat deur geen mens aanskou kan word nie (1 Tim. 6:16). In sy volmaakte heiligheid is Hy baie ver verhewe bo die sondige en verganklike orde van die gevalle mens op aarde.

Jesus het as “die opgaande Lig uit die hoogte” (Luk. 1:78) van die hemel af na ’n geestelik donker aarde neergedaal en ons op ons dwaalweë kom opsoek; daarom kon Hy sê: “Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê” (Joh. 8:12).

## Brood en water van die lewe

“Die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee. Toe sê hulle vir Hom: Here, gee ons altyd hierdie brood. En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie” (Joh. 6:33-35).

Ons is nie net vir die wedergeboorte van die Here Jesus afhanklik nie, maar ook vir die daaglikse versterking en opbouing van die nuwe lewe. Hy self wil vir ons dag na dag soos vars manna uit die hemel wees, sodat ons opgebou kan word in die allerheiligste geloof. Geestelike voedsel is om die wil te doen van ons Vader in die hemel. Die kennis van sy wil kry ons onder die leiding van die Heilige Gees in die Bybel. Soek daarna en word vervul met die kennis van sy wil.

## Rots en Fondament

Christus is die ewige Rots wat vir ons geklief is. Sy gebroke liggaam het die stroom van God se genade na ons toe laat vloei. Hierdie Rots is ook die enigste fondament waarop ons ons lewens kan bou (1 Kor. 3:11). Dit gee aan ons vastigheid en onwankelbaarheid in die storms van die lewe wat oor ons mag toesak (Matt. 7:24-27).

Kan jy saam met die psalmis getuig dat die Here jou lewe van ondergang en vernietiging gered en ook op hierdie vaste rots geanker het? “Hy het my uit die kuil van vernietiging, uit die modderige slyk opgetrek en my voete op ’n rots gestel; Hy het my gange vasgemaak” (Ps. 40:3).

## Die weg, die waarheid en die lewe

Jesus is die enigste weg na die hemel, omdat niemand na die Vader kan kom behalwe deur Hom nie (Joh. 14:6). Hy is die waarheid, sy woord is die waarheid, en die Gees van die waarheid getuig van Hom. Hy is ook die opstanding en die lewe (Joh. 11:25-26). Slegs deur Hom kan iemand wat dood is in sy sonde en misdade in ’n nuwe lewe opgewek word (Ef. 5:14). Alle sondaars is die straf van die ewige dood skuldig (Rom. 6:23), en net Jesus het hierdie doodstraf namens sondaars gedra, daarom kan net Hy aan hulle die ewige lewe skenk. Hy het gesterwe sodat ons kan lewe.

## Die ware wynstok

“Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder my kan julle niks doen nie” (Joh. 15:5). Die wynstok word as die simbool van die mees heilige dinge gebruik: die sap van sy vrugte is tiperend van die bloed van Christus, terwyl sy stam en lote die volmaakte beeld van die verborgenheid van goddelikheid is – Christus se vereniging met sy volgelinge.

Die uitdrukking “in My” verwys na ons regverdigmaking en vereniging met Christus wanneer ons in die wynstok ingeënt word. Die uitdrukking “Ek in hom” verwys na ons dieper vereniging met Christus in heiligmaking, wanneer Hy ons hele lewe word. Die hoofdoel met heiligmaking is inderdaad Christus in al sy volheid.

’n Ander waarheid wat hier beklemtoon word, is gemeenskap met Christus: “Bly in My, soos Ek in julle” (v. 4). Ons moet ’n noue verhouding met Hom handhaaf – dit moet nie ’n los en vas

verhouding wees nie, maar ’n oomblik tot oomblik afhanklikheid van Hom. Paulus sê: “Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom” (Kol. 2:6). Om in Hom te bly, hang van ons gehoorsaamheid af: “As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly ... en [sal] julle blydskap volkome kan word” (Joh. 15:10-11).

## Heiligmaking

Die Here Jesus is nie net ons Verlossing nie, maar ook ons Geregtigheid en Heiligmaking (1 Kor. 1:30). Israel is sedert die uittog uit Egipte al geleer dat hulle ná die Pasga vir ’n week lank die fees van die ongesuurde brode moes vier, wat ’n tydperk van heiliging en selfondersoek is. Paulus sê: “Ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid” (1 Kor. 5:7-8).

Ons moet gereeld onsself ondersoek om vas te stel of daar nie moontlik suurdeeg van sonde in ons lewe ingekom het nie. “Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring” (2 Kor. 7:1). Daar is geen ander lewe wat vir die Here aanvaarbaar is nie: “Want dit is die wil van God: julle heiligmaking ... . Daarom, hy wat dit verwerp, verwerp nie ’n mens nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het” (1 Thess. 4:3, 8).

Terwyl ons toeneem in kennis van onse Here en Saligmaker, moet ons ook in genade en heiligmaking toeneem. Gelykvormigheid aan sy beeld van heiligheid moet steeds ons groot ideaal wees, daarom moet daar geen skaduwees van sonde oor ons lewe val nie. Hoe kan ons seker maak dat sonde nie weer heerskappy oor ons lewens verkry nie? “Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie” (Gal. 5:16).

## Die wortel en geslag van Dawid

Jesus Christus het gesê: “Ek is die wortel en die geslag van Dawid” (Op. 22:16). Die ‘wortel’ van Dawid bevestig Jesus se godheid – Hy is die Here van Dawid! Deur die ‘geslag’ van Dawid word sy mensheid aangedui – Hy is die *Seun* van Dawid (Luk. 20:41-44). Hy is die beloofde Messias wat in die huis van Dawid uit die stam van Juda gebore is, die saad van Abraham deur wie al die nasies geseën sou word (Gen. 22:18).

Deur die eeue heen het Satan die volk Israel gehaat en vervolg weens die beloftes van die komende Messias wat aan hulle gemaak is (vgl. Op. 12:4-5). In die lig hiervan moet Herodes se kindermoord in Israel gesien word (Matt. 2:13-18). Dit was een van die eerste pogings van Satan om Jesus om die lewe te bring en sodoende die vestiging van sy koninkryk te probeer verydel. Verskeie demonies-geïnspireerde pogings is ook daarna aangewend; die mees onlangse hiervan was die Joodse Slagting van die Tweede Wêreldoorlog.

## Blink Môrester

Die Here Jesus sê: “Ek is ... die blink môrester” (Op. 22:16). Petrus voeg hierby: “En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op ’n lamp wat in ’n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte” (2 Pet. 1:19).

Die môrester is by uitstek die simbool van hoop – die verwagting van ’n nuwe dag wat weldra sal aanbreek. In Jesus Christus het ons ’n hoopvolle toekoms. Ons kan verby die spanning van die huidige lewe kyk na die strale van ’n helder nuwe dag wat met sy wederkoms oor hierdie donker wêreld sal aanbreek. Deur die tekens van sy koms kan ons ook in die ontwrigtende omstandighede van die huidige tyd sy naderende voetstappe herken. Diegene sonder ’n Christelike toekomsverwagting is nie in staat om wêreldgebeure geestelik te vertolk nie, en word deur al die slegte nuus en donker vooruitsigte tot wanhoop gedryf.

## Wysheid

Alle wysheid buite God is dwaasheid en nietige misleiding (Kol. 2:8). Vir ’n mensdom wat vervlak het in sy denke en dwaas geword het in die oorlegginge van sy hart, het Christus met sy koms ’n nuwe bron en dimensie van kennis gebring en daardeur vir ons geword “wysheid

uit God" (1 Kor. 1:24, 30). Hy het nie alleen aan die mens sy onkunde en die verduisterde toestand van sy hart geopenbaar nie, maar deur sy kruisdood die weg vir almal gebaan om tot wyse en verstandige kinders van God herskep te word.

Deur Jesus Christus gee God aan ons die Gees van wysheid sodat ons die rykdomme kan begryp wat Hy aan ons skenk (Ef. 1:17-18). Ons moet daarna streef om in wysheid toe te neem deur die Here Jesus beter te leer ken, "in wie alle skatte van wysheid en kennis verborge is" (Kol. 2:3). Hy is 'n wonderbare Raadsman (Jes. 9:5) wat die regte raad vir elke probleem het. "As iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid … en dit sal aan hom gegee word" (Jak. 1:5).

Raadpleeg eers die Here en ken Hom in al jou weë voordat jy 'n besluit neem. Hy sal jou deur sy Woord en Gees onderrig soos 'n vader sy seun onderrig. Moenie eers volgens eie insig handel en ernstige foute maak voordat jy 'n saak aan die Here voorlê en sy leiding afbid nie.

Ons moet die Bybel deursoek vir riglyne en dit toepas, want "die beginsel van die wysheid is die vrees van die Here, en kennis van die Heilige is verstand" (Spr. 9:10). Hy sal jou antwoord en jou paaie gelyk maak! Eers as jy vrede in jou hart oor 'n saak het, dan weet jy dat jy in die geloof daarmee kan voortgaan.

### Oorwinnaar

Jesus Christus het die duiwel, die dood en die hel oorwin! Hy het "die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer" (Kol. 2:15). Hy is 'n magtige Verlosser wat elke sondaar se bande kan verbreek en hom van die mag van die vyand kan bevry. "As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees" (Joh. 8:36).

Word jy nog deur sondes, swakhede en vuil gewoontes geteister? Kom na die enigste Verlosser vir vergifnis en vrymaking (1 Joh. 1:8-9). "Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie" (Gal. 5:1). Leef as 'n oorwinnaar en gee aan die Here die eer vir wat Hy in jou lewe gedoen het. Reken volkome op sy krag en genade om staande te kan bly teen die liste van die duiwel: "Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus en wat die reuk van sy kennis deur ons oral versprei" (2 Kor. 2:14).

## Die groot belangrikheid van Christus se godheid

Baie van die name en titels van die Here Jesus wat in hierdie hoofstuk genoem is, het op sy menswording betrekking. Omdat sy godheid deesdae egter so hewig aangeval word, mag dit van waarde wees om 'n duidelike, samevattende stelling oor sy ewige selfbestaan as God te maak. Die Bybel beskryf Hom in sy godheid onder andere soos volg:

- Die "EK IS", die onnaspeurlike, tydlose, selfbestaande Een (Joh. 8:58; vgl. Ex. 3:14-15).
- "Die Woord" wat nie net aan die begin by God was nie, maar God self was wat vlees geword het in die Persoon van Jesus Christus (Joh. 1:1, 14; vgl. Op. 19:13).
- "Elohim", een van die wonderlike, goddelike Persone in die Drie-enige Godheid, die HERE God, Jahweh Elohim, wat self ook Jahweh, die ewigbestaande Een, is (1 Joh. 5:7).
- "Die Skepper" (Joh. 1:1-12; Kol. 1:16-17; Heb. 1:2) en "Leidsman tot die lewe" (Hand. 3:15).
- "Die Here" (Matt. 22:41-46; Ps. 110:1). Elke tong sal bely dat Jesus Christus die Here is (Fil. 2:11). Thomas se twyfel het verdwyn toe hy die opgestane Christus gesien het, en in 'n opregte belydenis van geloof uitgeroep het: "My Here en my God!" (Joh. 20:28).
- "Sterke God" (Gibbor El). "Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee ... en Hy word genoem ... Sterke God" (Jes. 9:5). In Génesis 17:1 het dieselfde HERE (Jahweh) aan Abraham gesê: "Ek is God, die Almagtige (El Shaddai), daarom is die Woord self die Almagtige God (vgl. Tit. 2:13) aan wie alle gesag in die hemel en op aarde gegee is.

- “Dieselfde”, dit is die selfbestaande Een wat nooit verander nie. “Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid” (Heb. 13:8; vgl. Ps. 102:28). “U is dieselfde, en u jare het geen einde nie” (Heb. 1:12).
- “Die Alfa en die Oméga, die Begin en die Einde, die Eerste en die Laaste” (Op. 22:13). Sy ewige selfbestaan word hier beskryf, en daar kan nie binne tyd of ruimte ’n meer beperkte rol of bestaan aan Hom toegeskryf word nie.

Ons leef in die eindtyd, kort voor die wederkoms van Christus, en Satan, “wat die hele wêreld verlei” (Op. 12:9), saam met al sy bose magte, verskerp hulle aanvalle teen die Christelike geloof en, veral, op die Here Jesus Christus self. Satan se pogings om Hom aan die kruis te vernietig, is deur die opstanding en hemelvaart van Christus ongedaan gemaak. Spoedig daarna het Satan egter begin om die waarhede oor die Persoon van Christus te verdraai, in ’n poging om wydverspreide twyfel oor sy maagdelike geboorte en godheid te laat ontstaan.

Sowat 700 jaar voor die geboorte van Jesus het die profeet Jesaja geprofeteer: “Kyk, die maagd sal swanger word en ’n seun baar en Hom Immánuel noem” (Jes. 7:14). Dit is bevestig deur die engel wat aan Josef verskyn het om die geboorte van Jesus aan te kondig, want hy het hierdie profesie aangehaal en ook bygevoeg dat dit beteken: “God met ons” (Matt. 1:23). Dit bewys in ’n enkele stelling die godheid en maagdelike geboorte van Jesus – twee belangrike leerstellings wat die afgelope twee eeue toenemend aangeval is. Die Bybel bevestig egter: “Hy is die Beeld van die onsienlike God” (Kol. 1:15).

In Händel se wonderlike werk, “Die Messias”, sing die koor hierdie betekenisvolle woorde: “Sê aan die stede van Juda: Hier is julle God!” (Jes. 40:9). Jesaja het só oor die koms van die Messias geprofeteer: “Hy sal die dood vir ewig vernietig, en die Here HERE sal die trane van alle aangesigte afvee ... . En hulle sal in dié dag sê: Kyk, dit is onse God op wie ons gewag het, dat Hy ons kan verlos; dit is die HERE (Jahweh) op wie ons gewag het: laat ons juig en bly wees oor sy hulp” (Jes. 25:8-9). Dit is verdere bevestiging (indien dit nog nodig is) dat die Messias self God is!

Ons sal óf vir ewig saam met Hom wees as Verlosser, Here, Koning en God, óf vir ewig weg van Hom af in die buitenste duisternis. Hy is die onvergelyklike Christus wat gesê het: “Wie in My glo, het die ewige lewe” (Joh. 6:47). Net Hy is ons vertroue waardig. Die Engelse digteres, Frances Havergal, beklemtoon sy uitnemendheid só: “Why will you do without Him? Is He not kind indeed? Did He not die to save you? Is He not all you need?” (Havergal, 2011).

# 2. Die Here Jesus se Seunskap en Godheid

Ons leef in ’n tyd waarin die Drie-eenheidsleer, en veral die godheid en ewige selfbestaan van die Here Jesus, deur ’n toenemende aantal teoloë verwerp word. Hierdie probleem is nie net die produk van moderne teologiese denke nie, maar die gevolg van eeue-oue dwalings in leerstellings oor Jesus Christus. Ter wille van ‘n beter perpspektief op die probleem sal ons in die kerkgeskiedenis aantoon waar dit ontstaan het.

### Die Drie-eenheid

In die heel eerste hoofstuk van die Bybel word ons aan die Drie-enige God voorgestel: “In die begin het God die hemel en die aarde geskape.” Die naam wat hier vir God gebruik word, is nie die meer algemene *Jahweh* wat op God se ewigheid en selfbestaan dui nie, maar *Elohim* wat op sy Drie-eenheid dui. Die volgende uiteensetting van die Drie-eenheid is gebaseer op die werk van dr. Richard Bennett (1998:45-46):

In Afrikaans en Engels word naamwoorde óf in die enkelvoud óf in die meervoudsvorm geskryf. Die Hebreeus tref egter in die meervoud ’n verdere onderskeid deurdat dié taal ’n duale vorm het wat na twee verwys, asook ’n meervoudsvorm wat na meer as twee verwys. *Elohim* is nie enkelvoudig en ook nie duaal nie, maar in die meervoudsvorm – m.a.w. drie of meer. Terselfdertyd is Elohim ook ’n samestelling van ander name. Een daarvan is El (God), soos in Bet-El (Die Huis van die Here), en dit is duidelik in die enkelvoudsvorm. Die naam Elohim dui dus op ’n enige Here wat terselfdertyd uit meer as twee Persone bestaan, in hierdie geval drie Persone wat saam een is. Dit is presies ook die implikasie van Deuteronómium 6:4 wat lui: “Hoor, Israel, die Here onse God is ’n enige Here.” (“Hoor, Israel, Jahweh ons Elohim is ’n enige Jahweh”).

Die Hebreeuse woord wat hier vir “eenheid” gebruik word, is *echad*, wat ’n saamgestelde eenheid en nie ’n absolute eenheid is nie. Dit is belangrik om hierdie begrip reg te verstaan, omdat meervoudigheid en enkelvoudigheid in een begrip saamgevoeg word. In Génesis 2:24 word *echad* ook as ’n vorm van saamgestelde eenheid gebruik: “... die man [sal] sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees.”

Die feit dat Elohim beide na die enige Here én in sy meervoudsvorm na drie Persone in die Godheid verwys, blyk duidelik uit die voornaamwoorde wat vir Elohim gebruik word. In verband met die skepping van die mens word gesê: “Laat **Ons** mense maak na **ons** beeld, na **ons** gelykenis … . En God het die mens geskape na **sy** beeld; na die beeld van God het **Hy** hom geskape; man en vrou het **Hy** hulle geskape” (Gen. 1:26-27). Die woord vir God wat hier gebruik word, is Elohim. Die Drie-enige God kan tereg sê: “Laat **Ons** mense maak,” en dan daarna: “man en vrou het **Hy** hulle geskape.”

Johannes beskryf die pre-geïnkarneerde Jesus as die Logos, of die Woord: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God” (Joh. 1:1). Hy was *by* Elohim en *self* ook Elohim. Die derde Persoon is die Gees van Elohim (Gen. 1:2). Hy is die “ewige Gees” (Heb. 9:14) wat as ’n Persoon in die Godheid ook ’n ewige selfbestaan het.

Die drie ewige, gelyke en mede-selfbestaande Persone in die Godheid word ook só deur Johannes beskryf: “Daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een” (1 Joh. 5:7). Al drie Persone kan dus as Here (Heb. *Jahweh*; Gr. *Kurios*) en God (Heb. *Elohim*; Gr. *Theos*) beskryf en aangespreek word. Paulus het die vleesgeworde Here op die pad na Damaskus aangespreek: “Wie is U Here [Jahweh]? En die Here antwoord: Ek is Jesus wat jy vervolg” (Hand. 9:5). In Romeine 9:5 sê Paulus van Jesus dat Hy God [Elohim] is: “God, lofwaardig tot in ewigheid!” In alle tydperke van sy ewige selfbestaan as God is hierdie titels op Hom van toepassing.

Mense wat nie glo dat die titel Here of Jahweh (die ewige EK IS) op Jesus van toepassing is nie, se sonde kan nie vergewe word nie. Hy het vir die ongelowige Joodse leiers gesê: “As julle nie glo dat dit Ek is nie, sal julle in jul sondes sterwe. … Wanneer julle die Seun van die mens verhoog het, dan sal julle weet dat dit Ek is; … voordat Abraham was, is Ek” (Joh. 8:24,

28, 58). Die *Modern King James Version* sê: “If you do not believe that I AM, you shall die in your sins. ... Before Abraham came into being, I AM!” (Joh. 8:24, 58). Die *Amplified Bible* verbind Johannes 8:58 só aan Exodus 3:14: “I most solemnly tell you, before Abraham was born, I AM” [Ex. 3:14]. Hy is die selfbestaande, ewige God wat mens geword het om ’n volmaakte offer vir ons sonde te kon wees.

## Die skeppingswerk, voorrang en heerskappy van Christus

Dit is nodig om ernstig en diepgaande oor die godheid van Jesus Christus te besin, asook oor sy voorrang bo alle dinge. Dit kan gedoen word in Bybelstudie onder die leiding van die Heilige Gees, “want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God” (1 Kor. 2:10). Paulus het ’n groot openbaring van Jesus Christus gegee toe hy gesê het:

“Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alles is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand. En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees. Want dit het die Vader behaag dat in Hom die ganse volheid sou woon en dat Hy deur Hom alles met Homself sou versoen nadat Hy vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis – ek sê deur Hom – die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele” (Kol. 1:15-20).

In Kolossense 1 word sewe unieke kenmerke van die Here Jesus se voorrang en opperheerskappy oor alles genoem. Die verduideliking hieronder word ook bevestig deur Norman Geisler (1983:672-674). Jesus Christus is:

1. **Die Beeld van God.** Hy het God aan die mensdom kom openbaar, daarom het almal wat Hom gesien het, die Vader gesien (Joh. 14:9). Wanneer ons die evangelie van die Here Jesus se reddende genade hoor, dan skyn die heerlikheid van die Vader én die Seun op ons (2 Kor. 4:4).
2. **Die Eersgeborene van die skepping.** Die uitdrukking: “Eersgeborene van die hele skepping” (v. 15b) beteken nie dat die pre-geïnkarneerde Jesus gebore is nie, maar dat Hy bestaan het voordat enigiets anders geskape is. Hy is die absolute eerste (Op. 1:17) wat self alles geskape het, daarom kan Hy nie deel van die geskape werklikheid wees nie. Hierdie stelling beteken: Christus, die Here, is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. Omdat Hy alles geskape het, is Hy die Eerste wat van ewigheid af bestaan.
3. **Die Skepper van die heelal.** Alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape, en in Hom hou alle dinge stand (v. 16-17). Hy is “die begin van die skepping van God” (Op. 3:14). Johannes sê: “Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie” (Joh. 1:3). Die Here Jesus het sy skeppingswerk as Elohim gedoen, een van die drie Persone in die goddelike Drie-eenheid. Die Vader en die Heilige Gees is ook hierby betrokke, daarom sê Hebreërs 1:2 dat die Vader die wêreld deur die Seun gemaak het.
4. **Die Hoof van die gemeente.** Benewens die feit dat Jesus die Here van die heelal is, is Hy ook die hoof van die gemeente (v. 18; vgl. Ef. 1:22-23; 5:23). Die verwysing hier is na die onsigbare, universele gemeente waarin die Heilige Gees alle gelowiges in die liggaam van Christus indoop die oomblik wanneer hulle gered word (1 Kor. 12:13). In hierdie liggaam (die gemeente) is daar lede van alle bevolkingsgroepe (Gal. 3:28). Die verborgenheid van die gemeente was nie in vroeër eeue aan die mensdom bekend nie (Kol. 1:26; Ef. 3:4-5).
5. **Die Eersgeborene uit die dode.** Christus is die eerste wat met ’n onsterflike liggaam uit die dood opgestaan het (1 Kor. 15:20), want Hy het opgestaan om nooit weer te sterf nie. In hierdie opsig is Hy die eerste in ’n hele nuwe skepping van mense wat in Hom die opstanding tot die ewige lewe deelagtig word. Hulle sal almal met verheerlikte liggame opgewek word (1 Kor. 15:22-23; Fil. 3:20-21).

6. **Die volheid van God.** Kolossense 1:19 is ’n kragtige bevestiging van Christus se godheid. In dieselfde brief sê Paulus: “In Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag” (Kol. 2:9-10). Johannes sê die Here Jesus is “vol van genade en waarheid. … En uit sy volheid het ons almal ontvang, ja, genade op genade” (Joh. 1:14, 16).
7. **Die Een wat alles met God versoen.** Die “alles” wat met God versoen word, word net op die aarde (nie onder die aarde nie) en in die hemel aangetref (Kol. 1:20), en dui derhalwe op verloste mense en goeie engele. Dit is belangrik om daarop te let dat dit mense is wat met God versoen word – nie God met mense nie. Die mensdom het God op verskillende dwaalweë verlaat en moet na Hom toe teruggebring word. Die stelling dat “God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle misdade nie toe te reken nie” (2 Kor. 5:19), dui op die feit dat die hele wêreldbevolking in beginsel gered kan word omdat Jesus “vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis” (Kol. 1:20). Elkeen moet egter ’n keuse hieromtrent maak, daarom Paulus se ernstige oproep: “Ons bid julle om Christus wil: Laat julle met God versoen” (2 Kor. 5:20). Die kerkgeskiedenis van die afglope bykans 2 000 jaar het bewys gelewer dat net ’n minderheid van die mensdom hierdie keuse gemaak het en daarby bly.

## Die menswording van die Here Jesus

In die volheid van die tyd het die Woord, wat self alle dinge geskape het, vlees geword: “In die begin was die Woord … . Alle dinge het deur Hom ontstaan … . In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. ... En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, ’n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid” (Joh. 1:3, 4, 14). Die vleeswording, of inkarnasie, van die Woord het gepaard gegaan met die tydelike prysgawe van sy hemelse heerlikheid, maar nie van sy wesenlike godheid nie.

In selfopofferende liefde het Hy Hom van sy troonposisie af in die hemel neergebuig om aan mense gelyk te word. Meer nog, as ’n dienskneg wat geen voorkoms gehad het dat ons Hom sou begeer nie (Jes. 53:2), het Hy Homself verneder om verwerp, bespot en gekruisig te word sodat Hy ’n veragtelike dood in die plek van alle sondaars kon sterf: “Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van ’n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk te word; en in gedaante gevind as ’n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis” (Fil. 2:6-8).

Jesus het net sy heerlikheid as God afgelê, en nie sy status en gesag as God nie, daarom was Hy Emmánuel: “God met ons.” Ná sy menswording het Hy twee nature gehad: ’n menslike en ’n goddelike. In Jesus se hoedanigheid as Seun van die mens is die Vader groter as Hy, en het die Vader Hom as mens gegenereer. Jesus het Homself ook as mens uitdruklik aan die wil van sy Vader onderwerp (Matt. 26:39). In sy hoedanigheid as God is Hy egter een met en gelyk aan die Vader, daarom kon Hy sê: “Ek en die Vader is een” (Joh. 10:30). Indien Hy net ’n gewone mens was wat self aan die gevolge van die sondeval onderhewig was, sou Hy nie die volmaakte Lam van God kon wees wat die groot straf vir ons sonde kon betaal nie.

Jesus, die vleesgeworde Woord van God, “was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie” (Joh. 1:10). Hy is nie as God wat in ’n menslike gestalte was, herken nie (Joh. 14:8-9). Die Woord het tydens sy menswording ’n hoedanigheid (’n menslike liggaam en natuur) aangeneem wat Hy nooit tevore gehad het nie. Afgesien van die feit dat Hy steeds God was, het Hy ook ’n geskape wese geword; die Seun van die mens: “Toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit ’n vrou” (Gal. 4:4).

## Siening in die vroeë Christelike kerk

Daar is konkrete inligting wat daarop dui dat sterk oortuigings oor die Here Jesus se ewige godheid in die tyd van die apostels en direk daarna, gehuldig is. Kelly (1977:92-93) verwys na

die vroom kerkvader en latere martelaar, Ignatius (35-107 n.C.), die biskop van Antiochië, as ’n goeie bron van die teologiese denke van sy tyd. Ignatius beskryf die Here Jesus as “ons God” en ook as “God wat mens geword het.” In sy voorbestaan (*pre-existence*) was hy nie-geskape (*ingenerate*). Kelly beskryf dié term só: “ingenerate: the technical term reserved to distinguish the increate God from creatures.” Hy was die tydlose, onsigbare en ontasbare Een wat om ons ontwil die bedeling van tyd betree het om sigbaar en tasbaar te word. Ignatius se idees is deur die Evangelie van Johannes gevorm, met die sterk beklemtoning van Christus se eenheid met die Vader (Joh. 1:1 e.v.; 10:30; 14:9; 17:5). Die waarheid oor Jesus Christus en sy Woord het egter deur baie eeue heen met sterk teëstand te kampe gehad – nie net van die kant van ander gelowe nie, maar ook van humanistiese denkrigtings met ’n duidelike ondertoon van die Griekse filosofie.

## Die Gnostisisme

Teologiese ontwikkeling is sedert die tyd van die vroeë Christelike kerk tot ’n groot mate deur die filosofie beïnvloed. Aan die beginjare was dit die heidense Griekse filosofie van Plato wat ’n sterk stempel op godsdienstige denke afgedruk het. Sedert die eerste eeu, en gelyklopend met evangeliese beskouings oor die Here Jesus se godheid en inkarnasie, het die Gnostisisme ontwikkel. Dit is van die begrip “gnosis” (godsdienstige waarheidskennis) afgelei, en leer dat kennis, eerder as geloof, die sleutel tot die saligheid is. Hierdie filosofie het tot in die sesde eeu groot aanhang geniet en ’n duidelike invloed op die teologiese beskouings van daardie tyd uitgeoefen. Dit is ontwikkel met die doel om die Christelike godsdiens meer aanvaarbaar vir die Grieksprekende intelligentsia te maak, maar in die proses het die Bybelse godsbegrip verwronge geraak.

Die gnostieke liefde vir die wysheid het sy vorming gehad in die mistiese beskouings van Plato, asook sy godsbegrip van die “Absolute” – wat nie met ’n Bybelse Drie-eenheidsbegrip versoenbaar is nie. Nadat dit met Christelike idees vermeng is, is geredeneer dat daar wel ’n enkelvoudige Skeppergod is, naamlik die Vader, maar dat Hy Jesus as ’n laerorde God, of selfs as ’n engel, geskape het. Dit was ’n groot aanslag op die godheid en inkarnasie van die Here Jesus. Norman Geisler (1983: 677) sê: “Both Christ’s deity and humanity were challenged by this early Gnostic-like heresy. Those heretics diminished Christ to an angel whose ‘body’ was only apparent, not real.” Paulus het egter die Here Jesus se godheid, asook sy volkome menswording, verdedig: “In Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik” (Kol. 2:9). Hy is volkome God en ook volkome mens.

Verder het Paulus daarop gewys dat alle filosofiese kennis wat van ’n mistiese oorsprong is, nietigheid en misleiding is omdat dit nie uit God gebore is nie. In plaas daarvan om verborge kennis buite Christus na te speur, moet sulke mense eerder die verborgenheid van die Vader en van Christus leer ken, “in wie alle skatte van wysheid en kennis verborge is. Dit sê ek, sodat niemand julle mag verlei met drogredes nie. … Pas op dat niemand julle as ’n buit wegvoer deur die wysbegeerte en nietige misleiding nie, volgens die oorlewering van die mense, volgens die eerste beginsels van die wêreld en nie volgens Christus nie” (Kol. 2:2-4, 8). Groot misleiding het uit die gnostieke wysbegeerte gekom.

Een van die drogredes wat gebruik is om Jesus as ’n geskape wese en laerorde God voor te stel, is die sg. “Logosteologie”. Volgens Johannes 1:1 word Jesus in sy ewige voorbestaan inderdaad beskryf as die Woord (Gr. Logos) wat self ook God is. In die gnostieke Logosteologie word daar egter aangevoer dat God as Vader die Woord geskape en toe gebruik het om die res van sy skeppingswerk te voltooi. Prof. Young (1991:35) som hierdie dwaling só op: “Die Logos was die eniggebore Seun van God, die Woord wat Hy as ’n instrument vir sy skeppingswerk geprojekteer het, die Wysheid wat naas Hom bestaan en waardeur Hy alles beplan het. ... Dit is hierdie Woord wat na die profete gekom het, ook na Sokrates (die vader van die Griekse filosofie) en alle opregte leraars van die waarheid, en in die laaste dae is hierdie Woord in Jesus Christus geïnkarneer.” Hierdie idees is volgens Sproul (1983:42-45) niks anders nie as heidense Griekse wysbegeerte met ’n Christelike kleed aan.

Die Logosteologie is ook met Spreuke 8 in verband gebring en die foutiewe afleiding gemaak dat die wysheid in dié hoofstuk ’n beskrywing van die pre-geïnkarneerde Woord is. Spreuke 8:22-23 word as Christologiese tekste aanvaar en in terme daarvan is daar tot die gevolgtrekking gekom dat Jesus aan die begin van die skepping “geformeer” is. Die wysheid in Spreuke is egter ’n attribuut van God en nie ’n verwysing na Christus nie, al is wysheid ook een van sy kenmerkende eienskappe (Buzzell, 1985:922). Salomo beskryf die wysheid as ’n vrou wat ons as ons suster moet beskou (Spr. 7:4). Dit is eksegeties ongeregverdig om Jesus só te verpersoonlik en na aanleiding hiervan as ’n geskape wese te beskou.

## Die dwalings van Origenes

Die kerkvader, Origenes (185-254 n.C.), het homself intensief in die filosofie van Plato verdiep. Na aanleiding hiervan het hy die allegoriese metode van Skrifverklaring ontwikkel. Volgens hom moet diegene wat die wysheid het, deur al die simbole in die Bybel dring en na die misterieuse opklim. Die Bybel het dus nie vir hom ’n letterlike betekenis nie, maar moet allegories verklaar word. Die werklike bestaan van die mens was vir Origenes in die filosofies-geestelike gnosis geleë waarheen elkeen deur allegoriese denke en verklarings moet vorder. Hy het ook Plato se godsbegrip voorgestaan, wat op die abstrakte maar enkelvoudige “Absolute” gebaseer is.

Oor God die Vader en sy Seun het Origenes geskryf: “Ek is van mening dat die wil van die Vader genoegsaam is vir die ontstaan van dit wat Hy tot stand wil bring; … daarom is ook die bestaan van die Seun deur Hom gegenereer. Hierdie standpunt moet ten alle tye gehandhaaf word, naamlik dat niemand ongebore is nie behalwe net God die Vader” (Roberts & Donaldson, 1878:23). Origenes verloën dus heeltemal die feit van die Here Jesus se selfbestaan as die ewige EK IS (Joh. 8:58), en ook dat die Heilige Gees die “ewige Gees” is (Heb. 9:14) wat as ’n Persoon in die Drie-eenheid ’n tydlose selfbestaan het. Op grond van Johannes 1:3 het Origenes gesê dat die Woord ingesluit moet word by die “alle dinge” wat deur God ontstaan het (Kelly, 1977:263).

Volgens Berkhof (1958:93) was Origenes in die derde eeu die eerste kerkvader wat van die “generering van die Seun in die voortyd” gepraat het. Hierdeur het hy duidelik te kenne gegee dat die Woord (Logos) nie voor sy generering bestaan het nie, en daardeur sy ewige selfbestaan ontken. Hoewel baie aspekte van Origenes se teologie deur sy tydgenote verwerp en hy ook later tot ketter verklaar is, het hy ’n groot en blywende invloed op teologiese denke uitgeoefen. Sy dwalings word vandag nog deur baie teoloë nagevolg.

Trigg (1983:95-99) openbaar ook die heidense filosofiese konsepte van Origenes se teologie, op grond waarvan hy sy godsbegrip formuleer: “Origenes het spoedig begin om die Christelike geloof in terme van Plato se beginsels te vertolk. Die leer oor God was vir hom by uitstek die leer oor God die Vader, aangesien Origenes die Seun en Gees slegs op grond van attribusie (toerekening) as God beskou het. ... Die Seun as ’n bemiddelende hipostase (goddelike wese) is ondergeskik aan die Vader en verteenwoordig ’n laer vlak op die kosmologiese skaal. Net die Vader is volgens Origenes waarlik God; die Seun is God slegs op grond van deelname aan die Vader.”

Opsommend: Origenes het die Vader gelykgestel met die Absolute van die heidense filosofie, en geglo dat net die Vader ’n ewige bestaan het, en dat die Seun deur Hom gegenereer is. In terme van Johannes 1:3 het hy ook geredeneer dat die Heilige Gees een van die skeppings van die Woord is. Op hierdie manier word die godheid en ewige bestaan van Christus en die Heilige Gees ontken.

## Arius se dwalings

Die kerkvader, Arius, het in die vierde eeu die teologie van ’n geskape Woord wat nie gelyk aan die Vader is nie, voortgesit: “Arius beweer dat die Seun nie gelyk aan die Vader is nie. … Hy het die tradisionele beskouing aanvaar dat die wysheid in Spreuke 8 identies met die Woord is, en op die basis van vers 22 tot die gevolgtrekking gekom dat die Woord God se skepsel is” (Young, 1983:59,62). Die dwaling dat Christus die grootste en mees volmaakte

van God se skepsele is, maar as gevolg daarvan nie as God beskou kan word nie, staan as Arianisme bekend. Hierdeur het Arius sy mentor, Origenes, se voorbeeld nagevolg om die lewende, Drie-enige God van die Bybel na die “Absolute” van die filosofiese skole te verander (Young, 1983:61).

Wat sê die Here van die slaafse onderhouding van teologiese tradisies en oorlewerings wat deur mense opgestel is en ook verkondig word? “Tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas … . Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou” (Mark. 7:7-9).

Vir die Roomse Kerk is teologiese oorlewerings en tradisies selfs belangriker as die Bybel. Boettner (1966:103-105) sê: “Volgens die Roomse leer moet die Bybel intensief deur teologiese tradisies aangevul word. … Volgens Rooms-Katolieke is daar twee bronne van gesag: die Bybel en tradisie. … In pogings om die Bybel in die lig van tradisie te verklaar, plaas die Roomse Kerk tradisie bo die Bybel. … Die dwalings wat in hierdie kerk se tradisies voorkom, verberg en kanselleer baie van die waarheid uit wat hulle bely om te hê.” Sodoende het hulle ook die Bybelse leer oor die godheid en ewige selfbestaan van die Here Jesus opsy geskuif om aan tradisies vas te hou wat hulle oorsprong by ketters soos Origenes en Arius het. Baie van Rome se onbybelse teologiese tradisies het deur Calvyn hulle weg na verskeie Protestantse kerke gevind, en dit word vandag nog onnadenkend gehuldig (Hunt, 2002:33-74).

### William Romaine

’n Invloedryke Britse prediker en teologiese dosent wat ’n sterk standpunt oor die Here Jesus se godheid en ewige selfbestaan gehuldig het, was William Romaine. Hy het ook in die herlewingstyd ’n groot rol gespeel. John Newton het van hom gesê dat hy onbuigbaar soos ’n ysterpilaar was in sy verkondiging van die waarheid, en onbeïnvloedbaar deur die wêreld se glimlagte of fronse. Die volgende is uittreksels uit ’n preek wat Romaine (1755:1-12) oor Exodus 3:14 en Johannes 8:24 gelewer het:

“Die eenheid van die goddelike essensie is dat daar drie Persone is wat in alle volmaaktheid en attribute een is sodat nie een voor of ná die ander is nie, nie een is groter of minder belangrik as die ander nie, maar in heerlikheid is hulle gelyk en in majesteit mede-ewig. Die Drie-eenheid word só in die Bybel uitgedruk: ‘Want daar is drie wat getuig in die hemel: Die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een’ (1 Joh. 5:7). Die ewig geseënde Drie-eenheid het die name van Vader, Seun en Heilige Gees aangeneem, nie om aan te toon hoe hulle as goddelike Persone bestaan nie, maar hoe hulle ter wille van die redding van mense optree. Hierdie name gee aan ons kennis oor die verskillende ampte waarop die Drie-eenheid besluit het om die boodskap van verlossing uit te werk.

“Binne die raamwerk van hierdie verbond het een van die goddelike Persone ingestem om ’n onberekenbare prys vir sonde te eis indien die mensdom sou sondig, en ook om die Vader van die menslike natuur van Jesus Christus te wees, en deur Hom ook ons Vader. Om dié rede word Hy God die Vader genoem: nie om sy natuur te beskryf nie, maar sy amp. ’n Ander een van die goddelike Persone het onderneem om die Seun te word, om die menslike natuur aan te neem en daardeur die hoë prys wat buite die mens se bereik is, vir sy sonde te betaal. Om hierdie rede word Hy Seun, Seun van God, en ander soortgelyke name genoem: nie om sy goddelike natuur te beskryf nie, maar sy amp. ’n Ander een van die goddelike Persone het onderneem om die onberekenbare prys wat die Seun van God sou betaal, effektief te maak deur mense op ’n geestelike vlak te inspireer en te oortuig om dit te aanvaar. Om dié rede word Hy die Heilige Inspireerder, die Heilige Gees, of die Gees van God genoem: nie om sy goddelike natuur te beskryf nie, maar sy amp.

“Die Bybel tref geen verskil tussen die drie goddelike Persone nie, behalwe die verskille wat uit hulle onderskeie ampte blyk, wat hulle ter wille van die genaderverbond beoefen. Christus het Homself nie minderwaardig gemaak toe Hy onderneem het om Seun te word nie, so ook nie die Heilige Gees toe Hy onderneem het om neer te daal en in mense te werk nie. Seun en

Heilige Gees is ampsname wat hulle nie minder belangrik in ons oë moet maak nie, maar eerder moet verhoog, omdat hulle ter wille van ons redding neergedaal het om hierdie ampte te vervul. Ons geseënde Here was Jahweh toe Hy onderneem het om as Seun vlees te word. Die blote feit dat Hy hierdie amp kon beoefen, is bewys daarvan dat Hy 'n selfbestaande God is. Die hele verantwoordelikheid vir die wêreld, vanaf die skepping daarvan tot by die voleinding daarvan, is in sy hande geplaas. Die Bybel bevestig dit uitdruklik dat Hy die wêreld geskape het, dit regeer, dit onderhou, dat Hy mense deur sy bloed losgekoop het, en dat Hy in al sy heerlikheid weer sal kom om die wêreld te oordeel. Om hierdie amp te kan vervul, moet Hy 'n ewige selfbestaan hê, daarom kan Hy waarlik sê: EK IS. Daarsonder sou Hy nie die oorsaak van die skepping van alle dinge en skepsele kon wees nie. Saam met die Vader en die Heilige Gees is Hy die ewige en selfbestaande God.

"Die Here Jesus het gesê: 'As julle nie glo dat Ek Is nie, sal julle in jul sondes sterf' (Joh. 8:24). Dit is nie 'n klein oortreding om die selfbestaan van Christus te ontken nie, maar die grootste denkbare oortreding, soos om die koning se titel en kroon te ontken. Is dit nie hoogverraad nie? Wat is dit dan om die godheid van die geseënde, almagtige Koning van die konings en Heer van die here te verloën? Is dit nie hoogverraad teen die Opperheerser van die hemel nie? Die skrifgedeelte in Johannes 8:24 is van die allergrootste belang, want ons sal in ons sondes sterf as ons nie in die ewige selfbestaan van Jesus Christus glo nie. Laat dit nie vir jou 'n hindernis wees dat Hy Seun, Seun van God, of Seun van die mens genoem word nie, want Hy is van alle ewigheid af die selfbestaande God, Jahweh, wat net die naam Seun aangeneem het sodat Hy ter wille van ons saligheid mens kon word." (Einde van aanhaling uit William Romaine se preek).

## Die Volmaakte God-mens

Nog 'n evangeliese teoloog wat aangrypende gedagtes oor die Here Jesus as die volmaakte God-mens geskryf het, is dr. Albert Barnes (1962):

"Op aarde was Hy die helderheid van God se heerlikheid en die Beeld van sy Persoon. Hy het God op 'n verhewe wyse onder die mense bekend gemaak, soos wat die son deur sy strale op die aarde skyn. Hy was die direkte gelykenis van God. Hy het siekes gesond gemaak – soos God. Hy het dooies opgewek – soos God. Hy het mag beoefen wat slegs God kan doen, en 'n karakter geopenbaar wat ons net van God sou kon verwag as Hy mens sou word en tussen ons sou wandel. Dit is veel gesê. Daardeur sê ons dat die verslag in die Evangelies waar is en dat die Christelike geloof die waarheid is. Ongeïnspireerde mense sou nooit 'n karakter soos dié van Jesus kon beskryf het nie, tensy die persoon werklik geleef het.

"Pogings is dikwels in die ander gelowe aangewend om God te beskryf, of om te wys hoe Hy sou praat en optree indien Hy na die aarde toe sou kom. ... Maar Christus is **God in 'n menslike natuur.** Sy uiterlike voorkoms is dié van 'n mens, maar sy gees is dié van God. Hy loop, eet en slaap soos 'n mens, maar Hy dink, praat en handel soos God. Hy is as 'n mens gebore, maar die engele het Hom as God vereer. Hy het soos 'n mens geëet, maar deur 'n woord het Hy kos vir duisende mense geskep asof Hy God was. Hy het soos 'n mens op 'n kussing geslaap terwyl die boot deur die golwe heen en weer geslinger is; soos God het Hy opgestaan en die wind en die golwe bestraf sodat hulle stil geword het. Soos 'n mens het Hy met vriendelike belangstelling na Martha en Maria se huis gegaan. As 'n mens het Hy in hulle droefheid aan hulle meegevoel betoon en ook by die graf van hulle broer geween, maar soos God het Hy gepraat en die dode het uit die graf opgestaan en na die land van die lewendes teruggekeer. Soos 'n mens het hy deur die landstreek van Judéa gereis. Hy het nie 'n huis gehad nie. Oral is die siekes egter aan sy voete neergelê; genesing het uit sy aanraking gekom en sterkte uit sy woorde, asof Hy God was. Soos 'n mens het Hy in die tuin van Getsémane gebid; Hy het sy kruis na Gólgota gedra en is daaraan vasgespyker – maar die hemele het donker geword, die aarde het geskud en dooies het uit die grafte opgestaan, asof Hy God was. Hy is as 'n mens in die graf neergelê – soos God het Hy opgestaan en lewe en onsterflikheid gebring. Hy het op aarde as 'n mens geleef, maar soos God na die hemel opgevaar.

“In sy hele lewe as Verlosser, in al die moeilike omstandighede waarin Hy verkeer het, was daar nie ’n woord of ’n daad wat teenstrydig was met die aanname dat Hy die vleesgeworde God was nie. Hy het nooit daarin gefaal om ’n sieke te genees of ’n dooie op te wek nie. Daar was geen gesigsuitdrukking, geen woord of geen daad wat nie volkome in harmonie met die aanname oor sy godheid was nie. Inteendeel, sy lewe was vol gebeurtenisse wat op geen ander manier beskryf kan word nie as dat Hy die afskynsel van die heerlikheid en die getroue Beeld van die essensie van die Godheid was.” (Einde van aanhaling uit dr. Albert Barnes se boek oor die NT).

## Die verwerping van Jesus se godheid

Daar is ongelukkig baie mense wat tot hulle eie ondergang nie hierdie wonderlike openbarings oor die godheid en genadewerk van die Here Jesus aanvaar nie. Die Joodse volksleiers het baie duidelik kennis geneem van Jesus se aanspraak dat Hy en die Vader gelyk is, maar dit verwerp. Hulle het die Vader egter nie geken nie en dit het tot hulle eie geestelike verdorwenheid gelei. Die kennis van die Drie-enige God is deur ’n mensgemaakte teologie en Joodse godsdienstige tradisies vervang (Mark. 7:6, 9, 13). Die opinies van die rabbi’s was vir hulle belangriker as die Woord van God.

Die godsdienstige verblinding wat deur onkunde en mensgemaakte gebooie oor die Jode gekom het, was só erg dat hulle die Messias wat van die Vader af uitgegaan het, verwerp en onskuldig ter dood veroordeel het. Hulle teologie was só ver van die waarheid af verwyder dat hulle glad nie vir Jesus binne daardie raamwerk as die beloofde Messias kon aanvaar nie. Hulle kon Hom nie eers uit die profetiese woord as die Messias herken nie, en daarom het hulle effektief die poort tot die koninkryk van die hemel vir die volk toegesluit. Jesus het vir hulle gesê: “Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle sluit die koninkryk van die hemel toe voor die mense; want julle gaan self nie in nie, en die wat sou ingaan, laat julle nie toe om in te gaan nie” (Matt. 23:13).

Dit was omdat hulle die Drie-enige God (Elohim) nie geken het nie, dat hulle binne die verband van hulle tradisionele godsbegrip nie vir Jesus as Messias kon aanvaar nie. Hy het vir hulle gesê: “Dit is my Vader wat My verheerlik, van wie julle sê dat Hy julle God is. En julle ken Hom nie, … maar Ek ken Hom en bewaar sy woord” (Joh. 8:54-55). Die Joodse leiers het God se Woord nie bewaar nie, en Jesus het hulle daaroor verwyt: “Die wat uit God is, luister na die woorde van God. Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God is nie” (Joh. 8:47). Dit is vanselfsprekend dat hulle vir Jesus ook sou verwerp omdat Hy die vleesgeworde Woord is wat getuig van die Vader wat nie deur dié mense geken is nie.

Die ongelowige Jode het vir Jesus gesê dat die groot beswaar teen Hom die feit is dat Hy wat ’n mens was, Homself God gemaak het (Joh. 10:31-33). Jesus het hulle dwalings regstreeks aan onkunde toegeskryf: “Julle dwaal omdat julle die Skrifte nie ken nie en ook nie die krag van God nie” (Matt. 22:29). ’n Gebrekkige kennis van die Vader en sy Woord lei noodwendig ook tot ’n gebrekkige kennis van sy Seun.

Hierdie ongeredde, ortodokse Jode was so ekstreem in hulle verwerping van Jesus dat hulle mense wat Hom as die Messias bely het, uit die sinagoges geban het (Joh. 9:22). Jesus het sy dissipels ook teen hierdie vervolging wat uit ’n gebrek aan kennis van God voortspruit, gewaarsku: “Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom ’n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy ’n diens aan God bewys. En dit sal hulle aan julle doen, omdat hulle die Vader nie ken nie en My ook nie” (Joh. 16:2-3). Dit is die bitter, antichristelike gevolge wat intree as mense nie waarlik vir God die Vader en sy Seun ken, aanvaar en dien nie.

Ons leef in die eindtyd, pas voor die openbaring van die Antichris en die wederkoms van Christus. Voordat Satan en sy trawante wêreldwyd aanvaar kan word, sal hulle poog om die kennis van die Drie-enige God en sy Woord in die grootste kringe van menslike samelewings te laat verdwyn. Hulle doelwit is dat regerings nie Christelike grondwette moet hê nie, maar dit as polities korrek moet beskou om multigodsdienstige grondwette te in te stel waarin alle gelowe erken word. Christelike onderwys moet dus heeltemal uitgefaseer word sodat die jong

geslag sonder die kennis van die Bybel kan opgroei en maklike slagoffers van die valse, kosmiese christus van alle gelowe kan wees. Om hierdie rede word die waarheid van die Bybel bevraagteken deur afvallige teoloë wat dieselfde multigodsdienstige motiewe het.

Soos wat baie kerkvaders in die vroeë eeue die knie voor die afgod van die Griekse filosofie van Plato gebuig het, is daar ook baie moderne teoloë wat in geestelike sake eerder deur die wysbegeerte, sielkunde, natuurwetenskappe en die nie-Christelike gelowe as deur die Bybel gelei word. Hulle verhef die rede bo geloof en aanbid die humanistiese wetenskappe. Die belangrikste oogmerk van sulke verlore teoloë is die verwerping van die Here Jesus se godheid, sy uniekheid en verhewenheid bo die valse gode van die nasies, die heilsbetekenis van sy kruisdood en opstanding, die waarheid van sy Woord, en die werklikheid van die hemel en die hel.

As gevolg van die wye aanvaarding van hierdie en ander dwalings is daar ’n groot en wêreldwye proses van geestelike verval aan die gang, sodat die leuens van Satan in die plek van die waarheid van God se Woord bevorder en verkondig kan word: “Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang” (1 Tim. 4:1). Valse profete wat hulleself in ’n Christelike gewaad tooi, verkondig die mees vergesogte drogredes van Satan (2 Kor. 11:13-15), en probeer ook om wetenskaplike en “teologiese” geloofwaardigheid daaraan te verleen.

Omdat ons nou in hierdie tyd van intensiewe blootstelling aan duiwelse leerstellings leef, sal ons as ’n saak van groot erns moet seker maak dat die ware kennis van God nie in ons eie lewens en dié van ons kinders ’n verdwynende verskynsel word nie. Ons sal geen verskoning hê as ons deur dwaalleraars mislei word nie, want ons hét die openbaring van die Drie-enige God en sy verlossingsplan vir ’n verlore mensdom in die Bybel. Ons moet dit net glo, bely, verdedig en uitleef, al het die wêreld ook sy rug daarop gedraai. Jesus Christus word steeds openlik versmaai en verloën deur valse leiers. Hulle het egter net ’n “gedaante van godsaligheid” maar het die krag daarvan verloën (2 Tim. 3:5).

Daar word besondere geestelike betekenis verleen aan die feit dat die Here Jesus buitekant die mure en stadspoorte van Jerusalem gely het om ons te heilig: “Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely” (Heb. 13:12). In die volgende vers word sy ware dissipels uitgedaag om hulleself buitekant die laer by Hom te gaan voeg, al beteken dit ook verwerping deur die samelewing: “Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra” (Heb. 13:13). Is jy bereid om buitekant die laer van mensgemaakte godsdienstige leerstellings en organisasies te gaan en sy smaad te dra? Hierdie “laers” kan kerke met verwronge leerstellings wees, wat daarop ingestel is om valse geestelike sekuriteit en ’n gerieflike gemaksone aan hulle misleide lidmate te bied.

Zane Hodges (1983:812) sê die volgende oor hierdie vers: “Jesus het buitekant die stadspoort gely ... om mense te heilig. ... Lesers [van die Hebreërbrief] moes nie huiwer om deelgenote te word van die skande wat Hy gedra het nie (vgl. Heb. 12:2), deur die kamp van Judaïsme te verlaat en met Hom te identifiseer. Indien die lesers bewus sou gewees het van spesifieke sektebewegings in hulle omgewing, sou hierdie vermaning nog meer ter sake gewees het. Die lesers se tuiste was nie ’n kamp of ’n stad wat toe bestaan het nie, maar ’n stad wat nog kom (vgl. Heb. 11:10, 16; 12:22).”

Ken ons werklik die Here Jesus en is ons bereid om sy wonderlike Naam en goddelike attribute te verkondig? Bernard Reeves (2003:7) sê: “Kan enigiets belangriker wees as om die meer verhewe beskouing en eg Bybelse leerstelling oor die goddelike Persone van ons Here Jesus Christus en die Heilige Gees in ere te herstel, asook die wesenlike, ewige eenheid van die selfbestaande, Drie-enige Godheid? Die tyd is min – Christus se wederkoms is naby, soos wat ons in wêreldgebeure kan sien, daarom moet ons nie die risiko neem om deur Hom bestraf te word omdat ons verkeerde leerstellings oor Hom en die Heilige Gees gehuldig het, en gevolglik beskaamd voor Hom sal verskyn nie. ... Laat ons almal ‘kragtig ... stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is’ (Jud. v. 3).”

# 3. Soendood van die Lam van God

Dit is belangrik om duidelikheid te verkry oor die tyd en omstandighede van die Here Jesus se soendood net buite Jerusalem op Goeie Vrydag, byna 2 000 jaar gelede. Die historiese gebeurtenis sowel as die diep geestelike betekenis van die kruisiging moet duidelik verstaan word. Daar is meningsverskille oor die dag waarop Christus gekruisig is, daarom bespreek ons eers die drie dae van die Paasnaweek. Daarna verskuif die klem na die groot heilswaarde van hierdie gebeure.

## Goeie Vrydag en Paassondag

Ons moet eerstens die drie dae tussen die kruisiging en opstanding van Christus in hulle korrekte historiese verband plaas.

Die Here Jesus vergelyk sy begrafnis en opstanding uit die dood met die ondervinding van Jona: “Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees” (Matt. 12:40). In Jona 1:17 staan daar: “... en Jona was drie dae en drie nagte in die ingewande van die vis.” John Hanna (1985:1467) sê die volgende hieroor: “Die uitdrukking ‘drie dae en drie nagte’ dui nie noodwendig ’n periode van 72 uur aan nie, omdat dit een dag en gedeeltes van twee ander dae kan wees.” Vergelyk in hierdie verband ook Ester 4:16 en 5:1, waar Ester ’n vastyd van drie dae en drie nagte beveel het, maar op die derde dag, voordat die dag verby was, het sy reeds haar doel met die vas bereik.

Sommige mense het ’n probleem met die siening dat Jesus nie drie volle dae en nagte (m.a.w. 72 uur) in die graf was nie, en wend pogings aan om sy kruisiging van die Vrydag af na die Woensdag te vervroeg. Die feit is egter dat die Jode inklusiewe tydrekening beoefen waarin ’n gedeelte van ’n dag ook as ’n volle dag beskou word. Louis Barbieri (1983:47) sê die volgende oor Matthéüs 12:40: “Aangesien die Jode ’n deel van ’n dag as ’n vol dag beskou het, sou die ‘drie dae en drie nagte’ kon inhou dat die kruisiging Vrydag was.” In ’n addendum tot die *Strong’s* konkordansie, *Harmony of the Gospels,* word 41 gebeurtenisse wat plaasgevind het gedurende die week van Jesus se kruisiging, vanaf sy intog in Jerusalem op ’n Sondag tot met sy kruisiging en begrafnis die volgende Vrydag, saam met Skrifverwysings gelys (Strong, 1990). Hierdie opeenvolging van gebeure bevestig bo alle twyfel dat Hy op ’n Vrydag gekruisig is.

Volgens die Bybel, asook ander ondersteunende bronne, is Jesus die Vrydagmiddag kort voor die aanbreek van die Sabbat begrawe, en het Hy vroeg op die eerste dag van die volgende week (Sondag) opgestaan. Die dag waarop Hy gekruisig is (Vrydag), was dus die eerste dag van die Paasgebeure, Saterdag (die Sabbat) was die tweede dag, en Sondag (sy opstandingsdag) die derde dag. In die Joodse chronologie word só ’n tydperk as “drie dae en drie nagte” beskryf, of bloot net as “drie dae.” Joodse dae strek vanaf sononder tot sononder. Die derde dag ná die kruisiging het dus die Saterdagaand teen sononder al begin.

Die Emmausgangers bevestig hierdie feite. Die dag toe Jesus opgestaan het (die Sondag), was hulle op pad na Emmaus (Luk. 24:13). Onbewus daarvan dat Jesus self by hulle aangesluit het, vertel hulle van die gebeure rondom sy kruisiging wat vroeg die Vrydagoggend begin het, en voeg by: “Ons het gehoop dat dit Hy was wat Israel sou verlos; maar nou is dit vandag, met dit alles, die derde dag vandat dit plaasgevind het. Maar sommige vroue uit ons het ons ook ontstel toe hulle vroeg by die graf was; en toe hulle sy liggaam nie kry nie, het hulle ook gekom en gesê dat hulle ’n gesig gesien het van engele wat sê dat Hy lewe” (Luk. 24:21-23). Sondag was dus die derde dag sedert die kruisiging van Jesus, wat die vorige Vrydag plaasgevind het.

Op hierdie Sondagmiddag, die derde dag, toe die Emmausgangers met Jesus gepraat het, het Hy etlike ure vroeër reeds uit die graf opgestaan: “En op die eerste dag van die week kom Maria Magdalena vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was” (Joh. 20:1). Nadat Jesus met die Emmausgangers in gesprek was het

Hy, nog steeds op die dag van sy opstanding, ook aan sy dissipels verskyn (Joh. 20:19).

Jesus was dus net ’n gedeelte van die derde dag in die graf, net soos wat Hy slegs ’n gedeelte van die voorafgaande Vrydag in die graf was. Die Jode ag dit nietemin as drie dae en nagte, al is net gedeeltes daarvan ter sprake. Die Emmausgangers se gesprek skakel alle spekulasie oor ’n vroeëre dag vir die kruisiging uit. Indien Christus Woensdag (die vierde dag van die week) gekruisig en begrawe is, dan sou dit op die volgende Sondag al reeds die vyfde dag gewees het sedert dit gebeur het, maar hierdie manne sê duidelik dat dit “die derde dag” was!

## Joodse tydrekening

Omdat ’n gedeelte van ’n dag in inklusiewe tydrekening as ’n volle dag beskou word, kan ’n week (bv. van Woensdagmiddag af tot die volgende Woensdagmiddag) ook as agt dae beskryf word omdat altwee Woensdae as volle dae getel word. Die loofhuttefees in Israel word vir ’n week lank, van die 15$^{de}$ tot die 22$^{ste}$ dag van hulle sewende maand gevier: “Spreek met die kinders van Israel en sê: Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir die HERE. Op die eerste dag moet daar ’n heilige vierdag wees ... . Sewe dae lank moet julle aan die Here ’n vuuroffer bring. Op die agtste dag moet daar vir julle ’n heilige vierdag wees” (Lev. 23:34-36). Die laaste dag van hierdie week, naamlik die agtste dag, was die groot dag van die fees (vgl. Joh. 7:2, 37).

In Levítikus 23 staan daar die volgende oor die fees van die 50$^{ste}$ dag: “Dan moet julle tel van die dag ná die Sabbat, ... sewe volle weke moet dit wees; tot die dag ná die sewende Sabbat moet julle vyftig dae tel” (Lev. 23:15-16). Hierdie 49 dae tussen ’n Sondag en ’n ander Sondag sewe weke later, word 50 dae genoem omdat die eerste en laaste Sondae beide as volle dae getel word. In die Nuwe Testament is hierdie twee feeste vervul tydens die opstanding van die Here Jesus op ’n Sondag en die uitstorting van die Heilige Gees sewe weke later, ook op ’n Sondag. “Pinkster” beteken “Vyftigste” – dit is die fees van die vyftigste dag.

Die Ou Testamentiese fees van die eerste vrugte is op sy regte tyd in die Nuwe Testament vervul, naamlik op die Sondag waarop dit begin het en die Sondag waarop dit sewe weke later afgesluit is. Let op die duidelike bepalings vir albei feeste: “... die dag ná die Sabbat.” Sondag is die eerste dag van ’n nuwe week, of dispensasie, in God se raadsplan vir die mens. In die huidige bedeling word die opstanding van Jesus spontaan elke week op Sondae as die dag van die Here gevier.

Die fees van die eerstelingsgerf in Levítikus 23 is die vroegste aanduiding in die Ou Testament van ’n toekomstige Sondagviering as ’n Christusfees. Op dié dag verkondig ons die boodskap: “Hy het opgestaan – Hy leef!” Jesus self het op die Sondag van sy opstanding die eerste preek van die nuwe bedeling gelewer, asook ’n week later, weer op ’n Sondag, die tweede een (Joh. 20:19-29). Daarna het die dissipels gereeld op Sondae bymekaargekom (vgl. Hand. 20:7 en 1 Kor. 16:1-2). Die uitstorting van die Heilige Gees as die geestelike toerusting vir wêreldevangelisasie, het ook op ’n Sondag plaasgevind.

Die kruisiging van die Here Jesus op Goeie Vrydag, sy opstanding drie dae later op ’n Sondag, asook die uitstorting van die Heilige Gees op ’n Sondag, is kerndatums op die Christelike kalender. Sy hemelvaart het op ’n Donderdag plaasgevind, 40 dae ná sy opstanding en tien dae voor die uitstorting van die Heilige Gees.

## Die kruisigingsdatum volgens Daniël

In Daniël 9:24-27 word daar ’n duidelike profesie oor die tyd van die Messias se kruisiging aangebied. Daniël het tydens die Babiloniese ballingskap van Israel oor die herstel van Jerusalem geprofeteer, en aangedui dat daar van die vergunning af om Jerusalem te herbou, ’n aftelling van 69 jaarweke sou volg tot by die kruisiging van die Messias: “... van die uitgang van die woord af om Jerusalem te herstel en op te bou tot op ’n Gesalfde, ’n Vors, is sewe sewetalle; en twee-en-sestig sewetalle ...” (Dan. 9:25). Die herbouing van Jerusalem het 7 jaarweke lank geduur; daarna het nog 62 jaarweke gevolg totdat die Gesalfde (Christus) deur Israel en die Romeinse heersers “uitgeroei” is (Dan. 9:26).

In hierdie profesie word daar van profetiese jare van 360 dae elk gebruik gemaak, waarin elke maand 30 dae het (vgl. Op. 11:2-3, waar 42 profetiese maande presies 1260 dae lank is. Uit Gen. 7:11, 24 en 8:4 is dit ook duidelik dat die sondvloed vyf maande van 30 dae elk geduur het, m.a.w. 150 dae). Die rede vir die gebruik van die profetiese kalender was om te verseker dat daar ongeag die gebruik van ander kalenders (bv. Israel se maankalender of die Romeine se sonkalender) steeds by 'n presiese datum vir die kruisiging uitgekom kon word.

Daar het 69 jaarweke (483 profetiese jare) verloop vandat koning Artasásta op 1 Nisan 445 v.C. aan Nehemía toestemming gegee het om Jerusalem te gaan herbou (Neh. 2:1-8), tot met die kruisiging van die Messias op 14 Nisan 32 n.C. Prof. J.M. Schepers van die Randse Afrikaanse Universiteit het in 'n artikel (1984:7-10) daarop gewys dat 483 profetiese jare van 360 dae elk, 'n totaal van 173 880 dae verteenwoordig. Wanneer dit deur 365¼ gedeel word, is dit gelyk aan 476,06 seisoensjare op die Gregoriaanse kalender. Op hierdie kalender het die 69 jaarweke dus tussen 23 Maart 445 v.C. en Vrydag 11 April 32 n.C. verloop, en is beëindig op die Vrydag waarop die Here Jesus gekruisig is.

## Die Pasga

Die vervulling van die Ou Testamentiese Pasga was met die kruisiging van die vlekkelose Lam van God wat in die volheid van die tyd mens geword het om vir ons sy lewe af te lê. Petrus het na die onberekenbare offer van hierdie Lam verwys toe hy gesê het: "… julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos" (1 Pet. 1:18-19). Palus sê: "In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade" (Ef. 1:7); en ook: "... sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie" (Heb. 9:22).

Weens die tipologiese aard van die Pasga as 'n heenwysing na die offer van die Lam van God, was dit duidelik dat hierdie fees tydens een van die toekomstige vierings daarvan vervul sou word. Die Here Jesus is inderdaad op die dag van die Pasgaviering gekruisig. Volgens Markus 14:1-2 wou die Jode só 'n situasie vermy: "En die Pasga … sou oor twee dae wees; en die owerpriesters en die skrifgeleerdes het gesoek hoe hulle Hom met lis gevange kon neem en doodmaak. Maar hulle het gesê: Nie op die fees nie, sodat daar nie miskien 'n oproer onder die volk kom nie."

Die Jode kon egter nie daarin slaag om die stiptelike vervulling van hierdie fees te voorkom nie, en Jesus is op Vrydag die 14de Nisan (11 April 32) gekruisig. Hy het op die negende uur (3 nm.) die asem uitgeblaas (Mark. 15:34-37), op presies dieselfde uur toe die lam tydens die eerste Pasga in Egipte geslag is. Pilatus was verwonderd dat Jesus so gou gesterf het, en het toestemming vir sy begrafnis verleen (Mark. 15:42-45). Dit is nog voor die Vrydagaand 6-uur afgehandel toe die Sabbat sou begin en niemand dan begrawe kon word nie (Luk. 23:52-54; Joh. 19:31).

Ons lees die volgende oor die kruisigingsdag in Markus: "En toe dit aand geword het, omdat dit die voorbereiding was, dit is die voorsabbat, kom daar 'n vername raadslid, Josef van Arimathéa … om na Pilatus in te gaan en die liggaam van Jesus te vra" (Mark. 15:42-43). John Grassmick (1983:191) sê die volgende oor dié teks: "Jesus se begrafnis het amptelik sy dood bevestig. Die uitdrukkings *voorbereiding* en *voorsabbat* is tegniese terme vir Vrydag wat op die dag voor die Sabbat dui, soos wat Markus aan sy nie-Joodse lesers verduidelik. Omdat daar geen werk op die Joodse Sabbat gedoen mag word nie, is al die voorbereidings daarvoor op Vrydae gedoen. Hierdie verwysing bevestig die feit dat Jesus op 'n Vrydag gekruisig is."

Vrydag (die Voorsabbat, of Dag van Voorbereiding) en Saterdag (die Sabbat) is die enigste twee dae in die Joodse week wat spesifieke name het. Die ander dae word bloot genommer, bv. die eerste dag van die week (Sondag), die tweede dag (Maandag), ens. Indien 'n godsdienstige fees soos die Pasga (14 Nisan) op enige weeksdag gevier word, word hierdie dag wel soos 'n Sabbat gevier, maar nie self 'n Sabbat genoem nie; die Sabbat is die sewende dag van die week. Ons kan ook vandag godsdienstige feeste, en selfs Geloftedag, soos 'n Sondag vier – maar dit beteken nie dat die dag self 'n Sondag word nie.

Jesus se kruisiging op die Dag van Voorbereiding (Vrydag), blyk duidelik uit Johannes 19: “En dat die liggame nie op die Sabbat aan die kruis sou bly nie, aangesien dit voorbereiding was – want die dag van daardie Sabbat was groot – het die Jode Pilatus gevra dat hulle bene gebreek en hulle weggeneem moes word. ... [M]aar toe hulle by Jesus kom en sien dat Hy al dood was, het hulle sy bene nie gebreek nie. Maar een van die soldate het met ’n spies in sy sy gesteek, en dadelik het daar bloed en water uitgekom” (Joh. 19:31-34). Die Sabbat wat direk gevolg het op die Dag van Voorbereiding en Christus se kruisiging, word as ’n groot dag beskryf omdat dit tegelyk die weeklikse Sabbat en die belangrike eerste dag van die fees van die ongesuurde brode was.

Lukas bevestig ook die feit van Jesus se begrafnis op die Dag van Voorbereiding: Jesus se liggaam “is in linne toegedraai en neergelê in ’n graf wat uit ’n rots gekap was, waar nog nooit iemand in gelê het nie. En dit was die dag van voorbereiding, en die Sabbat wou aanbreek” (Luk. 23:53-54). Die Sabbat wat op die punt was om teen sononder daardie aand aan te breek, was sonder enige twyfel die weeklikse Sabbat. Indien dit die Pasga was wat sou aanbreek, dan beteken dit dat Hy ’n dag voor die Pasga-fees gekruisig is en dat die Pasga nie dag en datum vervul is nie. Hy is juis op die feesdag gekruisig, die dag toe die slag van die offerlam in Egipte die begin van Israel se uittog uit slawerny was.

Laat ons onwrikbaar aan die belydenis van Christus se soendood en opstanding vashou, ongeag op watter spesifieke datums dit gebeur het. Dit is nogtans goed om konkrete historiese verwysingspunte vir hierdie belangrike gebeurtenisse te hê.

## Die teken van Jona

Ons moet nie die teken van Jona net tot die begrafnis en opstanding van Christus beperk nie, maar ook kyk na dit wat ná Jona se bevryding uit die buik van die vis gebeur het. Hy het ’n boodskap van verlossing vir die heidense stad, Ninevé, gehad. Hierdie mense het hulleself in sak en as bekeer van hulle verkeerde weë en die Here om genade gesmeek. As gevolg hiervan is die toorn van die Here van hulle afgewend (Jona 3:1-10). Die Here het nie berou gehad in die sin dat Hy ’n verkeerde besluit oor Ninevé se verwoesting herroep het nie, maar die inwoners se bekering het hulle begenadiging deur Hom verseker (Jona 3:10). Die inwoners se bekering het God se oordeel oor hierdie stad vir omtrent 150 jaar lank uitgestel. Later geslagte het weer in sonde en rebellie teenoor die Here verval, wat meegebring het dat die stad en sy inwoners in 612 v.C. verwoes is. Die Here het in ’n boodskap deur die profeet Nahum aan hierdie stad gesê:

“Ek sal vuilgoed op jou gooi en jou aan minagting prysgee en van jou ’n skouspel maak, sodat elkeen wat jou sien, van jou af sal wegvlug en sê: Verwoes is Ninevé! Wie sal met haar medelye hê? ... Daar sal die vuur jou verteer, die swaard jou uitroei ... . Daar is geen herstel vir jou verbreking nie; jou wond is ongeneeslik” (Nah. 3:6, 7, 15, 19).

Ná die dood en opstanding van Jesus Christus moet die boodskap van God se toorn oor die sondaars, én van sy reddende genade oor dié wat hulle van harte bekeer, verkondig word: “Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom” (Joh. 3:36).

Wat is die voorwaarde om in God se guns te kom? Ons moet in die soendood van sy Seun aan die kruis glo, en ons volkome van ons sondige verlede bekeer. Dit is die boodskap wat aan die wêreld verkondig moet word. Net voor sy Hemelvaart het Jesus aan sy dissipels gesê: “So is dit geskrywe en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies” (Luk. 24:46-47).

In die afgelope byna 2 000 jaar was daar al verskeie gemeenskappe, en selfs lande, waar die evangelie van Christus deur ’n groot deel van die samelewing aanvaar, Christelike grondwette ingestel, en Christelike norme oor ’n breë front in die samelewing eerbiedig is. Soos in die geval van Ninevé ná hulle nasionale bekering, het die seën van die Here kennelik op dié gemeenskappe en volke gerus.

Hierdie goeie tye het egter nie onbepaald voortgeduur nie. Dit was nie omdat God ontrou geraak het nie, maar omdat die opkomende geslagte weer in sonde en openlike rebellie teen Hom verval het. Christelike grondwette is herroep en deur humanistiese grondwette vervang waarin alle godsdienste gelykgestel word. Daarmee saam is Christelike norme ook verwerp en het dit die deur wyd oopgemaak vir antichristelike gebruike soos leuens, korrupsie, materialisme, afgodediens, hoerery, aborsie, homoseksualiteit, dronkenskap, gewelddadigheid, en ’n horde ander euwels. Dinge wat vroeër as ’n skande beskou is, word nou openlik bedryf.

Wat anders kan ’n verdorwe wêreld te wagte wees as die oordele van God? Almal wat hulleself nie grondig tot die Lam van God bekeer nie, sal die voorwerpe van sy toorn wees en deur Hom geoordeel word: “God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer, omdat Hy ’n dag bepaal het waarin Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur ’n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek” (Hand. 17:30-31).

Glo jy met jou hele hart in die gekruisigde en verrese Here Jesus, en is die fondament van bekering uit dooie werke en van geloof in God reeds in jou lewe gelê? (Heb. 6:1). Indien wel, dan sal jy die uitstorting van God se toorn in die komende verdrukking ontvlug (Luk. 21:36). Die gelowiges in Thessaloníka het hulleself “bekeer tot God om die lewende en waaragtige God te dien en sy Seun uit die hemele te verwag, wat Hy uit die dode opgewek het, Jesus wat ons van die toekomstige toorn verlos” (1 Thess. 1:9-10).

Diegene wat ’n valse, mensgemaakte vrede buite Christus nastreef, sal die ontvlugting van die oordele misloop en onverwags deur die oordele van God oorval word: “Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid – dan oorval ’n skielike verderf hulle ... en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie” (1 Thess. 5:3). Dié wat waarlik glo en as dissipels van Christus heilig leef, sal waak en bid sodat hulle waardig kan wees om die oordele van die komende verdrukking te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan (Luk. 21:36).

Ons ontvlugting is gebaseer op die verlossingswerk wat die Here Jesus op Goeie Vrydag aan die kruis gedoen het, daar waar Hy die straf wat vir ons die vrede aanbring, op Homself geneem het (Jes. 53:5). Laat ons op hierdie pad volhard, “want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou” (Heb. 3:14). Laat ons nie, soos die inwoners van Ninevé, ná ’n tyd weer in goddeloosheid verval nie.

## Groot betekenis van die kruisiging

Die groot boodskap wat die Heilige Gees op alle dissipels van Jesus se harte druk, is die kruisevangelie. Hy maak die gekruisigde Christus ’n werklikheid in ons lewens, want dit is die rots waarop ons geloof berus. Identifikasie met die kruis van Christus is ook die grondslag vir die verdere genadewerk van heiligmaking. As ons saam met Hom sterf, sal ons ook saam met Hom leef. Paulus het gesê hy verkondig Christus wat gekruisig is (1 Kor. 1:23). Sonder die verkondiging van die Here Jesus se bloed wat aan die kruis vir die versoening van ons sonde gestort is, kan niemand gered word nie: “... die bloed van Jesus Christus ... reinig ons van alle sonde” (1 Joh. 1:7).

In die ses ure waarin die Here Jesus sy lewe aan die kruis afgelê het (dit was van 9-uur die oggend tot 3-uur die middag – in Israel is dit tussen die 3$^{de}$ en 9$^{de}$ uur van die dag), het Hy baie min gepraat. Die sewe uitsprake wat Hy wel gemaak het, het saam minder as ’n minuut geduur. Nogtans was dit die mees betekenisvolle woorde van vergifnis, reddende genade, vertroosting en oorwinning oor die magte van Satan wat Jesus Christus te midde van intense sterwensnood uitgespreek het. Dié woorde was die volgende:

**1. “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie”** (Luk. 23:34). Jesus het sy grenslose liefde en genade getoon toe Hy tydens sy onregverdige veroordeling en teregstelling vir sy oortreders gebid het. Nog voor sy kruisiging het Hy vir die geestelik verblinde inwoners van Jerusalem gebid. Hulle het groot ellende en internasionale verstrooiing

in die gesig gestaar omdat hulle die gunstige tyd toe God hulle deur sy Seun besoek het, nie opgemerk het nie. Hierdie gebed van begenadiging vir sy oortreders is verhoor deurdat duisende Jode deur die eeue heen vir Jesus as Messias aangeneem het. In die eindtyd sal daar ook ’n groep wees wat sal opsien na Hom vir wie hulle deurboor het, en bitterlik oor Hom sal ween (Sag. 12:10).

**2.** “En toe Jesus sy moeder sien en die dissipel wat Hy liefgehad het, by haar staan, sê Hy vir sy moeder: **Vrou, dáár is u seun!** Daarop sê Hy vir die dissipel: **Dáár is jou moeder!** En van daardie uur af het die dissipel haar in sy huis geneem” (Joh. 19:26-27).

Jesus het met hierdie uitspraak veel meer in gedagte gehad as net die versorging van sy moeder, Maria. Hy dra hier ook sy moeder (Israel) aan die sorg van sy dissipel (die kerk) op. In die Ou Testament word Israel dikwels as ’n getroude vrou voorgestel uit wie die Messias gebore sou word. Jeremia 31:4 verwys na die jonkvrou van Israel, terwyl Jesaja 54:5 Israel ook as ’n vrou beskryf. In Openbaring 12 verwys die vrou en haar manlike kind wat die nasies met ’n ystersepter sal regeer, na Israel en die Here Jesus.

Die kerk het beslis ’n taak om Israel te vertroos, te bemoedig, te versorg, en dié volk ook jaloers te maak oor die manier waarop ons die God van Abraham, Isak en Jakob deur sy Seun, Jesus, dien (Rom. 11:11-12).

**3. “Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees”** (Luk. 23:43). Aanvanklik het altwee die rowers wat saam met Jesus gekruisig is, met Hom gespot en Hom beledig (Matt. 27:44). Later het die een tot die besef gekom van sy sondigheid en van Jesus se regverdigheid, en om genade gepleit (Luk. 23:39-42). Die Here Jesus het dadelik op hierdie hartsverandering gereageer en aan ’n verlore sondaar die sekerheid van die ewige lewe gegee. Hierdeur het Hy ’n belofte gestand gedoen wat deur die eeue heen tot vandag toe, nog steeds geld: “Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie” (Joh. 6:37).

Uit die wonderbaarlike bekering van ’n geharde sondaar aan die kruis, weet ons dat die groot Geneesheer juis vir geestelik sterwendes gekom het, en nie vir diegene wat hulleself regverdig ag en meen dat hulle sonder Jesus se reddende genade kan klaarkom nie. Ons weet ook dat daar geen sonde is wat so groot is dat dit nie volkome en onmiddellik vergewe kan word nie. Verder weet ons dat daar sterwensgenade is vir enigeen wat in die vallei van doodskaduwee is, solank hy of sy in die geloof die hand na die Here Jesus uitstrek. Ons sien in hierdie gebeurtenis ook dat bekering ’n geloofstap is wat sonder die bemiddeling van ander mense óf die beoefening van ’n sakrament gedoen kan word. Dit onthef ons egter nie van ons verpligting om met die evangelie na ander mense uit te reik nie, want “die geloof is uit die gehoor,” daarom moet die boodskap dat Jesus red tot aan die eindes van die aarde weerklink (Rom. 10:17-18). Die rower aan die kruis was deel van die Gólgota-gebeure en kon regstreeks op grond daarvan ’n besluit neem. Ons opdrag is om alle mense op aarde van hierdie feite bewus te maak.

**4. “My God, my God, waarom het U My verlaat?”** (Matt. 27:46). Van 12-uur af tot 3-uur die middag toe Jesus aan die kruis gesterf het, het daar duisternis oor die aarde toegesak (Mark. 15:33). Dit was ’n aanduiding dat daar, geestelik gesproke, donker wolke van die hele mensdom se sondes oor die Here Jesus gehang en skeiding tussen die veroordeelde Seun en sy Vader gebring het. Jesus het vrywillig as onskuldige die plek van ’n misdadiger ingeneem sodat die sondes van alle mense op Hom gelê kon word en Hy die regverdige straf daarvoor kon uitdien. “Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom” (Jes. 53:5).

Die Vader het die ongeregtigheid van ons almal op Jesus laat neerkom (Jes. 53:6), en Hom sodoende die voorwerp van sy toorn oor die sonde gemaak. “Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom” (2 Kor. 5:21). Op hierdie oomblik toe sy Seun deur die sondeskuld van ’n verlore mensdom oordek is, het die Vader van Hom af weggekyk. Jesus was besig om te sterf, en in daardie angsvolle oomblikke alleen aan die kruis het Hy in sy menslike natuur uitgeroep: “My God, my

God, waarom het U My verlaat?" Hy het volkome die plek ingeneem van alle verlore sondaars wat van God verlate is, en wat deur die donkerte van goddelike toorn en oordeel omring word.

**5. "Ek het dors"** (Joh. 19:28). Persone wat gekruisig is, het 'n geweldige dors beleef, en hulle het na water gesmag terwyl hulle die dood in die gesig gestaar het. In 'n Messiaanse Psalm wat op die dood van Jesus dui, het Dawid dit só beskryf: "My krag is verdroog soos 'n potskerf, en my tong kleef aan my verhemelte; en U lê my neer in die stof van die dood" (Ps. 22:16).

Christus se dood was iets veel erger as 'n gewone mens se dood. Hy is deur die totale sondelas van 'n gevalle mensdom gekonfronteer en moes onder die toorngloed en oordele van God sy lewe aflê: "... my hart het soos was geword; dit het gesmelt binne-in my ingewande" (Ps. 22:15). Hy was inderdaad in 'n plek van godverlatenheid waar 'n ewige dors heers. Die verlore ryk man was terdeë van hierdie dors bewus toe hy sy oë in die doderyk oopgemaak het (Luk. 16:24). Jesus het alleen die straf namens ons gedra (Santala, 1992:108-145).

In hierdie én die vorige kruiswoord wat Jesus kort voor sy dood uitgespreek het, word die groot teenstellings van die Gólgota-gebeure uitgedruk:

- Die grootste antitese waaruit al die ander teenstellings voortvloei, is dat Jesus gesterwe het sodat ons kan lewe (Joh. 3:16).
- Jesus was van God verlate sodat ons nooit deur God begewe of verlaat sal word as ons deur Christus met Hom versoen is nie (Heb. 13:5).
- Omdat Jesus dors was, kan Hy ons geestelike dors les sodat ons in ewigheid nooit weer dors sal kry nie (Joh. 4:14; 6:35).
- Hy het naak aan die kruis gehang, sodat ons met die klere van heil beklee kan word (Joh. 19:23; Rom. 13:14; Op. 3:18).
- Hy het arm geword, sodat ons deur sy armoede die rykdomme van God se genade deelagtig kan word (2 Kor. 8:9).

**6. "Vader, in u hande gee Ek my gees oor!"** (Luk. 23:46). Jesus het self sy lewe afgelê en stel met hierdie woorde sy gees in die hande van sy Vader. Hy het dit gewillig en bewustelik gedoen (Joh. 10:17-18). Direk hierna, met sy laaste asem, het Hy gesê:

**7. "Dit is volbring!"** (Joh. 19:30). Die oorspronklike Griekse weergawe van Jesus se sterwenswoord is *tetelestai.* Hierdeur word die voltooiing van sy sending om die losprys vir ons sonde te betaal, uitgedruk. Omdat die doodstraf volgens die eis van God se geregtigheid uitgedien moes word (Rom. 6:23), kon Jesus nie hierdie woord uitspreek voordat sy sterwensoomblik aangebreek het nie. Dit was die kritieke oomblik van sy verlossingswerk aan die kruis. In die tyd van Jesus het die woord *tetelestai* 'n besondere betekenis gehad, wat in ag geneem moet word as ons ten volle wil begryp wat Hy hier gesê het. Vir die mense van daardie tyd het dit veel meer inhoud gehad as vir ons vandag.

In die eerste plek is die woord *tetelestai* in Bybelse tye as die sleutelwoord op 'n kwitansie gebruik. Dit het die betekenis gehad van *ten volle betaal.* Het die gedagte ooit by jou opgekom dat die Here Jesus jou *gekoop* het toe Hy sy bloed gestort en sy lewe vir jou afgelê het? Paulus herinner ons hieraan wanneer hy sê: "Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort" (1 Kor. 6:20). Petrus sê: "Julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos" (1 Pet. 1:18-19). Die getuienis van die ouderlinge in die hemel bevestig die feit dat hulle ten volle daarvan bewus is dat hulle lewens deur die bloed van die Lam gekoop is: "U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie" (Op. 5:9).

Het jy die versekering dat *jou* sondes betaal is? Voldoen jy aan die vereistes van bekering en die belydenis van jou sondes ten einde vergifnis daarvoor te kan verkry? Die Bybel sê: "Hy

wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind" (Spr. 28:13; kyk ook 1 Joh. 1:8-9).

Tweedens was dit in antieke tye algemene praktyk om die klagstaat van 'n gevangene aan sy seldeur vas te spyker. Die oortredings waarvoor hy veroordeel is, is daarop aangeteken, asook die vonnis wat hom opgelê is. Nadat hy sy tronkstraf uitgedien het, is die klagstaat van die seldeur verwyder en uitgekanselleer deur in groot letters daaroor te skryf: TETELESTAI (Ten volle uitgedien). Daarna is dit aan die betrokke persoon oorhandig, en niemand kon hom ooit weer vir dié oortredings aankla nie – hy het die vonnis uitgedien en daardeur die prys vir sy misdade betaal.

In 'n geestelike sin is alle mense gevangenes van Satan, "want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God" (Rom. 3:23). Aangekla deur hulle sonde, is hulle in die mag van Satan waar hulle in sy dodeselle hulle verhoor voor die groot wit troon, en hulle veroordeling tot die ewige dood afwag. Die tronkbewaarder is die duiwel self, en geen persoon kan homself uit sy mag bevry en die doodstraf wat op hom wag, vryspring nie.

Om verlore sondaars te kan red, het Jesus Christus gewillig die doodstraf uitgedien wat in beginsel reeds oor alle sondaars uitgespreek is (Eseg. 18:20; Rom. 6:23). Ná sy opstanding uit die dode is Hy in 'n posisie om die klagstaat van elke verlore sondaar uit te kanselleer deur met sy bloed daaroor te skryf: *Tetelestai* – die vonnis is betaal. Paulus sê: "En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het, en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael" (Kol. 2:13-14). Die straf vir alle sonde is ten volle aan die kruis betaal.

Is al die sondes waarvoor die duiwel jou by die troon van God aangekla het, uitgewis deur die bloed van die Lam? Indien wel, dan kan niemand jou ooit weer hiervoor aankla en beskuldig nie. Dit maak nie saak hoe ernstig hierdie oortredinge was nie, want die straf daarvoor is reeds ten volle betaal. "Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het" (Gal. 5:1).

'n Derde gebruik vir die term *tetelestai* was in verband met suksesvolle militêre operasies teen die vyand. Wanneer 'n generaal van die slagveld af teruggekeer het, het hy van sy krygsgevangenes in die strate geparadeer en sy oorwinning geproklameer deur uit te roep: *Tetelestai ... tetelestai ...* Deur hierdie uitroep van oorwinning is 'n duidelike stelling gemaak, naamlik *die oorwinning is behaal,* of *die sending is voltooi.*

Hoewel dit Jesus se sterwenswoord aan die kruis was, het Hy sy oorwinning oor die vyand aangekondig deur uit te roep: *Tetelestai!* Om te sterwe was vir Hom 'n groot oorwinning, "sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel – en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was" (Heb. 2:14-15). Dit was 'n groot triomf oor die vyand van ons siele: "Hy [het] die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer" (Kol. 2:15). Die Here Jesus het wel oor die vyand getriomfeer, maar Hy het hom nie uitgewis nie. Die duiwel is steeds baie aktief op aarde, daarom word ons opgeroep om deelgenote van die oorwinning op Gólgota te word (Rom. 8:37).

Dit was hoogs dramatiese oomblikke toe Jesus sy lewe aan die kruis afgelê en daardeur die Verlosser van 'n verlore mensdom geword het. Dit het die Nuwe Testamentiese bedeling ingelui, wat 'n wonderlike verskil in die mens-God-verhouding gemaak het.

Die voorhangsel in die tempel het van bo na onder in twee geskeur. Hierdeur is vrye toegang na die genadetroon van God vir elke persoon verseker. In die Ou Testament kon slegs die hoëpriester een keer per jaar die Allerheiligste betree om met die bloed van offerdiere versoening vir die volk se sonde te doen. Die gebroke liggaam en gestorte bloed van Jesus het egter 'n eenmalige en blywende versoening geskep vir almal wat dit wil aanneem. Ons het ook nie menslike middelaars soos profete nodig om namens ons tot God se troon toe te tree nie: "Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die

bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees, en ons 'n groot Priester oor die huis van God het, laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid" (Heb. 10:19-22).

Tydens Christus se sterwensoomblik het daar 'n aardbewing plaasgevind, die grafte van ontslape heiliges het oopgegaan en hulle het uit die dood opgestaan. Die Here Jesus het die mag van die dood verbreek sodat dit die regverdiges nie kan insluit en behou nie, daarom sal daar vir elkeen wat glo, 'n opstanding tot die lewe wees. Jesus het gesê: "Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe" (Joh. 11:25).

Ná die drie uur lange duisternis nét voor die dood van die Here Jesus, het die lig skielik weer helder deurgebreek. Gólgota was in 'n nuwe ligglans gehul, en die getuienis van hierdie gebeure sou deur die eeue heen vir miljoene mense die duisternis van sonde en verlorenheid verdryf. Elkeen van ons wat sy reddende genade deelagtig geword het, is 'n gesant om die deugde te verkondig van Hom wat ons uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig (1 Pet. 2:9).

Toe die Romeinse soldate "die aardbewing sien en die dinge wat daar gebeur, het hulle baie bevrees geword en gesê: Waarlik, Hy was die Seun van God" (Matt. 27:54). Selfs heidene wat geen kennis van die Messiaanse profesieë van die Ou Testament gehad het nie, het bewende tot die gevolgtrekking gekom dat Jesus die Seun van God is. Die Here bied versoening deur die bloed van Christus aan elke volk en taal en stam en nasie tot aan die eindes van die aarde. Hy roep almal tot bekering op (Hand. 17:30). Omdat Jesus Christus gehoorsaam was om Homself tot in die donker dieptes van die kruisdood te verneder, het God Hom opgewek uit die dode en Hom 'n Naam gegee wat bo elke naam is (Fil. 2:6-11).

Die skadu's van die kerkbedeling is besig om lank te rek en die tyd loop vinnig uit. Laat ons die meeste van die oorblywende tyd maak en dit uitkoop om die Here te dien en sy koninkryk op aarde uit te brei. Soos Jesus, moet ons ook 'n dringendheid omtrent ons opdrag hê: "Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het, so lank as dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie" (Joh. 9:4). Die nag van God se oordele in die groot verdrukking kom vinnig nader, en daar is nog baie onafgehandelde werk in sy koninkryk voordat die basuin sal blaas. Verlorenes moet gered en Christene voorberei word vir die ontmoeting met die hemelse Bruidegom.

## Die oproep tot wedergeboorte

Die belangrikste sending van die Here Jesus na die wêreld was "om te soek en te red wat verlore was" (Luk. 19:10). Omdat die verlossing van verlore sondaars 'n ingryping deur die Here vereis en ook die begin van 'n nuwe lewe is, het Christus 'n basiese stelling oor wedergeboorte gemaak aan 'n Joodse leermeester wat in die duister was oor wat redding werklik behels:

"En daar was 'n man uit die Fariseërs met die naam van Nikodémus, 'n owerste van die Jode. Hy het in die nag na Jesus gekom en vir Hom gesê: Rabbi, ons weet dat U 'n leraar is wat van God gekom het, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met hom is nie. Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. Nikodémus sê vir Hom: Hoe kan 'n mens as hy oud is, gebore word? Hy kan tog nie 'n tweede keer in die skoot van sy moeder ingaan en gebore word nie? Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees. Moenie jou verwonder dat Ek vir jou gesê het, julle moet weer gebore word nie. ... Nikodémus antwoord en sê vir Hom: Hoe kan hierdie dinge gebeur? Jesus antwoord en sê vir hom: Jy is die leraar van Israel en jy weet hierdie dinge nie?" (Joh. 3:1-10).

Nikodémus was een van die gematigde en meer oortuigbare lede van die Sanhedrin in Israel. Hy was beïndruk met Jesus se bediening, veral met sy goddelike mag om wonderwerke te doen, en wou meer daaroor uitvind. Sy kollegas was hatig op Jesus, daarom het hy alleen in

die nag met Hom gaan praat. Nikodémus spreek vir Jesus op ’n gelyke vlak as rabbi aan, maar gee nietemin erkenning aan die feit dat God met Hom is. Jesus was nie hierdie Fariseër se gelyke nie, maar ver bokant hom verhewe omdat Hy van bo af kom. Johannes die Doper het gesê: “Hy wat uit die hemel kom, is bo almal” (Joh. 3:31). Die Here Jesus was ten volle van Nikodémus se geestelike probleme bewus, naamlik dat hy onkundig was en ’n dooie, wettiese godsdiens van uiterlike handelinge en rituele beoefen het, terwyl sy hart koud en ver van die Here af was.

Jesus kom vinnig tot die punt en gee duidelik die oplossing vir hierdie leraar se probleem van vormgodsdiens: “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.” Nikodémus het glad nie verstaan dat ’n mens ’n tweede keer gebore kon word nie, omdat hy aan ’n tweede fisiese geboorte gedink het. Die Here Jesus verduidelik toe dat hy die tweede keer van bo, deur die Heilige Gees, gebore moes word. Hy moes dus geestelik lewend gemaak word en ’n veranderde hart kry. Nikodémus is verkwalik omdat hy dit nie kon insien nie, want hy was ’n kenner van die Ou Testament en moes geweet het dat God ’n veranderde hart van sy volk verwag (vgl. Deut. 30:6; Eseg. 36:25-27; Jer. 4:4). Jesus sê vir hom: “Jy is die leraar van Israel en jy weet hierdie dinge nie?” Hy kon dit nie insien nie omdat sy hart nie reg ingestel was nie.

Paulus verwys ook na hierdie diep geestelike werk wat die Here vir sy volk wil doen, naamlik ’n hartsverandering om Hom waarlik lief te hê: “Want nie hy is ’n Jood wat dit in die openbaar is nie, en nie dít is besnydenis wat dit in die openbaar in die vlees is nie; maar hy is ’n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God” (Rom. 2:28-29). Wat help ’n mooi uiterlike lewe, maar binne-in het die persoon ’n donker, onweergebore, onheilige en ongelowige hart?

Is jou godsdiens op die reël van die nuwe mens gebaseer? Het jy ’n getuienis dat jou lewe en waardes op ’n geestelike vlak verander het, dat die ou dinge verbygegaan en alles nuut geword het? (2 Kor. 5:17). Paulus het vir Timótheüs gewaarsku dat daar veral in die eindtyd baie mense sal wees wat net ’n uiterlike skyn van godsdienstigheid sal hê, maar op ’n geestelike vlak steeds dood in hulle sonde en misdade sal wees: “Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ... meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat ’n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af” (2 Tim. 3:1-5).

Sulke mense ken nie die wederbarende krag van die Heilige Gees in hulle lewe nie. Hulle is net gedoop en aangeneem, maar verder leef hulle soos hulle wil. Hulle maak volgens uiterlike kriteria soos kerklike sakramente en goeie werke daarop aanspraak om Christene te wees wat op pad hemel toe is. Hulle mislei egter hulleself, want hulle is soos die gemeente in Sardis, waarvan die Here Jesus gesê het: “Jy het die naam dat jy leef, [maar] jy is dood” (Op. 3:1). Hulle is nie deur die Gees van God lewend gemaak nie, maar word nogtans binne kerklike verband salig gespreek. Die feit dat daar by elke begrafnis maar die standaarduitspraak gemaak word dat die oorledene – hoe onweergebore hy/sy ook al gesterf het – nou by die Here is omdat die persoon ’n “gelowige” was, dra tot die valse gerustheid by.

Wedergeboorte verwys na die opstandingslewe van Christus waarmee ons beklee word wanneer ons waarlik gered word. Net dit gee aan ons ’n hoopvolle toekoms: “Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot ’n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode” (1 Pet. 1:3). Wanneer ons tydens die aflegging van die ou lewe aan Christus se dood gelykvormig geword het, word ons geestelik nuut gemaak en met die opstandingslewe van die Here Jesus beklee. Ons kan dan saam met Hom in ’n totaal nuwe lewe wandel. Ons familie en vriende sal kan sien dat ons lewe grondig verander het. Ons kan nog steeds foute maak en sondig, maar na aanleiding van die Heilige Gees se innerlike oortuiging stel ons die probleem dadelik weer reg en gaan voort om deur die Gees te wandel – nie deur die vlees nie. Die Here omskep ons geestelik om sy getuies in ’n verdorwe wêreld te wees. Ons distansieer onsself absoluut van die sondes wat ons in die verlede gedoen het en streef

daarna om aan die beeld van Christus gelykvormig te word.

Sondevergifnis en wedergeboorte staan in ’n noue verband met mekaar, want die Here Jesus reinig ons van ons sonde wanneer Hy aan ons deur die wedergeboorte ’n nuwe lewe met ’n nuwe natuur gee. Reiniging van sonde is die groot doel waarom die Here Jesus na die wêreld toe gekom het (Matt. 1:21). Dit is ’n lewensbelangrike saak, want die Bybel sê die loon, of straf, vir die sonde is die dood (Rom. 6:23). Die Here Jesus red ons deurdat Hy die losprys vir ons sonde aan die kruis betaal het, sodat ons geestelik wederbaar kan word en sy heilige natuur deelagtig word.

## Die korrekte voorstelling van Christus

Dit is belangrik dat ons in die kerkbedeling die korrekte voorstelling van Christus sal doen, naamlik as die Verlosser wat gekom het om te soek wat verlore was (Luk. 19:10). Die klem moet val op sy kruisdood waar Hy die losprys vir ons sonde betaal het. Paulus het hierdie perspektief altyd voorop gestel: “[O]ns verkondig Christus wat gekruisig is ... . Ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde” (1 Kor. 1:23; 2:2).

Geloof in die gekruisigde Here Jesus is die sleutel tot wedergeboorte en ’n nuwe lewe vir alle sondaars, daarom moet Hy pertinent in die verband van sy versoeningswerk aan hulle voorgehou word. Alle sondaars “word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as ’n versoening deur die geloof” (Rom. 3:24-25). Hierdie voorstelling van Jesus Christus is ook van voortgaande belang vir Christene ná hulle bekering, omdat ons met Hom moet saamgroei deur die gelykvormigheid aan sy dood (Rom. 6:5-6).

Die kruis van Christus moet ons hoogste roem in die nuwe lewe wees, omdat ons vereenselwiging daarmee ons in staat stel om vir die wêreld te sterf, en die wêreld vir ons (Gal. 6:14). Ons bewandel dus die kruisweg van voortdurende selfverloëning en voortgesette reiniging deur die bloed van die Lam (Luk. 9:23). Johannes sê: “As ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde” (1 Joh. 1:7; Kol. 1:14).

Indien ons perspektief op Jesus as die gekruisigde vervaag en deur ander perspektiewe verdring word, loop ons gevaar om die groot seën van sy soendood, asook die voortgaande reiniging deur sy bloed, mis te loop. Daar is ongelukkig mense wat Jesus net as ’n morele rolmodel aanvaar, en dan daarna streef om deur eie pogings moreel voorbeeldige en sosiaal aanvaarbare lewens te lei. Hulle assosiasie met Hom hou egter hier op. Ander beskou Hom as ’n inspirerende voorbeeld van politieke aktivisme omdat Hy volgens hulle ’n kampvegter vir armes en onderdruktes was wat bereid was om onregverdig deur die gemeenskap en die regering vervolg te word. Sodoende mis hulle totaal die groot doel van sy koms na die aarde.

Dan is daar die ernstige probleem van ’n groot groep gelowiges wat verkeerde sienings oor die openbaring van Christus se koninkryk huldig. Hulle beklemtoon die Here Jesus se posisie as Koning ten koste van sy ander attribute, en na aanleiding daarvan word dit hulle hoofdoelwit om self konings te word. Hulle beywer hulle vir ’n koninkryk hier en nou tydens die kerkbedeling, en is as gevolg daarvan baie sterk op koninkryksmagte ingestel. Hulle wil die mag hê om wonderwerke te doen, insluitend die genesing van siekes en selfs die opwekking van dooies. Te midde van dit alles streef hulle na roem, populariteit en groot rykdom. Hulle wil ’n groot gevolg hê en baie van hulle wil as spesiaalgesalfde profete of apostels bekend staan.

Verder streef koninkryksgesindes daarna om alle mag oor die koninkryk van Satan te verkry. Hulle vra vir die Here mag om duiwels uit te dryf – nie net uit individue nie, maar ook uit dorpe, stede en hele lande. Sodoende wil hulle ’n transformasie na koninkrykstoestande op aarde skep, en dan namens die Here oor hulle koninkryk regeer. Byeenkomste vir die bevordering van ’n Christelike transformasie op nasionale vlak word gereeld in die meeste lande van die wêreld gehou. Baie mense is hoogs beïndruk en begeester hierdeur, maar die vraag is: “Watter Jesus verkondig hulle?”

Sulke mense bevorder Christus se posisie as Koning wat saam met sy heiliges regeer, ten koste van sy posisie as die gekruisigde Verlosser wat sy dissipels na alle uithoeke van die aarde stuur om die evangelie van redding in ’n vyandige wêreld te verkondig. Hulle het nie die opdrag of mag om Satan se ryk op ’n territoriale grondslag te verbreek nie. Die opdrag wat alle gelowiges het, is om mense na die kruis te lei waar hulle van sonde en satansmag verlos kan word.

Evangelisasie is harde werk, en net ’n klein minderheid mense reageer positief hierop (Luk. 13:24; Joh. 3:19). Dit is onbybels en onrealisties om te verwag dat hele samelewings en hele volke nou van die breë weg af na die smal weg sal oorkom, hoe graag ons dit ook al wil sien gebeur. Ons moet voortgaan om die gekruisigde Christus te verkondig wat steeds deur die meerderheid verwerp word. Dit sal vir ons ook lyding en verwerping meebring (Rom. 8:17; 2 Tim. 2:12), maar as ons volhard, sal ons eendag in Christus se ryk saam met Hom regeer – beslis nie nou al in ’n wêreld wat in die mag van die Bose lê nie (1 Joh. 5:19).

Die Here Jesus sal eers tydens sy wederkoms as Koning van die konings kom en Satan se magsbasis op aarde totaal verbreek (Op. 19:19 – 20:3). Dan eers sal sy verheerlikte heiliges saam met Hom as konings regeer (Op. 20:6). Dit is dispensasioneel geheel en al misplaas om nou, in die kerkbedeling, die Here Jesus se koninklike posisie te beklemtoon ten koste van sy hoedanigheid as die gekruisigde Verlosser.

# 4. Die Middelpunt van ons Bestaan

'n Saligmakende geloof in Jesus Christus lei na 'n grondige herskepping van ons lewe waarin die ou dinge verbygaan en alles nuut word (2 Kor. 5:17). 'n Wesenlike deel van hierdie verandering is 'n nuwe uitkyk op die lewe wat na 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing lei. Die totale werklikheid waarin ons leef, kry uit 'n Christelike oogpunt nuwe betekenis – die skepping van die heelal, die wese van die mens, die redes vir sy verdorwenheid, die werklikheid van 'n opponerende koninkryk van die duisternis, die vernuwende werk van Christus, asook die ewige verheerliking van die regverdiges en die ewige straf vir sondaars.

Jesus Christus is die Skepper van die wêreld, die magtige Verlosser en die enigste lig van 'n geestelik donker wêreld. Hy is die begin van ons geestelike lewe en gelykvormigheid aan Hom is die hoogste doel waarna ons kan streef. Christus is die absolute middelpunt van die nuwe lewe wat Hy aan ons bied, want in Hom leef ons, beweeg ons, en is ons. Alle dinge moet in die lig van sy heiligheid, goddelike gesag, en ingryping in die lotgevalle van mense verklaar word. Hy het gekom tot 'n val en opstanding vir baie mense, afhangende van of hulle Hom aanvaar of verwerp (Luk. 2:34). Ons moenie dieselfde fout maak wat die meerderheid Israeliete gemaak het, naamlik om blind te wees vir wie Jesus werklik is, en Hom gevolglik te verwerp nie:

"Die waaragtige lig wat elke mens verlig, was aan kom in die wêreld. Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo" (Joh. 1:9-12). Ons móét 'n keuse omtrent Jesus Christus maak.

Die Here Jesus is die enigste Verlosser van die mensdom en het 'n lewensbelangrike sending na 'n verlore wêreld onderneem. Die lotgevalle van alle mense word deur hulle verhouding met Hom bepaal: "Die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie" (Hand. 4:12). In Hom is waarheid, lig en lewe, en buite Hom is misleiding, duisternis en die dood.

Ons kan die Here Jesus nie uit ons werklikheidsbeeld weglaat nie, want ons is óf sy volgelinge óf sy teëstanders. Alle mense het 'n godgegewe gewete, wat 'n basiese kennis van goed en kwaad is, en dit stel hulle in staat om morele keuses te maak. Kennis van die evangelie is nodig om sinvolle en lewensveranderende keuses op hierdie terrein te kan maak. Sonder die vryspraak en nuwe natuur van Christus sal ons nie die stryd teen die kwaad kan oorwin nie.

Afvallige teoloë wat weier om Jesus Christus se mag, goddelike attribute en die betekenis van sy kruisdood en opstanding te erken, weet intuïtief dat hulle teen die waarheid stry, maar gee nogtans toe aan die onbybelse gedagtes van hulle misleide harte. Hulle is duidelik daarop ingestel om die Here Jesus se aansprake te bevraagteken en te diskrediteer. Dit is dieselfde soort teologiese skeptisisme wat skrifgeleerdes van die eerste eeu ook tot hulle eie ondergang verkondig het toe hulle Jesus as Messias verwerp en lasterlike dinge oor Hom gesê het.

Dit is eienaardig dat moderne agnostici soveel tyd en energie bestee om 'n saak te weerlê wat volgens hulle net mensgemaakte mites sonder enige substansie is. Moontlik word hulle deur intellektuele eiewaan gemotiveer om hulleself te verhef bo die Bybel as God se Woord, en dit dan te reduseer tot 'n menslike geskrif wat vol foute, mitologie en teenstrydighede is. Nou veroorloof hulle hulself om 'n "historiese Jesus" aan ons voor te hou wat, soos hulleself, net 'n gewone mens met baie beperkings is. Dit kom neer op verraad teen goddelike openbarings, en vind ongetwyfeld aansluiting by die groot stryd wat in die geesteswêreld teen die Bybel gevoer word (2 Kor. 4:4; Ef. 2:2; 6:10-12).

Volgens Johannes is daar 'n demoniese gees van dwaling aan die werk om die Bybelse Jesus op 'n tipies postmoderne manier te dekonstrueer en Hom dan te vervang met 'n ander Jesus wat volgens die Bybel die Antichris is (1 Joh. 2:18-23; 4:1-6). Paulus beklemtoon hierdie selfde dwaling ten opsigte van die vervalsing van die beeld van Jesus, asook die basiese boodskap van die Bybel, wat alles gebeur onder die beïnvloeding van verleidende geeste en

leringe van duiwels (2 Kor. 11:2-4; 1 Tim. 4:1). Die Here Jesus het self ook gewaarsku teen die gevaar van vervalsers wat hulleself in sy naam as “die Christus” sal aanbied, en gesê dat dit veral kenmerkend van die eindtyd sal wees (Matt. 24:3-5).

Christus se ware dissipels is aan die regte kant van hierdie stryd, want hulle oë het oopgegaan vir die groot en wonderlike werklikheid van Jesus se godheid. Hulle geloof vind aansluiting by dit wat Johannes in die eerste eeu gesê het toe hy besef het dat Jesus van Násaret die vervulling van al die Messiaanse beloftes in die Ou Testament is, en dat die Woord van God deur die Messias se koms lewendig geword het: “En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, ’n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid” (Joh. 1:14).

Die sentrale posisie wat die Here Jesus in die harte en lewens van alle gelowiges moet inneem, blyk uit die volgende 24 aspekte van sy Persoon en werke:

### 1. Die begin en einde van alle dinge

Ons aanbid die Drie-enige God, Elohim, wat bestaan uit God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees, maar die Here Jesus word spesifiek die Skepper van die wêreld genoem (Joh. 1:3; Kol. 1:15-17; Heb. 1:2). Hy is die begin van die skepping, Hy onderhou dit steeds, en sal dit uiteindelik weens die besmetting deur sonde vernietig, sodat Hy alles nuut kan maak. Dit is waarom Hy gesê het: “Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste” (Op. 22:13). Hy staan sentraal in alles wat van die begin tot stand gekom het.

Hoe pas jy by die raadsplan van God in? Jy kan óf een van die medewerkers in die uitbreiding van sy koninkryk wees, óf een van sy teëstanders wat deur Hom geoordeel gaan word. As jy jou lewe buite Christus beplan en lei, sal dit noodwendig in botsing met sy raadsplan wees en in rampspoed eindig. Alle mense gaan vir ewig lewe, daarom wag daar ook ’n ewige straf op die sondaars. Almal se lewens gaan in die lig van ’n goddelike maatstaf as goed of kwaad beoordeel word deur Hom wat was, wat is en wat kom.

### 2. Die Een wat alle mag in die hemel en op aarde het

Die Drie-enige God wat alle mag in die hemel en op aarde het, het ’n soewereine besluit geneem om mense na sy eie beeld te skape (Gen. 1:26). Hy het aan die mens ’n vrye wil gegee, met die vermoë om morele keuses uit te oefen ten opsigte van goed en kwaad. Die mens kan dus óf streef na sy roeping van gelykvormigheid aan God se heiligheid, óf God se bevele minag, die rug op Hom en sy Woord draai, en van homself ’n vyand van God maak. Wanneer hy laasgenoemde weg volg, beweeg hy weg van die middelpunt van die heelal af en begewe homself op ’n pad wat in morele verdorwenheid en geestelike duisternis eindig, asook oorheersing deur Satan wat die selfverklaarde god van hierdie wêreld is (2 Kor. 4:4). Die duiwel gee aan die afvalliges afgode om te aanbid, en maak van hulle wettelose mense wat geen gesag erken nie.

Sedert die vroegste begin van menslike lewe op die planeet aarde word mense, in ’n geestelike sin, na die genadetroon in die middelpunt van die heelal genooi om hulle aan God se wil te onderwerp en die gawe van die ewige lewe by Hom te ontvang. Hulle moet ’n keuse maak. Adam en Eva het voor ’n uiters belangrike keuse tussen lewe of dood te staan gekom, wat ook vir al hulle nageslagte implikasies sou hê (Gen. 2:16-17; Rom. 5:12). Kain moes kies tussen die geregtigheid van God en die geestelike besoedeling wat deur sonde veroorsaak word (Gen. 4:7). Moses het die hele Israel daaraan herinner dat hulle die regte keuse moes maak om die Here lief te hê en te gehoorsaam, indien hulle wou lewe en die vloek ontkom wat op die sonde rus (Deut. 30:19-20). Hierdie lewensbelangrike keuse is later deur Josua herhaal (Jos. 24:15).

Toe die Here Jesus gekom het, het Hy Israel se noodlottige besluit om Hom as Messias te verwerp, ten diepste betreur (Matt. 23:37; Luk. 19:41-44). Paulus het ook by die nie-Joodse volke gepleit om hulle met God te versoen indien hulle ’n aandeel in sy geregtigheid wou hê (2 Kor. 5:20-21). In die laaste hoofstuk van die Bybel gaan daar weer eens ’n oproep uit tot die

vrye wil van die mens om die regte besluit te neem en neer te buig voor die enigste Een wat elkeen se geestelike dors kan les: “Laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet” (Op. 22:17).

Indien ons die regte besluit neem, dan word ons volgelinge van die Here Jesus, aan wie die Vader alle mag in die hemel en op aarde oorgegee het (Matt. 28:18). Hy sal dan ook van ons meer as oorwinnaars maak in ’n sondige wêreld waarin die meeste mense verkies om die pad van sonde te bewandel (Joh. 3:19). As ons op die regte pad volhard, wag daar vir ons die ewige heerlikheid van Hom wat die Skepper en middelpunt van die heelal is. Hoe wonderlik as Hy die middelpunt en hoofdoel van jou lewe is!

### 3. Die verpersoonliking van reddende genade

Die genade wat God aan ons verleen om gered te kan word en ook geestelik op te groei, is geheel en al op die genadewerk van Jesus Christus gebaseer, naamlik sy menswording, kruisdood en opstanding uit die dood. Die oomblik wanneer ons ons fokus van hierdie sentrale waarheid af verskuif, loop ons gevaar om ons redding gedeeltelik of dalk ten volle op goeie werke of wetsonderhouding te baseer, of op kerklike rituele soos die doop en aanneming. Dan is geloof in Christus nie meer die middelpunt van ons verlossing nie en roem ons in onsself of in ander dinge.

Paulus het gesê hy staan nie voor God met sy geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met die geregtigheid wat hy deur geloof in Jesus Christus verkry het (Fil. 3:9). Ons Redder is ’n Persoon, Jesus Christus – nie ’n godsdienstige organisasie, ’n stel wette, of kerklike rituele wat deur ’n ampsdraer bedien word nie. Ons moet ’n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus hê, en ook die getuienis van sy Heilige Gees in ons hart dat ons aan Hom behoort.

Ons moet die deur van ons harte vir die Here Jesus oopmaak, want Hy is die Redder van ons siele. Ons moet voortdurend van sy teenwoordigheid deur die Heilige Gees bewus wees, daarom moet ’n ware Christen kan sê: “Ek weet my Verlosser leef, want Hy leef in my; in Hom het ek die verlossing deur sy bloed, daarom roem ek in die kruis van Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld. As ek in Jesus Christus bly, sal ek veel vrug dra en sal Hy met my gaan tot aan die voleinding van die wêreld. My oog moet altyd op Hom gevestig bly, want Hy is die Leidsman en Voleinder van my geloof.” (Vgl. Gal. 2:20; Ef. 1:7; Gal. 6:14; Joh. 15:5; Matt. 28:20; en Heb. 12:1-2.)

### 4. Die nederige dienskneg wat self ook God is

Die Here Jesus is as mens in die gestalte van ’n nederige dienskneg geopenbaar, soos wat Hy ná sy eerste koms in die vier Evangelies beskryf word. Tydens sy aardse bediening het Hy as die Seun en Dienskneg van die Vader opgetree en ook sy lewe as ’n losprys vir ons sondes afgelê. Hierdie besondere openbaring van Hom as mens moet geensins daartoe lei dat ons Hom net as ’n sterflike mens met ’n aardse vader beskou, en gevolglik as iemand wat nie uit die hemel kom en ook nie self God is nie. Hy is trouens juis maagdelik gebore om aan te toon dat Hy deur die Heilige Gees verwek is en uit die hemel kom. Hy het ter wille van ons ’n menslike liggaam aangeneem sodat Hy in die plek van sondaars kon sterf.

Ons moet egter nie net in die Evangelies oor die lydende Messias lees nie, maar ook in die boek Openbaring oor hoe Hy tydens sy wederkoms gaan verskyn. Wanneer Hy weer kom, kom Hy as Koning van die konings, wat met heerlikheid, mag en majesteit beklee sal wees. Sy oë sal soos vuurvlamme wees, sy hare wit soos wol, met ’n goue gordel om sy bors. Die koninkryke van die wêreld sal sy eiendom wees en Hy sal as Koning heers op die troon van Dawid. Hy sal sy vyande oordeel en die duiwel en sy trawante se mag verbreek.

Na sy wederkoms sal almal van Hom weet, en al die konings van die aarde sal saam met ander hooggeplaastes na Jerusalem optrek om die Here Jesus daar te eer en te raadpleeg (Jes. 2:2-3; Sag. 8:21-22). Sy posisie as Middelpunt en hoogste gesagspersoon op aarde en in die heelal sal dan sonder teëspraak erken word. Ons behoort egter nou al te weet wie Hy is, en aan Hom al die eer en danksegging te bring wat Hom toekom. Dit sal ons waardig maak om in die toekoms in sy heerlikheid te deel.

## 5. Die opstanding en die lewe

Die opstanding van die Here Jesus is so ’n sentrale gedagte, dat ons geloof in Hom van ons kinders van die opstanding maak wat almal die ewige lewe het (Luk. 20:36). Eerstens is daar die feit van Christus se fisiese opstanding uit die dood na sy soendood aan die kruis. Omdat Hy die ewige lewe in Homself het, was dit onmoontlik dat die graf en die dood Hom kon behou. Hy is met ’n onsterflike opstandingsliggaam opgewek, en belowe aan al sy dissipels ook só ’n opstanding met ’n nuwe onsterflike liggaam.

Die Here Jesus sê: “Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hulle ook gesterwe; en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie” (Joh. 11:25-26). Wanneer Hy kom, sal almal wat in Christus gesterf het, in onverganklikheid opgewek word (1 Kor. 15:52-53), terwyl die gelowiges wat op daardie dag nog lewe, in ’n oomblik verander sal word van verganklikheid na onverganklikheid en daarom nooit die dood sal sien nie. Paulus sê ons vernederde liggame sal van gedaante verander om gelykvormig te word aan Christus se verheerlikte liggaam (Fil. 3:20-21).

Die opstanding van ontslape gelowiges en die verandering van lewende gelowiges sal tydens die koms van Christus plaasvind, en slegs Christene sal hieraan deel hê (1 Thess. 4:16-17). Die Vader sê: “Elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, [het] die ewige lewe; en Ek sal hom opwek in die laaste dag” (Joh. 6:40). Paulus het gesê die belofte van die opstanding uit die dode is ’n sentrale dryfveer van sy lewe, daarom werp hy alles in die stryd om dit te verkry: “... sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word, of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik” (Fil. 3:10-11).

Omdat alle mense vir ewig sal bestaan, wag daar ook ’n opstanding vir die onregverdiges. Johannes sê: “Daar kom ’n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling” (Joh. 5:28-29). Die regverdiges staan egter op aan die einde van die kerkbedeling wanneer Christus sy bruidsgemeente kom haal, maar die ongelowiges sal eers ná die duisendjarige vrederyk opstaan om voor die groot wit troon tot die ewige dood in die poel van vuur veroordeel te word.

Johannes onderskei die twee opstandings só van mekaar: “Die ander dode [dit is die ongeregtiges] het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. ... Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer die duisend jaar lank” (Op. 20:5-6). Die tweede dood – dit is die ewige dood – wag op die ongelowiges aan die einde van die duisendjarige vrederyk.

Die belofte oor die opstanding van die regverdiges is so belangrik in ons geloofslewe dat dit deel van ons basiese geloofsbelydenis is. Paulus sê: “As die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie; en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes” (1 Kor. 15:16-17). Ons aanbid ’n lewende God, en dit onderskei ons duidelik van al die valse gelowe wat almal dooie afgode vereer. Christus het opgestaan en lewe vir altyd, daarom sal ons ook opstaan en vir ewig voor sy aangesig lewe.

## 6. Die wynstok as die Bron van ons lewe

Dit moet by ons ’n primêre ingesteldheid wees dat die Here Jesus die Bron van ons lewe is. Hy is die wynstok waarin ons geënt is, daarom het Hy vir sy dissipels gesê: “Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie” (Joh. 15:5). Indien ons naby aan Hom leef en in Hom bly, sal dit geestelik goed gaan met ons en sal ons vrugte dra wat by die bekering pas. Ons moet geen plek vir die suurdeeg van sonde in ons lewe gee nie (1 Kor. 5:6-8), want dit sal ons verhouding met die Here Jesus vertroebel.

Sommige mense vergeet dat Christus die sentrale fokus van hulle lewe moet wees, en identifiseer dan met ’n sekondêre geestelike bron. Een van die sienings wat van ons

verhouding met die ware wynstok afwyk, is diegene wat in terme van die beeldspraak in Romeine 11:16-24 meen dat hulle as gelowiges in Israel ingeënt is. In plaas van om meer soos Christus te word, word hulle meer soos Israel. Hulle noem hulleself die 'Hebreeuse Wortels Beweging' (*Hebrew Roots Movement*), begin om Ou Testamentiese Joodse wette en feeste te vier, insluitend die Joodse sabbat, en gebruik ook net Hebreeuse name vir die Here.

'n Terugkeer na die wet as die bron van ons lewe, kan egter vernietigende gevolge in mense se geestelike lewe hê. Paulus sê: "Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval" (Gal. 5:4). As Jesus Christus nie meer die absolute middelpunt van ons lewe is nie, sal daar groot probleme volg.

Wat die beeld van die olyfboom in Romeine 11 betref, moet daarop gelet word dat dit in werklikheid net die takke is wat Israel voorstel. Hulle is weens ongeloof afgekap, en ons is beslis nie in hulle ingeënt nie! Israel het uit God ontstaan, daarom is die wortels van die olyfboom God self wat die belofte van die Messias aan Israel toegesê het. Die Here Jesus het gesê: "Ek is die wortel en geslag van Dawid" (Op. 22:16). Hoewel Hy as mens uit die geslag van Dawid gebore is, is Hy ook die wortel, of oorsprong van Dawid en Israel as die uitverkore volk.

Abraham, as die stamvader van Israel, is ook net belangrik omdat hy 'n geloofsverhouding met God as sy geestelike wortel gehad het: "En hy [Abraham] het in die Here geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken" (Gen. 15:6). Die groot geheim vir Israel en die nasies is nie die Joodse volk wat van Abraham afstam, asook al hulle wette en rituele nie, maar die Messias wat uit hierdie volk gebore is. Jesus is die saad van Abraham, daarom het Hy vir die Jode gesê: "Voordat Abraham was, is Ek" (Joh. 8:58). Dit is die rede waarom die Here aan Abraham gesê het: "In jou sal al die geslagte van die aarde geseën word" (Gen. 12:3). Die Messias, wat die Verlosser van die hele wêreld is, sou uit Israel gebore word. Paulus verwys na die groot betekenis van die kruisdood van die Messias, "sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang" (Gal. 3:13-14).

Christus is die bron van alle seëninge, en omdat Israel Hom verwerp het, is hulle oor die aarde verstrooi. Eers wanneer hulle met Hom herenig is, word hulle weer in die olyfboom waarin ons reeds is, teruggeënt (Rom. 11:23-26). Dan sal hulle in die Messias 'n seën vir die hele aarde wees (Rom. 11:11-12). Ons moet dus nie nou soos hulle probeer wees nie, maar slegs in die voetspore van die Messias volg. Ons moet hulle jaloers maak op die manier waarop ons die God van Abraham, Isak en Jakob deur die Messias dien.

## 7. Die enigste fondament van ons lewe

'n Verdere kenmerk van Christene is dat hulle deur die wedergeboorte 'n nuwe lewe gekry het wat op die fondament, Jesus Christus, berus. Dit is 'n vaste geestelike basis waarop hulle hele lewe gebou word. Die Here Jesus het dit in 'n gelykenis verduidelik aan die hand van 'n verstandige man wat sy huis op die rots van God se Woord gebou het. Dié man se huis kon alle storms trotseer omdat dit op 'n vaste rots gebou was. Hierteenoor was daar die dwase man wat sy huis op sand gebou het, maar dit het tot 'n val gekom toe die storms dit getref het (Matt. 7:24-27). So gaan dit met almal wie se lewens nie op die Rots, Jesus Christus, gebou is nie: die krisisse en storms van die lewe vernietig hulle uiteindelik. Selfs al oorleef hulle die huidige storms van die lewe, sal hulle beslis ondergaan wanneer die eindtydse storms van God se oordele hulle tref.

Ons moet baie aandag gee aan hierdie belangrike aspek van Christus se posisie en rol in ons lewe, want dit stel ons voor groot uitdagings om op die regte manier daarop te reageer en voort te bou. Nie almal van ons bou op die regte manier, deur 'n lewe van toewyding, op die Christelike fondament van ons lewe nie. Paulus sê:

"Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus. En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels – elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak

word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen" (1 Kor. 3:11-15).

Net die Here Jesus kan ons red, daarom kan niemand anders die fondament van wedergeboorte in ons lewe lê nie. Dit is egter slegs die begin van 'n nuwe lewe in Christus, en nou moet ons die nodige sorg aan die dag lê oor hoe ons op hierdie fondament voortbou. Indien ons die Here vir die vervulling met die Heilige Gees vertrou en deur die Gees wandel, sal die vrug van die Gees in ons lewens sigbaar wees. Dit sal gestalte aanneem in werke wat ewigheidswaarde het.

Indien ons egter onverskillig is oor ons geestelike lewe en nalaat om 'n volle oorgawe te maak, sal ons vleeslike werke doen wat vir die Here verwerplik is. Hierdie werke sal sterk elemente van wêreldgesindheid, eie eer, statusbeheptheid en 'n sug na rykdom insluit, asook kwaadsprekery - en sal soos hout, hooi en stoppels voor Christus se regterstoel verbrand. Die vleeslike Korinthiërs het hulleself hieraan skuldig gemaak (1 Kor. 3:1-3), asook die vleeslike Galásiërs en Hebreërs (Gal. 5:16-17; Heb. 5:12-13).

Dit is duidelik dat baie van die Christene nie met onverdeelde harte op Jesus Christus as die middelpunt en fondament van hulle lewens ingestel is nie, en daarom lewens lei wat nie aan sy standaard van heiligheid en vrugbare diens voldoen nie (vgl. Joh. 13:17). Hulle is nie op die Christelike fondament van hulle lewe ingestel nie, maar op dit wat hulle elke dag volgens eie insig en krag doen. So 'n lewe word egter op sand gebou, sonder vaste beginsels, en hulle het beslis nie 'n blywende toekoms om na uit te sien nie.

## 8. Die middelpunt van ons gebede

Jesus Christus moet ook die middelpunt van ons gebede wees. Dit moet primêr oor sy eer gaan, oor danksegging omdat Hy ons siele uit genade gered het, en ook oor alle sake wat met die uitbreiding van sy koninkryk in verband staan. Verder moet ons bid vir krag om in 'n goddelose wêreld staande te bly, wysheid om die regte besluite te neem, en vasberadenheid om waardig volgens die evangelie van Jesus Christus te wandel. Alle gebedsversoeke wat ons vir onsself en ander mense tot God rig, moet altyd in die Naam van Jesus Christus gedoen word omdat sy verdienste aan die kruis die waarborg is vir die verhoring van gebede wat volgens sy wil gebid word (1 Joh. 5:14). Die Here Jesus, sy koninkryk en sy wil moet altyd die middelpunt en hoofdoel van ons gebede wees.

## 9. Die hoogste uitdrukking van heiligheid en volkomenheid

Indien Jesus Christus werklik die begin, die middelpunt, en die eindbestemming van ons lewe is, sal ons doelgerig daarna streef om aan sy beeld van heiligheid gelykvormig te word. God se skeppingsdoel met die mens is heiligheid, sodat die Skepper en die mens wat na sy beeld geskape is, 'n vaste verhouding kan hê en gedurig met mekaar kommunikeer: "Soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig" (1 Pet. 1:15-16; Lev. 11:44). Die Here Jesus is die absolute toonbeeld van heiligheid, daarom het Hy vir ons 'n voorbeeld nagelaat sodat ons in sy voetstappe kan volg (1 Pet. 2:21). "Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook te wandel soos Hy gewandel het" (1 Joh. 2:6). Ons is geroep tot 'n heilige lewe in Christus.

Hierdie hoë standaard van heiligheid kan slegs bereik word indien ons nader aan die geestelike middelpunt van ons lewe beweeg, naamlik Christus. Wat ons kennis van Jesus Christus betref, moet ons opgroei "tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering" (Ef. 4:13-14).

Die vraag is dus: "Is ons nog klein kindertjies in Christus wat Hom met onvaste treë volg, wat deur ander gevoed en gedra moet word, en wat geen insig in die dieper dinge van die Woord het nie?" Indien wel, dan sal ons maklike slagoffers vir misleiding deur die sielevyand wees. Benewens die feit dat ons nie aan die hoë roeping van God in Christus Jesus sal voldoen nie, sal ons weens ons gebrek aan insig ook baie skade aan die saak van die Here aanrig. Ons

kennis en oordeelsvermoë sal so swak wees dat ons aan niemand goeie raad sal kan gee nie. Die oplossing hiervoor is om meer volkome aan die beeld van Christus gelykvormig te word en deur sy Gees in die hele waarheid gelei te word. Volg Johannes die Doper se raad met betrekking tot die Here Jesus: " Hy moet meer word, maar ek minder" (Joh. 3:30).

## 10. Die toonbeeld van goddelike liefde

Jesus Christus is self die toonbeeld en verpersoonliking van goddelike *agape* liefde. As ons met onverdeelde harte op Hom ingestel is, dan verwag Hy eerstens van ons om Hom en sy Vader bo alles en almal lief te hê, om tweedens 'n liefde vir ons broeders in Christus te hê, en derdens 'n liefde en deernis vir 'n verloregaande wêreld te hê. Die gebod van die liefde is die enigste gebod van die Nuwe Testament, daarom het ons nie meer die Ou Testamentiese wet nodig nie – God se liefde voldoen aan al die eise daarvan (Rom. 13:8-10).

Ons moet 'n duidelike keuse maak om deur God se liefde gevul en gelei te word, want ons kan nie die wêreld én vir God liefhê nie (1 Joh. 2:15-17). Ons moet ook leer om volmaak te word in die liefde en daarin te volhard. Johannes sê: "Elkeen wat [die Here se] Woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword" (1 Joh. 2:5).

Dit is ongelukkig ook moontlik om te veragter in die genade indien ons Christus en sy liefde vir ons nie ernstig opneem nie. Baie mense stagneer geestelik en keer weer na menslike en wêreldse liefdes terug, en dit sluit 'n voorliefde vir kerke met lae geestelike standaarde in. Vir sulke mense sê die Here Jesus: "Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie" (Op. 2:4-5).

Suiwer, goddelike liefde wat in die eerste plek ingestel is op die diepe nood en geestelike behoeftes van ander, is wat die Here Jesus uitdruklik as die oplossing vir die geestelike nood van die wêreld verkondig. Die dinamika van hierdie liefde moet die aard van ons besluite, dade en menseverhoudings bepaal. Slegs dan sal Jesus Christus die middelpunt van ons lewe wees.

## 11. Die Heilige wat ons deur sy Gees lei

Die Here Jesus is die enigste rolmodel vir ons lewe. Ons word geroep om volkome met Christus te identifiseer en soos Hy te word: "Beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie" (Rom. 13:14). Dit beteken dat Christus in ons gestalte moet verkry (Gal. 4:19). Hoe gebeur dit? Deur die vervulling met die Heilige Gees word ons met 'n nuwe natuur beklee "wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid" (Ef. 4:24). 'n Voorvereiste hiervoor is dat ons, "wat die vorige lewenswandel betref, die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan en dat [ons] vernuwe moet word in die gees van [ons] gemoed" (Ef. 4:22-23). Deur vereenselwiging met die kruis van Christus moet die ou natuur afgesterf word omdat dit 'n struikelblok in die weg van geestelike vernuwing is (Luk. 9:23; Gal. 5:17; 6:14).

Christus het die Heilige Gees uitgestort om ons in die hele waarheid te lei, ons met krag te beklee, en ons te herinner aan alles wat Hy ons beveel het (Joh. 14:26; 16:13-14; Hand. 1:8). As ons deur die Gees wandel, sal die heilige natuur van Christus in ons gesien kan word. Dit is die enigste manier waarop ons die lieflike geur van Jesus Christus oral sal kan versprei (2 Kor. 2:14).

Ons moenie voorspraak maak vir 'n bepaalde kerk of godsdienstige siening nie, want dan maak ons van 'n bysaak 'n hoofsaak. Ons moet getuies vir Jesus Christus wees, en nie propagandiste vir die doop, die wet, talespreek of watter ander gebruik ook al nie. Indien ons met mense in gesprek tree, hoef hulle nie eers te weet aan watter kerk ons behoort nie – dit is indien ons hoegenaamd aan 'n denominasie behoort. Baie mense dien die Here Jesus op 'n baie meer informele wyse by hulle huise en in hulle omgang met ander mense. Hulle lees goeie boeke en kry ook bruikbare inligtingsmateriaal op die internet, hoewel goed ontwikkelde onderskeidingsvermoë nodig is om die leerstellige suiwerheid van inligting te kan bepaal.

Almal van ons moet groot erns daarmee maak om in die genade en kennis van Christus toe te neem (2 Pet. 3:18), want sonder goeie geestelike insig sal ons nie die vermoë hê om dwalings te kan raaksien en weerstaan nie. Ons kan nie net alles aanvaar wat oor ons pad kom nie, want nie alle standpunte voldoen aan die eise van ’n evangeliese leerstelling nie. Of ons onsself binne of buite ’n denominasie bevind, daar sal altyd dwalings wees waarmee ons in aanraking kom, en wat ons sal moet weerlê. Dwalings raak natuurlik meer rigied gevestig wanneer hulle as deel van ’n kerklike leerstelling aanvaar word. In daardie geval moet ’n mens jou van ’n kerk distansieer om van die invloed van ’n sekere dwaling af weg te kom.

As ons Christus werklik goed ken, en Hy is die middelpunt van ons lewe, dan het ons ’n duidelike begrip van geestelike en morele waarhede en sal gevolglik nie maklik mislei kan word nie. Ons moet in ons prediking en getuienis na buite meer op Jesus Christus as op dwalings konsentreer. Voordat mense Hom nie baie goed ken nie, sal hulle nie maklik kan insien dat hulle verkeerd is nie. Wanneer hulle Hom wél ken en dien, sal hulle ’n betroubare verwysingsraamwerk oor geestelike sake hê. Die Heilige Gees wil ons in Christus se voetspore lei en ’n oortuiging in ons harte skep oor wat reg en verkeerd is.

## 12. Die Oorwinnaar oor bose magte

Die Here Jesus is die groot Oorwinnaar oor al die magte van die vyand. Deur sy kruisdood het Hy die mag wat Satan oor mense gehad het, verbreek (Heb. 2:14). Hy het “die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer” (Kol. 2:15). Deur geloof in Hom kan ons ook meer as oorwinnaars wees (Rom. 8:37).

Hierdie oorwinning is egter net vir diegene wat waarlik aan Christus behoort en ook deur sy Heilige Gees toegerus is met krag uit die hoogte (Luk. 24:49). Wat die ongeredde wêreld betref wat deur die bewandelaars van die breë pad verteenwoordig word, is Satan nog steeds ’n maghebber. Die Bybel noem hom die owerste en god van die gevalle wêreld (Joh. 14:30; 2 Kor. 4:4; Ef. 2:2; 1 Joh. 5:19). Hy en sy demone is die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu (Ef. 6:12), en hulle heerskappy oor die sondige wêreld sal eers tydens Christus se wederkoms verbreek word (Op. 19:19-20; 20:1-3).

Ons is dus geestelik gesproke in ’n operasionele gebied waarin ons die volle wapenrusting van God moet aantrek sodat ons staande kan bly teen die liste van die duiwel (Ef. 6:10-11). Die Here bied aan ons geestelike wapens vir hierdie stryd: “Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot gehoorsaamheid aan Christus” (2 Kor. 10:3-5).

Elke vesting van Satan in ons lewe – dit is sonde waardeur ons gebind word – moet verbreek word, asook al die bose planne wat die sielevyand aan ons gee om ook geheime sondes soos bedrog en owerspel te pleeg. Skanse teen die Woord van God – dit is die onbybelse regverdiging om sonde te doen – moet ook afgebreek word, terwyl alle sondige gedagtes en motiewe gevange geneem en deur gehoorsaamheid aan Christus vervang moet word. Ons moet veral in ons gedagtewêreld getrou aan Christus bly en op sy heiligheid ingestel wees.

Deur ’n sterk geloof moet ons leer om te oorwin en nie voor versoekings en aanslae te swig nie. Wees sterk in die Here en moenie die knie voor Baäl buig nie. As ons oorwin, sal ons eendag saam met Christus in sy koninkryk regeer. Hy sê: “Aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee” (Op. 2:26).

## 13. Die Hoof van die gemeente

Om van Christus se sleutelrol in ons lewe bewus te wees, behels ook erkenning van sy posisie as Hoof van die gemeente: “Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees” (Kol. 1:18; vgl. Ef. 1:22). Alle weergebore Christene is lede van die liggaam van Christus en Hy is die Hoof van ons almal. Waar groepe Christene op verskillende plekke saamkom om plaaslike gemeentes te vorm, is Christus ook die Hoof van elke gemeente.

Ouderlinge, ook predikers of lerende ouderlinge, is veronderstel om onder die hoofskap en leiding van Christus te funksioneer. Hulle moet versigtig wees om nie verhewe titels of status te eis en sodoende inbreuk op Christus se hoofskap te maak nie. Petrus sê: “Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, ... nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde. En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang” (1 Pet. 5:2-4). Christus het die oorhoofse gesag, daarom moet alle herders deur die Heilige Gees sy leiding soek en uitvoering daaraan gee.

Paulus waarsku ernstig teen arrogante herders wat hulle eie koppe volg, dwalings verkondig, en daardeur wanorde in gemeentes skep (Hand. 20:28-30). Hy beskryf hulle as wrede wolwe wat die kudde van God mislei. Dit gebeur natuurlik omdat baie van die lidmate navolgers van mense is, eerder as van Jesus Christus wat hulle Hoof en Leidsman behoort te wees.

Wanneer ons as gelowiges saam die Here dien, moet dit met ’n sterk bewussyn van Christus se hoofskap en leiding gepaard gaan. Ons moet oppas om nie so domineebewus en kerkbewus te raak dat die Here Jesus in die proses op die agtergrond geskuif word nie, want dan is ons met die strukture, leerstellings en gebooie van mense besig. Indien die leraar egter ’n onbesproke lewe lei en die Woord van die Here suiwer verkondig, kan ons sy leiding aanvaar omdat Christus deur hom praat. Paulus het gesê: “Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is” (1 Kor. 11:1). Dit is egter nie die geval met alle geestelike leiers nie, daarom moet ons seker maak dat ons nie ’n onbetroubare “hoof” oor ons lewe erken en navolg nie.

Dit was in Israel ’n algemene gebruik om godsdienstige strukture te skep en leringe te vestig waarin daar geen plek vir die Here Jesus en sy evangelieboodskap was nie. Hy het die godsdiensleiers erg verkwalik omdat hulle God weerstaan: “Tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. ... Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou. ... So maak julle dan die woord van God kragteloos deur julle oorlewering wat julle bewaar het” (Mark. 7:7-13).

In ons tyd vind dieselfde misleiding plaas: valse geestelike fondamente word aan mense gebied waarin doop en kerklidmaatskap as genoegsaam vir redding beskou word, terwyl die eis van bekering en wedergeboorte meesal verswyg word. Christus se maagdelike geboorte, sy godheid en opstanding uit die dood, asook die onfeilbaarheid van sy Woord, word ook nie meer algemeen verkondig nie. Dit is duidelik dat Jesus Christus nie die Hoof van sulke gemeentes is nie, hoewel hulle nominaal ’n Christelike tradisie mag bely. Hierdie mense eer die Here Jesus net met hulle lippe, maar hulle harte is ver van Hom af (Matt. 15:8).

Lei jy jou lewe onder die direkte hoofskap van Christus, wat jou deur sy Woord en sy Heilige Gees in die hele waarheid wil lei? Gaan jy onder diegene uit wat valse leringe verkondig en net ’n gedaante van godsaligheid het? (2 Tim. 3:5). As jy dit nie doen nie, is jou oog nie meer regtig op Christus gevestig nie en is Hy nie waarlik die middelpunt van jou lewe en Christelike ervaring nie. Indien jy met ’n mensgemaakte teologiese stroom afdryf, raak jy noodwendig van die Bron van alle waarheid én die ewige lewe vervreem. Dan sal jy geestelik wegkwyn en geen krag vir weerbaarheid teen die vyand se aanslae en sy valse leerstellings hê nie. Daar sal nie voor Christus se regterstoel in die eerste instansie gekyk word of jy ’n getroue kerklidmaat was nie, maar of jy ’n getroue volgeling van Jesus Christus was – dit is al wat werklik saakmaak!

## 14. Die Bruidegom wat ons kom haal

Ons verbondenheid met Jesus Christus as lede van sy bruidsgemeente dra grootliks daartoe by om meer inhoud aan die geestelike en emosionele band tussen ons en Hom te verleen. Dit versterk ons verlange om Hom te sien, by die bruilof van die Lam met Hom verenig te word en dan vir altyd in sy teenwoordigheid te lewe. Hierdie verhouding is ’n baie sterk motivering vir heiligmaking, want ons moet voorberei word om op daardie dag vlekkeloos en onberispelik voor Hom te verskyn. Hy stel nie onredelike eise aan ons nie en het dit vir alle gelowiges moontlik gemaak om hierdie vlak van heiligmaking te kan bereik (Ef. 5:25-27; vgl. 1 Thess. 5:23-24).

Dit is ’n absoluut inspirerende gedagte dat ons só intiem verbonde kan wees aan Hom wat die Skepper is van die wêreld, die Middelpunt van die heelal en die Koning in God se ewige koninkryk, en dat Hy sy heerlikheid met ons wil deel. Nadat die “bruid” van Christus met Hom verenig is (2 Kor. 11:2), word sy die “vrou” van die Lam genoem wat by die bruilofsmaal aan sy sy sal staan (Op. 19:7). Ons sal saam met Hom verheerlik word (Kol. 3:4), mede-erfgename van sy koninkryk wees (Rom. 8:17), en saam met Hom regeer (Op. 20:6). Wanneer Hy ons met sy wederkoms kom haal, sal ons vir altyd in sy teenwoordigheid lewe: “[E]n so sal ons altyd by die Here wees” (1 Thess. 4:17).

## 15. Die lig van die wêreld

Die Here Jesus het gesê: “Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê” (Joh. 8:12). As ons van Hom bewus is, moet ons voortdurend daarna streef om in die lig van sy teenwoordigheid te wandel. Die meeste mense kom egter nie naby Christus nie, want hulle leef in sonde en het die duisternis liewer as die lig (Joh. 3:19). Ons wat kinders van die lig is, moet geen gemeenskap hê met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar dit liewer bestraf (Ef. 5:11).

Met die oog op sy hemelvaart het die Here Jesus vir sy dissipels gesê: “Julle is die lig van die wêreld” (Matt. 5:14). Tydens sy fisiese afwesigheid is dit ons taak om steeds in die lig te wandel en sy lig in die wêreld uit te leef deur ons lewenswyse en ons getuienis. Om voortdurend van Jesus Christus as die middelpunt en hoofdoel van ons lewe bewus te wees, vereis dat ons Hom getrou sal navolg en nie skewe en krom paaie sal bewandel wat van die waarheid afwyk nie. Ons moet vrymoedigheid hê om ons lig oral te laat skyn sodat die evangelie van Christus se reddende genade die verlore mensdom kan bereik.

## 16. Die Blink Môrester

Christus self is ons hoop en waarborg op ’n wonderlike toekoms saam met Hom in die hemel. Hy het gesê: “Kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees. ... Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester” (Op. 22:12, 16). Hy is die oorsprong en God van Dawid, maar in sy hoedanigheid as mens ook die afstammeling of seun van Dawid. Hy sal stil soos die môrester kom om sy dissipels weg te neem, hulle die tyd van oordele op aarde te laat ontvlug, en hulle erfgename van sy hemelse koninkryk te maak.

Die môrester verskyn in die laaste nagwaak, wanneer die nag op sy koudste en donkerste is. Die boodskap van hierdie ster se verskyning is dat die nag weldra verby sal wees en dat daar weer ’n helder nuwe dag sal aanbreek (Rom. 13:12). Die kerkbedeling word as ’n donker tydperk beskryf, daarom het Christene die opdrag om die lig van ’n donker wêreld te wees (Matt. 5:14-16; Luk. 12:35). Wanneer hierdie nag ver gevorder het en dit amper dag is, sal die Blink Môrester bokant ’n donker horison verskyn om in die geheim, ongesiens deur die wêreld, sy bruidsgemeente te kom haal (1 Thess. 4:16-17). In die hemel sal die weggevoerde Christene verheerlik en vir hulle arbeid in die Here beloon word.

Wanneer hulle weg is, sal daar ’n relatief kort maar intense donker tyd op aarde aanbreek, wat die sewe jaar lange verdrukking onder die bewind van die draak (Satan), die dier (die Antichris) en die valse profeet sal wees (2 Thess. 2:3-12; Op. 13:1-18). Die Antichris se teëhouer – die ware kerk as ’n tempel van die Heilige Gees – sal dan weg wees, en daarmee saam ook die lig van die wêreld. Ná die sewe jaar van verdrukking sal die Here Jesus soos die Son van Geregtigheid kom en elke oog sal Hom sien. Die nag van geestelike duisternis en sonde sal dan verby wees en Christus se duisendjarige vrederyk in al sy heerlikheid gevestig word.

Min mense sien die môrester omdat hulle dan nog slaap. As ons geestelik waaksaam is, sal ons Christus as die Môrester nie net sien kom nie, maar ook dadelik saam met Hom vertrek na die woning wat Hy in die hemel vir ons gaan voorberei het (Joh. 14:2-3). Ons moet seker maak dat ons Christusgerig leef en ’n brandende lamp het. Ons is kinders van die lig en moet waak dat ons nie deur die duisternis rondom ons beïnvloed of afgetrek word nie.

## 17. Die Voorspraak

Terwyl die Here Jesus in die hemel is en by die Vader se troon vir ons intree, doen Hy ook as ons Advokaat vir ons voorspraak wanneer Satan ons by God se troon aankla. Die duiwel is "die aanklaer van ons broeders, ... wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag" (Op. 12:10). Wanneer Satan ons aankla, kom Christus tot ons verdediging op grond van die feit dat Hy reeds die straf vir ons oortredings betaal het. Johannes sê: "My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is 'n versoening vir ons sondes" (1 Joh. 2:1-2). Op grond van sy vertoë word die duiwel se aanklagte nietig verklaar en verwerp.

Om dit egter vir Christus moontlik te maak om tot ons hulp te kom, moet ons nie in moedswillige sondes bly voortleef nie, want dan leef ons nie onder die versoening nie. Wanneer die Heilige Gees ons van sonde oortuig, moet ons dit dadelik bely en laat staan, dan sal ons van alle ongeregtigheid gereinig word (1 Joh. 1:9; Spr. 28:13), en sal Satan se hernude aanspraak op ons lewe, of ten minste 'n deel daarvan, verwerp word.

Dit is wonderlik om te weet dat ons daagliks van die feit bewus kan wees dat die Here Jesus in die hemel vir ons bid en ook by sy Vader se troon as Advokaat vir ons optree. Sy genadetroon is voortdurend vir ons oop (Heb. 10:19-22), en dit help ons om in die regte verhouding met Hom te bly: "Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word" (Heb. 4:16).

Jesus Christus moet elke dag 'n lewende werklikheid in ons lewe wees – nie net ter wille van vergifnis en voortgesette reiniging deur sy bloed nie, maar ook ter wille van geestelike groei en die verkryging van goddelike wysheid sodat ons die regte besluite in die lewe kan neem. Ons is ook elke dag eer aan sy Naam verskuldig vir dit wat Hy vir ons gedoen het.

## 18. Die hoogste gesag in die heelal

Ons moet ten alle tye onthou dat die Drie-enige God die oppergesag in die heelal het, al lyk dit nie so as ons na die wêreld rondom ons kyk nie. "Waarom al die chaos en wanorde?" vra baie mense. God het soewerein besluit om aan engele én mense 'n vrye wil te gee omdat Hy wil verseker dat ons Hom vrywillig en ongedwonge liefhet. Ons is nie manipuleerbare robotte nie, maar geestelike, verstandelike en emosionele wesens met 'n innerlike oortuiging van reg en verkeerd, en ten alle tye vry om ten goede óf ten kwade besluite oor ons lewe en ons verhoudings te neem.

Lucifer het in die hemel toegelaat dat hoogmoed en magsug hom oormeester, en hy het daarin geslaag om 'n derde van die engele aan te hits en te mislei om saam met hom teen die oppergesag van God te rebelleer. Dit het gelei tot hulle uitwerping uit die hemel en die ontstaan van die koninkryk van die duisternis. Hy het ook daarin geslaag om die meeste mense te mislei om hulle lewens buitekant die wil van die liefdevolle, Drie-enige God te lei. Die menslike en demoniese faktore, en veral die wisselwerking tussen hierdie twee magte, verklaar die bose toestand waarin die wêreld is.

Sedert die sondeval in die Tuin van Eden en tot vandag toe is daar 'n stryd aan die gang tussen God se koninkryk van die lig en Satan se koninkryk van die duisternis. Mense wat gered word, kom uit die duisternis van sonde oor tot die wonderbare lig van God se koninkryk. Omdat die oorgrote meerderheid van alle mense egter nie hierdie oorgang gemaak het nie, is die wêreld steeds in 'n toestand van rebellie teen God en is dit dikwels moeilik vir Christene om hier te oorleef. Ons moet daagliks vir die ingryping en bewaring van God bid sodat ons in hierdie donker, sondige wêreld staande kan bly en versoekings en ongeregtigheid kan oorwin (Matt. 6:13; Joh. 17:15; 2 Thess. 3:3; Jud. 1:24).

Daar gaan egter spoedig 'n tyd van groot oordele aanbreek, wanneer God die bose mensdom soos in die tyd van Noag en Lot gaan oordeel omdat hulle sy reddende genade versmaai het. Jesus Christus sal as die Koning van die konings terugkeer en die magsbasis van die vyand

op aarde vernietig. Dan sal die kennis van die Here die aarde oordek soos die waters die seebodem (Jes. 11:9).

Ons moet in ’n geestelik vyandige wêreld leef soos mense wat in die Almagtige God glo, wat die beginsels en reëls van sy koninkryk eerbiedig, en wat geen plek aan die duiwel gee nie. Die stryd teen bose magte sal egter voortduur totdat die komende Koning die magbasis van die vyand vernietig het.

Die Koning in God se koninkryk is Jesus Christus. In Daniël 2 word die wêreldkoninkryke as ’n groot beeld beskryf wat in die eindtyd deur die koms van die Messias vernietig gaan word. Sy koninkryk word as ’n rots beskryf wat die beeld sal verbrysel en daarna só groot sal word dat dit die hele aarde vul (Dan. 2:31-35). Daniël verduidelik hierdie goddelike ingryping só: “In die dae van dié konings sal die God van die hemel ’n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar ’n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan” (Dan. 2:44).

Dit is presies wat tydens die wederkoms van Jesus Christus gaan gebeur: “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid” (Op. 11:15). Op die dag van Jesus Christus se wederkoms sal Hy eers die vyandige nasies oordeel voordat Hy sy koninkryk op aarde vestig:

“Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was ’n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. En sy oë was soos ’n vuurvlam, en op sy hoof was baie krone ... . En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde ... . En uit sy mond gaan daar ’n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met ’n ysterstaf regeer ... . En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here” (Op. 19:11-16).

Dit is die Koning wat ons uit die hemel verwag, en ons moet aan Hom getrou bly terwyl Hy talm om te kom.

### 19. Die Regter van alle mense

Omdat God die oppergesag in die heelal het, kan Hy alle mense vir hulle dade en lewenswyse aanspreeklik hou. Dit geld sowel die gelowiges as die ongelowiges. Die opgewekte gelowiges sal voor die regterstoel van Christus verskyn om genadeloon vir hulle werke ná bekering te ontvang. Petrus sê: “Die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God” (1 Pet. 4:17).

Hierdie geleentheid sal nie ’n véroordeling wees nie, maar ’n béoordeling. Almal wat voor die regterstoel verskyn, sal uit genade gered wees, sonder enige verdienste aan hulle kant. Hulle lewens as dissipels sal in oënskou geneem word, spesifiek na aanleiding van die manier waarop hulle die opdragte van die Here Jesus uitgevoer het.

Omdat alle Christene ’n opdrag het om met die Heilige Gees vervul te word en in die hele wêreld getuies vir Christus te wees, sal hulle arbeid geëvalueer en die godsvrug wat daardeur opgelewer is, beloon word (2 Kor. 5:10). “So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee” (Rom. 14:12).

In die gelykenis van die ponde word daarop gewys dat elke dissipel van die Here Jesus ’n goddelike werksvermoë het (Luk. 19:12-26). Die geskenk van die pond dui op die vervulling met die Heilige Gees, waardeur elkeen van ons bemagtig word om vir die Here te kan werk, ongeag op watter wyse. By die regterstoel sal bepaal word of ons hoogs getroue, minder getroue, of dalk lui en ontroue dissipels was. Dit sal aanleiding gee tot meer loon, minder loon, of geen loon nie (Luk. 19:16-26). Ons moet gedurig leef met die wete dat die liefdevolle Verlosser wat ons siele uit genade gered en ons by die uitbreiding van sy koninkryk op aarde betrek het, ook ’n regverdige Regter is wat rekenskap van sy diensknegte gaan eis.

Die goddeloses moet met vrees en bewing van die regterlike funksie van die Here Jesus

kennis neem, want hulle gaan nie slegs béoordeel nie, maar voor die groot wit troon véroordeel word omdat hulle sy aanbod van vergifnis en redding verwerp het (Op. 20:11-15). Petrus sê: “En as [die oordeel] eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is? En as die regverdige nouliks gered word, waar sal die goddelose en die sondaar verskyn?” (1 Pet. 4:17-18).

God het gesê dat alle mense – in hulle eie belang én ook tot die eer van sy Naam – tot bekering moet kom. Indien hulle dit nie doen nie, sal Christus wat vir hulle sonde gesterf het, die Regter wees wat hulle sal oordeel (Hand. 17:30-31).

Die Lam van God roep alle mense op tot bekering (Luk. 24:46-47) sodat Hy hulle van die toekomstige toorn oor sondaars kan verlos (1 Thess. 1:10). Indien hulle egter nie hierop reageer nie, wag daar vir hulle die oordeel wat oor alle onbekeerlike sondaars uitgespreek is: “Die loon van die sonde is die dood” (Rom. 6:23). In die komende verdrukking, nog lank voordat sondaars in die poel van vuur sal aanland, sal hulle te midde van groot natuurrampe na die wankelende berge en rotse roep: “Val op ons en verberg ons vir die aangesig van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam; want die groot dag van sy toorn het gekom, en wie kan bestaan?” (Op. 6:16-17). Hulle sal baie goed weet dat die oordele uit die hemel kom en dat hulle skuldig staan teenoor God.

Bly in Christus en bewandel die reguit, smal paadjie, dan hoef jy nie te vrees vir dit wat sal kom nie: “En nou, my kinders, bly in Hom, sodat ons vrymoedigheid kan hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom weggaan by sy wederkoms nie” (1 Joh. 2:28). Vir die ware gelowiges sal daar ontvlugting wees uit die oordele wat kom. Die Here Jesus het self gesê: “Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan” (Luk. 21:36). Wanneer Christene die oordele ontvlug het, kan hulle na genadeloon uitsien. Die Here Jesus sê: “Kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees” (Op. 22:12).

## 20. Die enigste Vredevors

Enige Christen behoort op vrede ingestel te wees, daarom moet ons ook aan die Here Jesus as die groot Vredevors dink. Hy bring in die eerste plek vrede in ons harte omdat Hy die enigste een is wat die konflik tussen sondige mense en ’n heilige God kan beëindig en ’n liefdes- en vertrouensverhouding in die plek daarvan vestig. Hy kan dit doen omdat Hy die straf vir alle mense se sonde op Hom geneem het en ook aan alle bekeerlinge ’n nuwe natuur gee wanneer hulle met God versoen word. Johannes sê: “Hy is ’n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s’n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld” (1 Joh. 2:2).

Paulus sê Jesus Christus is ons vrede, want Hy het die evangelie van vrede kom verkondig deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tussen ons en God tot niet gemaak het (Ef. 2:14-17). Hy het in ons harte deur die Heilige Gees ’n vrede uitgestort wat alle verstand te bowe gaan (Fil. 4:7). As gevolg hiervan kan ons ook na buite toe as vredemakers optree in ’n wêreld wat vol haat, vyandskap en tweedrag is.

Dit beteken egter nie dat ons in ’n gevaarlike, vyandige en sondige wêreld wat in die mag van die Bose lê, as pasifiste bekend moet wees wat teen alle vorms van dissipline, straf en gewapende konfrontasie gekant is nie. Indien ’n sagte antwoord nie die grimmigheid afkeer nie, sal harder metodes gebruik moet word. Ons moet steeds die sout van ’n bedorwe aarde wees en onsself teen sonde en ongeregtigheid uitspreek. Konflik met individue en groepe wat hulleself deur die koninkryk van die duisternis laat gebruik om ongeregtigheid te laat seëvier, is onvermydelik.

Wat hierdie aspek van ons bestaan betref, het die Here gesê: “Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard” (Matt. 10:34). Wanneer ’n persoon homself tot die Here Jesus bekeer, is dit moontlik dat selfs sy vriende en familielede sy vyande sal word. Dit is dan wanneer hy moet vas staan en kragtig stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is (Jud. 1:3). Dit is selfs nie onvanpas vir ’n Christen om in ’n oorlogsituasie die wapen in die verdediging van sy land op te

neem nie, solank dit defensiewe oorlogvoering is en nie onregverdigbare, offensiewe oorlogvoering nie.

Die oorlog waarby ons feitlik daagliks betrokke is, is ’n geestelike oorlog teen die koninkryk van Satan (Ef. 6:10-12; 2 Kor. 10:3-4). Daar kom egter ’n tyd wanneer hierdie oorlog beëindig sal word, en dit is tydens die wederkoms van Jesus Christus. By die slag van Armagéddon sal Hy nie net vyandige mense verdelg nie, maar ook die leiers van Satan se antichristelike nuwe wêreldorde, naamlik die Antichris en die valse profeet (Op. 19:19-21). Daarna sal die duiwel gebind word en sal sy werk van aanhitsing en verleiding vir ’n duisend jaar lank tot ’n einde kom (Op. 20:1-3).

Gedurende hierdie tyd sal Christus en sy heiliges oor die aarde regeer, en dit staan as sy duisendjarige vrederyk bekend (Op. 20:4-6; Jer. 3:17). Daar gaan dus ook ’n fisiese vrede op hierdie sondige en verdeelde wêreld neerdaal, maar nie voordat die stigters van onheil en die aanhitsers van geweld uit die weg geruim is nie. Dan sal die Here Jesus op die troon van Dawid uit Jerusalem oor die hele wêreld regeer (Luk. 1:32; Hand. 15:16-17). Sy regering sal wees “tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk” (Jes. 9:6).

Verwag jy hierdie vrederyk op aarde en verkondig jy die koms van die groot Vredevors wat nie net vrede tussen ons en God bewerk nie, maar ook alle mense in vrede sal laat saamleef?

## 21. Die Een wat alles nuut maak

’n Persoon wat onverdeeld op Jesus Christus ingestel is, is self ’n bewys van die vernuwende werk wat Hy besig is om te doen. Alle gelowiges is uit die duisternis geroep tot sy wonderbare lig (1 Pet. 2:9), daarom kan hulle getuig dat die ou dinge verbygegaan en alles nuut geword het. Hulle verwag nog groter en wonderliker dinge in die toekoms, daarom vergeet hulle die dinge wat agter lê en strek hulle uit na dit wat voorlê (Fil. 3:14).

Vir alle gelowiges wag daar ’n verheerlikte liggaam wat gelykvormig aan Christus se eie verheerlikte liggaam sal wees (Fil. 3:20-21). Dit is dus met groot verwagting dat ons na sy wederkoms uitsien: “Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees ... . Elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is” (1 Joh. 3:2-3).

In ons verheerlikte toestand wanneer die Here alles nuut maak, sal ons nie eers meer die sondes en ellende van die verlede kan onthou nie, daarom sal daar niks wees wat ons volmaakte geluk sal kan versteur nie. Die Here sê: “Ek skep nuwe hemele en ’n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie” (Jes. 65:17). Die Here sal self ook nie weer aan ons sonde dink wat Hy reeds vergewe het nie: “En aan hulle sondes en hulle ongeregtighede sal Ek nooit meer dink nie” (Heb. 10:17).

Sien jy uit na hierdie wonderlike vernuwing in ’n volmaakte nuwe liggaam wat nooit sal kan oud word, pyn verduur, of enige ervaring van droefheid kan hê nie? Johannes sê: “En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut” (Op. 21:4-5).

Daar sal ’n nuwe aarde en nuwe hemele wees, en ’n ewigheid van volmaaktheid wat op alle weergebore dissipels van Jesus Christus wag. Ons het alle rede om hoopvol te wees en na ’n wonderlike toekoms uit te sien. Ons kan nie eers al hierdie heerlikheid met ons beperkte verstand bedink nie, soos geskrywe is: “Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van die mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet” (1 Kor. 2:9).

Baie Christene het ongelukkig nie hierdie verwagting op die koms van Christus wat alles nuut gaan maak nie. Hulle wil ’n koninkryk hier en nou in die kerkbedeling hê, waarin hulle in weelde en rykdom kan leef en waaroor hulle self wil regeer. Hulle verhef hulleself, daarom is Christus nie waarlik die middelpunt en groot verwagting van hulle lewe nie. Hulle siening sal net regkom as hulle Christus beter leer ken en ’n eerlike studie van Bybelse profesieë doen.

Hulle sal ook moet leer: “God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade” (Jak. 4:6).

## 22. Die sentrale Persoon in Bybelse profesieë

’n Christusgesentreerde persoon sal Bybelse profesieë oor die eindtyd in hulle regstreekse verband met Jesus Christus vertolk en ook so aan ander verkondig. Johannes sê: “Die getuienis van Jesus is die gees van die profesie” (Op. 19:10). Alles wat in die toekoms met individue én volke gaan gebeur, sal die direkte gevolg van hulle verhouding met die Here Jesus wees. Sy vyande gaan geoordeel word, terwyl sy gelowige volgelinge mede-erfgename van sy koninkryk sal wees, waarin hulle loon sal ontvang en ook saam met Hom sal regeer.

Die breë weg en die smal weg sal elk sy finale bestemming bereik. Die meerderheid ongelowiges wat die Here Jesus verwerp het, kan ondenkbare en ewige oordele verwag, terwyl die minderheid gelowiges wat sy genade aanvaar het, onbeskryflike hemelse seëninge sal beërf wat vir altyd sal voortduur.

Daar is belangrike tekens wat vir ons aantoon dat die tyd van beloning en straf baie naby is. Onder hierdie tekens is die herstel van Israel en Jerusalem, stygende spanning in die Midde-Ooste, die toenemende voorkoms van ernstige natuurrampe, geestelike misleiding, asook ’n al hoe meer sigbaar wordende nuwe wêreldorde waardeur strukture geskep word vir die Antichris se wêreldregering, wêreldekonomie, en alliansie van valse wêreldgodsdienste.

Al hierdie dinge moet in hulle regstreekse verband met Jesus Christus verklaar word. Daar is ongelukkig baie Christelike bedienings wat boodskappe en artikels oor die eindtyd aanbied sonder om in enige besonderheid na Jesus Christus te verwys. Hulle skryf bv. net oor Israel, natuurrampe, die Antichris, valse profete en ander tekens van die tye sonder om na die bepalende rol te verwys van mense se verhouding of wanverhouding met Jesus Christus.

Die wêreld gaan per slot van rekening geoordeel word omdat hulle die Here Jesus verwerp het. Mense gaan die Antichris aanhang omdat hulle nie die ware Christus ken nie. Israel stuur op die tyd van benoudheid vir Jakob af omdat hulle steeds vir Jesus as Messias verwerp. Dit sal nie help om hierdie belangrike feit mis te kyk en dan net die Arabiere en ander volke verantwoordelik te hou vir Israel se tyd van benoudheid nie. Dit is sekondêre faktore wat juis voortspruit uit die feit dat hulle nie die beskerming geniet wat geloof in die Messias aan hulle sou bied nie.

Jode van die eerste eeu (en selfs tot vandag toe nog) het dieselfde fout gemaak, want hulle het die vernietiging van Jerusalem en die internasionale verstrooiing van Israel primêr aan die vyandigheid van die Romeinse Ryk toegeskryf, maar die Bybel sê duidelik dit het gebeur omdat hulle die Messias verwerp het. Die Here Jesus het gesê Jerusalem sou in ’n verwoeste toestand verval omdat die inwoners hulle godgegewe Messias-Koning verwerp het, en dat hierdie toestand van onstabiliteit sou voortduur totdat hulle eendag met Hom, as die Geseënde van die Here en die Heilige van Israel, versoen is (Matt. 23:37-39). By ’n ander geleentheid het Hy gesê dat daar in Jerusalem nie een klip op die ander gelaat sou word nie omdat hulle die gunstige tyd toe God hulle deur die Messias besoek het, nie opgemerk het nie (Luk. 19:41-44). Hulle is dus vir hulle eie ondergang verantwoordelik.

Dieselfde beginsel geld vandag nog: die Here maak die Jode in Israel en Jerusalem bymekaar om ’n vuur van groot loutering teen hulle aan te blaas, sodat ’n oorblyfsel van die volk tot besinning kan kom om gered te word (Eseg. 22:18-22; Sag. 12:2-3; 14:2; Jer. 30:7). Daar sal egter nie vir hulle vrede aanbreek voordat die Messias terugkom en die hele volk met Hom versoen is nie. Paulus sê: “En so sal die hele Israel gered word ... . Die Verlosser sal uit Sion kom en sal die goddelooshede van Jakob afwend” (Rom. 11:26). “Hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die Here, want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie. ... Daar kom dae dat die stad [Jerusalem] vir die Here herbou sal word, ... dit sal nie weer uitgeruk of verwoes word in ewigheid nie” (Jer. 31:34-40).

Wanneer die Jode ná hulle nasionale versoening met die Messias ’n Christenvolk sal wees, sal hulle hoog aangeskrewe wees in die hele wêreld: “So sê die Here van die leërskare: In dié

dae sal tien man uit al die tale van die nasies die slip van ’n Joodse man gryp en dit vashou en sê: Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is” (Sag. 8:23). In daardie tyd sal Jerusalem verhef word tot ’n lof op aarde (Jes. 62:6-7), en dan sal vervul word wat die engel Gabriël voor Jesus se geboorte aan Maria gesê het: “Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee” (Luk. 1:32). Die troon van Dawid is nie in die hemel nie, maar in Jerusalem, en die Messias sal dit herstel wanneer Hy terugkom (Hand. 15:16-17).

Die Here Jesus is die middelpunt van die Bybel se profetiese scenario. Hy kom terug om sy bruidsgemeente te kom haal en na sy hemelse woning te neem (Joh. 14:2-3). Daarna gaan sy toorn tydens die sewe-jaar lange verdrukking oor die ongeredde nasies uitgestort word. Goddelike toorn sal tydens Christus se wederkoms sy hoogtepunt bereik wanneer die slag van Armagéddon in die Midde-Ooste sal plaasvind (Op. 19:19-21; Sag. 14:12-13).

Daarna sal die Here Jesus die oorblyfsel van Israel en die nasies red (Sag. 12:10; 14:16; Matt. 24:29-30), sy koninkryk op aarde openbaar (Jes. 2:2-4) en die opperheerser van al die koninkryke van die wêreld wees (Op. 11:15). Vrede sal oral op aarde heers en die nasies sal nie eers meer leer om oorlog te voer nie (Jes. 2:4). Die valse godsdienste sal almal uitgeroei word (Sag. 13:2) en al die volke sal Christenvolke wees en nie meer wandel na die verharding van hul bose harte nie (Jer. 3:17). Dit sluit ook die huidige Moslemlande in, waarin ’n oorblyfsel ná die oordele van die groot verdrukking gered sal word. Jesaja sê dat Egipte en Assirië (die huidige Sirië en Irak) die Messias net so heelhartig soos Israel sal dien en sy lof oral sal verkondig (Jes. 19:22-25).

Eindtydse profesieë gaan basies oor die openbaring van Jesus Christus se hemelse koninkryk. Dit behels ook sy vaste en sekere optrede van straf en oordeel teenoor die opponerende koninkryk van die duisternis wanneer Hy kom. Die Here Jesus sal uit die hemel geopenbaar word “in vuur en vlam, wanneer Hy wraak uitoefen op die wat God nie ken nie en op die wat aan die evangelie van ons Here Jesus Christus nie gehoorsaam is nie. Hulle sal as straf ondergaan ’n ewige verderf, weg van die aangesig van die Here” (2 Thess. 1:7-9).

Die werkers van ongeregtigheid sal weet dat Jesus Christus sy oordele oor ’n onbekeerlike wêreld uitstort (Op. 6:12-17), maar die oorgrote meerderheid sal hulle harte verhard en steeds weier om hulle te bekeer (Op. 9:20-21; 16:9). Christus bied egter nog steeds sy genade aan almal om gered te word. Diegene wat dit aanhoudend verwerp, sal die jammerlike gevolge van hulle rebelse houding moet dra (Heb. 10:31).

## 23. Die episentrum van die wêreld

’n Messiaanse Jood, Joel C. Rosenberg, het ’n boek geskryf met die titel *Epicenter* (2006). Hierin word die stygende spanning in die Midde-Ooste dramaties beskryf as ’n voorspel tot die groot oorlog van Eségiël 38 en 39. Die woord *episentrum* (Grieks: *epi-kentros*) beteken *in* of *op* ’n *middelpunt.* Joel Rosenberg gebruik hierdie begrip om aan te toon dat Israel die middelpunt van die aarde is, dat Jerusalem die middelpunt van Israel is, en dat die Tempelberg wat deel van die berg Sion is, die middelpunt van Jerusalem is. Aansienlike spanning is toenemend besig om in die episentrum van die wêreld op te bou. Aan die een kant van die stryd is daar Israel en die Christendom, en aan die ander kant die Moslems en hulle bondgenote. Vir al hierdie gelowe is Jerusalem ’n heilige plek:

Vir die Jode is Israel ’n godgegewe land (Gen. 13:14-15), met Jerusalem as die 3 000-jaar oue hoofstad daarvan. Die Here het hierdie stad verkies om sy Naam vir altyd daar te vestig (1 Kon. 9:3 en 11:36). Salomo het die eerste tempel op die Tempelberg gebou. Dit is deur Nebukadnésar verwoes en weer ná die Babiloniese ballingskap herbou, maar het later vervalle geraak. Herodes het die tweede tempel hier gebou, maar dit is in 70 na Christus deur die Romeine verwoes. Tans beplan ortodokse Jode om die derde tempel hier in die episentrum te bou, want dit mag nie op enige ander plek gebou word nie (2 Kron. 3:1; Esra 6:7).

Die Christene beskou Jerusalem as ’n heilige plek en die oorsprong van hulle geloof omdat

Jesus hier vir ons sonde gely het, gekruisig is en uit die dood opgestaan het. Die Heilige Gees is hier uitgestort en dit het na die formele begin van die Christelike kerk in Jerusalem gelei. Die Here Jesus het van Jerusalem af na die hemel opgevaar en kom met sy wederkoms weer na hierdie stad toe terug (Hand. 1:8-12; Sag. 14:4-5).

Vir die Moslems is Jerusalem die derde heiligste plek ná Mekka en Medina. Twee van hulle beroemde moskees staan op die Tempelberg, nl. die Rotskoepel en die Al Aksa-moskee. Hulle streef daarna om ’n Islamitiese wêreldstaat in die Midde-Ooste te vestig, met Jerusalem as hoofstad.

Die Tempelberg is inderdaad die episentrum, of geestelike hart, van Jerusalem, Israel en die hele wêreld, maar nie net in ’n Ou Testamentiese verband nie. ’n Belangrike perspektief wat Joel Rosenberg nie in sy boek bespreek nie, is die toekomsbeloftes oor ’n ten volle geopenbaarde, teokratiese regeringstelsel wat met die wederkoms van Jesus Christus in die wêreld se episentrum in Israel gevestig gaan word. Jerusalem sal in die Millennium die setel van ’n Messiaanse wêreldregering wees, en Christus sal van die herstelde troon van Dawid af regeer.

Dit is belangrik om te weet dat die bedeling van die wet in die Ou Testament net ’n skaduagtige voorbereiding vir die koms van die Messias was: “Want die wet, wat ’n skaduwee het van die toekomstige weldade ... kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gedurig gebring word, die wat toetree tot volmaaktheid lei nie ... want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem. ... Toe het Ek [die Messias] gesê: Kyk, Ek kom ... om u wil te doen, o God. ... Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal” (Heb. 10:1-4, 7, 10). Al die offers in die tempeldiens was tipologiese heenwysings na die eenmalige, volmaakte offer van die Lam van God wat die sonde van die hele wêreld wegneem (Joh. 1:29; Op. 5:9).

Enige poging om die episentrum te definieer as iets minder as die Messias, Jesus Christus, kom op afgodediens neer. As ons enigiets of enigiemand bo Hom liefhet, is ons Hom nie waardig nie. Ortodokse Jode is geneig om die Tempelberg slegs as die tuiste van die tempel te sien, wat hulle wil herbou sodat die Ou Testamentiese offerdiens hervat kan word. Hulle weier om te erken dat die diereoffers vervul en afgeskaf is deur die eenmalige offer van die Lam van God. Die wet en die tempeldiens is so lewensbelangrik vir hulle, dat hulle selfs vir ’n Messias wag wat hulle sal help om dit te herstel.

Wie is hierdie “Messias” wat hulle sal help om die Derde Tempel te bou, sodat die volk kan voortgaan om die eenmalige offer aan die kruis te verwerp? Hy is die bedrieër, of Antichris, wat die tempel sal ontheilig deur homself in die Allerheiligste tot God te verklaar en ook ’n beeld van homself in die tempel te plaas (Dan. 9:27; 2 Thess. 2:4; Op. 13:15). Hierdie grootste afgod in die ganse geskiedenis van Israel, sal verdelg word wanneer die ware Messias kom. Niemand anders nie as Emmánuel is die verlossing en episentrum van Israel en die wêreld.

Die groot deurbraak wat hierdie wonderlike nuwe bedeling moontlik sal maak, is die wederkoms van Israel se Messias-Koning, Jesus Christus, wat ook die Verlosser en Koning van die hele wêreld is. Hy sal sy troon in Jerusalem vestig, want hiervoor was Hy nog altyd bestem (Luk. 1:32). Jerusalem sal dan die vervulde episentrum van Israel én die wêreld wees. Die Messias sal daar wees en die stad sal tot ’n lof op aarde verhef word (Jes. 62:6-7). Alle nasies sal opgaan om die Here Jesus in die “stad van die groot Koning” te eer en te aanbid (Jes. 2:2-4; Ps. 48:3).

Ná die skepping van ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde sal die nuwe Jerusalem uit die hemel neerdaal op die nuwe aarde om die episentrum van die heelal te wees. Dit sal die tuiste van al die heiliges wees. God sal vir altyd by ons woon en sy heerlikheid sal tot by die eindes van die aarde skyn. Johannes beskryf die uitnemendheid van hierdie stad só: “En ’n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam. En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin” (Op. 21:22-24).

## 24. Die Voleinder van ons geloof

Vir diegene wat geestelik ontwaak het en in die geloof lewe, behoort die Here Jesus ’n groot werklikheid te wees: “Geloof is ’n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, ’n bewys van die dinge wat ons nie sien nie. ... Hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en ’n beloner is van die wat Hom soek” (Heb. 11:1, 6). Ons moet leef soos mense wat die Onsienlike sien (Heb. 11:27). Hoe doen ons dit? Terwyl ons in die kerkbedeling in ’n geestelik donker wêreld leef (Gal. 1:4), moet ons ag slaan op Bybelse waarhede en nooit die Here Jesus verloën nie (Op. 3:8). Ons moet deur die voorbeeld van ander geloofshelde geïnspireer word, nougeset sorg dat ons nie weer deur sonde verstrik raak nie, en vasberade op die einddoel van ons vereniging met Christus afstuur:

“Daarom dan, terwyl ons so ’n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof ... . Julle moet ag gee op Hom wat so ’n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie. Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie” (Heb. 12:1-4).

Jesus Christus moet die sentrale fokus en einddoel van ons lewens wees, daarom moet ons geloofsoë ten alle tye op Hom gevestig wees. Gedurende die dae van ons vreemdelingskap in ’n bose wêreld leef ons deur die geloof – nie deur aanskouing nie. Die Here Jesus is deur sy Gees in en by ons tot aan die voleinding van die wêreld (Matt. 28:20), maar liggaamlik is Hy nie hier nie. Hy moet egter so ’n vaste, geestelike werklikheid vir ons wees dat ons gedagtes bo in die hemel sal wees waar Hy altyd leef om vir ons in te tree (Kol. 3:1-2; Rom. 8:34; Heb. 7:25). Ons moet verlangend uitsien na die dag wanneer Hy ons kom haal, want dan sal ons Hom sien soos Hy is (1 Joh. 3:2).

Wanneer die Here Jesus sy bruidsgemeente kom haal, kom Hy “om verheerlik te word in sy heiliges en bewonder te word in almal wat glo” (2 Thess. 1:10). Ons sal Hom aansien en straal van vreugde (vgl. Ps. 34:6). Hy wat sedert ons redding so ’n groot geestelike werklikheid in ons lewe was, sal dan ’n sigbare werklikheid wees en ons sal sy heerlikheid in verwondering aanskou.

Die lydende Christus is ook die oorwinnende Christus wat bestem is om die wêreld te regeer. As ons ernstige volgelinge van Hom is, sal ons weet dat die pad na uiteindelike heerlikheid by die kruis begin. Slegs die volle verwesenliking van die doel van sy eerste koms kan ons laat kwalifiseer om by sy tweede koms erfgename van sy ewige hemelse koninkryk te wees en saam met Hom, as die Koning van die konings, te regeer.

## Die tragedie van ’n lewe buite Christus

In die lig van die unieke en lewensbelangrike rol van die Here Jesus as Verlosser, gaan die roepstem nog steeds met groot dringendheid uit na alle sondaars en vormgodsdienstiges op aarde: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee” (Matt. 11:28). Christus is die middelpunt van die heelal, en ons kan slegs sin en betekenis aan ons lewe gee, en terselfdertyd ware gemoedsrus beleef, indien Hy ook die middelpunt van ons eie lewe is. Die tragedie van ’n lewe buite Hom blyk uit die volgende omstandighede wat veroorsaak word deur vervreemding weg van Hom af:

- Die mens kan glad nie aan sy skeppingsdoel van gelykvormigheid aan die beeld van God voldoen as Christus nie sy verdorwe hart verander en aan hom ’n nuwe lewe gee nie. Sonder hierdie geestelike vernuwing is verlore mense op ’n eindelose en onvervulde soektog na ware geluk, na oplossings vir hulle probleme, en na oorwinning oor onversadigbare hartstogte en begeertes waardeur hulle oorheers word. Sonder die kruis van Christus sal die ou natuur met sy verkeerde neigings nie sterf nie. Mense se verdraaide, arrogante of swak selfbeeld sal ook nie regkom voordat hulle ten volle met Jesus Christus identifiseer nie. Net Hy kan ons verdorwe natuur wesenlik verander en ons daarna as Christene ook volkome maak sodat ons Hom onder alle omstandighede kan

dien.

- Sonder geloof in die Here Jesus as die Skepper van alle materie en lewe, kan mense nie die wêreld en heelal waarin hulle leef, verstaan nie. Omdat hulle nie ’n Bybelse skeppingsleer aanvaar nie, wend hulle hul tot die evolusieteorie wat ná meer as ’n eeu van spekulasie nog nie bewyse van transisionele spesies kon vind nie – spesies bly soortgebonde en die een ontwikkel beslis nie uit die ander nie. Omdat evolusioniste nie glo dat God hulle deur Jesus Christus geskape het nie, aanvaar hulle ook nie ’n morele verantwoordelikheid teenoor Hom oor hoe hulle moet lewe nie. As gevolg van hierdie agnostisisme verbeur hulle sy herskeppingswerk in hulle lewens en al die toekomstige wonders van ’n nuwe skepping wat Hy aan gelowiges belowe.
- Daar word nasionale tragedies deur volke geskep wat nie die oppergesag van God erken en Christelike grondwette aanvaar nie. Hulle verhef die verdorwe mens en verskans vele sondes in hulle humanistiese grondwette. Hulle voer ook ’n eindelose stryd teen korrupsie, omdat hulle die enigste grondslag vir ware moraliteit verwerp het, naamlik Jesus Christus en die nuwe lewe wat Hy aan ons bied. Hulle bewerk die ondergang van hulle volke: “Geregtigheid verhoog ’n volk, maar die sonde is ’n skandvlek vir die nasies” (Spr. 14:34). Die voormalige kommunistiese wêreld (wat nou nog in Sjina voortleef) het moreel en kultureel totaal in duie gestort omdat hulle die Drie-enige God verloën het, asook sy instellings vir gemeenskaps- en gesinslewe. Die Islamitiese wêreld verwerp ook die Drie-enige God en is besig om in die grootste verwarring te verval weens die godsdienstige regverdiging van geweld, asook die koorsagtige najaag van aardse rykdom. Die Westerse wêreld, wat homself vir ’n geruimne tyd as Christelik beskou het, het in onlangse jare die rug op Christus gedraai en ’n postmoderne of postchristelike fase betree. Dit het gelei tot die verwerping van Christelike grondwette ten gunste van sekulêre of multigodsdienstige grondwette. Hulle betaal reeds die prys hiervoor, naamlik wydverspreide morele verval, asook onbeheerde korrupsie, ernstige ekonomiese probleme, en ’n duur wapenwedloop weens die toenemende militêre konflikte waarby hulle betrokke raak. Hulle intervensie in lande soos Irak, Afghanistan en Libië kan nie uit ’n Bybelse oogpunt geregverdig word nie, want dit is nie Christelik van aard nie en kan gevolglik nie positiewe gevolge hê deur die Christelike beskawing te bevorder nie.
- Die tragedie van ’n lewe buite Christus is nêrens duideliker as in die geval van Israel nie – die volk waarin die Messias as mens gebore is (Rom. 9:5). Hy wou die inwoners van Jerusalem (die kern van die Joodse volk) rondom Hom versamel om die middelpunt van hulle bestaan te wees. Dit sou egter beteken het dat hulle Hom as hulle Messias-Koning moes aanvaar, maar hulle wou nie (Matt. 23:37). Die gevolg hiervan was die totale verwoesting van Jerusalem en die internasionale verstrooiing van Israel vir bykans tweeduisend jaar (Luk. 21:20-24). In hierdie tyd was ’n dooie, wettiese, vormgodsdiens die middelpunt van hulle bestaan. Israel het hierdie geestelike verblinding oor hulleself gebring omdat hulle nie die Messias as die enigste lig van die wêreld wou aanvaar nie (Rom. 11:25). Dit is wat ongeloof en die verwerping van Christus aan individue én volke kan doen. Ons word gewaarsku om nie dieselfde te doen nie. Israel is weens ongeloof van die olyfboom afgekap en ons is deur geloof in die boom ingeënt: “Deur ongeloof is hulle afgebreek, maar jy staan deur die geloof. Moenie hoogmoedig wees nie, maar vrees. Want as God die natuurlike takke nie gespaar het nie, sal Hy miskien jou ook nie spaar nie” (Rom. 11:20-21). Israel het slegs ’n toekoms indien hulle die Messias aanvaar en Hom die absolute middelpunt van hulle godsdienstige, kulturele én politieke lewe maak. Net ’n oorblyfsel Jode sal dit doen nadat die volk in die verdrukking byna uitgewis sal word (Sag. 12:10; 13:8-9).
- Dit is ook vir individuele Christene en selfs hele gemeentes moontlik om van hulle middelpunt af weg te beweeg en gevolglik geestelik te veragter in die genade. Dit het ewe tragiese gevolge. Die loot wat nie in die wynstok (Jesus Christus) bly en elke dag uit Hom leef nie, dra geen vrugte nie en verdroog mettertyd. Indien hierdie proses nie omgekeer word nie, kan die loot uiteindelik in die vuur beland (Joh. 15:4-6). Hierdie beginsel geld ook

vir gemeentes. Baie van hulle verlaat hulle eerste liefde en loop as gevolg daarvan gevaar om in geestelike duisternis te beland (Op. 2:4-5). Ons kan nie openhartig oor Jesus Christus praat as die Heilige Gees nie aan ons die nodige vrymoedigheid gee nie (1 Kor. 12:3). Praat jy baie óór Hom en ook mét Hom? Neem jy sy Woord ernstig en letterlik op? Onthou dat Hy die vleesgeworde Woord is (Joh. 1:14), en een van sy name is: "Die Woord van God" (Op. 19:13). In Hom is al die beloftes in die Woord ja en amen (2 Kor. 1:20). Dit sluit die belofte in oor sy geheime koms as Bruidegom (Matt. 25: 6; 1 Thess. 4:16-17), en ná die verdrukking sy openbare verskyning as Koning van die konings wanneer elke oog Hom sal sien (Op. 19:11-21).

### Hoe identifiseer jy met Christus?

Dit is verbasend hoe baie mense steeds van die Here Jesus af wegskram. Dit is duidelik dat die groot meerderheid mense wat nie in die regte verhouding met Hom is nie, baie ongemaklik oor Hom voel. Moontlik kla hulle eie gewete hulle aan oor hulle afsydigheid teenoor Hom. Dit kan die rede wees waarom hulle verkies om meesal van vae en onpersoonlike terme gebruik te maak wanneer hulle na die Here Jesus en sy hemelse Vader verwys.

Dit is algemeen dat mense net van 'n vaag geïdentifiseerde "God" of "Hoërhand" praat wat almal moet seën, sonder om uitdruklik aan te dui dat dit die Drie-enige God is: Vader, Seun en Heilige Gees. Wanneer hulle van die Here Jesus praat, verkies hulle om so formeel en onpersoonlik as moontlik net van sy ampsnaam "Christus" (die "Gesalfde") gebruik te maak, of slegs sy persoonsnaam "Jesus" uit die tyd voor sy kruisiging, hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees, toe dit nog nie eers onder sy dissipels algemeen bekend was dat Hy ook Here en God is nie. Soos vir baie van die skrifgeleerdes in die tyd van Jesus, is daar ook baie naamchristene van ons tyd vir wie die sogenaamde "historiese Jesus" net 'n gewone, sterflike mens en hoogstens 'n profeet was – nie die Seun van God nie. Vir hulle is Hy net "Jesus" en niks meer nie.

Ná die uitstorting van die Heilige Gees was dit onder Jesus se volgelinge algemeen bekend dat Hy ook Here en God is. Die apostels verwys dikwels na Hom as die "Here Jesus" en koppel daardeur sy persoonsnaam aan sy naam as Here of God. Dit skakel alle twyfel uit oor wie Hy werklik is.

'n Persoon so belangrik soos die Here Jesus moet op 'n konkrete, duidelike en eerbiedwaardige manier beskryf en aangespreek word. Hy is die begin en einde van alles, die middelpunt en onderhouer van God se skepping, en die bepaler van individue en volke se lotgevalle, nadat hulle self 'n vrye keuse tussen goed en kwaad gemaak het. Die geskiedenis van die mensdom, asook ons profetiese toekoms, kan nie sonder Hom verstaan of verklaar word nie. Dit is onbegryplik waarom daar so baie mense is wat die belangrike onderwerp van ons verhouding met Jesus Christus vermy.

Diegene wat wel met Jesus Christus identifiseer, moet baie seker maak dat hulle Hom nie net as deel van 'n algemene Christelike tradisie aanvaar en bely, sonder dat hulle 'n ontmoeting met Hom gehad het wat na wedergeboorte lei nie, want dit sal van hulle ongeredde naamchristene maak. Sulke mense is nominale gelowiges wat 'n skynheilige lewe lei en nie regtig die wil van die Here doen nie. Hulle sal tevergeefs eendag voor die groot wit troon op Christenskap aanspraak maak, en onder hulle sal ook ongeredde predikante en teoloë wees: "Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer ['gepreek' volgens die NAB] en in u Naam duiwels uitgedryf en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk" (Matt. 7:22-23).

Die persoonlike verhouding wat baie van die Here Jesus se ware dissipels met Hom handhaaf, laat dikwels ook veel te wense oor. Daar kom soms verwydering tussen hulle en Hom wanneer hulle begin afkoel in hulle geestelike lewe (vgl. Matt. 24:12). Sommige van hulle raak wêreldgesind en dien nie meer die Here van harte nie. As hulle so voortgaan, sal hulle dit baie moeilik vind om eendag voor die regterstoel van Christus rekenskap van hulle lewens te gee. Andere verval nog verder en verloor selfs hulle vroeëre liefde vir die Here Jesus. Hy roep

sulke gelowiges op tot bekering uit hulle afvallige toestand, anders loop hulle gevaar om hulle kandelaar (die Heilige Gees) heeltemal te verloor (Op. 2:4-5).

Bly in die Here Jesus, wandel deur die Gees, dra vrugte wat by die bekering pas, en berei jouself deur persoonlike heiligmaking voor om binnekort voor die hemelse Bruidegom te verskyn. Wie kan die heerlikheid beskryf van die ivoorpaleis waarin die bruilof van die Lam gehou gaan word? Sy bruid sal met hemelse prag beklee wees:

“U is veel skoner as die mensekinders; genade is uitgestort op u lippe; daarom het God U geseën vir ewig. ... God [het] U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle. Al u klere is mirre en alewee en kassie; uit ivoorpaleise maak snarespel U bly. Dogters van konings is onder u staatsdogters; die koningin staan aan u regterhand in goud van Ofir. ... Louter heerlikheid is die Koning se dogter daarbinne; van gouddraad is haar kleding. In veelkleurige gewade word sy na die Koning gelei; ... jonkvroue agter haar, haar vriendinne, word na U gebring. Hulle gaan in die Koning se paleis in” (Ps. 45:3-16).

Ons moet moed skep en volhard, want die einde gaan heerlik wees. In hierdie bedeling volg ons die lydende Christus wat deur die wêreld verwerp word, maar as ons bereid is om saam met Hom te ly, sal ons ook saam met Hom verheerlik word (Rom. 8:17; 2 Tim. 2:12).

Almal van ons het nodig om meer van die Here Jesus te maak en Hom absoluut in die middelpunt van ons denke en lewe te plaas, ook van ons ideale en toekomsverwagting. Die goddeloses moet weet dat hulle verwerping van Hom na ongekende oordele gaan lei. Christene moet ook nie oorgerus wees nie, want baie van hulle het Jesus Christus en sy koninkryk tot hulle eie nadeel gemarginaliseer en deur ander doelstellings vervang. Sulke gelowiges stuur af op ’n situasie waarin hulle geen krone sal hê om voor die voete van die Here Jesus te lê uit dankbaarheid en erkenning vir dit wat Hy vir hulle gedoen het nie (Op. 4:10).

Diegene wat genadiglik in staat sal wees om Jesus Christus op hierdie manier te eer, sal ten volle daarvan bewus wees dat Hy die Skepper en Middelpunt van die heelal is, van wie alle seëninge kom. Hulle sal in aanbidding getuig: “U is waardig, o Here, om te ontvang die heerlikheid en die eer en die krag, want U het alles geskape en deur u wil bestaan hulle en is hulle geskape” (Op. 4:11)

Die tyd van beloning en afrekening is baie naby: “U toorn het gekom en die tyd van die dode om geoordeel te word en om die loon te gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees, klein en groot, en om die verderwers van die aarde te verderf” (Op. 11:18). In hierdie tyd sal Jesus Christus groot mag aanneem en as koning heers (Op. 11:15-17). Elkeen van ons het ’n keuse om die Here Jesus as Verlosser aan te neem en by sy raadsplan vir die mensdom in te skakel, of om onsself by sy teëstanders te skaar oor wie sy toorn uitgestort gaan word.

Ons sal ’n duidelike keuse oor ons huidige lewe én ons eindbestemming moet maak, want daar is geen middeweg tussen die smal pad en die breë pad nie. Jesus Christus is self die smal pad hemel toe – Hy is die nou poort deur wie ons moet ingaan om op die regte pad te kom (Joh. 10:9). Dit vereis ’n eerlike belydenis en versaking van sondes as ons deur die nou poort wil ingaan: “Stry hard om in te gaan deur die nou poort, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan en sal nie in staat wees nie” (Luk. 13:24). Die Here Jesus maak nie kompromie met sonde nie en vereis dat ons geheel en al moet breek met ons verlede. Hy is ons Verlossing (deurgang deur die nou poort) en ook ons Heiligmaking (die toegewyde bewandeling van die smal pad).

Op die breë pad is dié wat deur die valse Jesus (die Antichris) en sy vader, Lucifer, mislei is om na ander maniere van geestelike vervulling te soek – ook na ’n ander verlosser. Al hierdie dwaalweë is deel van die breë pad hel toe, en is besig om in ’n multigodsdienstige alliansie van valse wêreldgodsdienste bymekaar aan te sluit. Die tyd is min om op die regte pad te kom deur gehoor te gee aan Christus se roepstem om gered te word (Matt. 11:28). Die groot doel waarvoor Hy mens geword en ’n plaasvervangende dood aan die kruis gesterf het, was om ’n

verlore mensdom te red en hulle op die enigste ware pad hemel toe te plaas (Luk. 19:10).

Wat ook al jou keuse in verband met Jesus Christus en sy evangelie van verlossing, die feit bly staan dat Hy die absolute middelpunt van die heelal is, en jy kan niks beter doen nie as om sy aanspraak op opperheerskappy te erken en Hom ook die middelpunt van jou lewe te maak. Uiteindelik sal alle mense moet bely dat Jesus Christus Here oor alles is, maar ongelukkig sal baie van sy teëstanders eers die knie voor Hom buig wanneer dit té laat is om gered te word. Dit is oneindig beter om sy gesag nou te erken, en om te besef dat hierdie liefdevolle Koning Homself grootliks verneder het om aan die eise van jou verlossing te kan voldoen.

## Ons verpligting

In die lig van hierdie feite is daar net een wyse besluit wat enige mens op aarde kan neem, en dit is om die Here Jesus die middelpunt en hoogste doel van sy lewe te maak. Kyk watter groot verskil ’n besluit van hierdie aard in die lewe van ’n geloofsheld soos Paulus gemaak het: dit het hom verander van ’n selfregverdigende wetsgeleerde wat Christus vervolg het, tot ’n getroue dissipel van Jesus wat gesê het: “Vir my is die lewe Christus” (Fil. 1:21). Die enigste doel van sy lewe was om Christus aan ’n verlore wêreld te verkondig (Hand. 20:24). Hy het so volkome in hierdie nuwe lewe opgegaan, dat hy selfs bereid was om vir Christus te sterf, want niks was vir hom belangriker nie, nie eers sy eie lewe nie (Hand. 21:13).

Kyk ook watter verskil ’n besluit van hierdie aard op nasionale vlak in die lewe van ’n volk kan maak. Vergelyk maar die tyd van Israel se nasionale verwerping van die Messias die afgelope 2 000 jaar en hulle gevolglike geestelike blindheid, met profesieë oor hoe hierdie volk se lewe in die komende Millennium daar sal uitsien nadat hulle met die Messias versoen is. Hulle sal nie meer ’n omstrede, sukkelende volk wees wat met hulle rug teen die muur leef nie, maar die voorste getuies vir die Messias, wat ’n wêreldhervormende rol sal speel (Jes. 27:6). Neem verder in ag watter geweldige verskil die Messias in verwarde en misleide Moslemlande soos Egipte en Sirië kan maak nadat hulle op nasionale vlak met Hom versoen is (Jes. 19:22-25). Presies dieselfde beginsel geld ook vir alle ander volke, daarom sal toestande in die Millennium drasties anders wees as nou (Jer. 3:17; Sag. 8:20-23).

Waarom wag die meeste mense eers totdat hulle Jesus Christus op die wolke sal sien kom, voordat hulle Hom as Verlosser en Koning aanvaar en hulle lewe ten volle aan Hom oorgee? Ons word voor die groot uitdaging gestel om nou, te midde van groot teëstand vanuit ’n geestelik verblinde en misleide wêreld, skynende ligte vir die Messias te wees. Jy moet nóú die ontdekking maak dat Hy die enigste Redder van die wêreld is (Hand. 4:12), en dat bekering en wedergeboorte net die begin is van ’n nuwe lewe in Hom – daarna moet jy Hom daagliks volg en dien. Ek kan net ’n goeie voorbeeld en herder vir ander mense wees indien ek die leiding van die Opperherder getrou navolg (1 Pet. 5:2-4; 1 Kor. 11:1).

Vir wysheid oor die kompleksiteit van die lewe kan ons net na Christus toe gaan, wat die Wonderbare Raadsman is (Jes. 9:5). Om ’n heilige lewe te kan lei, kan ons niks beter doen as om sy voorbeeld na te streef en in sy voetstappe te volg nie, want Hy is die hoogste uitdrukking van ’n moreel regverdige lewe. Gesagstrukture in die samelewing kan ook net reg funksioneer indien Christus se oppergesag erken word. Wanneer ons in alle opsigte van ons bestaan in Christus bly, sal ons vrymoedigheid hê wanneer Hy verskyn en nie beskaamd van Hom af weggaan by sy wederkoms nie (1 Joh. 2:28).

# 5. Liefde as ’n Lewensbeginsel

Die Christelike lewe is gebaseer op die kenmerke van goddelike, *agape* liefde. Hoewel daar verskeie opdragte en voorskrifte is wat uit die liefde van God voortvloei, is ons lewe in Christus nie wetties in die sin dat wetlike bepalings van buite af op ons afgedwing word nie. Deur die wedergeboorte word ons deelgenote aan die lewe van Christus. Ons het die krag en leiding van die Heilige Gees nodig om ons swak liggame en onstabiele emosies te dissiplineer, sodat ons in ooreenstemming met die eise van ons nuwe natuur kan leef.

Al die Nuwe Testamentiese gebooie van God word afgelei van die aard van sy goddelike liefde wat aan ons geopenbaar is deur die koms en soendood van sy Seun, Jesus Christus. Die gebooie of opdragte wat op die Christelike lewe betrekking het, is op ’n baie hoër vlak as die Ou Testamentiese wet, omdat dit die eerbiediging van die beginsels van goddelike liefde vereis, eerder as die wettiese navolging van sekere voorskrifte of gedragspatrone. Ongelukkig het nie alle Christene werklik hierdie oorgang na die nuwe bedeling gemaak nie en verstaan dus nie volkome dat ons nie onder die wet is nie, maar onder die genade, en dat “Christus die einde is van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo” (Rom. 6:14; 10:4). Hierdie onkunde het uiters nadelige gevolge in die lewens van gelowiges wat die wet en genade met mekaar probeer vermeng.

Daar is ’n groeiende beweging onder oningeligte Christene om na die Ou Testamentiese wet terug te keer, omdat dit volgens hulle die belangrikste samevatting van God se opdragte aan alle mense van alle tye is. Hulle sien nie die dispensasie van die wet as ’n voorbereidende fase wat na die openbaring van God se Seun as die Verlosser van sondaars gelei het nie, maar hou steeds aan die wet vas as die finale uitspraak oor God se morele norme vir almal. Hulle gaan selfs verder as die eise van die morele wet en eerbiedig ook seremoniële wette soos die Ou Testamentiese sabbat en Joodse feeste, ten spyte daarvan dat hierdie feeste almal in Christus vervul is en dus in die huidige bedeling uitgedien geraak het (Kol. 2:16-17; Gal. 4:9-11).

Alle verwysings na die gebooie van God in die Nuwe Testament vloei slegs uit een basiese gebod voort, en dit is om ’n hart te hê wat met goddelike liefde vervul is: “Die doel van die gebod is liefde uit ’n rein hart en ’n goeie gewete en ’n ongeveinsde geloof, waarvan sommige afgedwaal en hulle afgewend het na onsinnige praatjies; hulle wil leraars van die wet wees, alhoewel hulle wat hulle sê, of die dinge wat hulle beslis beweer, nie verstaan nie” (1 Tim. 1:5-7). Hulle verstaan nie dat dit in die Nuwe Testament oor ’n goddelike lewensbeginsel gaan en nie oor uiterlike voorskrifte nie.

Aangesien *agape*-liefde nie van menslike oorsprong is nie maar een van die vrugte van die Heilige Gees is (Gal. 5:22), word ’n hart wat met God se liefde vervul is, met ’n Geesvervulde lewe geassosieer. Hierdie seën kan slegs verkry word deur geloof in die volbragte werk van Christus aan die kruis. Só ’n lewe kan beskryf word as “Christus [in] julle, die hoop van die heerlikheid” (Kol. 1:27). Hy is die verpersoonliking van God se liefde vir ons.

As ons in die liefde van Christus gewortel en gegrond is, sal ons sy wonderlike liefde wat die kennis oortref ten volle ken, sodat ons vervul kan word tot al die volheid van God (Ef. 3:17-19). Só ’n persoon sal nooit na die elementêre beginsels en skaduagtige gebruike van die Ou Testamentiese wet terugkeer nie, omdat hy wat waarlik liefhet, die wet vervul het (Rom. 13:8-10). Hy word voor die uitdaging gestel om aan die meer verhewe eise van God se liefde uitvoering te gee, soos bv. die navolging van Christus, vervulling met sy Heilige Gees, volkome heiligheid, voortdurende gebed, die evangelisering van die wêreld, die prediking van die Woord by elke geleentheid, die teëstaan van die verdorwe wêreld se korrupte beginsels, en betrokkenheid by geestelike oorlogvoering waarin ons die volle wapenrusting van God moet aantrek en elke gedagte gevange moet neem tot gehoorsaamheid aan Christus. Die Ou Testamentiese wet kom nie eers naby daaraan om sulke Christelike deugde te beveel of te bevorder nie.

Ons word nie deur die Ou Testamentiese wet van sonde oortuig nie, maar deur die Heilige

Gees wat ons Leidsman en Leermeester is. Die standaard waarteen ons gemeet word, is nie die wet nie maar die sondelose lewe van Christus. Die maniere waarop ons uitvoering aan sy wet van die liefde gee, bepaal die aard van ons geestelike lewe. In werklikheid kom ons net die enkele gebod van die liefde na, hoewel dit baie verskillende toepassings het. Jesus het aan sy dissipels gesê: "'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê" (Joh. 13:34). 'n Veranderde hart is nodig om aan hierdie uitdaging uitvoering te gee, en dit is presies wat die Heilige Gees vir elkeen van ons wil doen (Rom. 5:5).

Alhoewel daar veelvuldige verpligtinge uit hierdie gebod voortvloei, bly dit slegs een goddelike wet van die liefde wat ons houdings en optrede op 'n verskeidenheid maniere bepaal. Ons moet in al die verskillende situasies van ons daaglikse lewe uitdrukking aan hierdie wet gee en dit ook teen die vertolkings van valse leraars verdedig. Johannes sê: "Dit is die liefde, dat ons wandel volgens sy gebooie. Dit is die gebod soos julle van die begin af gehoor het dat julle daarin moet wandel" (2 Joh. v.6). Zane Hodges (1983:907) sê: "Die beweging van die meervoudige 'gebooie' na die enkelvoudige 'gebod' is vir hierdie skrywer iets natuurliks (vgl. 1 Joh. 3:22-23). Ons kan aan die baie besonderhede van God se wil as 'n enkele verpligting dink."

Dié mense wat verkeerdelik Ou Testamentiese wette op die Nuwe Testamentiese evangelieboodskap van toepassing maak, baseer hulle argumente op Johannes se veelvuldige verwysings na die gebooie van God wat deur almal van ons onderhou moet word. Hulle hou aan om Ou Testamentiese wette te lees en te eerbiedig, en verenig dit dan met die Nuwe Testamentiese evangelieboodskap. Volgens hulle het die Messias nie gekom om die wet te vervul en af te sluit nie, maar om dit voort te sit en net vir die vergifnis van wetsoortredings voorsiening te maak. Hulle sê dat gelowiges nog steeds volgens die bepalings van die Tora moet leef indien hulle heiligheid wil nastreef en God wil behaag.

Dit is egter 'n totale wanvoorstelling van Johannes se boodskap. In sy Evangelie sowel as in sy Sendbriewe identifiseer Johannes die gebooie van Jesus Christus as die opdragte wat Hy en sy apostels aan ons gegee het: "En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is. Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het. Broeders, dit is geen nuwe gebod wat ek aan julle skryf nie, maar 'n ou gebod wat julle van die begin af gehad het. Die ou gebod is die woord wat julle van die begin af gehoor het" (1 Joh. 2:3-7).

Zane Hodges (1983:889) sê: "Verse 3-6 lui die onderwerp van gehoorsaamheid in, hoewel dit ook implisiet in 1:5-10 is. Johannes se aandrang op gehoorsaamheid aan God se gebooie as 'n toets vir 'n persoon se toewyding aan en kennis van Hom, lei natuurlik na die volgende vraag: Watter wette het Johannes in gedagte gehad? Die antwoord word in hierdie gedeelte gegee. Johannes het nie na 'n nuwe wet verwys waarvan die mense nog nooit gehoor het nie. Inteendeel, die wet waarvan hy gepraat het, was 'n oue wat hulle reeds van die begin af gehad het (vgl. 2 Joh. v.5). Daar is geen twyfel nie dat Johannes hier spesifiek gedink het aan die opdrag dat hulle mekaar moet liefhê (vgl. 1 Joh. 2:9-11). ... Hierdie opdrag het hulle reeds reg aan die begin van hulle lewe as Christene gekry."

Gehoorsaamheid aan God se Woord (sy opdragte of gebooie) lei na 'n ryk en volle ervaring van God se liefde: "Elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is" (2:5). 'n Christen ken reeds God se reddende liefde, maar hierdie liefde word volmaak in hom wanneer hy God ten volle ken en ook sy gebooie bewaar. Dit is egter nie 'n oproep om die Ou Testamentiese Tora te onderhou nie, maar 'n oproep om in Christus te bly en te wandel soos Hy gewandel het (2:6; vgl. die wynstok-lote-verhouding van Joh. 15:1-8).

Christus is die volmaakte voorbeeld van Ou Testamentiese Tora-onderhouding, maar sy lewe en werke vertoon verder ook nog 'n oorvloed van genade en goddelike liefde wat onbekend in

Ou Testamentiese tye was. Ons het ’n hoë roeping van God in Christus Jesus (Fil. 3:14) wat selfs nie eers die priesters in die OT geniet het nie. Die wet was hulle tugmeester na die Messias (Gal. 3:24-25), maar ons het reeds die Messias ontvang en deel in die rykdom van sy genade deur sy volbragte werk aan die kruis, die inwoning van sy Heilige Gees, asook al die beloftes van God in die NT wat in Jesus se naam ja en amen is (2 Kor. 1:20). Ons het die belofte van die Messias ontvang, asook ’n lewe van volheid in Hom, en dit was nie vir die Ou Testamentiese gelowiges beskore nie – hulle moes nog daarvoor wag (Heb. 11:39).

Die Nuwe Testamentiese gebooie wat aan ons gegee is, is op niks meer en niks minder nie ingestel as volkome gehoorsaamheid aan Christus. Dit gee aan ons vrymoedigheid teenoor God in ons gebedslewe, in die bou van ons verhouding met Christus, en in ons daaglikse wandel deur die Gees: “Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God; en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom. En dit is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons ’n gebod gegee het. En hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly: aan die Gees wat Hy ons gegee het” (1 Joh. 3:21-24).

Hierdie skrifgedeelte bevat ’n sleutelstelling oor God se Nuwe Testamentiese gebod van liefde, en dit kan geensins geïnterpreteer word as ’n verwysing na die onderhouding van die Tora nie: “En dit is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun, Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhê.” Dit is die grondslag van ’n Christelike lewe van liefdevolle diens aan God deur sy Seun, Jesus Christus, vir die betoning van liefde teenoor medegelowiges, en om na die ongeredde wêreld uit te reik met die evangelie van hoop en liefde. Hodges (1983:897-898) lewer die volgende kommentaar op 1 Johannes 3:21-24:

“As gevolg van aktiewe deelname aan die waarheid deur liefdeswerke, kan Christene hulle twyfelende harte gerusstel en vrymoedigheid in hulle gebedslewe verkry. Hulle gebede sal beantwoord word omdat hulle as gelowiges God se wil doen (hulle hou sy gebooie en doen wat vir Hom welgevallig is). Dit veronderstel natuurlik dat hulle gebedsversoeke in ooreenstemming met God se wil sal wees (5:14-15). Die skrywer sê dat ’n gelowige en effektiewe gebedslewe op gehoorsaamheid aan God se gebooie gebaseer is. Hierdie gebooie word opgesom as ’n enkele gebod van geloof en liefde. Die stelling dat ons in die naam van God se Seun moet glo, is hierdie sendbrief se eerste regstreekse verwysing na geloof. ... 1 Johannes 3:23 is die hoogtepunt van die paragraaf wat in vers 18 begin. Wanneer ’n Christen aktief by liefdeswerke betrokke raak en ook vrymoedigheid voor God in sy gebedslewe verkry, dan gee hy uitvoering aan dit wat die Here ons beveel: om in die naam van Christus ’n lewe van geloof te lei wat deur liefde onderskraag word. Omdat liefde en geloof in hierdie sin saam funksioneer, word hierdie soort lewe gesien as gehoorsaamheid aan ’n enkele gebod. ... Twee nuwe temas kom in vers 24 voor. Die eerste tema is die sendbrief se eerste verwysing na God, of Christus, wat in elke gehoorsame gelowige woon. ... Die tweede nuwe gedagte is die sendbrief se eerste van ses duidelike verwysings na die Heilige Gees. Die manier waarop ’n gelowige kan vasstel dat God in hom woon, is deur die werking van God se Gees in sy lewe. Johannes wys dan daarop dat God se Gees die Gees van geloof en liefde is – dit is die twee aspekte van die tweeledige gebod wat in 3:23 gegee word.”

## Die geregtigheid van Christus

Daar is geen ander manier waarop ons die geregtigheid van Christus deelagtig word nie, as om weergebore te raak en daarna die vlak van ons gehoorsaamheid aan Hom te verhoog deur onsself ten volle oor te gee om met sy Gees vervul te word (vgl. Gal. 5:16-17). Menslike pogings van wetsgehoorsaamheid, sowel as humanistiese pogings om welwillendheid en hoë morele waardes aan te kweek, kan nooit die goddelike natuur van Christus in ons vestig nie. Ons kan slegs die Verlosser vertrou om ons deur sy Heilige Gees te wederbaar. Wanneer ons ware geregtigheid in ’n persoon se lewe sien, dan weet ons dat hy uit God gebore is: “As julle weet dat Hy [Christus] regverdig is, dan weet julle dat elkeen wat die geregtigheid doen, uit Hom gebore is” (1 Joh. 2:29).

Enige poging om afbreuk te doen aan die groot belangrikheid van die goddelike natuur van die nuwe lewe in Christus wat Nuwe Testamentiese gelowiges deur die geloof verkry, is ’n aanval op die algenoegsaamheid van die evangelie van verlossing. Diegene wat hulle redding deur Ou Testamentiese wetsonderhouding probeer aanvul, vernietig hulle geloof: “Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval” (Gal. 5:4).

## Moderne Judaïseerders

Baie van die moderne Judaïseerders regverdig hulle saak deur te sê dat hulle nie hulle redding op die wet baseer nie, omdat hulle ten volle op die versoening vertrou wat die Messias aan hulle bied. Hulle is nogtans daarvan oortuig dat die wet ’n belangrike rol speel in hulle lewe van toewyding ná bekering. Hulle baseer verkeerdelik hulle argument op stellings soos dié in Matthéüs 5, wat voor die kruisiging van Christus gemaak is toe die bedeling van die wet nog gegeld het. Jesus het gesê: “Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul” (Matt. 5:17). Die woord “vervul” (*pleroo* in Grieks) beteken volgens die Strong’s Konkordansie: “om ’n tydperk of taak af te handel; om te verval; om af te sluit; om te voltooi.” Hierdie bedeling is afgesluit.

In die tydperk ná die kruisiging van Christus en die uitstorting van die Heilige Gees, is Ou Testamentiese wetsonderhouding glad nie op Nuwe Testamentiese gelowiges van toepassing gemaak nie. Die eerste sinode van die vroeë kerk het ’n duidelike standpunt oor hierdie saak ingeneem deur te verklaar dat gelowiges nie onder die wet van Moses was nie (Hand. 15:1-29). Ons moet nie ’n verhouding met die Ou Testamentiese wet opbou nie, maar met Jesus Christus wat die wet volkome vervul het. Alle morele beginsels van die Ou Testamentiese wet is ten volle deur Christus nagekom, terwyl daar ook nog ’n groot aantal nuwe waardes, deugde en opdragte bygekom het. Dit is alles by die gebod oor goddelike liefde ingesluit – om God met ons hele hart lief te hê en ons naaste soos onsself. Indien ons streng aan die beginsels van goddelike liefde getrou bly, het ons nie wette nodig om ons gedrag te reël nie.

Paulus het vir gelowiges in Rome gesê: “Die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade” (Rom. 6:14). Ons word nie na groter heiligheid gelei deur die Ou Testamentiese wet nie, maar deur die Heilige Gees (Joh. 16:8-13; Gal. 5:16). Hy stort die liefde van God in ons harte uit (Rom. 5:5) en leer ons om volgens die Nuwe Testamentiese gebod van die liefde te leef. Hy verheerlik Christus en herinner ons aan al sy beloftes en gebooie (Joh. 16:14-15).

## ’n Lewe van Christelike vryheid

Ons word nie gebind deur enige onderwerping aan die Mosaïese Wet nie, maar in plaas daarvan ervaar ons die wonderlike vryheid om Christus onder die tere maar duidelike leiding van die Heilige Gees te volg. Ons moet onsself daaraan toewy om die Woord te bestudeer en noukeurig die edel beginsels daarvan op ons lewens toe te pas. Gee jouself ten volle aan die beheer van die Heilige Gees oor en vertrou Hom om aan jou verligte oë van die verstand te gee om die hoogte, diepte, wydte en lengte van Christus se liefde ten volle te verstaan. Stel jouself daarop in om aan Hom gelykvormig te word, sodat mense vir Christus in jou kan sien woon. Neem alle besluite en bepaal alle prioriteite en waardes in die lig van sy goddelike natuur, asook die belangrikheid van sy sending na ’n ongeredde wêreld.

Waak altyd teen enige neiging om ’n uiterlike gedaante van godsaligheid te ontwikkel waarin die krag van die Heilige Gees totaal afwesig is. Mense wat hulle lewens op hierdie manier lei, is dikwels daartoe geneig om Nuwe Testamentiese leerstellings na ’n stel wettiese reëls te reduseer wat van geen nut is om iemand meer Christusgelykvormig te maak nie. Sommige van hulle is geestelik blinde slawe van kerklike leerstellings wat dalk niks meer as die gebooie van mense is nie (vgl. Mark. 7:7). Hoe kan hulle daarop aanspraak maak dat hulle deur die Heilige Gees gelei word?

Paulus moedig ons aan om vas te staan in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het,

en om toe te sien dat ons nie weer onder die juk van diensbaarheid aan sonde, die Mosaïese Wet, of die leerstellings van mense kom nie (Gal. 5:1). Donald Campbell (1983:604-611) maak onder andere die volgende baie toepaslike opmerkings oor Galásiërs 5 en 6:

“Nadat Paulus sy gesag as apostel verdedig het, asook die leerstelling van regverdigmaking deur geloof, het hy voortgegaan om die lewe van Christelike vryheid te verdedig. Sou die apostel se leer lei na wetteloosheid onder die Galásiërs, of na godvresendheid? Die Christelike lewe word beskryf as ’n lewe sonder die wet, ’n lewe sonder losbandigheid, ’n lewe volgens die Gees en ’n lewe van diensbaarheid.

“Galásiërs 5:1 som hoofstuk 4 op, waar die tema slawerny en vryheid is. Dit is ook ’n inleiding vir hoofstuk 5. Paulus het verklaar dat Christus die groot Bevryder is wat mense van hulle slawerny bevry. Die apostel het die Galásiërs versoek om vas te staan in daardie vryheid. Nadat hulle van slawerny aan ’n heidense geloof verlos is, het hulle gevaar geloop om in slawerny aan die Mosaïese Wet verstrik te raak. ... Paulus het beklemtoon dat ’n godvresende lewe nie onder die reëls van die wet gelei word nie, maar dat dit ’n lewe is wat deur die Heilige Gees gelei word. ...

“Paulus het die Galásiërs daaraan herinner dat benewens die goddelike oordeel oor die sondige natuur, daar ook ’n goddelike instaatstelling in die Persoon van die Heilige Gees is. Hy het die gelowige deur wedergeboorte nuut gemaak, daarom word elke gelowige ook aangespoor om deur die Gees te wandel (‘As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel’ – 5:25). Ons Christelike lewe moet stap vir stap by die Gees se leiding en instaatstelling aangepas word, anders sal gelowiges ‘soekers van eie eer [word] wat mekaar uittart en mekaar beny’ (5:26). Die laasgenoemde kenmerke is tipies van ’n lewe in die vlees, en verwys dalk na die redes vir die verdeeldheid onder kerke in Galásië, wat as gevolg van die dwaling van Judaïsering ontstaan het.

“’n Gelowige is vry van die wet van Moses en het ’n vryheid deur die Gees, maar hy moet nogtans die wet van Christus vervul, en dit kan slegs deur die krag van die Gees gedoen word. Só ’n lewe is ingestel op selfopofferende diens aan Christene wat sondig, Christene wat swaar laste dra, en ook aan alle ander mense. ...

“Paulus se roeping as apostel, asook die boodskap wat hy verkondig het, is deur die Judaïseerders bevraagteken. Hy het vir die beëindiging van al hierdie probleme gevra, en as finale bewys aan sy kritici, verwys na die littekens van die Here Jesus aan sy liggaam (6:17). Sulke merke was die tekens van eienaarskap, want dit het ooreengekom met die brandmerke op slawe en beeste. Die littekens op Paulus se liggaam is veroorsaak deur die vervolging wat hy ter wille van Christus verduur het. Dit het daarop gedui dat hy ’n slaaf van Christus was en nie iemand wat die guns van ander mense gesoek het nie.” (Einde van aanhaling uit Campbell).

## Die ware aard van goddelike liefde

Die *agape*-liefde van God is oneindig meer as ’n uiterlike stel reëls of wette wat sekere vorms van gedrag voorskryf en ander verbied. Dit is ’n goddelike lewensbeginsel wat deur die Heilige Gees in gelowiges se harte gevestig word. Hierdie liefde word gekenmerk deur heiligheid, waarheid, onselfsugtigheid, vergewensgesindheid, meegevoel teenoor almal wat in nood is, en ’n vaste verbintenis om God as die bron van ware liefde te eer. Dit is ’n diep geestelike motivering om die regte dinge te doen. Die goddelike lig van die Here se teenwoordigheid skyn hierdeur op almal wat daarin wandel, en help ons om in alle lewensomstandighede die regte besluite onder die leiding van die Heilige Gees te neem.

Die liefde van God is so suiwer dat dit geen kompromie kan maak met enige denkpatroon of aksie wat daarvan verskil nie. Dit is totaal in botsing met die verdraaide menslike liefde wat feitlik alle vorms van boosheid verdra ter wille van eenheid en goeie verhoudings, en selfs kompromieë tref wat tot die mens se eie ondergang lei. God is egter nie ’n kompromiemaker nie en dit is die rede waarom Hy sy dwalende kinders tugtig sodat hulle sy heiligheid deelagtig kan word (Heb. 12:5-10).

Die *agape* liefde van God is die grootste bate wat enige persoon in die lewe kan hê: “Al sou ek die gawe van profesie hê en al die geheimenisse weet en al die kennis, en al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie. ... Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. Die liefde vergaan nimmermeer” (1 Kor. 13:2-8).

Uit die kenmerke van goddelike liefde blyk die hoë morele en geestelike waardes daarvan. Wanneer God se liefde in jou hart uitgestort is, word jou ingesteldheid en gedrag deur hierdie verhewe beginsels bepaal. Die Heilige Gees sal jou veel eerder dring om uitvoering te gee aan die eise van goddelike liefde, as om jou aan die Ou Testamentiese wet te herinner. Jy sal ’n innerlike aanvoeling en oortuiging hê van wat reg en verkeerd is. ’n Geesvervulde Christen is dus allermins ’n bandelose persoon wat tot ordeloosheid en wetteloosheid geneig is. Christus se wet van die liefde is hierdie persoon se norm en ideaal, en hy moet voortgaan om kreatiewe maniere te vind om dit uit te leef. Wanneer Christus se liefde jou dring om die evangelie met ander mense te deel, moet jy onder die omstandighede waarin jy verkeer, die beste metodes vind om uitvoering daaraan te gee.

Onthou egter dat al die eienskappe van Christus se wet van die liefde, asook die morele en geestelike verpligtinge waartoe dit lei, in die Bybel uiteengesit is. Moet dus nooit jou eie oortuigings aan mense verkondig sonder om dit baie duidelik aan Skrifuitsprake te koppel nie. Ons opdrag is om die Woord te verkondig, tydig en ontydig (2 Tim. 4:2). Dit is net die Woord van God wat die wêreld kan oortuig. Daar is vandag té veel persoonlike opinies in omloop wat van gebrekkige Skrifkennis getuig. Die woorde wat die Here Jesus tot ons spreek, is Gees en lewe (Joh. 6:63). Dit is die suiwerste weergawe van sy liefde vir ons én vir die wêreld.

## Gevolgtrekkings

Daar is duidelik ’n nuwe definisie van God se wet in die NT. In terme van “die wet van die liefde” (wat ook “die wet van Christus” genoem word – 1 Kor. 9:21; Gal. 6:2), is dit onwys om ’n preek met die lees van die wet van Moses te begin, of om bekeringstraktaatjies uit die perspektief van die Ou Testamentiese wet te skryf. Wettiese kritici betwis hierdie siening egter só: “Maar is dit nie waar dat God se morele wet (bv. die afkeur van diefstal, leuens, moord, die ontering van God, ens.) onveranderlik is en net sowel op die Nuwe as die Ou Testamentiese tydperke betrekking het, en ook daarna nie?”

Hierdie stelling is net in ’n beperkte sin waar. In die NT word sondige dade nie as die verbreking van die Tora se bepalings gedefinieer nie, maar as die korrupte werke van die vlees wat in opposisie teen die heilige natuur van Christus is, en gevolglik ook teen die eise van sy goddelike liefde. Wanneer ons hierdie probleem wil oplos, help dit nie om onsself net weer in pas met die wet te bring nie – ons moet ons gebroke of vertroebelde verhouding met Christus herstel.

Ons moet duidelik verstaan dat die verdorwe natuur van alle mense slegs deur ’n geestelike wedergeboorte verander kan word, want net dit skep vir ons die voorreg om ons met die nuwe natuur van Christus te beklee en sodoende nuwe mense te word. Wanneer ons sondig, tree ons nie volgens die Gees (die nuwe mens in Christus) op nie, maar volgens die vlees (die ou, sondige mens). Die regstelling van hierdie probleem vereis nie ’n herstelde verhouding met die Ou Testamentiese wet nie, maar met Christus. Dit moet weer ons normale lewenswyse word om volgens sy wet van die liefde te dink en op te tree.

Paulus gee die volgende raad aan Christene wat sondig: “Maar nou moet julle ook dit alles aflê, naamlik toorn, woede, boosheid, laster, skandelike taal uit julle mond. Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het en julle met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper ... . En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is. En laat die vrede van God ... in julle harte heers, en wees dankbaar. Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid.

Leer en vermaan mekaar ...” (Kol. 3:8-16; vgl. Ef. 4:22-24).

As ons Christus se wet van die liefde in al sy implikasies verkondig, sal die beklemtoning van die Ou Testamentiese wet irrelevant wees, “want hy wat ’n ander liefhet, het die wet vervul” (Rom. 13:8). Wanneer uitsprake soos dié in Romeine 13:8-10 aan mense voorgehou word, sal hulle begryp dat daar ná die wet ’n nuwe bedeling gekom het, tesame met ’n baie meer doeltreffende manier om God se heiligheid deelagtig te word. Dit is die grondliggende rede waarom die Heilige Gees die vroeë kerk in Handelinge 15 gelei het om in hulle prediking onder die nie-Joodse volke nie met die wet te begin nie, maar met geloof in Jesus Christus.

Lesers wat steeds nie ten volle daarvan oortuig is dat die Here nie Ou Testamentiese wetsonderhouding van ons vereis nie, word aangeraai om die volgende artikels en boek op skrywer se webtuiste te raadpleeg: Malan, 2005, 2007, 2008, 2009 en 2010 (kyk literatuurlys).

# 6. Opdragte en Beloftes

Die Here Jesus het nie net na die aarde gekom om die losprys vir die redding van sondaars te betaal nie – Hy het ook voorsiening gemaak vir ons behoeftes ná bekering. Daar is sekere duidelike opdragte wat Hy aan al sy dissipels gegee het, asook beloftes wat ons in staat stel om daardie opdragte uit te voer. Daar is vyf basiese opdragte wat almal van ons moet gehoorsaam. Indien ons nie aan die eise hiervan voldoen nie, sal ons ander mense die geleentheid ontneem om duidelik en ondubbelsinnig van Jesus Christus en sy evangelie van verlossing kennis te neem:

### 1. Word met die Gees vervul (Ef. 5:18)

Die vervulling met die Heilige Gees is nie ’n opsionele ekstra nie, maar ’n uiters noodsaaklike deel van ons geestelike toerusting: “Want dit is die wil van God, julle heiligmaking; ... hy wat dit verwerp, verwerp nie ’n mens nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het” (1 Thess. 4:3, 8).

Die dissipels se heel eerste opdrag nog voordat hulle met die taak van evangelisasie begin het, was om met die Heilige Gees vervul te word. Die Heilige Gees was reeds in hulle lewens teenwoordig en hulle het die vrede van sondevergifnis gehad. Die Sondag toe die Here Jesus uit die dood opgestaan het, het Hy sy dissipels ontmoet, op hulle geblaas en gesê: “Ontvang die Heilige Gees” (Joh. 20:22). Hulle was toe egter nog nie met die krag van die Heilige Gees toegerus wat noodsaaklik was om geestelik te kon groei en vir die Here te werk nie.

Na die hemelvaart van die Here Jesus het die dissipels hulleself vir tien dae lank verootmoedig en op die uitstorting van die Heilige Gees gewag. Dit het ’n geweldige verskil in hierdie jong gelowiges se lewens gemaak, want hulle is geestelik toegerus en dit het hulle bruikbaar gemaak in die Here se diens. Hulle het ’n duidelike belofte hieroor gehad: “Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde” (Hand. 1:8).

Hierdie geestelike toerusting was uiters belangrik vir die dissipels, want dit het hulle as mense van God bevoeg gemaak, volkome toegerus vir elke goeie werk (2 Tim. 3:17). Die volheid van die Heilige Gees het hulle in staat gestel om tot geestelike volwassenheid op te groei, om verligte oë van die verstand te hê sodat hulle die Woord van die Here kon verstaan, om die evangelie met oortuiging in ’n vyandige wêreld te kon verkondig, en om teen al die aanslae en versoekings van die Bose te kon oorwin.

Wat gebeur as ’n Christen nie die vervulling met die Heilige Gees deelagtig geword het nie? Dan blokkeer die ongekruisigde eie-ek die werk van die Heilige Gees in sy lewe, “want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie” (Gal. 5:17). Sulke mense het nie insig in die Woord van die Here nie, en ook nie ’n groot liefde vir Bybelstudie nie. Hulle is navolgers van ander mense omdat hulle nie deur die Heilige Gees in die hele waarheid gelei word nie. Die een sê, “Ek is van Paulus” en die ander, “Ek van Apollos” omdat hulle nie deur die Heilige Gees toegewyde volgelinge van Christus is nie.

Omdat die krag van die Heilige Gees in hulle lewens ontbreek, kan hulle nie teen die versoekings en rykdom van die wêreld staande bly nie, hulle het nie vrymoedigheid om die evangelie reg te verkondig nie, hulle harte is nie met die liefde van Christus vervul nie; daarom is hulle gedurig slagoffers van twis, jaloersheid en tweedrag, en hulle het ook nie ’n duidelike wederkomsverwagting nie. Vleeslike Christene is geen bate vir die kerk van Christus nie.

Die Heilige Gees lei ons in die hele waarheid van God se Woord en Hy verkondig ook die toekomstige dinge aan ons (Joh. 16:13). Hy is besig om vir die Here Jesus ’n bruid op aarde te versamel en haar te heilig sodat sy sonder vlek of rimpel voor die hemelse Bruidegom kan verskyn. Hy is die olie in die lamp van haar getuienis, en stel haar in staat om te skyn soos ’n lig te midde van ’n donker wêreld wat Hom nie ken nie. Sy moet daarteen waak om nie te laat

agter te kom dat sy te min van die olie van die Heilige Gees in haar lewe het nie, want dan sal haar lamp ook soos dié van die dwase maagde uitgedoof raak (vgl. Matt. 25:8).

## 2. Handhaaf ’n Christelike perspektief (1 Kor. 11:26)

Dit is ’n opdrag van die Here Jesus dat ons ’n Christelike perspektief op die lewe moet hê. Die vertrekpunt van ons nuwe lewe is die kruis van Christus en die mikpunt daarvan ons vereniging met Christus wanneer Hy ons kom haal. Die twee belangrike verwysingspunte van ons aardse lewe is dus die eerste en tweede koms van Jesus Christus, en in die lig van hierdie twee gebeurtenisse moet ons lewe sy diepste betekenis verkry.

Elke keer wanneer ons Nagmaal vier, word hierdie perspektief vernuwe: “Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom” (1 Kor. 11:26). Die kruis van Christus bly altyd die vertrekpunt van ons lewe, daarom hou ons aan om Christus te verkondig, en Hom as die gekruisigde. Ons moet daagliks identifiseer met die kruis van Jesus, deur wie die wêreld vir ons gekruisig is en ons vir die wêreld (Gal. 6:14).

Ons moet ook gedurig vorentoe kyk en die wederkoms van die Here Jesus verwag. Hy het gegaan om vir ons plek in die hemel te berei, en het belowe om ons te kom haal en na Hom toe te neem. Met die oog op ons ewige lewe moet ons skatte in die hemel bymekaarmaak en gereed maak om voor die regterstoel van Christus rekenskap van ons lewe op aarde te gee. Baie Christene het nie ’n duidelike wederkomsverwagting nie, hulle lewe hoofsaaklik vir die dinge van hierdie wêreld, en dit maak van hulle mislukte dissipels.

Indien jy egter die regte Christelike perspektief en toekomsverwagting het, sal jy vir die Here Jesus lewe en aktief sy koms verkondig. Jy sal in konflik met die verdorwe beginsels van die wêreld wees en voortdurend daarteen stryd voer terwyl jy op die koms van die Here se koninkryk wag. Paulus het vir Timótheüs gesê dat hy van die geldgierigheid en wêreldse begeerlikhede moes wegvlug en homself vir die koms van die Here se ewige koninkryk beywer: “Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het” (1 Tim. 6:9-12).

Christene wat nie ’n duidelike wederkomsverwagting het nie, stel vir hulleself aardse doelwitte en jaag dit na. Sommige van hulle mis heeltemal die doel waarvoor Christus hulle as sy dissipels geroep en toegerus het, omdat hulle nie ’n goed omlynde bewussyn van hulle bestemming het nie. Hulle bou aan ’n aardse koninkryk, jaag rykdom na en leef net vir die dinge van hierdie verganklike wêreld. Die gevolg hiervan is dat baie min van dit wat hulle doen, ewigheidswaarde het. Dit is hulle wat met leë hande voor die Here sal verskyn.

Diegene wat hulleself daaraan verbind het om die regte Bybelse perspektief te handhaaf, is altyd bewus van die groot doel waarvoor hulle lewe. Hulle loop “met volharding die wedloop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof” (Heb. 12:1-2). Hulle besef ook die groot verantwoordelikheid om heilig voor die Here te leef, en goeie verhoudings met all mense te handhaaf, omdat hulle geroep is om teenoor hulle te getuig: “Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie” (Heb. 12:14).

## 3. Raak betrokke by evangelisasie (Hand. 1:8)

Die Groot Opdrag aan die kerk van Christus is om die hele wêreld te evangeliseer (Hand. 1:8). Een van die belangrikste redes waarom die Heilige Gees uitgestort is, is om ons as Christene toe te rus om hierdie groot taak uit te voer. Die Here Jesus het vir al sy dissipels gesê: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook” (Joh. 20:21). Ons is almal gestuur om hierdie taak te verrig. Die enigste verskil tussen ’n predikant en ’n gewone lidmaat van ’n gemeente is dat die predikant voltyds uitvoering aan hierdie opdrag gee, en die gemeentelede deeltyds.

Ons moet almal vrugte dra wat by die bekering pas, daarom gaan die Here voor sy regterstoel aan ons vra wat ons met ons vermoëns, tyd en geld gedoen het. Het ons die saak van sy koninkryk op aarde bevorder of nie? Wanneer ons hiermee besig is, dan ervaar ons die

teenwoordigheid van die Here Jesus op ’n besondere wyse in ons lewe. Saam met die sendingopdrag het Hy die belofte van sy onafgebroke teenwoordigheid aan sy dissipels belowe: “En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld” (Matt. 28:20).

Daar is twee sake in verband met evangelisasie wat baie belangrik is. Die eerste is dat ons almal op een of ander wyse by evangelisasie betrokke moet wees, ongeag of ons self die evangelie verkondig en of ons finansiële en ander ondersteuningsdienste aan ander bedienings lewer. Ons tweede verantwoordelikheid is opvolgwerk. Die Here Jesus het ten opsigte van die bekeerlinge gesê: “... en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het” (Matt. 28:19).

Stap jy ’n pad met jong bekeerlinge en help jy hulle om met Bybelstudie op dreef te kom? Hulle moet self dissipels word wat van die vervulling met die Heilige Gees kan getuig, en wat daarna in genade en kennis gegroei het (2 Pet. 3:18). Dan eers sal hulle in staat wees om ook van ander mense dissipels te maak. Dit is ’n ontstellende feit dat die meeste bekeerlinge in groot evangelisasieveldtogte weer terugval omdat daar nie behoorlike opvolgwerk gedoen word nie.

### 4. Behaal oorwinning in die stryd (Ef. 6:10)

Daar was twee belangrike redes waarom die dissipels die krag van die Heilige Gees moes verkry. Die eerste was om vrymoedigheid te hê om die evangelie te kon verkondig: “Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees.” Die tweede rede staan in verband met geestelike oorlogvoering: “Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel” (Ef. 6:10-11).

Christene wat nog nie met die Heilige Gees vervul is nie, het nie hierdie krag tot weerbaarheid nie en is gevolglik maklike slagoffers vir versoeking en misleiding. Die opdrag aan die Efésiërs om kragtig te word in die Here, dui op ’n bepaalde ervaring waarna hulle moes soek en waarvoor hulle moes bid (vgl. ook Ef. 5:18). Dit het nie sommer net vanself gekom nie – hulle moes ’n volle oorgawe maak sodat die Gees hulle kon vervul en bekragtig om oorwinnaars in die stryd te wees. Christene wat nog nie hierdie stap gedoen het nie, lei ’n lewe van val en opstaan en beweeg eerder van neerlaag tot neerlaag as van oorwinning tot oorwinning.

Ons het duidelike opdragte waaraan ons gehoor moet gee: “Word kragtig in die Here ... Trek die volle wapenrusting van God aan ... Bied weerstand in die dag van onheil ... Staan vas in God se waarheid en geregtigheid ... Neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose kan uitblus ... Neem die swaard van die Gees op [wat] die Woord van God is ... Bid by elke geleentheid in die Gees” (Ef. 6:10-18).

Petrus beklemtoon ook hierdie groot stryd waarin ons staan: “Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos ’n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof” (1 Pet. 5:8-9). Die teëstand wat ons bied, moet altyd net in die krag van die Heilige Gees wees: “Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug” (Jak. 4:7).

Paulus wys op die feit dat ons geestelike weerbaarheid met die gebruik van bepaalde wapens in verband staan: “Die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus” (2 Kor. 10:4-5). Ons moet vaardig word in die gebruik van hierdie wapens, en dit vereis ’n voortgesette proses van geestelike groei in ons lewe. Die Bybel noem die volgende wapens:

**Eerstens** die wapen van geloof. My geloofsverhouding met die Here moet baie sterk en onwankelbaar wees, sodat ek my vertroue onder alle omstandighede volkome in Hom sal stel om van my meer as ’n oorwinnaar in die Here Jesus te maak. Ek moet weet en glo dat Hy wat in my is, groter en sterker is as hy wat in die wêreld is (1 Joh. 4:4). Sonder ’n sterk geloof in die Oorwinnaar is ek ’n twyfelaar en gevolglik weerloos in die stryd teen sonde en ongeregtigheid. Johannes sê: “Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is

die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof. Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?" (1 Joh. 5:4-5).

**Tweedens** is daar die wapen van die bloed van die Lam. Hy het sy bloed gestort en sy lewe aan die kruis afgelê "sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het – dit is die duiwel" (Heb. 2:14). "In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade" (Ef. 1:7). Gedurende die groot verdrukking, wanneer die duiwel met dubbele woede onder mense op aarde werksaam sal wees (Op. 12:12), sal die Christene van daardie tyd wel almal fisies as martelare sterf, maar geestelik sal hulle die Antichris "oorwin deur die bloed van die Lam" (Op. 12:11).

**Derdens** is daar die woord van ons getuienis, wat 'n uiters belangrike rol in die lewe van 'n Christen speel. Ons het 'n staande opdrag om die Here Jesus se getuies in 'n donker en goddelose wêreld te wees. Hierdeur is al baie oorwinnings vir die kruis behaal en is die koninkryk van die hemele op 'n kragtige wyse in baie wêrelddele uitgebrei. Sonder Christelike getuienis en prediking sou miljoene mense in geestelike duisternis voortgeleef het, met hulle sinne wat deur die god van hierdie wêreld [die duiwel] verblind word (2 Kor. 4:4).

**Vierdens** is daar gebed as 'n magtige geestelike wapen wat die Here aan ons gegee het: "Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag" (Jak. 5:16). Gebed werk saam met geloof: "... hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie" (Jak. 1:6-7). Om oorwinnende gebede te kan bid, moet ons "toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete" (Heb. 10:22). Ons moet dus rein en heilig leef. Ons moet ook in die Bybel vasstel wat die wil van die Here is, en in ooreenstemming daarmee bid: "En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens sy wil" (1 Joh. 5:14).

**Vyfdens** is daar die Bybel wat 'n belangrike deel van die Christen se geestelike wapenrusting is. Paulus noem dit die swaard van die Gees (Ef. 6:17). Dit is 'n lewende en kragtige woord wat tot diep in my lewe indring en sy oortuigingswerk daar doen: "Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart" (Heb. 4:12). Dit beoordeel alle gedagtes as goed of kwaad, en werk saam met my gewete om aan my te toon wat reg en verkeerd is. Wanneer ons die Woord verkondig is die evangelie van Jesus Christus 'n dinamiese krag tot redding vir elkeen wat glo (Rom. 1:16). Die Woord is daartoe in staat om elke ongeredde persoon wat daarin glo, uit satansmag te verlos (Jak. 1:21).

Is jy besig om saam met Jesus Christus oorwinnings vir sy koninkryk te behaal, of verbeur jy dalk die krag van die Heilige Gees in jou lewe? As dit die geval is, sal jou lewe deur neerlae, moedeloosheid en mislukte pogings gekenmerk word. Kom dan na die Here Jesus en bid vir volle geestelike herstel.

## 5. Volhard (Heb. 3:14)

Ons het 'n duidelike opdrag om op die pad van die Here te volhard. Die Here wil nie hê ons moet die aanslag teen die Christendom onderskat, moedeloos word, uitsak en die stryd gewonne gee nie. Dit is waarom Hy aan ons die krag van die Heilige Gees gegee het, asook 'n geestelike wapenrusting, om 'n oorwinnende stryd te kan stry. Ons moet na die lewens van groot geloofshelde kyk, maar veral na die voorbeeld van Jesus self, en doelgerig volhard tot die einde toe:

"Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het. Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëspraak van die

sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie. Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie" (Heb. 12:1-4).

Daar is ongelukkig baie mense wat dink ons hoef nie op die pad van die Here te volhard nie omdat niemand ons ooit volgens Johannes 10:28 uit sy hand kan ruk nie. Hulle vergeet egter dat elke belofte van die Here aan 'n voorwaarde gekoppel is. Die belofte van ewige sekerheid in Johannes 10:28 is gekoppel aan die voorwaarde in die vorige vers: "My skape luister na my stem ... en hulle volg my." Hierdie werkwoorde is in die onvoltooide tydsvorm geskryf, daarom staan daar dat die Here Jesus se dissipels aanhou om na sy stem te luister en ook aanhou om Hom te volg. Net hulle is van 'n ononderbroke verhouding met die Here verseker.

Wat gebeur met diegene wat nie daarin volhard om die Here te dien en te volg nie? Hierdie vraag word in Johannes 15 beantwoord: "Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. As iemand in My nie bly nie, word hy uitgewerp soos die loot en verdroog, en hulle maak dit bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand" (Joh. 15:4-6). Ons moet onsself dus daaraan verbind om in Christus te bly. Hy sal ons nie verlaat nie, maar ons kan Hóm verlaat en soos die verlore seun weer die dwaalweë van die wêreld gaan bewandel.

In Openbaring noem Johannes diegene wat op die weg van die Here volhard, die oorwinnaars. Dit is dus nie bloot die gelowiges wat alles sal beërf net omdat hulle gelowiges is nie, maar hulle wat volhard tot die einde toe is die oorwinnaars. Jesus sê: "Hou maar net vas wat julle het, totdat Ek kom. En aan hom wat oorwin en my werke tot die einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee" (Op. 2:25-26). Dit is net die oorwinnaars wat saam met Hom sal regeer.

Aan gelowiges in 'n ander gemeente sê Christus: "Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie" (Op. 3:11). Gelowiges wat terugval, kan die loon verbeur wat hulle op grond van hulle vroeëre toewyding aan die saak van die Here kon verkry het. Johannes sê in sy tweede sendbrief, in vers 8: "Wees op julle hoede, dat ons nie verloor wat ons deur arbeid verkry het nie, maar 'n volle loon ontvang."

Paulus sê aan die afvallige Hebreërs, van wie baie weer in sonde begin leef het: "Want ons het deelgenote van Christus geword, as ons net die begin van ons vertroue tot die einde toe onwrikbaar vashou" (Heb. 3:12-14). Vir die Kolossense het hy gesê dat hulle heilig en sonder gebrek voor Christus gestel sal word as hulle ten minste gegrond en vas bly in die geloof en hulle nie laat afbring van die hoop van die evangelie nie (Kol. 1:22-23).

## Die Uitdaging

Ons kan met groot vrymoedigheid die smal pad bewandel en die take uitvoer wat die Here Jesus aan ons opgedra het, omdat daar saam met elke opdrag ook beloftes van voorsiening gegee word. Ons het die opdrag om die wêreld te evangeliseer, maar daarmee saam die beloftes dat die Heilige Gees ons sal bekragtig, in die hele waarheid sal lei, aan die woorde van Christus sal herinner, die toekomstige dinge aan ons sal verkondig, en verligte oë van die verstand sal gee om die verborgenhede van die evangelie te kan verstaan.

Ons het ook die opdrag om alle aanslae van die Bose, vleeslike hartstogte, versoekings, asook geestelike misleiding deur die vyand en sy medewerkers, te weerstaan en te oorwin. Hiervoor het ons die beloftes van geestelike bekragtiging, die gebruik van die onoortreflike wapens van die lig, en ook die vaste versekering dat die Here ons nooit sal begewe of verlaat nie as ons in Hom bly en op die regte pad volhard. As ons sy koninkryk en sy geregtigheid soek, sal Hy in elke behoefte van ons voorsien na die rykdom van sy genade.

Die hoop op die wederkoms van Christus is 'n anker vir die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die heiligdom (Heb. 6:19). Laat ons met vaste treë voortgaan op die nuwe en lewende weg wat by sy kruis begin het, en doelgerig tot by Christus se wederkoms voortgaan – dan sal ons mede-erfgename wees van 'n koninkryk van geregtigheid wat vir ewig sal

standhou.

# 7. Ons lewe in Christus

Tydens sy fisiese afwesigheid op aarde leef die Here Jesus in sy dissipels om deur die wêreld gesien te kan word. Ons opdrag om soos Christus te wees, vereis dat ons so volkome as moontlik in ons hele lewenswandel aan Hom gelykvormig sal word, en ook in noue voeling met Hom sal bly. Ons moet dus nie net vir ons redding op Christus vertrou nie, maar ook daarna streef om in alle opsigte sy beeld te vertoon. Ons moet onsself so volkome met hierdie ideaal vereenselwig dat ons saam met Paulus sal kan sê: “Vir my is die lewe Christus en die sterwe wins” (Fil. 1:21).

Ons lewe in Jesus Christus is totaal anders as die natuurlike lewe waarmee ons gebore word. Wat behels hierdie nuwe lewe alles?

## 1. ’n Geestelike geboorte

Alle mense kom as sondaars, sonder God en sonder hoop, in die wêreld in. Daar is nie een wat regverdig is nie, want ons is almal onder die heerskappy van die sondige natuur wat ons van Adam geërf het. Die lewe saam met die Here Jesus begin by ’n geestelike geboorte, of wedergeboorte, wanneer ons vanuit God se oogpunt uit die dood na die ewige lewe oorgaan (Joh. 3:3; 5:24). Op dié dag word ons gelowiges wat uit genade gered is en die heilige natuur van Christus verkry het. Die nuwe lewe is ’n gawe van God wat deur sy Seun aan ons geskenk word: “Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie” (1 Joh. 5:12). Vir ons is die lewe Christus.

## 2. ’n Daaglikse wandel met Christus

Nadat ons geestelik lewend gemaak is, word ons geroep om op te groei in die nuwe lewe in Christus, en as sy dissipels daagliks met Hom te wandel. Ons moenie soos Demas teruggelok word na ’n lewe wat buite Christus in die wêreld gelei word nie. Daar is ongelukkig Christene wat dit probeer doen, maar hulle word as vleeslike Christene beskryf wat nie met oortuiging kan sê: “Vir my is die lewe Christus” nie. Hulle weet nie wat vir hulle die belangrikste is nie – die Here Jesus of die wêreld.

Daar is twee voorwaardes waaraan ons moet voldoen om die voordele van ’n lewe in Christus kwalitatief te kan ervaar. Die een is dat ons aan onsself moet sterf (Luk. 9:23), en die ander dat ons met die Heilige Gees vervul moet word (Ef. 5:18).

Ons moet só volkome met die kruisdood van die Here Jesus identifiseer dat ons saam met Hom vir die wêreld en die sonde sal sterf. Paulus het gesê: “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my” (Gal. 2:20). Daar was ’n kruis tussen hom en die wêreld ingeplant, hy het die dinge vergeet wat agterlê en homself op die nuwe lewensweg uitgestrek na dit wat voorlê.

Selfsterwe as ’n voorwaarde vir die lewe in Christus is nie net ’n eenmalige belewenis tydens wedergeboorte nie, maar ’n voortgaande proses. Ons moet met die Here Jesus saamgroei deur die gelykvormigheid aan sy dood indien ons prakties en op ’n daaglikse basis sy opstandingslewe wil ervaar (Rom. 6:5; Fil. 3:10).

In reaksie op ’n volle oorgawe van hierdie aard sal die Here Jesus ons met sy Heilige Gees vervul. Wanneer dit gebeur, sal die nuwe lewe in Christus tot sy volle reg kom, want die Heilige Gees skep by ons die bewussyn van Christus se daaglikse teenwoordigheid (Joh. 16:14). Wanneer die Here Jesus in ’n groter mate gestalte in ons lewe kry (Gal. 4:19), sal ons opgroei tot die mate van ’n volwasse man of vrou in Christus, “sodat ons nie meer soos kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering” (Ef. 4:13-15). Ons sal geestelik volwasse raak met ’n goeie onderskeidingsvermoë en vaste oortuigings.

## 3. Saam met Christus in konflik met ’n verdorwe wêreld

As ons ernstig is om die Here Jesus te volg met die belydenis dat Hy ons hele lewe is, moet ons goed begryp dat ons, soos alle gelowiges regdeur die kerkbedeling, die lydende Christus

volg wat steeds deur die groot meerderheid mense verwerp word. Ons moet teëstand van die wêreld verwag en bereid wees om sy smaad te dra. Jesus het vir die dissipels gesê: “As julle van die wêreld was, sou die wêreld sy eiendom liefhê. Maar omdat julle nie van die wêreld is nie, ... daarom haat die wêreld julle. ... ’n Dienskneg is nie groter as sy heer nie. As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. As hulle my woord bewaar het, sal hulle julle woord ook bewaar. ... In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin” (Joh. 15:19-20; 16:33).

Ons moet daarop ingestel wees om te midde van antagonisme en selfs openlike teëstand die evangelie van Jesus Christus te verkondig. Ons is nie nou konings en koninginne nie, maar soldate vir die kruis. Ons moet bereid wees om ’n volle wapenrusting aan te trek sodat ons staande kan bly teen die liste van die duiwel. Is jy bereid om hierdie rol te vervul deur die sout van ’n bedorwe aarde en die lig van ’n donker wêreld te wees? Paulus sê dit is genadiglik aan ons gegee om nie alleen in Christus te glo nie, maar ook vir Hom te ly (Fil. 1:29).

Die waarheid van die evangelie is in die wêreld omstrede omdat die meeste mense die pad van sonde en selfverheerliking verkies. Ons is egter daartoe verbind om die ou lewe geheel en al af te lê en geen kompromie met valsheid en ongeregtigheid te maak nie. Sonde mag nooit goedgepraat word nie, want dit sal die Heilige Gees bedroef en ons geestelike visie vertroebel.

As gevolg van hierdie situasie is dit dikwels ’n eensame paadjie wat op ons wag as ons getroue volgelinge van die Here Jesus wil wees. Ons moenie net vir die wêreld en die sonde gekruisig word nie, maar ook onder vormgodsdienstiges uitgaan wat die krag van die evangelie verloën het en net lippediens aan die Here bewys (2 Tim. 3:5). Ons kan nie met dwalings en halwe waarhede assosieer nie, want dan word ons geestelik afgetrek en raak self van die waarheid afvallig.

Die lewe in Christus is ’n lewe van stryd teen ongeloof, sonde, kompromie en ’n misleidende gedaante van godsaligheid. Die afvalliges is wêreldgesind omdat hulle net in wêreldse terme loon en seën wil ontvang. As gevolg hiervan is hulle nie op die hemel ingestel nie en verkondig nie die spoedige koms van Christus vir sy gemeente nie. Daar is ’n hele stroom van valse opvattings waarteen ons onsself moet uitspreek wanneer ons Christus verkondig.

Paulus sê vir Timótheüs: “Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het” (1 Tim. 6:12). In sy tweede brief het hy aan hom gesê: “Ly verdrukking, doen die werk van ’n evangelis, vervul jou bediening” (2 Tim. 4:5). As ons saam met Christus vir die waarheid ly, sal ons ook eendag saam met Hom verheerlik word (Rom. 8:17). Ons is in ’n stryd gewikkel en moenie nou al koninkrykstoestande verwag nie.

### 4. Volhard saam met Christus

In die lig van al die vyandigheid teen die waarheid, verwag die Here van ons ’n gees van standvastigheid en deursettingsvermoë om ongeag die gevolge daarvan op die regte pad te volhard. Die Here Jesus is hierin vir ons ’n voorbeeld, want Hy het teëstand verdra en end-uit, sonder om te huiwer, op die lydensweg voortgegaan om sy sending op aarde te voltooi.

Sommige Christene laat tot oneer van die Here toe dat beproewings en swaarkry hulle geestelik onderkry. Hulle veragter in die genade en veroorsaak dat daar ’n wortel van bitterheid in hulle harte opskiet. Hulle blameer dan almal, selfs ook die Here, vir hulle onaangename ervarings. Ons moet hierdie gees van afvalligheid teëstaan en op die Here se pad van heiligheid volhard tot die einde toe. Paulus bemoedig gelowiges in Kolosse dat hulle “gegrond en vas [moet] bly in die geloof en [hulle] nie laat afbring van die hoop van die evangelie nie” (Kol. 1:23). Ons moet met vaste oortuiging aan Christus vashou en nie omkyk nadat ons die hand aan die ploeg geslaan het nie. Moenie deur teëstand en kritiek ontmoedig word nie.

Alle Christene moet gereeld hulle geloofsverhouding met die Here ondersoek en dinge regstel wat verkeerd geloop het. Moenie dat die Here Jesus vir ons sê wat Hy vir die gemeente in

Éfese gesê het nie: “Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het” (Op. 2:4). As ons sê dat die lewe vir ons Christus is, moet ons sorg dat ons nie in ons liefde vir Hom verkoel nie. Maak ’n nuwe oorgawe om geestelik herstel te word sodat die vuur van die Heilige Gees nie in ons lewe verflou of uitgeblus raak nie. Ons moet volkome heiligmaking najaag sodat ons onberispelik kan wees op die dag van Christus se wederkoms.

### 5. Voortdurende gebedskontak met Christus

Die kwaliteit van ons daaglikse wandel met Christus word weerspieël deur die aard van ons gebedslewe. Ons moet die Here ken in al ons weë en die gewoonte aanleer om by elke geleentheid te bid in die Gees. Ons moet gereeld deur gebed toetree op die nuwe en lewende weg wat Christus vir ons na sy genadetroon geopen het. Al ons begeertes moet by Hom bekendgemaak word met danksegging, en sy beloftes moet in die geloof toegeëien word. Hy sal ons deur sy Woord en deur omstandighede lei, aan ons krag tot oorwinning in alle krisisse gee, en diep in ons harte ’n vrede skenk wat alle verstand te bowe gaan.

As ons die Here in ons binnekamer ken en raadpleeg, dan sal Hy ons daarbuite in die praktyk waar die eise van Christenskap hoog is, staande hou, deurdra, en vir ons deure oop- of toemaak waar nodig. Mense moet ons as volgelinge van die Here Jesus kan herken.

### 6. Aktief in die Here Jesus se diens

Die groot doel waarvoor ons op aarde is, is om getuies vir Christus te wees en daardeur vrugte te dra wat by die bekering pas. Hiervoor het ons die krag van die Heilige Gees nodig, soos deur Jesus Christus self aan ons belowe (Luk. 24:49). Omdat die toerusting met krag uit die hoogte tot ons almal se beskikking is, sal ons geen verskoning hê as dit in ons lewe ontbreek nie. Ons moenie vleeslik en kragteloos lewe met geen vrug in ons lewe vir die koninkryk van die Here nie.

Almal van ons moet op een of ander manier by die uitvoering van die Groot Opdrag ingeskakel wees. As ons dit nie deur ons gemeente kan doen nie, dan moet ons gepaste interkerklike strukture vind, of met ons eie bediening van die huis af begin. Ons moenie ledig op die markplein rondstaan nie (vgl. Matt. 20:3), want daar is baie werk om gedoen te word. Tyd in die bedeling van genade is besig om uit te loop, daarom moet ons elke geleentheid gebruik vir evangelisasie en die geestelike opbouing van gelowiges. Ons sal rekenskap van ons lewe aan die Here moet gee.

Wanneer ons aktief vir die Here werk, moet ons verwag om groter weerstand van die sielevyand te ervaar, want hy sal ons op allerlei maniere probeer teëstaan en ontmoedig. Die krag van die Heilige Gees is egter ook tot ons beskikking om teen sy aanslae staande te bly. Ons moet leer om die geestelike wapens te gebruik, naamlik geloof, die bloed van die Lam, gebed, en die Bybel as die swaard van die Gees. Wanneer ons oorwinnend leef, sal ons met geestelike werk kan voortgaan en deur die Here gebruik word. Indien ons egter geestelik struikel of die stryd gewonne gee, is ons nie nuttige instrumente in die Here se hand nie, omdat die Gees van die Here net deur ’n rein kanaal werk.

Ons eie probleme moet eers opgelos word voordat ons oplossings vir ander mense se probleme kan aanbied (vgl. Luk 6:42). As ander mense Christus in ons kan sien, sal hulle ook na Hom toe getrek word.

### 7. Saam met Hom in sy koninkryk

Vir ’n Christen lê die beste altyd voor, daarom vergeet ons die dinge wat agter lê en strek ons uit na dit wat voor is. Die Here is besig om vir sy diensknegte ’n koninkryk en ewige tuiste te berei. Is ons hiervan bewus? Ons moet soos Abraham ’n vergesig hê van die stad wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is (Heb. 11:10). Dit is die nuwe Jerusalem in die hemel, en sal ’n plek van onuitspreeklike vreugde wees (1 Kor. 2:9).

Paulus het gesê: “Ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste” (Fil. 1:23). Om te sterf, sou vir hom dus wins wees. Ons werk vir Christus se koninkryk wat nou nog op aarde verborge is, maar sien uit na die dag wanneer Hy in mag

en majesteit sal terugkeer om sy koninkryk te openbaar. Ons is lede van sy hemelse koninkryk, daarom is ons vreemdelinge en bywoners in die huidige goddelose wêreld (1 Pet. 2:11). Ons burgerskap is in die hemel (Fil. 3:20).

Die dood is vir ’n Christen allesbehalwe slegte nuus, want dit is ’n oorgang van die onvolkome aardse lewe na die volkome lewe in die hemel. Ons behoort ’n begeerte te hê om by Christus te wees, waar dit oneindig beter is as hier op aarde. Die dood is net traumaties vir geliefdes wat alleen agterbly, maar hulle kan moed skep uit die belofte van ons toekomstige hereniging:

“Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ’n geroep, met die stem van ’n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees. Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde” (1 Thess. 4:16-18). Dit is ons heerlike bestemming. Die einde van ons pad op aarde is net die oorgang na ’n nuwe begin in die hemel waar ons verheerlikte en onverganklike liggame sal hê. Ere aan ons Verlosser!

Ná die laaste oordeel sal die nuwe Jerusalem uit die hemel neerdaal, God sal by die mense woon, en al die ellendes van die huidige, aardse lewe sal vir ewig verby wees.

## Eerlike selfondersoek

Dit is belangrik dat ons van tyd tot tyd kritiese vrae aan onsself sal vra oor hoe ons vorder op die pad wat ons saam met die Here Jesus bewandel. Nie almal van ons doen met ewe veel opregtheid selfondersoek nie. Paulus sê vir medegelowiges: “Ondersoek julleself of julle in die geloof is; stel julleself op die proef” (2 Kor. 13:5). Hierdie ondersoek behels eerstens die vraag of hulle ware gelowiges is of dalk net vormgodsdienstiges wat by ’n uiterlike gedaante van godsaligheid berus; en tweedens, indien hulle wél gelowiges is, om die aard van hulle geloofslewe te bepaal. Baie mense is geneig om sulke direkte, persoonlike vrae te ontwyk en tot hulle eie nadeel aan te hou voorgee dat alles in orde is met hulle toewyding aan die Here, terwyl dit dalk nie die geval is nie.

Wanneer jy nader aan die einde van jou lewe kom en voor die werklikheid van die ewigheid te staan kom, sowel as die verpligting om voor die regterstoel van Christus rekenskap van jou lewe op aarde te gee (Rom. 14:10-12), kom daar dikwels gedagtes in jou op wat jou van alle eiewaan en oneerlike selfbeoordeling stroop. Jy kyk krities na jouself en twyfel selfs oor jou eie integriteit en waardigheid as ’n gelowige. Jy is geneig om indringend na die wisselvallige en minder suksesvolle kant van jou lewe te kyk en al jou foute en verkeerde besluite raak te sien. Jy is bitter spyt oor al die onvolkomenheid in jou karakter, jou loopbaan, jou Christelike bediening, jou huwelik, in die hantering van jou finansies, en ook in jou menseverhoudings. Jy is minder geneig om ander mense te kritiseer en beskou eerder jouself as die skuldige party in baie van die dinge wat verkeerd geloop het.

Wanneer ’n Christen introspeksie doen, is daar sekere gevare waarteen gewaak moet word. Die eerste een het te doen met ons sondes van die verlede. Indien ons waarlik weergebore is, met die getuienis van die Heilige Gees in ons harte dat ons kinders van God is wie se sondes vergewe is (Rom. 8:16), moet ons onsself dissiplineer om nie weer aan daardie sondes te dink en dit in gesprekke op te haal nie. Die sielevyand sal probeer om ons gedurig aan daardie sondes te herinner sodat hy ’n hernude skuldkompleks in ons gedagtes kan vestig. Indien ons hieraan toegee, sal hy mettertyd vrae in ons gemoed laat ontstaan of ons werklik gered is. Die Here sê oor sy dwalende volk wat uiteindelik met berou na Hom sal terugkeer: “Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie” (Jer. 31:34). Hy sê dit ook ten opsigte van ons, daarom moet ons nie in die verlede leef en aanhoudend aan sondes dink wat reeds vergewe is nie.

Die tweede gevaar waarteen Christene in hulle selfondersoek moet waak, is om hulleself met ander Christene te vergelyk en hulleself dan as mislukkings te beskou indien hulle nie kan doen wat ander doen nie. Ons enigste voorbeeld is die Here Jesus, en ons moet in sy voetstappe volg (1 Pet. 2:21; 1 Joh. 2:6). Hy lei ons deur sy Heilige Gees en gebruik elkeen

van ons op ’n ander manier. Nie almal van ons is predikers, sangers, skrywers, of goeie sakemanne wat die werk van die Here finansieel kan ondersteun nie. Ons kan egter almal voorbidders wees, getuies vir Christus, en beginselvaste gelowiges wat op die pad van die Here volhard sonder om daarvan af te wyk. Van diegene wat dalk meer talente ontvang het, sal ook meer opgeëis word (Luk. 12:48).

Dit is juis op die terrein van diensbaarheid dat ons onsself moet ondersoek. Alle Christene is uit genade gered, sonder werke, maar dit is net die begin van die nuwe lewe in Christus. Hierna word alle gelowiges gestuurdes wat getuies vir Christus in ’n donker wêreld moet wees. Hierdie groot taak kan nie in ons eie krag gedoen word nie, daarom het die Here Jesus opdrag gegee dat almal van ons met die Heilige Gees vervul moet word.

Indien ons wel van so ’n oorgawe kan getuig, dan moet ons seker maak dat dit weer en weer hernuwe word. Die dissipels wat in Handelinge 2 met die Heilige Gees vervul is, het later te midde van groot vyandigheid tot die Here geroep om hulp, ’n nuwe oorgawe gemaak en is opnuut met die Heilige Gees vervul (Hand. 4:31; 13:52). Indien ons nie hierdie oorgawe gereeld hernuwe nie, kan ons van die Here af wegdryf, die krag van die Heilige Gees verloor en weer op die vlees (ons natuurlike menslike vermoëns) begin vertrou. Daar was selfs hele gemeentes wat hulle hieraan skuldig gemaak het. Paulus het die gemeente van die Galásiërs hieroor aangespreek: “Is julle so onverstandig? Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees?” (Gal. 3:3).

Daar is verskeie werke wat die Heilige Gees vir ons doen en ook verskeie redes waarom ons met die Gees vervul moet word:

- Eerstens oortuig Hy ons van ons sonde en verlore toestand, asook van die geregtigheid van Christus wat sy lewe afgelê het as ’n losprys vir die sonde van die hele wêreld (Joh. 16:8).
- Indien ons positief hierop reageer en met belydenis van ons sonde tot Christus se genadetroon nader, dan wederbaar die Heilige Gees ons. Hierdie ondervinding word ook beskryf as geestelike lewendmaking, of doop, waardeur ons in die liggaam van Christus ingedoop word (Joh. 3:3-8; 1 Kor. 12:13). Die waterdoop is bloot ’n getuienis hiervan, daarom kan die waterdoop alleen ons nooit red nie.
- Indien ons hierna ’n volle oorgawe maak, vervul die Heilige Gees ons sodat ons doeltreffende getuies vir Christus kan wees en vrugte kan dra wat by die bekering pas (Matt. 3:8).
- Die Heilige Gees vestig goddelike gesindhede in ons waardeur die Here Jesus in ons gestalte verkry, en die wêreld kan sien dat ons dissipels van Jesus is (Gal. 5:22; Joh. 13:34). Die belangrikste hiervan is goddelike liefde (*agape*) wat Hy in ons harte uitstort (Rom. 5:5).
- Die Heilige Gees gee aan ons krag om die hartstogte en begeerlikhede van die vlees te kan oorwin: “Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie” (Gal. 5:16). Hy verskaf aan ons ’n geestelike wapenrusting waardeur ons die versoekings en aanslae van die Bose kan oorwin (Ef. 6:10-11).
- Die Heilige Gees is ons Leermeester wat ons in die hele waarheid lei en ook die toekomstige dinge aan ons verkondig (Joh. 16:13). Hy gee aan ons verligte oë van die verstand om die Bybel te kan verstaan (Ef. 1:18) en herinner ons aan alles wat die Here Jesus sy dissipels geleer het (Joh. 14:26; 16:14).
- Hy is ook ons Trooster wat ons tydens die fisiese afwesigheid van die Here Jesus vertroos, terwyl ons ons weg deur ’n vyandige wêreld moet vind (Joh. 14:26; 15:26; 16:7). Hy getuig van Jesus, asook van ons herontmoeting met Hom nadat Hy in die hemel vir ons plek gaan berei het (Joh. 14:1-3).
- Die Gees rus ons ook met geestelike gawes toe. Dit kan as ’n besondere salwing beskryf

word (1 Joh. 2:20, 27). Dit beteken dat die Gees ons leer én geestelik toerus om die Here met ons besondere talente te kan dien. ’n Natuurlike gawe sonder die salwing van die Heilige Gees het geen geestelike nut nie. Selfs al het ek dalk van nature (of weens my opleiding) sekere begaafdhede, het ek steeds die salwing van die Heilige Gees nodig sodat daardie talente of vermoëns aan die Here geheilig kan word.

Waarom raak so baie gelowiges die pad byster? Omdat hulle nie op die leiding van die Heilige Gees vertrou nie. Waarom is hulle prioriteite en besluite dikwels verkeerd? Omdat hulle gevalle natuur (die vlees) nie ten volle oorgelewer is om gekruisig te word nie (vgl. Luk. 9:23; Gal. 6:14). Dit is die belangrikste rede vir hulle mislukkings, “want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie” (Gal. 5:17).

Die Here Jesus wil hê ons moet getroue diensknegte wees wat met vrymoedigheid rekenskap van ons lewens sal kan gee – ook hoe ons ons genadegawes in sy diens gebruik het. Dit is op hierdie terrein waar so baie van ons in die koninkryk van die Here onderpresteer met slegs ’n baie klein bydrae van werke wat ewigheidswaarde het.

Dit is goed om tekortkomings van hierdie aard in ’n vroeë stadium te kan identifiseer, want dan kan ons betyds seker maak dat ons gered en ook met die Heilige Gees vervul is, sodat ons goeie en getroue diensknegte van Christus kan wees. Almal van ons wil tog eendag hierdie woorde uit die Here Jesus se mond hoor: “Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer” (Matt. 25:21). Om so ’n positiewe beoordeling te kan verkry, moet ons seker maak dat ons onverdeelde en gereinigde harte het wat met die Heilige Gees vervul is. Dit sal ons in staat stel om met vrymoedigheid en onder alle omstandighede te kan sê: “Vir my is die lewe Christus.”

# 8. Die Koning wat Weer Kom

Die Here Jesus is Hoof van ’n koninkryk wat tans nie van hierdie wêreld is nie, maar wat wel tydens sy wederkoms hier geopenbaar sal word. Tydens sy lang afwesigheid is ons sy verteenwoordigers of ambassadeurs in ’n vyandige wêreld waarin die meerderheid mense die koninkryk van die duisternis dien (Ef. 6:12). Die Koning het aan ons die geestelike toerusting en motivering gegee om hierdie taak onder moeilike omstandighede suksesvol te kan uitvoer. Hierdie opdrag van Hom sou na ’n hele bedeling van wêreldevangelisasie lei.

Die dissipels wat wel vir Jesus tydens sy eerste koms as Messias en Koning erken het, het nie van die bedeling van wêreldevangelisasie geweet wat ná sy verwerping deur Israel sou aanbreek nie. In hierdie tyd sou die koninkryk van die hemel in ’n verborge vorm op aarde funksioneer, terwyl Israel onder die nasies verstrooi en die troon van Dawid in ’n vervalle toestand sou wees. Die dissipels het gemeen dat Jesus tydens sy eerste koms die troon van Dawid sou oprig en as heerser in die herstelde koninkryk van Israel sou regeer:

“Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk van Israel weer oprig? En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie; maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde” (Hand. 1:6-8; vgl. ook Luk. 24:46-49).

Die Here Jesus het nie ontken dat Hy weer die koninkryk van Israel sou oprig nie, maar het net gesê dat die tyd daarvoor nog nie aangebreek het nie. Eers moet die hele wêreld wat as gevolg van ongeloof en die heidense gelowe geestelik donker is, geëvangeliseer word. Die proklamering van Jesus se Messiasskap en verlossingswerk onder alle nasies is in ooreenstemming met ’n profesie in Jesaja:

“En nou sê die Here wat My van die moederskoot af geformeer het om sy Kneg te wees, om Jakob na Hom terug te bring en dat Israel by Hom versamel mag word – en Ek word geëer in die oë van die Here, en my God is my sterkte. Hy het gesê: Dit is te gering dat U my Kneg sou wees om op te rig die stamme van Jakob en terug te bring die gespaardes in Israel: Ek het U gemaak tot ’n lig van die nasies, om my heil te wees tot aan die einde van die aarde” (Jes. 49:5-6). Paulus verwys in Handelinge 13:46-48 ook na hierdie profesie as die regverdiging vir sy sendingopdrag na die nie-Joodse nasies.

Eers nadat die Nuwe Testamentiese boodskap van die aanvaarding van Jesus as die enigste Messias en Verlosser aan Israel én al die nasies verkondig is, en daar sodoende vir Hom ’n geestelike koninkryk opgebou is, sal Hy as Koning terugkeer om sy koninkryk sigbaar op aarde te openbaar. Sy regeringsetel sal wel Jerusalem wees, maar sy koninkryk sal tot by die eindes van die aarde strek. Dit kan glad nie gebeur voordat die wêreld geëvangeliseer, die vyande van God se koninkryk verdelg, Satan gebind, en die Koning van die konings ten aanskouing van almal na die aarde toe teruggekeer het nie.

Die Here Jesus het die verwagting van sy onmiddellike aanvaarding van die koningskap van Israel tydens sy eerste koms ook in ’n gelykenis weerlê, deur duidelik daarop te wys dat Hy eers ná ’n lang afwesigheid as Koning sou terugkeer. Gedurende hierdie tyd moes sy dissipels die sake van sy koninkryk op aarde behartig:

“En terwyl hulle na hierdie dinge luister, vertel Hy daar nog ’n gelykenis by, omdat Hy naby Jerusalem was en hulle gedink het dat die koninkryk van God onmiddellik sou verskyn. Hy het dan gesê: ’n Man van hoë geboorte het na ’n ver land gereis om vir homself ’n koningskap te ontvang en dan terug te kom. En nadat hy tien van sy diensknegte geroep het, gee hy hulle tien ponde en sê vir hulle: Dryf handel daarmee totdat ek kom. Maar sy medeburgers het hom gehaat en ’n gesantskap agter hom aan gestuur om te sê: Ons wil nie hê dat hierdie man koning oor ons moet wees nie. En toe hy terugkom, nadat hy die koningskap ontvang het, sê hy dat daardie diensknegte aan wie hy die geld gegee het, by hom geroep moes word, sodat hy kon weet wat elkeen met handel verdien het. En die eerste het verskyn en gesê: Meneer, u pond het tien ponde wins gemaak. En hy sê vir hom: Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in

die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede. ... Maar daardie vyande van my wat nie wou hê dat ek koning oor hulle sou wees nie, bring hulle hier en slaan hulle voor my dood" (Luk. 19:11-17, 27).

Die volgorde van gebeurtenisse is duidelik: eers stel die Man van koninklike afkoms sy diensknegte aan om in sy afwesigheid na sy belange om te sien. Hy verskaf ook aan hulle die middele om hierdie werk te kon doen. Daarna vertrek hy na 'n ver land waar Hy sy koninklike status aanvaar. Wanneer hy terugkeer, is sy eerste afspraak met sy diensknegte, vir wie Hy daarna as mede-regeerders in sy koninkryk aanstel. Nadat hulle genadeloon ontvang het, wend Hy Hom tot sy vyande om hulle te oordeel en te verdelg.

### Historiese toepassing

Hierdie gelykenis was 'n duidelike sinspeling op Herodes Archelaüs wat sy vader, Herodes die Grote, as koning van Judéa opgevolg en tien jaar lank hier regeer het. Herodes die Grote het ná die geboorte van Jesus die kindermoord gelas (Matt. 2:16) omdat hy Jesus na aanleiding van wat die wyse manne uit die Ooste oor die geboorte van die Koning van die Jode gesê het, as 'n bedreiging vir sy eie koningskap beskou het (Matt. 2:1-2). Herodes die Grote is kort ná die gruweldaad van die kindermoord oorlede. Sy koninkryk is tussen drie van sy seuns verdeel. Herodes Archelaüs sou koning in Judéa word, Herodes Antipas viervors in Galiléa, en Herodes Filippus viervors in die Oos-Jordaangebied.

Keiser Augustus het die testament van Herodes die Grote in Rome bekragtig, en vir hierdie doel moes Archelaüs en die ander erfgename na Italië reis. Die Jode in Judéa het 'n gesantskap agter die erfgename aan na Rome gestuur om weens Archelaüs se besondere wreedheid teen sy aanstelling as koning beswaar te maak: "Sy medeburgers het hom gehaat en 'n gesantskap agter hom aan gestuur om te sê: Ons wil nie hê dat hierdie man koning oor ons moet wees nie" (Luk. 19:14). Archelaüs is egter deur die keiser aangestel, maar sy status is van koning na etnarg (heerser) verlaag. Met sy terugkeer het hy die manne laat doodmaak wat teen hom gekant was en sy koningskap teëgestaan het. Sy bewindstermyn was egter van korte duur.

Die feit dat Archelaüs 'n gevreesde man was, word in Matthéüs 2:19-23 bevestig. Dit is die groot rede waarom Josef met Maria en die Kindjie, Jesus, nie in Judéa gevestig het toe hulle van Egipte af teruggekeer het nie, maar in Galiléa: "Maar toe hy [Josef] hoor dat Archelaüs oor Judéa koning was in die plek van sy vader Herodes, was hy bevrees om daarheen te gaan. En hy het 'n goddelike waarskuwing in 'n droom ontvang en na die streke van Galiléa teruggekeer. En hy het gaan woon in 'n stad met die naam van Násaret, sodat vervul sou word wat deur die profete gespreek is, dat Hy Nasaréner genoem sou word" (Matt. 2:22-23).

Die Here Jesus verwys in hierdie gelykenis na die feit dat Herodes se seun, Archelaüs, nie die werklike koning van die Jode was wat volgens die profesieë bestem was om in Jerusalem te regeer nie, maar dat Hy self hulle Koning is. Hy is die man van hoë geboorte wat nogtans op 'n uiters nederige wyse in 'n stal in Betlehem gebore is: "En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid" (Miga 5:1).

Jesus Christus het nie tydens sy eerste koms as koning regeer nie, daarom sê Hy ook in die gelykenis dat Hy die man van hoë geboorte is wat na 'n ver land gereis het om sy koningskap te ontvang. Jesus se reis na 'n ver land dui op sy hemelvaart. Ná die versoeningswerk wat Hy tydens sy eerste koms as die lydende Kneg aan die kruis gedoen het, is Hy in die hemel uitermate verhoog tot die posisie van Koning, en het Hy 'n naam gekry wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elke knie sou buig (Fil. 2:8-11).

Wanneer Hy van die ver land af terugkom, sal Hy in krag en heerlikheid as Koning kom. Sy koms sal met trompetgeskal aangekondig word: "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid" (Op. 11:15). Hy sal sy voete op die Olyfberg in Jerusalem sit en dan die troon van Dawid herstel:

“Daarna sal Ek terugkom en die vervalle hut van Dawid weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel, sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, spreek die Here wat al hierdie dinge doen” (Hand. 15:16-17).

## Tydperk van sy afwesigheid

Tydens die Here Jesus se afwesigheid, tussen sy eerste koms as nederige dienskneg en sy tweede koms as heersende Koning, het sy volgelinge ’n duidelike opdrag om sy verborge koninkryk wêreldwyd uit te brei. Hulle moet sy getuies wees tot aan die eindes van die aarde, en vir hierdie groot taak het Hy die toerusting van die vervulling met die Heilige Gees aan hulle geskenk (Hand. 1:8).

In die gelykenis in Lukas 19 sê Hy dat Hy voor sy vertrek sy diensknegte geroep en aan elkeen ’n pond gegee het met die opdrag: “Dryf handel daarmee totdat Ek kom.” Hierdie pond dui nie op redding nie, maar op ’n goddelike werksvermoë. Die diensknegte behoort reeds aan hulle Heer – Hy het hulle met sy bloed gekoop; Hy stel hulle nou in sy diens en gee aan hulle die krag van die Heilige Gees waarsonder hulle nie hulle werk sal kan doen nie.

In die *King James*-vertaling van die Bybel word die opdrag tot diensbaarheid só gestel: “Occupy till I come.” Dit beteken: “Behartig die sake van my koninkryk totdat Ek kom.” Die Here Jesus het sy dissipels by ’n ander geleentheid ook duidelik laat verstaan dat hulle gestuurdes is: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook” (Joh. 20:21). Geen dienskneg van die Here kan hierdie groot opdrag in ’n vyandige wêreld uitvoer sonder dat hy of sy met die Heilige Gees vervul is nie.

Wanneer die Koning terugkom, is die eerste saak op sy agenda ’n ontmoeting met sy diensknegte sodat hulle voor sy regterstoel rekenskap oor die uitvoering van hulle opdrag kan gee (2 Kor. 5:10; Rom. 14:12). Aan diegene wat getrou was, sal genadeloon toegeken word: “Kyk, Ek kom gou, en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees” (Op. 22:12). ’n Deel van hierdie beloning sal wees dat die Here Jesus se diensknegte wat getrou bevind is, saam met Hom in sy koninkryk op aarde oor stede sal regeer.

Wanneer die Koning klaar sy diensknegte beloon het, sal Hy Hom in oordeel wend tot diegene wat sy koningskap verwerp het: “Maar daardie vyande van My wat nie wou hê dat ek koning oor hulle sou wees nie, bring hulle hier en slaan hulle voor My dood” (Luk. 19:27). Volgens Openbaring 19:21 sal Christus se vyande gedood word met die swaard wat uit sy mond gaan. Hy sal net ’n woord spreek wat tot hulle verdelging sal lei.

## Koms van die Koning

Die getroue dissipels van Christus kan na sy skielike koms uitsien, wanneer Hy hulle sal kom haal en na die hemel wegruk om voor sy regterstoel te verskyn (1 Thess. 4:16-17; 2 Kor. 5:10). ’n Ander toekoms wag egter op Israel omdat hulle, as ’n volk, nog steeds vir Jesus as Messias en Koning verwerp. Hulle sal die Messias eers aan die einde van die groot verdrukking aanvaar en aanneem, omdat hulle deur hierdie swaar tyd van toetsing en beproewing moet gaan. Jeremia sê: “Dit is ’n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word” (Jer. 30:7). Dieselfde lot wag ook op die ongeredde nasies.

Die Messias het Israel tydens sy eerste koms ook duidelik gewaarsku teen die valse messias en sy meelopers wat hulleself in die eindtyd aan die volk sal bied: “Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! [die Messias] en hulle sal baie mense mislei. … Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê. As hulle dan vir julle sê: Kyk, Hy is in die woestyn – moenie uitgaan nie; kyk, Hy is in die binnekamer – moet dit nie glo nie. Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees” (Matt. 24:4-5, 24-27).

Elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deursteek het, nl. die Joodse volk (Op. 1:7). In dié

dag sal sy voete op die Olyfberg staan wat oos van Jerusalem is (Sag. 14:4-5), en dan sal die hele oorblyfsel van Israel gered en onder die vaandel van die Messias verenig word.

Israel sal die fout maak om ’n messias te aanvaar wat op ’n ander manier kom en ’n ander soort vrede aanbied as wat die ware Messias aanbied. Die Here Jesus het die volgende waarskuwing aan die Jode gerig: “Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As ’n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem” (Joh. 5:43). Die valse messias sal Israel se vyande saam met die volk van God in ’n valse wêreldgodsdiens onder sy persoonlike leierskap verenig. Diegene wat nie wil saamwerk nie, sal hewig vervolg en om die lewe gebring word.

Die valse messias sal ook ’n koninkryk op aarde vestig in ’n poging om die openbaring van God se koninkryk onder die leiding van die ware Messias te probeer voorkom. Tydens sy bewindstermyn sal die valse messias groot magte op aarde verkry. Johannes sê: “Aan hom is mag gegee oor elke stam en taal en nasie” (Op. 13:7). Hy sal wêreldwyd nagevolg, gevrees en aanbid word: “En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan ... en die dier aanbid en gesê: Wie is aan die dier gelyk? Wie kan teen hom oorlog voer?” (Op. 13:3-4).

Die koninkryk van Satan is terdeë bewus daarvan dat Jesus Christus na die aarde sal terugkom. Hy sal van sy heiliges én ’n hemelse leër vergesel wees wanneer Hy sy voete op die Olyfberg in Jerusalem sit (Sag. 14:4-5). Dit sal die groot rede vir die wêreldwye mobilisering van militêre magte wees, sodat die Antichris sy sataniese wêreldryk kan verdedig teen die koms van Christus en die vestiging van sy hemelse koninkryk (Op. 16:13, 14, 16).

Johannes sê: “En ek het die dier [die Antichris] en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit [Christus], en teen sy leër. En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand. En die ander is gedood met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perd sit. En ek het ’n engel uit die hemel sien neerdaal, met die sleutel van die afgrond en ’n groot ketting in sy hand. En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en Satan is – en hy het hom gebind duisend jaar lank, en hom in die afgrond gewerp en hom toegesluit en dit bo hom verseël, sodat hy die nasies nie meer sou verlei totdat die duisend jaar voleindig is nie.” (Op. 19:19–20:3). Eers dan sal die koninkryk van die hemel sigbaar op aarde geopenbaar word.

Tans word die wêreld voor die keuse gestel om óf die nuwe wêreldorde en komende koninkryk van die Antichris te aanvaar, óf om ’n teëhouer teen die idees van die Antichris te wees en voor te berei om die ware Koning uit die hemel te verwag, wat die Antichris sal verdelg en sy hemelse koninkryk op aarde sal vestig. Almal van ons het ’n keuse tussen hierdie twee koninkryke. Hulle is totaal onversoenlik en die een kan net ten koste van die ander een bevorder word. Christene kan nooit die Antichris se idee van multigodsdienstige denke aanvaar nie, omdat geen kompromie met hierdie gelowe moontlik is nie. Die Here Jesus alleen is die ware Messias en poort na die koninkryk van die hemel (Joh. 14:6).

Sy koninkryk het niks met die huidige, goddelose wêreld te doen wat in die mag van die Bose lê nie, maar is daarop ingestel om mense uit die duisternis te laat oorkom tot sy wonderbare lig (1 Pet. 2:9). Só bou Christus vir Homself ’n koninkryk op wat binnekort in heerlikheid geopenbaar sal word. Wanneer Hy kom, kom Hy om die teëstanders wat sy koninkryk verwerp het te verdelg en ook om sy eie diensknegte te beloon vir dit wat hulle in die uitbreiding van sy koninkryk gedoen het.

Jesaja het lank gelede al oor die koms van hierdie grote Koning geprofeteer: “Die heerlikheid van die Here sal geopenbaar word, en alle vlees tesame sal dit sien ... . Kyk, die Here sal kom as ’n Sterke, en sy arm sal heers; kyk, sy loon is by Hom, en sy beloning is voor sy aangesig” (Jes. 40:5, 10). Hy kom dus om te oordeel én te seën.

Alle mense op aarde is in net twee groepe verdeel – die diensknegte van die Here wat aan Hom behoort, vir Hom werk en saam met Hom sal regeer, en die vyande van die Here wat

teen sy koninkryk werk en deur Hom verdelg sal word. Die vyande van God se koninkryk is besig om al hoe meer mag in te palm en berei voor om die hele wêreld oor te neem en te regeer. Hulle sal ’n kortstondige tyd van valse vrede onder die universele messias van alle gelowe hê, maar daarna sy ewige oordeel deelagtig wees.

Hulle lot word só in Openbaring beskryf: “As iemand die dier en sy beeld aanbid en ’n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang, sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie – hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang” (Op. 14:9-11).

Alle ware Christene moet die ontluikende nuwe wêreldorde teëstaan omdat dit vyandig teenoor die Christendom is. Ons moet bereid wees om nou te ly sodat ons later saam met Christus in sy koninkryk verheerlik kan word: “As ons verdra, sal ons met Hom regeer. As ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën” (2 Tim. 2:12). Moenie soos die slegte dienskneg maak wat sy pond in ’n doek toegedraai en weggebêre het nie. Staan op vir die Here Jesus en bied jouself aan om vir Hom te werk.

“Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg vir wie sy heer oor sy diensvolk aangestel het om hulle hul voedsel op tyd te gee? Gelukkig is daardie dienskneg vir wie sy heer, as hy kom, op hierdie manier besig sal vind. Voorwaar Ek sê vir julle, hy sal hom oor al sy besittings aanstel” (Matt. 24:45-47). Die slegte dienskneg wat sê: “My heer talm om te kom” en as gevolg daarvan sy geestelike visie verloor en in sonde begin leef, sal gepynig en ’n deelgenoot van die geveinsdes gemaak word (Matt. 24:48-51). Lê dan alle laste en sondes af en hou jou oë op die Here Jesus gevestig (Heb. 12:1). Moenie jou fokus op die dinge van sy ewige koninkryk verloor nie. Volhard tot die einde toe op die pad van die Here!

# 9. Bruilof van die Lam

Om Jesus Christus goed te kan ken, moet ons ook baie duidelik van sy hoedanigheid as die hemelse Bruidegom kennis neem. Alle ware Christene het direkte belang by hierdie wonderlike aspek van ons verhouding met Hom, omdat ons die lede van sy bruidsgemeente is. Ons moet ons Verlosser in hierdie hoedanigheid ken, ons van al sy beloftes oor die komende bruilof vergewis, en presies weet wat van ons verwag word om waardig en voorbereid vir hierdie koninklike geleentheid te wees.

Die verhouding tussen Jesus Christus en sy bruidsgemeente word op treffende wyse na analogie van Joodse huweliksgebruike in Bybelse tye beskryf. In hierdie hoofstuk val die klem hoofsaaklik op die verpligtings wat tydens die bruidegom se lang afwesigheid op die bruid gerus het. Haar lewe in heiligheid en daaglikse toewyding aan die bruidegom was van deurslaggewende belang vir die dag wanneer hy haar sou kom haal, en dus ook vir die finale voltrekking van hulle huwelik.

Nadat ’n jongman ’n meisie ontmoet het van wie hy hou, en sy ingestem het om ’n vaste verhouding met hom aan te knoop wat tot ’n huwelik sou lei, het die voorbereidings vir ’n verlowingsplegtigheid begin. Die jongman moes eers sy vader se toestemming verkry om die huwelik te sluit. Spoedig daarna het die jongman en sy vader by die huis van die voornemende bruid opgedaag en aangeklop.

Die meisie se vader, wat reeds van die beplande besoek bewus was, het van binne af deur ’n klein venstertjie geloer om te sien wie buite was. Dan het hy na sy dogter gekyk wat eers moes “ja” sê voordat hy die deur vir die besoekers oopgemaak het. Indien sy nie met die huweliksonderhandelings wou voortgaan nie, het sy “nee” gesê. Die deur is dan nie oopgemaak nie en die jongman en sy pa het onverrigtersake teruggegaan huis toe.

Wanneer die meisie egter ingestem het, is die deur oopgemaak en was die sluiting van die verlowing en huwelikskontrak ’n blote formaliteit. Die jongman en sy pa het die verwagte bruidsprys saam met hulle gebring, asook ’n beker en ongegiste wyn. Hulle het by verskillende geleenthede gedurende hulle besoek wyn uit die beker gedrink om aspekte van die ooreenkoms wat tussen die twee individue en hul gesinne aangegaan is, seremonieel te beklink en te vier.

Die eerste was *die beker van aanvaarding*. Die lede van albei gesinne (insluitend kinders wat reeds die ouderdom van aanspreeklikheid bereik het), het uit die beker gedrink, daardeur ’n bloedverbond gesluit, en onderneem om mekaar lewenslank te dien. Hierdie beker is rondgestuur pas nadat die besoekers ingekom het en die deur toegemaak is.

Die tweede was *die beker van verlowing en vriendskap.* Net die voornemende bruid en bruidegom en die twee gesinshoofde het hieruit gedrink. Die gesinne het hierdeur verklaar dat hulle ewige vriende van hulle gemeenskaplike seun en dogter word, asook van mekaar. Hierna is die ete bedien en is daar tussendeur oor die bruidsprys onderhandel. Indien die twee gesinne nie hieroor kon ooreenkom nie, kon die onderhandelings skipbreuk ly en die huwelikskontrak nie gesluit word nie. Wanneer die voorwaardes egter ten volle aanvaar is, is daar voortgegaan om die kontrak te sluit en uit die tweede beker te drink.

Die derde was *die beker van erfgenaamskap.* Aan die einde van die ete het slegs die bruid en bruidegom hieruit gedrink. Beide van hulle het hierdeur die voorwaardes van die huwelikskontrak aanvaar en hulle verhouding as toekomstige egpaar verseël. Nou het die meisie werklik die bruid geword. Jongmans in die gesin het ramshorings in die strate geblaas en die verlowing in die openbaar bekend gemaak. Van hierdie oomblik af het die paartjie aan mekaar behoort en ook ’n gedeelde erfenis gehad. Indien enigeen van die twee hierna sou sterf, sou die ander een al sy of haar besittings erf, al was die huwelik nog nie seremonieel finaal voltrek nie.

Die huwelikskontrak tussen hulle was bindend en kon slegs onder uiterste omstandighede verbreek word, bv. deur ontrouheid. Josef en Maria was só ’n verloofde paartjie toe hy hom

voorgeneem het om weens haar vermeende ontrouheid van haar te skei: “Toe Maria verloof was aan Josef, voordat hulle saamgekom het, is sy swanger bevind uit die Heilige Gees. En Josef, haar man, omdat hy regverdig was en onwillig om haar openbaar te maak, het hom voorgeneem om in die geheim van haar te skei” (Matt. 1:18-19).

Wanneer die huwelikskontrak aanvaar is en die paartjie uit die derde beker gedrink het, het die bruidegom aan sy bruid geskenke gegee en ook die belofte aan haar gemaak dat hy haar sou kom haal nadat hy vir haar ’n plek by sy vaderhuis gaan berei het. In die tussentyd het die bruid haarself besig gehou met voorbereidings vir haar huwelik. Sy het ook ’n olielampie in haar kamer gehad wat in die aande moes brand. Sy moes toesien dat sy genoeg olie het sodat haar lamp nie sou uitgaan wanneer die bruidegom haar kom haal nie. Wanneer sy bedags in die strate uitgegaan het, moes sy ’n sluier dra sodat ander kon sien dat sy reeds gekoop is en aan ’n man behoort.

Die bruidegom het intussen ’n woonplek by sy vaderhuis gaan bou. Dikwels was dit net een vertrek wat aan die vader se huis gebou is. Dit het as die bruidsvertrek (Heb. *huppah*) bekend gestaan. Die vader van die huis moes eers sy tevredenheid met die vertrek uitspreek voordat die bruidegom sy bruid kon gaan haal. As iemand die bruidegom sou vra wanneer hy sy bruid gaan haal, het hy geantwoord dat net sy vader alleen weet op watter dag dit sou gebeur.

Die bruidegom het sy bruid in die aand of in die nag kom haal – gewoonlik tussen 6-uur die aand en middernag. Wanneer hy en sy geselskap van jongmanne naby die bruid se huis was, het hulle hardop geroep en ook op ’n ramshoring geblaas sodat die bruid en die meisies wat haar vergesel, dadelik moes uitkom om die bruidegom buite op die pad te ontmoet. Diegene wat op daardie kritieke oomblik nie genoeg olie in hulle lampe gehad het nie, was laat vir die ontmoeting en het agtergebly.

Dit het soms ook gebeur dat die bruid belangstelling in die voltrekking van die huwelik verloor het – dalk as gevolg van ontrouheid teenoor haar verloofde – en dan haar voorbereidings om hom te ontmoet, gestaak het. In daardie geval sou sy nie ’n brandende lamp gehad het nie. As die bruidegom gesien het dat haar kamer donker was, het hy haar net so in die duisternis gelaat en omgedraai huis toe. Die bruidsprys moes dan aan hom terugbetaal word. Indien dit aan die lig sou kom dat die bruid in sy afwesigheid owerspel gepleeg het, was sy skuldig aan die doodstraf.

Wanneer alles egter volgens plan verloop het, het die bruid ’n brandende lamp in haar kamer gehad wanneer die bruidegom in die nag opdaag. Sy sou hom dan buitekant die huis tegemoetgaan en dadelik saam met hom na sy vaderhuis vertrek. Daar sou hy en sy sewe dae lank alleen in die bruidsvertrek deurbring waar hulle as man en vrou verenig is. Gedurende die sewe dae het die gaste wat na die bruilofsfees uitgenooi is, begin opdaag. Aan die einde van die sewe dae het die bruidegom sy vrou ongesluierd aan die gaste voorgestel en het die feestelikheid begin.

Tydens die fees het die getroude paar alleen uit die vierde beker ongegiste wyn gedrink, wat as *die beker van danksegging* bekend was. Dit was die groot oomblik van blydskap en danksegging vir die volvoering van hulle huwelik ná die lang tydperk van afsondering, wag en voorbereidings tref. Omdat hulle aan mekaar getrou gebly het, het die glansryke geleentheid van die huweliksfees vir hulle aangebreek.

## Geestelike toepassing

Die Here Jesus het sy aanbod tot redding aan ’n verloregaande mensdom dikwels na analogie van die tradisionele Joodse huweliksgebruike gemaak. Hy is die hemelse Bruidegom wat van sy Vaderhuis af uit die hemel gekom het om diegene te soek en te red wat verlore is (Luk. 19:10). Sy doel is nie slegs om verlorenes te red en in sy diens te gebruik nie, maar ook om hulle volkome te heilig en lede van sy bruidsgemeente te maak, sodat hulle die erfenis van sy hemelse koninkryk met Hom kan deel. Alle Christene het met hulle redding hierdie hoë roeping van God in Christus Jesus ontvang, maar nie almal voldoen aan die voorwaardes om dit wel te verkry nie. Dit is iets waarvoor ons ons van harte moet beywer (Fil. 3:14).

Soos wat die voornemende Joodse bruidegom aangeklop het by die huis van die meisie met wie hy wou trou, klop die Here Jesus in ’n geestelike sin aan die deur van ons harte en stel ons voor ’n keuse of ons vir Hom wil oopmaak of nie. Hy sê: “Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My” (Op. 3:20). Elke mens het ’n vrye wil en moet self besluit of hy/sy die Here Jesus in hulle lewe wil innooi. Johannes sê: “Almal wat Hom aangeneem het [wat Jesus as Verlosser in hulle lewe ontvang het], aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo” (Joh. 1:12).

Die boodskap van die evangelie is dat die Here Jesus die volle straf vir ons sonde aan die kruis betaal het – dit is die goddelike bruidsprys waarmee Hy elke sondaar loskoop wat hom/haar vir redding tot Hom wend en aan Hom wil behoort (1 Kor. 6:20; 1 Pet. 1:18-19; Op. 5:9). Wanneer ons die Nagmaalbeker as *die beker van aanvaarding* opneem, dan vier ons die feit dat ons vrygekoop is, aan die Here Jesus behoort en Hom lewenslank sal dien. Hy is ons Verlosser en ons is sy dissipels of diensknegte.

Baie Christene bly ongelukkig by hierdie aanvanklike oorgawe. Hulle soek nie na ’n dieper en meer intieme verhouding met Christus, sodat hulle al sy beloftes kan verkry nie. Hulle kyk die feit mis dat Hy nie net ons Verlossing wil wees nie, maar ook ons Heiligmaking en ons Bruidegom.

Voor die finale bekragtiging van die Joodse huwelikskontrak het die twee partye saam geëet en verder oor die voorwaardes van hierdie ooreenkoms en nuwe verhouding gesels. Wanneer hulle oor alles saamgestem het, is *die beker van verlowing en vriendskap* opgeneem. Die Woord van God is vir ons geestelike voedsel – die brood van die lewe – en ons sit by ’n tafel aan wat vir ons berei is. Wanneer ons intensiewe Bybelstudie doen, leer ons die Here Jesus beter ken en verkry ’n behae in sy Woord. Ons begryp ten volle wat Hy vir ons gedoen het en wat die voorwaardes van ons verhouding met Hom alles behels. Hierdie opdragte word met graagte uitgevoer. Dan kom die dissipel van Christus nóg nader aan Hom en word ook sy verloofde en vriend wat sy Woord beter verstaan en gehoorsaam. Dit is veel meer as die verhouding tussen ’n dienskneg en sy heer. Christus het gesê: “Ek noem julle nie meer diensknegte nie, omdat die dienskneg nie weet wat sy heer doen nie. Maar Ek het julle vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het” (Joh. 15:15). Hy deel aan ons wonderlike dinge mee oor die dieper aspekte van ons vriendskaps- en verlowingsverhouding met Hom. Herbevestig jy by die gebruik van die Nagmaal jou vriendskap en intieme verbintenis met die Here Jesus?

Ons moet ook nie by die begin van hierdie toewyding bly vassteek nie, want die Here Jesus het ’n hoë roeping vir sy dissipels as lede van sy bruidsgemeente. Dit vereis dat hulle absoluut afgesonderd van die wêreld sal leef en hulle daagliks sal voorberei vir die verskyning van die hemelse Bruidegom en hulle vereniging met Hom. ’n Belangrike aspek van hierdie voorbereidings is om ’n brandende lamp met genoeg olie te hê. Dit dui op ’n Geesvervulde lewe. Die lamppit moet ook voortdurend skoongemaak word om helder te kan brand. Ons doen daadwerklike stappe om ons van alle besoedeling van die gees en vlees te reinig, en met sy Heilige Gees vervul te word sodat ons die heiligmaking in die vrees van die Here kan volbring (2 Kor. 7:1; Ef. 5:18; 1 Joh. 1:7). As ons ten volle aan die Bruidegom oorgegee en toegewy is, sal ons onder die leiding van die Heilige Gees werke doen wat aan ons ’n bruilofskleed sal besorg. Dié werke word as “die regverdige dade van die heiliges” beskryf (Op. 19:7-8).

Wanneer hierdie vlak van toewyding bereik is, word *die beker van erfgenaamskap* opgeneem. Daar is dan ’n diepe bewussyn by gelowiges dat hulle vreemdelinge en bywoners in die huidige, goddelose wêreld is, omdat hulle hul hoop stel op Christus se koninkryk waarin hulle saam met Hom as konings sal regeer. Paulus sê dat ons “erfgename van God en mede-erfgename van Christus [is], as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word” (Rom. 8:17; vgl. 2 Tim. 2:12). By die instelling van die Nagmaal het Jesus gesê: “Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed” (1 Kor. 11:25). ’n Testament is ’n erflating wat eers van krag is nadat die testamentmaker gesterf het (Heb. 9:16-18). Toe

Jesus sy lewe afgelê en sy bloed aan die kruis gestort het, het Hy van ons mede-erfgename in sy ewige hemelse koninkryk gemaak, waar ons sy "vrou" sal wees en ook saam met Hom sal regeer.

Het jy al by die punt gekom waar die Here Jesus en die wonderlike beloftes in sy Woord vir jou alles is, en jou waardes só verander het dat jy eerder skatte in die hemel as hier op aarde sal bymekaarmaak? Dan sal die lig van jou getuienis helder in 'n donker wêreld skyn en sal jy geen kompromie met 'n verdorwe wêreld maak nie. Jy sal nie na aardse rykdom (die voorspoedsevangelie) en 'n mensgemaakte koninkryk op aarde vóór die koms van Christus soek nie. Ons verwag 'n koninkryk wat eers geopenbaar sal word wanneer die Koning kom!

Die Joodse bruidegom het seker gemaak dat sy bruid presies weet waarom hy weggaan, en dat hy beslis weer sou kom om haar te kom haal. Ons het 'n soortgelyke belofte ontvang. Jesus het gesê: "In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Joh. 14:2-3).

Ons moet duidelik besef dat ons toekoms by Jesus Christus lê, en dat ons as lede van sy bruidsgemeente in die onsigbare werklikheid van sy hemelse koninkryk leef, wat tans op aarde verborge is omdat die Koning nog nie gekom het nie. Ons pas nie in die huidige wêreld in nie en verwerp sy bose praktyke, daarom haat die wêreld ons (Joh. 15:18-20). Ons sien uit na 'n heerlike toekoms wanneer ons met die hemelse Bruidegom verenig sal wees.

Dit is uiters belangrik dat ons die volle implikasies daarvan sal besef om kinders van ons hemelse Vader te wees en deur sy Gees bekragtig te word om onder alle omstandighede aan Hom getrou te bly terwyl ons op die skielike koms van die Bruidegom wag. Ons moenie die Here Jesus slegs as ons Verlosser en Heiligmaking vereer en dien nie, maar ook as ons Bruidegom en Koning saam met wie ons sal regeer indien ons waardig bevind word. Ken jy die Messias in al hierdie hoedanighede, of is jy dalk nog net 'n dienskneg van Hom? Ons moet besef wat die hoë roeping is wat ons in Hom het, en daarvolgens lewe.

Gelowiges wat nie 'n duidelike begrip van hulle stand in Christus het nie, het 'n gebrekkige geestelike perspektief, 'n onvolkome toewyding aan hulle Verlosser, 'n twyfelagtige verwagting op sy wederkoms, en gevolglik 'n verswakte motivering om enduit aan Hom getrou te bly. Hulle loop gevaar om te versuim om deur God se Gees te wandel, en as gevolg daarvan deur die wêreld en sy begeerlikhede tot geestelike afvalligheid verlei te word. Dit kan tot 'n ernstige situasie van ontrouheid teenoor die hemelse Bruidegom lei. Paulus sê: "Ek is jaloers oor julle met 'n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as 'n reine maagd aan Christus voor te stel. Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus" (2 Kor. 11:2-3).

Hoewel die huwelikskontrak wat ons met Christus gesluit het bedoel is om permanent en bindend te wees, en ook deur die Gees van God verseël is, plaas dit voorwaardes op beide partye en kan dus steeds deur kontrakbreuk vernietig en ongeldig verklaar word. Die Bruidegom kan nie ontrou raak nie en sal altyd sy beloftes nakom (2 Tim. 2:13), maar óns kan wel ontrou raak en selfs verloor wat ons deur die geloof in Hom verkry het (vgl. Joh. 15:4-6; Kol. 1:23; Heb. 3:12-14). Die Joodse bruidegom het sy voormalige bruid verwerp indien dit by sy terugkoms geblyk het dat sy ontrou aan hom geraak en nie meer 'n brandende lamp gehad het nie.

Christene kan ook hulle eerste liefde verlaat en in geestelike duisternis verval. Die Here Jesus sê: "Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie" (Op. 2:4-5). Die kandelaar was die houer waarin die olie gegiet is wat simbolies op die Heilige Gees dui. Dit het 'n persoon toegelaat om die lig van die Messias se teenwoordigheid in 'n donker wêreld te laat skyn. Indien so 'n persoon egter sy liefde vir die Messias verloor het en deur die liefde vir wêreldse

dinge oorkom is, loop hy gevaar om die kandelaar met sy lig (die Heilige Gees) heeltemal te verloor. Sulke persone sal nie saam met die Bruidegom weggevoer word om in die hemelse ivoorpaleis as die bruid van die Lam met Hom verenig te word nie (vgl. Ps. 45:9-10, 15-17). Die afvalliges het die Messias deur hulle optrede voor die mense verloën, daarom sal Hy hulle ook in die hemel voor sy Vader verloën (Matt. 10:32-33).

Dié lede van die bruidsgemeente wat waardig is deur genoeg olie in hulle lampe te hê en dus nie in geestelike duisternis verval het nie, sal in ’n oomblik, in ’n oogwink, weggevoer word wanneer die Bruidegom kom (Matt. 25:6-10; 1 Kor. 15:51-52; 1 Thess. 4:16-17). Daarna sal hulle vir sewe dae, wat profeties op ’n week van sewe jaar dui (Lev. 25:8), by die hemelse Bruidegom wees en deur niemand op aarde gesien kan word nie. Dit sal die sewe jaar van die verdrukking op aarde onder die bewind van die Antichris wees.

Ná hierdie sewe jaar sal die hemelse Bruidegom saam met sy “vrou” kom met wie Hy verenig is, en sy koninkryk op aarde vestig. Nadat Hy die Antichris en sy magte verdelg het (Op. 19:19-21), ’n oorblyfsel van Israel en die nasies gered het (Sag. 12:10; Matt. 24:29-30), en die vervalle troon van Dawid herstel het (Hand. 15:16-17), sal die bruilofsmaal van die Lam (die onthaal ná die troue) op aarde plaasvind. Lede van Israel en die nasies wat pas gered is, sal die gaste by hierdie luisterryke geleentheid wees: “Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges” (Op. 19:7-8).

Die groot oomblik van die bruid se verheerliking sal aanbreek, kort nadat sy saam met Jesus Christus op aarde geopenbaar is: “Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word” (Kol. 3:4). Dit is by hierdie geleentheid wanneer *die beker van danksegging* deur die bruid en die Bruidegom by die bruilofsmaal gedrink sal word. Die Here Jesus het, toe Hy op aarde was om voorsiening te maak vir die redding van sy dissipels asook vir die sluiting van ’n huweliksverbond met Hom, na hierdie Nagmaal verwys wat Hy vir die eerste keer weer nuut saam met sy ware dissipels sal vier: “Voorwaar Ek sê vir julle, Ek sal nooit meer van die vrug van die wynstok drink nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit nuut sal drink in die koninkryk van God” (Mark. 14:25).

Die koninkryk van Christus sal eers ná sy wederkoms op aarde geopenbaar en gevestig word, daarom sal die bruilofsmaal van die Lam hier gevier en die beker van danksegging hier geneem word wanneer ons die koninkryk finaal sal beërf. Hierdie Nagmaal en dankseggingseremonie sal nie direk ná die wegvoering gevier word nie, want die sewe jaar van die bruid se afsondering saam met die Bruidegom moet eers volg.

Diep simboliek is in hierdie komende Nagmaal verborge. Tydens die Nagmaal word ongegiste wyn gedrink wat dui op die bloed van Christus wat vir die vergifnis van ons sonde gestort is. Die Here Jesus is die wynstok en ons die lote. Ons kry ons lewensap van Hom af, deur middel van die Heilige Gees wat sy liefde in ons harte uitstort (Rom. 5:5). Ons moet dan vrugte dra wat die vrug van die Heilige Gees is. Eers wanneer al hierdie vrugte in die koninkryk van die Bruidegom ingesamel is, kan daar ’n Nagmaal gevier word wat die geestelike vrugte van die ware wynstok verteenwoordig. ’n Streng keuring van hierdie vrugte sal by die regterstoel van Christus plaasvind (1 Kor. 3:9-16; 2 Kor. 5:10). Net die regverdige dade van die heiliges sal as goud, silwer en kosbare stene die vuurproef deurstaan en gevolglik aanvaar en beloon word. Die vleeslike werke van Christene wat nie hulle volle erfenis in die Messias in besit geneem het nie omdat hulle by die eerste beker vasgesteek het, sal as bloot menslike werke verwerp word (1 Kor. 3:15).

Die groot vraag aan alle Christene is dit: “Het jy dalk by die eerste reiniging van jou sondes berus en nagelaat om jou volle erfenis in die Messias in besit te neem?” Dan gaan jy agteruit in jou geestelike lewe en nie vooruit nie. Petrus sê dat Christene by hulle geloof godsvrug, broederliefde en naasteliefde moet voeg, “want as hierdie dinge by julle aanwesig is en toeneem, dan laat dit julle nie ledig of onvrugbaar tot die kennis van onse Here Jesus Christus nie; want hy by wie hierdie dinge nie aanwesig is nie, is blind en kortsigtig, en het die reiniging

van sy vorige sondes vergeet” (2 Pet. 1:6-9).

Is jy dalk onder hierdie blinde en kortsigtige Christene wat nog nie ’n oorgawe gemaak het tot heiligmaking en toewyding aan die Here Jesus se diens nie? In hierdie toestand van swak toewyding sal jy geestelik onvrugbaar wees. Indien dit die geval is, sal dit eendag geopenbaar word dat jy amper al jou tyd, energie en geld bestee het om met verganklike dinge (hout, hooi en stoppels) op die fondament van bekering voort te bou.

Aan die getroue dissipels wat die Here in die krag van die Heilige Gees gedien het, sal Hy sê: “Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer” (Matt. 25:23).

# 10. Voortreflikheid van die Messias

Dit is gepas om die Messias te loof, sy naam groot te maak, die uitnemendheid van sy verlossingswerk te verkondig, blydskap oor sy liefdevolle versorging te betoon, en bemoedig te word deur al die heerlikheid wat Hy vir sy getroue dissipels belowe het in die toekomstige openbaring van sy koninkryk. Jesus Christus moet verhef word bokant ons hoogste vreugde. Die gedagtes oor Hom moet 'n vaste hoop in ons harte laat opvlam, sodat ons selfs in die donkerste ure van ons aardse pelgrimsreis sal opkyk na die Blink Môrester wat die koms van 'n helder nuwe dag aankondig.

Ons geloof in hierdie wonderlike Verlosser moet deur intensiewe Bybelstudie versterk word, want dit sal ons aanspoor tot kreatiewe denke en groter toewyding aan Hom. Ons moet nuwe insigte verkry oor die grensloosheid van sy liefde en genade, en ook oor die regverdigheid van sy oordele: "o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!" (Rom. 11:33). Die verborgenhede van die evangelie is in die Bybel geopenbaar, sodat ons saam met al die heiliges ten volle kan begryp wat die hoogte en diepte is van Christus se liefde wat die kennis oortref, sodat ons vervul kan word tot al die volheid van God (Ef. 3:17-19).

'n Vaste geloof in Jesus Christus sal jou met arendsvlerke laat opstyg na die heiligdomme van die Here, sodat jy sy teenwoordigheid in jou gees kan ervaar. Dit sal by jou, soos by Dawid, 'n begeerte laat ontstaan om die Here te raadpleeg en te ken in al jou weë, en altyd naby aan Hom te leef. Só alleen kan ons "toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus" (2 Pet. 3:18) en ons ook altyd in die Here verbly.

Die voortreflikhede van ons Verlosser is soos 'n diamant met baie fasette, waardeur die lig van sy heerlikheid uitgestraal word. Wanneer ons Hom beter wil leer ken, moet ons altyd by 'n studie van sy godheid en ewige selfbestaan begin, dan sal ons nooit navolgers van diegene word wat Hom tot 'n tydgebonde bestaan as mens wil beperk nie. Al die Bybelse profete het onder die leiding van die Heilige Gees die ware perspektief oor die Messias gehad.

### Die Messias wat ook God is

Miga het verby Israel se lang geskiedenis na die tydlose verlede gekyk toe hy van die Messias, wat in Betlehem gebore sou word, gesê het: "Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid" (Miga 5:1). Die skrifgeleerdes moes tog hiervan geweet het en verwag het dat 'n baie besondere, goddelike persoon in Betlehem gebore sou word. Dit was nie so 'n vreemde gedagte nie, omdat Jesaja gesê het: "Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid" (Jes. 9:5-6). Die titel "Ewige Vader" word nie hier gebruik in die sin van om te verwek of genereer nie, maar in die sin van om te skep, en is 'n verwysing na Christus as die Vader (die Oorsprong of Bewerker) van die skepping – die Een wat alles gemaak het (Joh. 1:10). Wanneer Hy as Koning geopenbaar word, sal daar geen einde aan sy koninkryk van geregtigheid wees nie, omdat dit vir ewig sal voortgaan op die nuwe aarde en in die nuwe Jerusalem.

Waarom was die godsdiensleiers dan so verbaas toe die Here Jesus Homself met die Vader gelykgestel het en ook verduidelik het dat Hy bestaan het lank voordat Abraham, die stamvader van Israel, gebore is? (Joh. 8:58). Christus is voor sy menswording, in Sagaría 13:7, deur die HERE van die leërskare beskryf as "my herder, ... die man wat my metgesel is" ["My Shepherd, ... the Man *who is* My companion" - MKJV). Dit is 'n verdere bewys dat Hy 'n ewige, goddelike Persoon was voordat Hy mens geword het, en dit sal vir altyd so bly. Duane Lindsey (1985:1569) verklaar hierdie teks só: "In Sagaría 13:7 sê die HERE dat Hy in natuur en wese een is met sy Herder, en hierdeur word die godheid van die Messias duidelik bevestig."

Die Joodse skrifgeleerdes kon egter nie die feit van die Messias se godheid en ewige

selfbestaan verstaan nie, daarom het Hy aan hulle gevra: “Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy? Hulle antwoord Hom: Dawid s’n. Hy sê vir hulle: Hoe is dit dan dat Dawid Hom in die gees Here noem? ... As Dawid Hom dan Here noem, hoe is Hy sy seun? En niemand kon Hom ’n woord antwoord nie” (Matt. 22:41-46). In Psalm 45:7-8 word die Messias-Koning van Israel ook “God” genoem.

Selfs die Here Jesus se eie dissipels was traag om te verstaan dat Hy nie net hulle leermeester was nie, maar hulle God wat een met die Vader is (Joh. 14:9-10). Hulle het al sy verbysterende wonderwerke gesien, dat Hy mag oor lewe en dood het, en steeds nie besef wie Hy werklik was nie. Selfs die kragte van die natuur was tot hulle verbasing aan Hom onderworpe. Hulle het hardop gewonder: “Wie is Hy tog, dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam is!” (Mark 4:41).

Eers ná die Here Jesus se hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees het sy dissipels ten volle begryp dat Hy ook Here en God is. Petrus het gesê: “Ons het nie kunstig verdigte fabels nagevolg toe ons julle die krag en koms van onse Here Jesus Christus bekend gemaak het nie, maar ons was aanskouers van sy majesteit” (2 Pet. 1:16). Petrus het ongetwyfeld teruggedink aan die verheerliking op die berg, toe hy en twee ander dissipels vir Jesus in sy majesteit aanskou het (Matt. 17:1-8). ’n Week voor hierdie gebeurtenis het die Here Jesus aan sy dissipels gesê: “Voorwaar, Ek sê vir julle, daar is sommige van die wat hier staan, wat die dood sekerlik nie sal smaak voordat hulle die Seun van die mens in sy koninkryk sien kom het nie” (Matt. 16:28). Op die sewende dag nadat Hy dit gesê het, het ’n paar dissipels ’n voorskou van sy toekomstige openbaring in heerlikheid gehad:

“En ná ses dae het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes, sy broer, saamgeneem en hulle op ’n hoë berg in die eensaamheid gebring. En Hy het voor hulle van gedaante verander, en sy aangesig het geblink soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig. En kyk, daar verskyn aan hulle Moses en Elía in gesprek met Hom” (Matt. 17:1-3).

Hierdie stelling is profeties belangrik, want in die week van menslike heilsgeskiedenis verloop daar sewe dae van omtrent eenduisend jaar elk – tweeduisend jaar tussen Adam en Abraham, tweeduisend jaar tussen Abraham en Jesus, en daarna volg daar omtrent tweeduisend jaar van kerkgeskiedenis voordat die sewende duisend jaar van die millennium aanbreek. Aan die begin van die sewende duisend jaar sal Jesus as Koning van die konings in sy heerlikheid geopenbaar word en sy vrederyk op aarde instel.

Die onkunde oor die Here Jesus duur egter nog tot ’n groot mate voort. Dit is ’n verstommende verskynsel dat baie van die moderne skrifgeleerdes onder Israel én die nasies steeds volhou dat Hy net ’n doodgewone mens was wat verkeerdelik deur sy dissipels en volgelinge tot God verklaar is. Hulle doen dit ten spyte van die feit dat hulle die volle openbaring van die Here Jesus se godheid in sy Woord het, asook ’n wolk van historiese en kontemporêre getuies wat almal van die waarheid hiervan getuig. Al hulle agnostiese redenasies maak van hulle dwase voor God. Paulus, ’n skrifgeleerde wat later tot insig en bekering gekom het, konfronteer hulle oor die Here Jesus:

“Waar bly die wyse? Waar bly die skrifgeleerde? Waar die redetwister van hierdie eeu? Het God nie die wysheid van hierdie wêreld dwaas gemaak nie?” (1 Kor. 1:20). Hy voeg dan by dat hierdie wêreldse geleerdes deur hulle wysheid nie vir God geken het nie. Volgens hulle humanistiese rasionalisering is die boodskap van Jesus se kruisiging dwaasheid omdat hulle nie die betekenis daarvan kan, of wil, verstaan nie. Die Jode het na ’n magtige koning gesoek om hulle militêr van die Romeinse oorheersing te bevry, terwyl die Grieke na ’n geleerde filosoof gesoek het wat nuwe insigte in die verheerliking en verdere ontwikkeling van die mens kon bring. “Maar”, sê Paulus, “ons verkondig Christus wat gekruisig is, ’n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke; maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God” (1 Kor. 1:23-24).

Alle mense word geroep om in die Here se wysheid en heerlikheid te deel (Hand. 17:30; Kol. 2:2-3), maar die pad na sy verlossing gaan by Gólgota verby waar die volmaakte Lam van God die straf vir ons sonde betaal het. Net by Hom is die oorsprong van ’n wonderlike nuwe

lewe, maar vir die agnostiese en selfregverdigende skrifgeleerdes is hierdie goddelike lewe ’n illusie en ontwykende droom wat net deur dwase geglo word. Vir almal wat egter glo, het Christus geword “wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing” (1 Kor. 1:30).

## Die liefde van die Messias

Die *agapé* liefde van God is die groot saak waaroor dit in die Bybel gaan. Omdat God liefde is en ook vir ons in ons sondige toestand liefgehad het, het Hy sy Seun gegee om vir ons te sterwe sodat ons gered kan word: “Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van sy liefde, in wie ons verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sonde” (Kol. 1:13-14).

Jesus Christus is die sigbare vergestalting van God se liefde en genade vir ’n sondige mensdom. Dit maak ’n geloofsverhouding met God moontlik, en dit gee ook aan ons hoop vir hierdie lewe én die toekomstige lewe. Ons lewens moet hiervan getuig; ons moet in die liefde van God gewortel en gegrond wees; ons moet daarin opgroei, dit moet sy stempel op ons karakter afdruk en sy goddelike invloed in ons hele lewenswandel laat geld. Ja, ons moet volmaak word in die liefde (1 Joh. 2:5).

Hoe beleef jy hierdie liefde wat deur die Heilige Gees in ons harte uitgestort word? (Rom. 5:5). Almal van ons moet kan sing: “Breed, breed soos die aarde, hoog soos die hemel daarbo, diep, diep soos die diepste see, is sy liefde vir my.” Die liefde van God is nie net grensloos nie, dit is ook onvernietigbaar. “Liefde is sterk soos die dood, ... ’n vlam van die Here. Groot waters kan die liefde nie uitblus en riviere dit nie oorstroom nie” (Hoogl. 8:6-7). Dit is onvernietigbaar en hou vir ewig stand. Geen dood of lewe, of verdrukking of benoudheid, kan ons skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus is nie (Rom. 8:35-39).

Die vlam van die liefde is onuitbluslik, en ’n stortvloed van haat en negatiewe emosies kan dit nie uitwis nie. Hierdie liefdesband is baie sterk en selfs die dood kan dit nie oorweldig nie: “Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee” (Joh. 15:13). Paulus sê: “God bewys sy liefde tot ons daarin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was” (Rom. 5:8).

Die liefde van God wat deur die Messias ons deel geword het, vergaan nooit nie (1 Kor. 13:8). Dit is al wat standhoudend is in ’n verganklike wêreld waarin alles stadig maar seker besig is om te verouder en te vergaan. As ons dit ons deel gemaak het, sal ons ook die verganklikheid rondom ons oorleef: “Die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig” (1 Joh. 2:17).

In die tyd van die Here Jesus se aardse bediening, soos ook vandag nog, was daar vormgodsdienstige predikante en teoloë wat vir hulleself ’n verlossingsleer uit die Bybel geformuleer het waarvan die liefde van die Messias nie deel was nie. Hulle het hulleself op die verbond beroep wat God met Abraham gesluit het, en dan op verbondstekens en wetsnakoming geroem, eerder as om na die Here te kom vir die vergifnis van hulle sonde. Hulle eensydige Skrifkennis was egter vir hulle ’n struikelblok omdat hulle nie besef het dat al die offers en verbonde in die nuwe verbond met die Messias vervul is nie. Hy het vir hulle gesê: “Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig. En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie. ... Ek ken julle, dat julle die liefde van God nie in julle het nie” (Joh. 5:39-42).

Die dissipels van Jesus het ’n duidelike voorskrif gekry om in sy liefde te bly: “Soos die Vader My liefgehad het, het ek julle ook liefgehad. Bly in hierdie liefde van My” (Joh. 15:9). Dit was die Nuwe Testamentiese gebod van die liefde wat hulle moes onderhou, soos ook almal van ons vandag. Liefde vir Jesus Christus behels ’n diepe dankbaarheid vir die groot offer wat Hy namens ons gebring het, en die bereidwilligheid om liefdesdiens in sy koninkryk te verrig. Dit lei ook na ’n liefdesband teenoor ons nuwe broers en susters in die Here – hulle wat saam met ons lede van sy liggaam is, en saam met wie ons die taak het om die wêreld te evangeliseer. Verder lei dit na liefde vir ’n verlore wêreld. Ons moet vir die ongereddes bid en

hulle evangeliseer, sodat baie van hulle ook uit die duisternis van sonde kan oorkom na die wonderbare lig van die Messias se koninkryk.

Ons skuld die liefde van Christus aan almal rondom ons, en moet dit in woord en daad uitleef. “Die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos” (Dan. 12:3).

Ons sien met reikhalsende verlange uit na die wederkoms van die Here Jesus wat gesê het: “Kyk, Ek maak alles nuut. ... Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet” (Op. 21:5-6). Het jy al met jou geestelike dors na Hom toe gegaan? Sy uitnodiging bly nog steeds staan: “As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei. En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo” (Joh. 7:37-39).

## Evangeliese belydenis

Dit is belangrik dat elkeen van ons in hierdie tyd van groot afvalligheid die Here Jesus opnuut in sy uniekheid, godheid en heerlikheid sal ken en voor mense bely:

- Ek glo dat Jesus Christus as mens deur die Heilige Gees in die maagd Maria verwek is (Matt. 1:20) en dat Hy daarom die Seun van God én die Seun van die mens is. Die engel Gabriël het vir Maria gesê dat die Kind wat gebore sou word, groot sou wees en die Seun van die Allerhoogste genoem sou word (Luk. 1:32). Tydens sy geboorte uit die geslag van Dawid het Hy net tydelik sy hemelse heerlikheid afgelê, maar nie van sy wesenlike godheid afstand gedoen nie (Kol. 2:9). Met sy hemelvaart is Hy uitermate verhoog en het ’n Naam gekry wat bo elke naam is (Fil. 2:9-11). Tydens sy wederkoms sal Hy in mag en majesteit as Koning van die konings en Here van die here geopenbaar en erken word (Op. 19:16).
- Ek glo dat Jesus Here en God is. Elke tong sal bely dat Hy die Here is (Fil. 2:11). Johannes sê: “Hy is die waaragtige God en die ewige lewe” (1 Joh. 5:20). Paulus sê: “Hy is die grote God en ons Verlosser (Tit. 2:13), en Thomas het in verwondering uitgeroep: “My Here en my God!” (Joh. 20:28). Hy is waarlik Emmánuel – God met ons.
- Ek glo dat die Here Jesus ’n ewige selfbestaan as God het. Eers toe Hy as mens gebore is, het Hy Homself ontledig en die gestalte van ’n dienskneg aangeneem (Fil. 2:7-8). As God bestaan Hy van alle ewigheid af, daarom kon Hy sê: “Voordat Abraham was, is Ek” (Joh. 8:58). Hy is die ewige EK IS (Ex. 3:14), wat ook vir die Jode gesê het: “As julle nie glo dat dit Ek Is nie, sal julle in jul sondes sterwe” (Joh. 8:24).
- Ek glo dat Jesus Christus een met die Vader en die Heilige Gees is. Hy het self gesê: “Ek en die Vader is een” (Joh. 10:30). Johannes het gesê: “Daar is drie wat getuig in die hemel: Die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een” (1 Joh. 5:7). Ek glo dat Jesus die Woord is wat beide God én mens is. “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. ... En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon” (Joh. 1:1, 14).
- Ek glo dat die Here Jesus, die Woord, die Skepper is wat saam met die Vader en die Heilige Gees die wêreld (of heelal) geskape het (Heb. 1:2). “Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie” (Joh. 1:3). Paulus sê: “Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op aarde is” (Kol. 1:15-16).
- Ek glo dat die Here Jesus ook die herskepper is omdat Hy verlore sondaars wat Hom as Verlosser aanneem, geestelik lewend maak deur hulle te wederbaar. Ons is lewend vir God deur Christus Jesus, onse Here (Rom. 6:11). By sy koms vir die gemeente sal Hy ook aan alle gelowiges onverganklike opstandingsliggame gee (1 Kor. 15:22; Fil. 3:20-21). Ná die eindoordeel sal Hy ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde skep, daarom sê Hy: “Kyk, Ek maak alle dinge nuut” (Op. 21:5).

- Ek glo dat Jesus Christus se offer aan die kruis ’n losprys vir die sondes van die hele mensdom was, m.a.w. alle stamme, tale, volke en nasies op aarde, en dat dit die enigste moontlikheid tot versoening met God bied (Joh. 1:29; Ef. 1:7). Slegs diegene wat die aanbod van verlossing in die geloof aanvaar, word deelgenote van die nuwe lewe in Christus. Die saligheid is in niemand anders nie, want daar is geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie (Hand. 4:12). Ek glo ook dat Jesus Christus ná sy kruisdood uit die dode opgestaan en na die hemel opgevaar het om vir ons in te tree en vir ons plek in sy Vaderhuis te gaan berei (Joh. 14:2-3; Heb. 7:25).
- Ek glo dat die Here Jesus weer kom om ons te kom haal en die ewige heerlikheid van sy koninkryk deelagtig te maak. Dan sal ons by die bruilofsmaal van die Lam saam met Hom Nagmaal hou om opnuut sy kruisdood in herinnering te roep en lof en eer aan Hom te bring omdat Hy ons siele uit genade gered het. As ons nóú saam met Christus die kruisweg bewandel deur onsself te verloën, ons kruis op te neem en Hom in ’n vyandige wêreld te volg, sal ons eendag in sy ryk saam met Hom regeer (Rom. 8:17; 2 Tim. 2:12). Dan sal die stryd verby wees en sal Christus se getroue getuies in sy triomfantelike openbaring deel.

Indien ons sou nalaat om die Here Jesus só te ken en te bely, loop ons gevaar om van Hom net een van baie messiasse van menslike oorsprong te maak, sy godheid te verloën, die betekenis van sy kruisdood af te maak, en dan verder mislei te word om ’n valse christus in sy plek te aanvaar (Joh. 5:43). In die snel ontwikkelende nuwe wêreldorde waarin alle gelowe gelykgestel word, word die godheid en unieke posisie van die Here Jesus ontken. Deur hierdie benadering gee mense aan die god van hierdie wêreld, Satan, die geleentheid om hulle sinne te verblind, “sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Kor. 4:4).

Indien ons aan die Bron van ons lewe getrou bly en in die lig van sy Woord wandel, hoef ons nie misleiding van hierdie aard te vrees nie. “In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie” (Joh. 1:4-5). As ons altyd naby aan Hom bly, sal sy teenwoordigheid ons lewenspad verlig. Almal wat nie in die lig wandel nie, is op gevaarlike dwaalweë: “Terwyl die pad van die regverdiges is soos die lig van die môreglans, wat al helderder word tot die volle dag toe, is die weg van die goddelose soos duisternis: hulle weet nie waaroor hulle sal struikel nie” (Spr. 4:18-19).

## Dissipels van Christus onder alle nasies

Laat ons altyd onthou dat Jesus Christus na die aarde gekom het om vir Homself ’n gevolg van Christene onder elke nasie op te bou. Hy het die hele wêreld lief en het die deur vir alle mense oopgemaak om tot sy koninkryk toe te tree. Die uiteindelike gevolg hiervan sal wees dat daar ’n ontelbare menigte uit elke volk, taal, stam en nasie sal wees wat deel van hierdie hemelse koninkryk sal uitmaak. Christus wil Homself verheerlik in sy kerk, wat die werk van sy herskeppende genade is, en bewonder word deur elkeen wat glo (2 Thess. 1:10). Ons moet sy Naam groot maak en sy lof verkondig.

Hoewel die Christendom wêreldwyd in omvang is, handhaaf die Here Jesus deur sy Heilige Gees ’n persoonlike verhouding met elkeen van ons individueel. Hierdie verhouding word mooi in ’n Engelse lied uitgedruk: “On the Jericho road there’s room for just two; just Jesus and you.” Hy is die Barmhartige Samaritaan wat Hom oor jou ontferm het nadat jy op die lewenspad deur die groot Rower (Satan) oorval en vir dood agtergelaat is. Nadat Hy jou opgerig het, bewandel jy die pad saam met Hom – Hy dra jou (Ps. 68:20) en voorsien in elke behoefte van jou na die rykdom van sy genade.

Dit is egter wonderlik om te weet dat daar miljoene ander mense reg oor die wêreld is wat ook van ’n persoonlike verhouding met die Here Jesus kan getuig. Saam met hulle vorm ons die liggaam van Christus, en saam met hulle reik ons uit na ’n verloregaande wêreld. Soos Christus Hom oor ons ontferm het, behoort dit ’n groot begeerte by ons te wees dat ander mense, wat sonder hoop en sonder God in die wêreld is (Ef. 2:12), ook die wonder van wedergeboorte en die begin van ’n nuwe lewe sal ervaar.

Die evangelie is vir alle mense bestem, omdat dit vir elke mens op aarde van kritieke belang is om van die Persoon en heilswerk van Jesus Christus kennis te neem. Om dit in die geloof te aanvaar en Christus as jou Saligmaker aan te neem, maak van jou 'n *Christen,* m.a.w. *iemand wat aan Christus behoort*. Die Woord *Christen* kom drie keer in die Nuwe Testament voor, en word gebruik naas ander benaminge soos *dissipels, gelowiges, heiliges,* en *lede van die liggaam van Christus*. Die drie verwysings na *Christene* laat elke keer die klem op 'n ander aspek van Christenskap val:

In Handelinge lees ons: "... en die dissipels is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem" (Hand. 11:26). Die plaaslike gemeenskap het hulle as volgelinge van Jesus Christus erken, en as sodanig duidelik van die Judaïste en die aanhangers van alle ander gelowe onderskei. Kan die mense in jou lewe sien dat jy aan Jesus Christus behoort omdat jy Hom van harte volg en dien? Benewens dit wat ons sê, moet ons lewe 'n brief van Christus aan die wêreld wees wat deur die Heilige Gees op die tafels van ons harte geskryf is (2 Kor. 3:2-3), en wat deur ons optrede en gesprekke deur almal gelees kan word.

Ons lees oor Christenskap verder van 'n hooggeplaaste persoon wat die evangelie gehoor het, maar vir wie die kosteberekening vir 'n oorgawe te groot was. "En Agrippa sê vir Paulus: Jy beweeg my byna om 'n Christen te word" (Hand. 26:28). Hy het verkies om liewer as 'n koning en 'n gesiene burger van die Romeinse Ryk bekend te staan, as 'n Christen wat sy sonde moes versaak om 'n volgeling van die Here Jesus in sy verborge koninkryk te word. Baie mense oorweeg dit vandag nog ernstig om Christene te word, maar sien nie kans om hulle sonde te bely en te laat staan sodat hulle deur die nou poort kan ingaan nie (Luk. 13:24).

'n Derde verwysing na *Christen* vind ons in Petrus se eerste sendbrief: "Maar wanneer iemand as 'n Christen ly, moet hy hom nie skaam nie, maar God verheerlik in hierdie opsig" (1 Pet. 4:16). Christus het die weg van lyding en verwerping bewandel, en gewaarsku dat dit ook vir sy volgelinge op die weg lê (Joh. 15:19-20; Hand. 14:22; Fil. 1:29; 1 Pet. 4:12-13). Indien ons egter hierdie verwerping te bowe kom en nogtans volhard op die pad van die Here, sal ons onder die leiding van die Heilige Gees werke kan doen wat ewigheidswaarde het.

Ons moet onsself op die proef stel of ons werklik in die geloof is (2 Kor. 13:5). Kan die Persoon en werke van Jesus Christus in ons lewe gesien word? As die samelewing vir Jesus in ons lewe kan sien, dan het ons daarin geslaag om volgelinge en waardige verteenwoordigers van Hom te wees. Indien ons verder ook aktief met sy werke besig is, sal ons suksesvolle getuies vir Christus wees wat eendag met vrymoedigheid voor Hom sal verskyn.

Ons moet saam met die Here Jesus kan sê: "Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het, so lank as dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie" (Joh. 9:4). Daar kom 'n einde aan alles. Die Here Jesus se openbare bediening het met sy kruisiging tot 'n einde gekom. Daarna is die opdrag aan sy dissipels gegee om die evangelie tot by die eindes van die aarde uit te dra. Genadetyd sal egter ook vir die wêreld verbygaan wanneer die tyd van rekenskap aanbreek en God se oordele oor die onbekeerdes uitgestort word.

Intussen moet ons in vaste vertroue voortgaan met ons missie: "Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou; en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor" (Heb. 10:23-24). Dit is die houding wat getroue volgelinge van Jesus Christus moet inneem, terwyl hulle daagliks na Hom opsien vir krag, hulp en bewaring: "Aan Hom nou wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig, aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe die heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou en tot in alle ewigheid!" (Jud. 1:24-25).

# Verwysings


Barbieri, Louis A. Jr., 1983 : *Matthew.* In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B. (reds.) *The Bible Knowledge Commentary: New Testament.* Victor Books.

Barnes, A., 1962 (8ste uitgawe) : *Notes on the New Testament.* Kregal Classics.

Bennett, R.A., 1998 (1ste uitgawe 1985) : *Your Quest for God.* Providence House Publishers.

Berkhof, L., 1958 : *Systematic Theology.* Banner of Truth.

Boettner, Loraine, 1966 : *Roman Catholicism.* Banner of Truth.

Bosch, Anton, 2007 : *Building Blocks of the Church – Re-examining the Basics.* Eldad Press, Cascades.

Bray, G., 1997 : *Creeds, Council and Christ.* Mentor.

Buzzell, Sid S., 1985 : *Proverbs.* In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B. (reds.) *The Bible Knowledge Commentary: Old Testament.* Victor Books.

Campbell, Donald K., 1983 : *Galatians.* In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B. (reds.) *The Bible Knowledge Commentary: New Testament.* Victor Books.

Clarke, A., 1831 : *Commentary on the Whole Bible.* Abingdon-Cokesbury Press.

Elim Bedieninge, 2004 (4de uitgawe 2011) : *Woord en Getuienis.* Vishoek.

Geisler, Norman L., 1983 : *Colossians*. In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B. (reds.) *The Bible Knowledge Commentary: New Testament.* Victor Books.

Grassmick, John D., 1983 : *Mark.* In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B. (reds.) *The Bible Knowledge Commentary: New Testament.* Victor Books.

Hannah, John D., 1985 : *Jonah.* In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B. (reds.) *The Bible Knowledge Commentary: Old Testament.* Victor Books.

Havergal, F.H., 2011 (reprinted). *Frances Ridley Havergal. http://en.wikiquote.org/wiki/Frances_Ridley_Havergal*

Hodges, Zane C., 1983 : *Hebrews.* In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B. (reds.) *The Bible Knowledge Commentary: New Testament.* Victor Books.

Hodges, Zane C., 1983 : *1, 2 & 3 John.* In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B. (reds.) *The Bible Knowledge Commentary: New Testament.* Victor Books.

Hunt, D., 2002 : *What Love is This? Calvinism's Misrepresentation of God.* Loyal Publishing.

Kelly, J.N.D., 1977 (5de uitgawe) : *Early Christian Doctrines.* A&C Black.

Lightner, Robert P., 1983 : *Philippians.* In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B. (reds.) *The Bible Knowledge Commentary: New Testament.* Victor Books.

Lindsey, F. Duane, 1985 : *Zechariah.* In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B. (reds.) *The Bible Knowledge Commentary: Old Testament.* Victor Books.

Malan, J.S., 1994 : *Ideological and structural reforms in the Kibbutz system.* SA Tydskrif vir Etnologie, Vol. 17(4). Pretoria.

Malan, J.S., 1995 : *Variations in the communal experience in Israel.* SA Tydskrif vir Etnologie, Vol. 18(1). Pretoria.

Malan, J.S., 2005 : *Die Joodse Sabbat en die Christelike Sondag.* http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Sabbat.htm

Malan, J.S., 2007 : *Die Grootheid van God se Liefde en Genade*. http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Genade.htm

Malan, J.S., 2008 : *Ons kan nie Onder die Wet én die Genade Wees nie!* http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Septuagint-Afr.htm

Malan, J.S., 2009 : *Die Ou Testamentiese Wet en die Nuwe Testamentiese Genade.* http://www.bibleguidance.co.za/Librarylists/Bookschaplist/WetenGenadehooflys.htm

Malan, J.S., 2010 : *Die Dispensasies van God – Is Jou Perspektief Reg?* http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Bedelings.htm

Reeves, B.A., 2003 : *Did the Reformation Go Far Enough? Was the Truth of Christ's and the Holy Spirit's Deity Corrupted by Philosophy?* Ongepubliseerde MS.

Reeves, B.A. 2011(a) : *Jesus Christ, the Word, Eternal Son or Everlasting (Eternal) Father?* www.eternal-sonship-or-incarnational-sonship.co.uk

Reeves, B.A., 2011(b) : *Was the Doctrine of the Trinity Corrupted by Philosophy?* www.21st-century-reformation-of-trinity-doctrine.co.uk

Roberts and Donaldson, 1878 : *Ante-Nicene Christian Library, Translations of the Writings of the Fathers, Vol. X, Bk, 1.* T&T Clark.

Romaine, W., 1755 : *A Discourse Upon the Self-existence of Jesus Christ.* H. Kent, London.

Rosenberg, Joel C., 2006 : *Epicenter: Why the current rumblings in the Middle East will change your future.* Tyndale.

Santala, Risto, 1992 : *The Messiah in the Old Testament.* Karen Ahvah Meshihit, Jerusalem.

Schepers, J.M., 1984 : *Die kruisigingsdatum van Jesus eeue tevore geprofeteer*. Die Basuin, Vol. 1 No. 2:7-10.

Strong, James, 1990 : *The New Strong's Exhaustive Concordance of the Bible.* Thomas Nelson Publishers.

Sproul, R.C., 1983 : *Who is Jesus?* Tyndale.

Toussaint, S.D., 1983 : *Acts*. In: Walvoord, John F. & Zuck, Roy B. (reds.) *The Bible Knowledge Commentary: New Testament.* Victor Books.

Trigg, J.W., 1983 : *Origen: The Bible and philosophy in the Third-century church.* John Knox Press, Atlanta.

Young, F.M., 1983 : *From Nicaea to Chalcedon.* SCM Press.

Young, F.M., 1991 : *The Making of the Creeds.* SCM Press.

# Outeur

Johan Malan is in Augustus 1978 as professor in Antropologie aan die Universiteit van die Noorde (tans die Universiteit van Limpopo) naby Polokwane in die Limpopo Provinsie van Suid-Afrika aangestel, en het in Januarie 2006 afgetree. Hy en sy vrou woon tans in Mosselbaai. Hulle het twee getroude seuns.

As die seun van ’n sendeling, wyle ds. J.S. Malan van die NG Kerk, het Johan tuis van jongs af deeglike Bybelse onderrig ontvang. Dit het daartoe gelei dat hy in 1972 ’n ondervinding van wedergeboorte gehad en sy lewe volkome aan die Here Jesus oorgegee het. Hy beskou homself as ’n evangeliese Christen wat die letterlike, grammaties-historiese vertolking van die Bybel voorstaan. Selfs waar beeldspraak in die Skrif voorkom, kan dit vir hom meesal aan die hand van ’n letterlike teëbeeld verklaar word, bv. die Lam wat op Christus dui, die dier met die sewe koppe wat ’n metaforiese beskrywing van die Antichris is, en die draak wat ’n simbool van die duiwel is.

Johan het sy akademiese loopbaan by sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing aangepas, en as gevolg daarvan bv. nie die teorie van unilineêre biologiese evolusie aanvaar of studente daarin onderrig nie. Deur selfstudie het hy hom verder in die teologie bekwaam en met ’n deeltydse, Christelike bediening begin. Dit is interkerklik van aard en word hoofsaaklik deur middel van die Internet bedryf, maar ook deur die verspreiding van boeke en ander publikasies in gedrukte vorm. Op sy webblad is tans artikels en boeke in agt tale: Afrikaans, Engels, Portugees, Swahili, Fins, Estnies, Duits en Russies.

As kulturele antropoloog en ook as Bybelkenner, het Johan nog altyd ’n besondere belangstelling in die volk Israel gehad. Hy en sy vrou het in 1993 verskeie kibboetse in Israel besoek, waar hy ’n studie van kommunale boerdery gemaak en ook twee artikels hieroor vir ’n wetenskaplike joernaal geskryf het (Malan, 1994, 1995). Gedurende hierdie tyd in Israel het hy met Messiaanse Jode kennis gemaak, en dit het daartoe gelei dat een van hulle later sy boek oor Israel in Russies vertaal het, hoofsaaklik vir verspreiding onder die groot aantal Russiessprekende Jode wat na Israel geëmigreer het. Besoeke aan Finland en Estland het ook tot die vertaling van sommige van Johan se boeke en artikels in Fins en Estnies gelei.

Johan se belangstelling in Christologie is hoofsaaklik gebaseer op die duidelike, Bybelse uitsprake oor wie Jesus Christus is en wat Hy in die belang van ons saligheid gedoen het. Die aktualiteit van ’n studie van hierdie aard het toegeneem as gevolg van ’n wêreldwye groeiende beweging ten gunste van ’n “historiese Jesus” wat nie die goddelike attribute het wat die Bybel aan die ware Jesus toeskryf nie. Dit is in elkeen van ons se belang om duidelikheid oor hierdie belangrike saak te verkry.